Pamph.
La Dutch.
L.

Oor die Afrikaanse Sintaksis

DEUR

J. J. LE ROUX

I

WOORDGROEPE EN VOLSIN

SWETS & ZEITLINGER
AMSTERDAM
1923

STELLINGEN.

I.

Waar die ontwikkeling van 'n taal beïnvloed is deur meerdere ander tale is dit partykeer moontlik om bepaalde verskynsels uitsluitend aan een van die inwerkende tale toe te skrywe, maar dikwels word 'n taal ook deur die gesamentlike inwerking van 'n hele groep ander tale in 'n bepaalde rigting gestuur. Die vatbaarheid vir sulke invloede kan bevorder word deur kieme wat reeds aanwesig is in die beïnvloede taal.

II.

By die verklaring van Afrikaanse taalverskynsels moet rekening gehou word met die oorspronklike tale van die Negerslawe.

III.

Afrikaans differensiëer ook grammaties tussen verbum finitum en verbum infinitum.

IV.

Daar die Platduitse dialekte net so goed tot grondslag van Afrikaans gedien het as die Noord- en Suidnederlandse, is kennis daarvan nodig vir die Afrikaanse filoloog.

V.

Waar die Afrikaanse literatuurtaal onder Nederlandse en Engelse invloed afwykinge van die gesproke

taal vertoon, is dit alleen af te keur as slordigheid of gedagtelose navolging die oorsaak is.

VI.

Bij de historiese verklaring van de Afrikaanse klankleer is tot nog toe te weinig rekening gehouden met direkte invloed van Algemeen Beschaafd Nederlands.

VII.

Alleen 'n verkeerd aanvoelen van de aanleg en kunst van Bredero kan tot de volgende waardering komen: Over allen klinkt de pijnlijke lach van wie vergeten wil, van wie dit alles zich wil opdringen als een dolle klucht. Dit is voor mij de hoogere eenheid, waarin al die schijnbaar onsamenhangende deelen zich oplossen, die machtige stralende eenheid, welke Breero bereikt heeft in zijn Spaenschen Brabander, die in intacte schoonheid kan staan naast het beste van dien geheel anderen, naast de hoogste schoonheid van Vondel (Prinsen, *Handboek tot de Ndl. Lett. Gesch.,* bls. 283).

VIII.

Voor 't ontstaan van de z.g. Tweede Afrikaanse Taalbeweging is geen plaats of datum vast te stellen, want — ondanks de onderbreking door de oorlog — is ze 'n voortzetting van de Eerste geweest.

IX.

Er bestaat geen reden in de *Spaensche Brabander,* vs. 1524, *nieuwt* in *nieuw* te veranderen, zoals

gedaan wordt in de uitgave van de Bibliotheek van Nederlandsche Letterkunde.

X.

In Maerlant, *Van ons Heren Wonden,* vs. 28:

Ghescoort in menighe stat bi hoorne,

moet 'bi hoorne' opgevat worden als 'n stoplap en tegenhanger van 'bi segghene'.

XI.

Het „Dehnstufengesetz" van Streitberg geeft aan primaire verschijnsels 'n secundaire plaats en omgekeerd.

XII.

In 't licht van het nieuwere dialektonderzoek kan niet langer volgehouden worden, dat de klankwetten zonder uitzondering zijn.

XIII.

De poging van Mr. L. Ph. C. van den Bergh om het proses tegen J. van Oldenbarnevelt uit juridies standpunt te rechtvaardigen, is niet overtuigend.

XIV.

Preller overdrijft de betekenis van zijn held waar hij schrijft:

Piet Retief het 'n nasie gestig; of, as dit histories te veel gesê is, het hy ten minste met volkome bewustheid die grondslag gelê waarop 'n nasie ontstaan is (Piet Retief,[10] bls. 345).

Hy is die eerste gewees wat die gebore Afrikaner se nasionaliteit in woorde gebring het, toe hy van Suid-Afrika as sy „vaderland" gewaag het; terwyl die meeste ander die land sowel as hulself nog maar beskou het as 'n volslae willose aanhangsel van een of ander Europese ryk (Idem, bls. 350).

XV.

Door de ambtenaren van de Oost-Indiese Kompagnie is geen stelselmatige uitvoering gegeven aan 'n politiek om de Franse Hugenoten aan de Kaap tussen de Nederlandse kolonisten te verspreiden.

XVI.

Bij 'n onderzoek naar de herkomst van Oosterse woorden in Afrikaans, moet niet alleen gelet worden op de vroegste datum van hun gebruik in Nederlandse reisverhalen, maar ook op de wijze waarop ze gebruikt worden.

XVII.

De studie van Afrikaanse plaats- en andere eigennamen kan veel licht werpen op de algemene geschiedenis van de Afrikaanse taal.

OOR DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS

I

WOORDGROEPE EN VOLSIN

OOR DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS.

PROEFSCHRIFT

TER VERKRIJGING VAN DEN GRAAD VAN DOCTOR IN DE LETTEREN EN WIJSBEGEERTE AAN DE RIJKS-UNIVERSITEIT TE UTRECHT, OP GEZAG VAN DEN RECTOR-MAGNIFICUS Dr. A. J. P. VAN DEN BROEK, HOOGLEERAAR IN DE FACULTEIT DER GENEESKUNDE, VOLGENS BESLUIT VAN DEN SENAAT DER UNIVERSITEIT, TEGEN DE BEDENKINGEN VAN DE FACULTEIT DER LETTEREN EN WIJSBEGEERTE TE VERDEDIGEN OP VRIJDAG 19 OCTOBER, DES NAMIDDAGS TE 4 UUR,

DOOR

JACOBUS JOHANNES LE ROUX,

GEBOREN TE

FRANSCHE HOEK (ZUID-AFRIKA).

SWETS & ZEITLINGER — AMSTERDAM — 1923.


Digitized by the Internet Archive
in 2026 with funding from
University of Toronto

https://archive.org/details/oordieafrikaanse0000lero

AAN MY MOEDER
EN DIE NAGEDAGTENIS
VAN MY VADER.

Dat ek kon slaag in die onderneming om in beperkte tyd 'n samevattende werk te skrywe oor 'n onderwerp soos die Afrikaanse Sintaksis, waaroor nog haas geen voorstudies bestaan het nie, is in hoë mate te danke aan U bemoedigende steun en belangstelling, Hooggeagte Promotor, Hooggeleerde De Vooys, aan wie ek in die eerste plaas ook vir my algemene vorming my dank betuig. Maar aan die end van my akademiese studie sien ek ook met dankbaarheid terug op die interessante kolleges en persoonlike belangstelling van U, Hooggeleerde Frantzen, Caland en Kernkamp. En hoewel die rigting van my studie meegebring het, dat die tyd dat ek van U lesse kon profiteer, Hooggeleerde Oppermann, Niermeyer en Zwaardemaker, van korter duur moes wees, sien ek ook met genoeë terug op wat my tog te beurt geval het. Hulde aan die Utrechtse Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte waar die verskyning van 'n proefskrif wat in Afrikaans geskrywe is, teenswoordig iets is wat van self spreek!

Tot die vrugbaarste tydperke van my studie in Europa, hoort ook my verblyf in Hamburg in die somer van 1922. Dit het ek veral te danke aan U vriendskap, belangstelling en leiding, Prof. Borchling, waardeur my blik tot ver buite die mure van U Seminar kon gaan. Die vriendelike ontvangs van U en Prof. Petsch en die Assistente van die „Deutsche Seminar", sal ek altyd bly waardeer; en die intieme huislike omgang en leersame gesprekke met U, Prof. Rosenhagen, neem 'n heel besondere plaas in my herinneringe in. Vir opestelling van U Seminar en voortdurende hulpvaardigheid is ek ook aan U dank verskuldig, Professors Meinhof en Dempwolff. En aan my Hamburgse verblyf dank ek ook die vrugbare kennismaking met U, vriend João da Providência de Sousa e Costa.

Vir inligtinge met betrekking tot die onderwerp van my dissertasie kom my dank toe aan U, Professors Hesseling, Vercoullie, Meinhof en Bouman, aan U, Frl. Dr. Lasch en Dr. D. B. Bosman, en ook aan U, Afrikaanse medestudente in Utrecht wat altyd gewillig was om as proefkonyntjies te dien.

Vir daadwerklike steun dank ek die Nederlandse en Suid-afrikaanse regeringe en die Nederlandsch-Zuidafrikaansche Vereeniging.

Die vele huisgesinne waar ek in die afgelope jare gasvry ontvang is, verseker ek andermaal van my waardering. Nederlandse, Vlaamse en Platduitse vriende, ek roep U alle 'n hartlike en opregte Vaarwel! toe.

INHOUD.

	bls.
Inleiding. Die begrip Sintaksis	1—16
BESKRYWENDE SKETS VAN DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS	17—237
Inleiding	17—20
DEEL I. DIE WOORDREEKSE EN WOORDGROEPE	21—192
HOOFSTUK I. Die Woordreekse	21—23
HOOFSTUK II. Die Substantiefgroep en Pronomengroep	24—109
A. Substantief + Adjektiewiese Woord	24—65
(1) Substantief + Adjektiewiese Woord (in enger sin)	25—41
(2) Substantief + Eintlike Adjektief	41—61
(3) Substantief + *ou*	61—63
Leungroep: Substantief + Adjektief	63—65
Subst. + Adj. met Werbum as bindwoord	65—65
B. Substantief + Adwerbium	66—68
C. Substantief + Substantief	68—109
(1) Leungroep	69—70
(2) Gelykmatige aksent	71—78
(3) Eenheidsaksent	78—83
(4) Buigingsuitgang	83—88
(5) Pronominale vorme	88—98
(6) Preposiesies	98—108
(7) Konjunksies	108—109
HOOFSTUK III. Die Adjektiefgroep	110—119
A. Adjektief + Substantief	110—117
B. Adjektief + Adwerbium	117—119
C. Adjektief + Adjektief	119—119
HOOFSTUK IV. Die Werbumgroep	120—182
A. Werbum + Substantief	120—157
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip	120—136
(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip	136—147
(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum	147—157
B. Werbum + Adjektief	157—166
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip	157—160

bls.

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip 161—162
(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum 162—166
C. Werbum + Adwerbium 167—173
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip 167—172
(2) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum 172—173
D. Werbum + Werbum 173—179
Posiesie van die bepaling of voltooiing 179—181
HOOFSTUK V. Die Partikelgroep 183—192
I. Bindwoord 183—185
II. Adwerbium 185—187
A. Adwerbium + Adwerbium 185—187
B. Adwerbium + Substantief 187—187
III. Preposiesie 188—190
IV. Interjeksie 191—192
DEEL II. SINNE, SINSREEKSE EN SINSGROEPE 193—237
HOOFSTUK I. Inleiding 193—200
HOOFSTUK II. Die Volsin 201—237
Kenmerke van die predikatiewe Verbinding 202—216
Musikale eienskappe 216—220
I. Bewerende Volsinne 221—227
II. Bevelende Volsinne 227—232
A. Gebod 227—230
B. Wens 230—232
III. Vraende Volsinne 232—235
IV. Uitroepende Volsinne 235—237
Verbeteringe en Toevoegsels 239—239
Lys van verkort gesiteerde bronne 240—241
Lys van geraadpleegde literatuur 242—248

Inleiding.

DIE BEGRIP SINTAKSIS.

Apollonius Dyscolus, die skepper van die sintaktiese wetenskap, gee die volgende verklaring van die naam σύνταξις, wat hy vir hierdie nuwe afdeling van die Grammatika gekies het: „Soos die letters deur hulle samevoeging die lettergrepe tot stand bring, so sal ook die verbinding van die gedagtes wat in die woorde opgeslote lê in sekere mate 'n samevatting tot stand bring deur die samevoeging van die woorde; en soos verder uit die lettergrepe die woord, so ontstaan ook uit die reëlmatige opeenvolging van die woorde, die in hom self beslote, selfstandige sin." [1]) Die bewoording is ouderwets, maar die bedoeling is duidelik! Met die terme συντάσσειν en σύνταξις wou hij — in die woorde van Steinthal — te kenne gee „dass es sich in der Syntax immer um die Verknüpfung zweier Wörter handelt und dass man nicht eigentlich von der Syntax *eines* Wortes reden kann." [2]) Die oudste Hollandse grammatisie [3]) gee — soos in hulle dae gebruiklik was — hierdie vakterm weer met 'n letterlike vertaling: *t'samenvoeghing*, respektiewelik *tsamenvouginge*.

In die praktyk het die term Sintaksis egter gou anders gebruik geword as die bedoeling van Apollonius was en as die Hollandse vertaling te kenne gee. Die oorsaak hiervan is die dienende rol wat die Grammatika tot voor kort gespeel het. By die Grieke en Romeine was die Grammatika die dienares van die Logika en die Retorika; sedert die Renaissance het sy in diens van die Humanisme as middel gedien om dit vir die geleerdes moontlik te maak om goed Latyn te kan praat en skrywe. Haar vernaamste taak was dus om praktiese reëls op te stel vir die aanleer van Latyn en om vas te

[1]) Naar die Duitse vertaling van Buttmann, aangehaal deur Ries, *Was ist Syntax*, bls. 69.

[2]) Gesiteer deur Ries, t. a. p. bls. 70.

[3]) Spieghel, *Twe-spraack vande Nederduitsche Letterkunst* (1584). Van Heule: *De Nederduytsche Grammatica* (1626).

stel wat klassiek was; en toe daar langsamerhand spraakkunste ontstaan het in die moderne Europese tale, het hulle die kentekene van die Latynse Grammatika bly dra. Die indeling en terminologie was op teoreties-logiese beskouinge naar Latynse en Griekse model gebaseer, en die inhoud het bepaal geword deur die strewe om 'n klassieke norm aan te gee. En dié norm was, ondanks die algemene versekering van die teendeel wat die skrywers gewoonlik gee, dikwels nie deur die spraakgebruik self bepaal nie, maar verkry deur redeneringe oor sierlikheid en bruikbaarheid. So gee in Holland die skrywer van die Twe-spraack die versekering: „Wij hebben na ons beste vermoghen in desen ghetracht om onze taal uyt haar zelfs grond in ghoede schicking, door haar eyghen natuurlyke buyghing ende vervoeghing te brenghen." Maar die inhoud bewys dat die strewe naar „ghoede schicking" dikwels swaarder gewee het as die begeerte om 'n natuurgetroue afbeelding van die taal te gee. En Christiaen van Heule kies tot spreuk vir sy „Grammatica ofte Spraec-konst" die woorde van Horatius:

Multa renascentur quae jam cecidere, cadentque
Quae nunc sunt in honore vocabula si volet *usus*,
Quem penes arbitrium est, et jus et norma loquendi.

Ook hy gee die versekering „dat wy in ons voornemen, bedwongen geweest zijn, ons zelven nae het gemeyn gebruyk ende niet het gebruyk na ons eygen oordeele te vougen," maar hy is daar tewens trots op, dat hy sy spraakkuns „nae de manier der Grieken ende Latynen" geskrywe het.

Sulke algemene verklaringe, wat in die praktyk maar skraal toegepas is en wat vroeër eintlik glad 'n ander betekenis gehad het as vir moderne taalgeleerdes, bly nog lank in de mode. Selfs die eerste Nederlandse spraakkuns [1]) wat in Suid-Afrika geskrywe is, dra nog as leuse die mooi woorde van Lambert ten Kate: „De taelwetten zijn even als de Landwetten, van achteren *te vinden* en niet *te maken*". En tog

[1]) A. N. E. Changuion: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*², 1848, (1e Druk, 1844).

was die doel van Prof. Changuion met sy boek om die natuurlike ontwikkeling wat die Hollandse taal in Suid-Afrika deurgemaak het, te niet te doen en „het Nederduitsch ..... te herstellen".

Eintlik het dit eers in die allerjongste tyd sover gekom, dat die taalstudie uitgegroei het tot 'n selfstandige tak van wetenskap, wat om sy eie ontwil moet bestudeer en volgens die geaardheid van die onderwerp self ondersoek moet word. Die werk van Lambert ten Kate [1]) in die agtiende eeu moes vergeet word omdat hy sy tyd te ver vooruit was; eers deur Rasmus Rask [2]) Franz Bopp [3]) en die gebroeders Grimm [4]) word die grondslae van die moderne taalwetenskap gelê. Gelyktydig met die ontstaan van die grootse nuwe gebou moes die ruïenes van die oue stukkie vir stukkie opgeruim word. Hierdie moeilike werk kon slegs uiters langsaam vorder en duur nog voort. Naas die verouderde terminologie en die logiese bande werk veral belemmerend 'n verkeerd gerigte gemaksug wat van die taalwetenskap bo alles reëls en voorskrifte verlang, ook al is hulle in stryd met die taalwerklikheid self. Die gevolg is dat selfs in Europa nog maar 'n kleine kern die eise van de nuwe taalwetenskap deurgrond; en in Suid-Afrika het die feit dat tot kort gelede daar geen onderrig in die Afrikaanse moedertaal gegee is nie, en dat dié toe binne enkele jare algemeen gebruiklik geword het vir skriftelike doeleindes, baie daartoe bygedra dat die opvattings wat daar oor Taal heers, dikwels herinner aan die wat in die sestiende en sewentiende eeu in Holland gangbaar was.

'n Belangrike vereiste vir die beoefening van 'n selfstandige wetenskap, en dus ook van die taalwetenskap, is 'n behoorlike indeling van die stof. So lank as die taalstudie maar net 'n diensbare gebly het, kon daar maar min sprake wees van 'n indeling naar die inwendige behoeftes van die studie self;

---

[1]) *Aenleiding tot de Kennisse van het Verhevene Deel der Nederduitsche Sprake* (1723).
[2]) 1787 — 1832.
[3]) 1791 — 1867.
[4]) Jakob, 1785 — 1863; Wilhelm, 1786 — 1859.

maar toe dit 'n selfstandige wetenskap geword het, het sy beoefenaars ook gaan soek naar 'n indeling van dié aard. En wat geld van die vak as geheel, geld ook van die onderdeel Grammatika. Die ou Grammatikas bevat, behalwe heterogene elemente soos Prosodie en die Afleiding van woorde, gewoonlik drie hoofafdelinge: Spelling en Uitspraak (Klankleer); Verbuiging en Vervoeging (Vormleer) en Samevoeging of Woordvoeging (Sintaksis). Reeds by die eerste twee afdelings ontbreek deurgaans 'n deurlopende sisteem, wat betref die stof wat hulle bevat en die indeling daarvan. En die laaste deel is dan 'n gerieflike vergaderbak vir alles wat daar geen plek voor was in die voorafgaande nie! Die produk wat hierdie sisteemloosheid in die derde deel van die Grammatika opgelewer het, is dan ook tereg beskrywe as 'n *Mengelsintaksis*. So 'n mengelsintaksis, wat in verskillende grade van vermenging nog te kry is, selfs in resente werke van eminente taalgeleerdes, kon o.a. bevat: verhandelinge oor die wese en gebruik van die woordsoorte en oor die gebruik en betekenis van die fleksievorme; en daarnaas 'n behandeling van die sinsbou of gedeeltes daarvan, met veelvuldige oorskrydinge op die gebied van die Stylleer en die Retorika. Daarby is die manier van behandeling ook gemengd en gaat dit die een keer van die vorm, die ander keer van de betekenis uit. [1])

Die nuwer wetenskap eis egter dat daar, net soos vir ander onderdele van die taalstudie, ook vir die Sintaksis 'n behoorlik afgebakende terrein sal aangewys word. Die poginge om dit te doen het in twee taamlik ver uiteenlopende rigtinge gegaan en twee heel verskillende sisteme in die lewe geroep. Die eerste beskrywe „Sintaksis" as die „Leer van die Sin" en het 'n groot aantal aanhangers gekry. Die twede, wat vir 'n deel ook nog op logiese oorweginge berus, [2]) word naar die naam van sy skepper, [3]) die sisteem-Miklosich genoem

[1]) Naar Ries, *Was ist Syntax?*

[2]) Vgl. Wundt, *Die Sprache*, II, bls. 223-5.

[3]) In sy *Vergleichende Grammatik der slavischen Sprachen* (1883).

en beskou die „Sintaksis" as die „Leer van die betekenis en gebruik van die verskillende woordsoorte en woordvorme". Albei sisteme gee dus goed afgeslote, hoewel onderling verskillende, terreine aan vir die Sintaksis. Maar in 1894 het John Ries in 'n baanbrekende werk: *Was ist Syntax?* 'n nuwe eis gestel: Die Sintaksis moet nie alleen 'n terrein bestryk wat op 'n eenheidsbeginsel aangelê en goed afgebaken is nie, maar dit moet ook pas in 'n goeie indeling van die Grammatika as geheel.[1]) En hieraan beantwoord geen van beide voorgaande stelsels nie. Die stelsel wat uitgaan van die opvatting: „Sintaksis is Sinsleer" kom — soos Ries aantoon — tot 'n indeling van die Grammatika in die leer van (1) die klank; (2) die woord; (3) die sin. Dit staan gelyk met 'n reeks soos: woonvertrek — huis — stad. Dit is egter nie 'n behoorlike reeks nie; 'n goeie reeks sou vir nommer (3) eis 'bewoonde plek' in plaas van 'stad', want anders is die betekenis te eng; en net so is 'sin' nie 'n suiwer kollektief van 'woord' nie, maar het dit 'n te enge betekenis daarvoor. Iedere klankverbinding wat 'n selfstandige draer van 'n betekenis is noem ons naamlik 'n woord, maar nie iedere woordgroep wat 'n eenheid vorm en 'n betekenis het, 'n sin nie. 'n Behoorlike reeks sou dus moet lui: klank — woord — woordverbinding.

Die sisteem-Miklosich daarenteen laat geen ruimte oor vir 'n samehangende behandeling van die volsin en sy vorme nie; dit behandel (in afsonderlike afdelinge) die vorm en betekenis van die afsonderlike woorde en verwaarloos die woordverbindinge self, wat tog oòk 'n vorm het; en eindelik word in dié sisteem onder die naam Sintaksis twee ongelyksoortige onderwerpe behandel, want die vorm van die woorde dien gedeeltelik om die verband met ander woorde weer te gee en gedeeltelik om 'n saaklike betekenis uit te druk.

Prof. Ries het hom dus afgevra, of daar geen eenheidsbeginsel bestaan wat kan toegepas word by die indeling van

[1]) Vgl. ook J. Ries: *Zur Gliederung der Syntax und der Gesamtgrammatik.* (Anz. für Idg. Sprach- und Altertumskunde, Idg. Forschungen, Bd. XXIV.)

die hele Grammatika in sy onderdele nie. Hy meen dat die grootte van die elemente waaruit die menslike taal bestaan, so 'n beginsel aanbied. Naar hierdie gesigspunt verdeel hy dus die Grammatika in: 1. Klankleer; 2. Woordleer; 3. Woordverbindingsleer. Woord en Woordverbinding kan weer ieder beskou worde naar sy vorm of sy betekenis, sodat ons dan hierdie onderverdeling moet kry:

1. Klankleer
2. Woordleer { a. Vormleer / b. Betekenisleer
3. Woordverbindingsleer { a. Vormleer / b. Betekenisleer.

Sintaksis is dus, volgens Ries, die leer van die vorm en betekenis van die woordverbindinge (Wortgefüge). Hierdie groepering van die twee laaste dele is net mooi om deur afsonderlike hokkies grafies voorgestel te word. Hier volg die Duitse hokkies met hulle Duitse opskrifte:

Objekt {		Einzelwort	Wortgefüge
Betrachtet im Bezug auf die		**Wortlehre**	**Syntax**
Form	**Formenlehre**	I Lehre von den formen der Worte (Wortarten nach formalen Gesichtspunkten und Flexionslehre).	III Lehre von den Formen der syntaktischen Gebilde.
Bedeutung	**Bedeutungslehre**	II Lehre von der Bedeutung der Worte, ihrer Arten und Formen.	IV Lehre von der Bedeutung der syntaktischen Gebilde.

Hierdie sisteem, wat volgens sy samesteller, gebaseer is op 'n uiterlike kenmerk, lyk op die eerste gesig pragtig en vreeslik eenvoudig met sy parallelle vakkies; maar ongelukkig is dit nie altyd so gemaklik om te weet in watter kraaltjie 'n gegewe stukkie taal geja moet word nie. Maar eers moet

ons nog daarop wys, dat daar vir die Klanke nie ook twee kraaltjies bestaan nie; die parallellisme tussen vorm en betekenis loop dus nie deur die hele sisteem nie, om die eenvoudige rede dat klanke wat nie tot woorde verbind is nie, geen eie betekenis het nie. Die Klankleer is dan ook heeltemal anders geaard as die ander twee aangegewe afdelings van die Grammatika: 'n Klank is 'n fisiologiese eenheid, woorde en woordverbindinge is psigologiese eenhede. En dat daar 'n eenheidsbeginsel deur die stelsel sou loop is meer skyn as werklikheid. Trouens die ontwerper self beweer wel dat die stelsel uitgaan van 'n formele, uiterlike kenmerk van die taalelemente — n.l. hulle grootte — maar sy eie definiesie van die term Woord is nie alleen op die formele kenmerke van die woorde gegrond nie, maar ook op hulle inhoud. Vergelyk blss. 46-47: „Jede Lautverbindung. die überhaupt zum selbständigen Träger eines Sinnes geworden ist"; bls. 46: „Das Wort, das allein mit selbständigen geistigen Gehalt erfüllte Lautgebilde"; bls. 48: „zu neuen (verhältnismässig) selbständigen Einheiten verbundene Laute d. h. Wörter." In die praktyk is dit nie altyd so maklik om uit te maak wanneer 'n klankverbinding die draer is van 'n selfstandige geestelike inhoud en wanneer nie. Dit sal bevoorbeeld hy baie uitroepe moeilik wees om 'n grens te trek. Die selfstandigheid van die s.g. vormwoorde is dikwels baie twyfelagtig en hulle geestelike inhoud is dieselfde as die van baie buigingsuitgange — wat nie vir woorde aangesien word nie. Ander s.g. 'Woorde' het 'n aanvulling nodig om draers van 'n geestelike inhoud te word en in nog ander gevalle het ons twee formeel van mekaar geskeie elemente, wat tesame die draers van een stukkie geestelike inhoud is.

Dieselfde moeilikhede ontmoet ons as ons moet onderskei tusschen 'n Woord en 'n Woordverbinding. In die geval van samestellinge is dit dikwels onmoontlik om formele kenmerke te vind wat 'n skeidslyn kan aangee [1]) en ook die taalgevoel stel in uitdrukkinge soos: *landbou- en ander produkte* die

[1]) Vgl. Blümel: *Einführung in die Syntax*, § 208.

samestelling en woordverbinding op een lyn. [1]) Uitdrukkinge soos *hé jy* (*het jy*) en *ek weet* word deur ons as twee woorde geskrywe, maar in Latyn word dieselfde betekenisinhoud deur een woord uitgedruk en gewoonlik word hulle ook in moderne tale as 'n enkele eenheid gevoel. [2]) Darenteen skrywe ons wel *dis* (< *dit is*) en *nes* (< *net as*) as een woord.

Sulke moeilikhede met grensgevalle kom egter by iedere wetenskaplike klassifikasie voor. Die tekortkominge van hierdie sisteem kom meer tiperend voor die dag, waar dit blyk, dat ondanks die beoogde doel om die Grammatika in te deel in afdelinge wat behoorlik uit mekaar gehou kan word, daar tog verskynsels is wat onder meer as een rubriek tuis hoort. So behoort die behandeling van woordvorme soos die Akkusatief volgens bowestaande indeling tot die Woordleer, maar, daar die gebruik van iedere Akkusatief bepaal word deur sy verbinding met ander woorde, moet dit ook onder die Woordverbindingsleer behandel worde. Op dieselfde manier is daar sekere klankverskynsels (woord- en sinsaksent ens.) wat deur die onderlinge verbinding van die woorde bepaal word, en dus nie alleen in die Klankleer nie, maar ook in die Woordverbindingsleer moet bespreek word. Die enigste oplossing van hierdie moeilikhede is, soos Prof. Ries duidelik aangetoon het, om uit te gaan van praktiese oorweginge en telkens soveel te behandel as nodig is vir die onderwerp wat onder bespreking is. Iedere deel van die Grammatika het 'n ander 'held' om te beschrywe: die Klankleer, die afsonderlike klank; die Woordleer, die afsonderlike woord en die Sintaksis, die woordverbinding. Maar hieruit blyk dat die formele kenmerke van die taalelemente alleen nie voldoende is om 'n indeling van die Grammatika op te baseer nie. Die verskillende onderdele is daarby *anders geaard;* telkens gaan ons uit van 'n ander gesigspunt, en dit moet ons in gedagte hou as ons die formele indeling in die praktyk wil toepas.

By die behandeling van die 'Sin' stuit ons op 'n soortgelyke

[1]) Idem, § 213.

[2]) Vgl. van Ginneken: *De Kataloog van een Taalmuseum.* (N. Taalg. V).

moeilikheid. Daar is sinne wat maar uit een woord bestaan en dus — voor sover daar nie 'n verbinding met woorde in ander sinne aanwesig is nie — naar hulle vorm in die Woordleer sou moes behandel word. Ook woordgroepe vorm soms eenledige sinne, wat dus formeel geen verbinding van sinselemente aanwys nie; uitgaande van die standpunt, dat Sintaksis 'verbindingsleer' is, sou 'n mens hierdie groepe ook nie onder die 'Sin' mag behandel nie. Tog wil Ries al hierdie eenledige sinne ook in die sintaksis behandel.[1]) Hy gee aan die hand, dat by die woordleer, kortliks melding daarvan sal gemaak word dat daar woorde bestaan wat die funksie van sinne kan hê en dat hulle dan uitvoerig sal behandel word by die samenhangende bespreking van die 'Sin'. Dit is 'n praktiese noodsaaklikheid, want dis onmoontlik om hierdie woorde afdoende te behandel as daar nie eers 'n uiteensetting gegee is van die betekenis van die 'Sin' nie, en as 'n mens die sin tweemaal moes behandel sou dit ook nie 'n aanbeveling vir die sisteem wees nie. Maar daarmee gooi Ries die hele prinsiepe van sy indeling onderstebo. Hy beskou mos die sin as 'n onderdeel van die kollektiewe begrip 'woordverbinding', en as hy hieronder sinne wil behandel wat nie uit woordverbindinge (of verbindinge van woordgroepe) bestaan nie, dus nie beantwoord aan die formele vereistes van sy indeling naar formele kenmerke nie, dan gee hy toe dat dit onder omstandighede wenslik kan wees om af te wyk van die beginsel waarop die indeling berus. Ook lê die vermoede voor die hand, dat hierdie konsessie berus op die oorweging, dat eenledige sinne geanaliseer kan word in die twee elemente: Subjek en Predikaat en uit dien hoofde 'n behandeling vereis wat samehang met die van sinne waarin die twee elemente ook formeel uitgedruk is. Maar as die reg van 'n dergelike analiese in die Sintaksis erken word, dan moet 'n mens ook toestaan dat ander woorde op dieselfde manier geanaliseer word. In die sin: *Hy kog die plaas* b.v., kan die enkele woord 'kog' geanaliseer word in die twee elemente: (1) die

[1]) Vgl. *Was ist Syntax?* bls. 30 en blss. 48—9.

handeling; (2) die tyd van die handeling. 'n Mens kan dit wenslik beskou om sulke gevalle samehangend te behandel met ander gevalle waar twee afsonderlike woorde gebruik word om die twee elemente uit te druk, soos in: *Toe koop hy die plaas.* Of in die sin: *Julle het dit gedoen,* kan 'n mens die woord 'julle' analiseer in die twee elemente: (1) benoeming van persone; en (2) hulle verhouding tot die spreker. En dit kan onder omstandighede wenslik wees om sulke sinne gesamentlik te beskou met sinne soos: *Julle Boesmans het dit gedoen,* waar twee woorde gebruik word om dieselfde twee elemente uit te druk. Maar wat word dan van die definiesie 'Sintaksis is woordverbindingsleer'? Moet 'n mens dan nie tot die gevolgtrekking kom, dat ook die skerpsinnige en skynbaar heldere indeling wat Ries van die Grammatika gegee het, op onoorkoomlike moeilikhede stuit nie en dat daar eintlik geen indeling volgens 'n eenheidsbeginsel moontlik is nie, om die eenvoudige rede dat die stof wat behandel moet worde daarvoor te ongelyksoortig is? En verder, dat solank as die Sintaksis naas 'n Woordverbindingsleer 'n volledige leer van die sin moet bevat, in hierdie onderdeel van die Grammatika twee ongelyksoortige onderwerpe moet behandel word nie? Tereg beweer Hermann Paul dan ook: [1]) „Diesen Bemühungen um konsequente Disposition liegt eben die Verkennung der eigentlich selbstverständlichen Tatsache zugrunde, dass sich geschichtlich gewordene Verhältnisse nicht in ein logisches System einpressen lassen. Noch weniger kommt man damit zurecht, wenn man auch die geschichtliche Entwickelung darstellen will." Tog gee dit ons nie die reg om sonder sisteem te werk te gaan nie. Sou dit nie moontlik wees om 'n sisteem uit te vinde, wat meer op die verskillende geaardheid van die onderwerpe wat in die Grammatika moet behandel word as op die formele kenmerke van die taalelemente gebaseer is nie? Tot nog toe het niemand daarin geslaag nie.

Die bestaande Grammatikas, ook die nuwes, bly die vraag:

[1]) *Deutsche Grammatik* III, bls. 8.

„Wat is Sintaksis"? verskillend beantwoord en dieselfde geld van afsonderlike sintaktiese studies. In Duits is Erdmann sy bekende *„Grundzüge der Deutschen Syntax"* [1]) volgens die sisteem-Miklosich ingerig, dog by die behandeling van die afsonderlike woordsoorte kom ook hulle verbinding tot sinne ter sprake. Die voorgenome toevoegsel oor die „soorte en middels van sinsverbinding" het die voortsetter van sy werk agterweë gelaat. Wunderlich volg in *Der Deutsche Satzbau* [2]) ongeveer dieselfde lyne as Erdmann. Onder later grammatisie is die beroemste verteenwoordiger van wat Ries bestempel het as „Mischsyntax", Hermann Paul in die derde en vierde band van sy *„Deutsche Grammatik"*. Volgens hom is die Sintaksis „ein Teil der Bedeutungslehre und zwar derjenige, was schon das Wort sagt, dessen Aufgabe es ist, darzulegen wie die einzelnen Wörter zum Zwecke der Mitteilung zusammengeordnet werden". [3]) Die standpunt van Ries, dat daar 'n skeiding moet gemaak word tussen Woordleer en Sintaksis, het baie aanhangers gekry en is prakties toegepas o.a. in die *„Deutsche Grammatik"* van Wilmanns, wat egter deur sy dood verhinder geword het om die afdeling Sintaksis te skrywe; verder deur Ludwig Sütterlin in *„Die Deutsche Sprache der Gegenwart"* en deur G. Wendt in sy *„Syntax des heutigen Englisch"*, maar vir hulle albei beteken Sintaksis „leer van die sin", in die geval van Sütterlin met herroeping van die standpunt wat hy vroeër ingeneem het. Des te meer rede bestaan daar dus om met verlange uit te sien na die verskyning van die werk, waarin Prof. Ries hoop om 'n praktiese toepassing te gee van sy pleidooi om die Sintaksis te beskou as die „Lehre vom Wortgefüge".

Die enigste samevattende behandeling van die Nederlandse Sintaksis wat rekening hou met die nuwer opvattinge kom voor in die beknopte skoolgrammatika van Prof. van Wijk: *De Nederlandschse Taal, Handboek voor Gymnasia en*

[1]) 1e Deel, Stuttgart, 1886; 2e Deel, deur Otto Mensing, Stuttgart, 1898.
[2]) 1e Druk, Stuttgart 1892; 2e Druk, Stuttgart, 1901.
[3]) III bls. 3.

Hoogere-Burgerscholen; [1]) daarin word die sintaktiese afdeling beskrywe as „De Leer van den Zin" en word die woordvorming geskei van die orige woordleer. Ander werke, soos die van Den Hertog, [2]) Cosijn-Te Winkel, en Terwey, gee 'n mengelsintaksis. Dieselfde geld van die enigste drie samevattende beskrywinge van die Nederlandse sintaksis in vroeër tydperke: Stoett, *Middelnederlandsche Spraakkunst — Syntaxis*, [3]) gebaseer op die sisteem van H. Paul; Van der Veen, *Het Taaleigen van Bredero*, [4]) bewerk naar die model van Cosijn-Te Winkel; en Van Helten, *Vondel's Taal*[5]) — Deel II *Syntaxis*.

Het uit die voorgaande geblyk hoe moeilik dit is om 'n geskikte onderverdeling van die Grammatika te kry en in die besonder om te bepaal, watter plek 'n mens daarin aan die Sintaksis moet toeken, dan is dit tog heel wat makliker om die terrein van die Grammatika af te baken teenoor die inhoud van verwante studies. In die eerste plek dink 'n mens aan die *Woordeboek*. Ook 'n Woordeboek omvat, net soos 'n Grammatika, die hele gebied van 'n taal, maar terwyl dit die taak van 'n uitvoerige woordeboek is om sover moontlik *alle* indiwiduele gevalle op te noem, behandel 'n grammatika alleen dié gevalle wat onder reëls of klasse te bring is en gee dit alleen maar voorbeelde aan van die gevonde reëls en klasse. Nou verwant is verder die *Stylleer*, wat ook grotendeels met dieselfde stof as die Grammatika te doen het. Die verskil lê hierin dat die Grammatika die gegewens oor die taal en sy wisselende vorme moet verstrek en die Stylleer daar gebruik van moet maak vir 'n spesiale doel, n.l. óf om te bepaal in hoever 'n spreker of skrywer in bepaalde gevalle voldoen aan skoonheids- of realiteitseise, óf

---

[1]) 4e Druk, 1919, hersien deur Dr. W. van Schothorst.
[2]) Vgl. De Vooys: *Kanttekeningen bij Den Hertogs Nederlandse Spraakkunst*. (N. Taalg. I).
[3]) 2e Druk, 1909. Vgl. die resensie van G. Engels in N. Taalg. IV.
[4]) 1905. Vgl. die resensie van R. A. Kollewijn in Museum XIII.
[5]) 1883.

om te bepaal in hoever daar iets eiens in die styl van 'n bepaalde spreker of skrywer is. Die *Taalpsigologie* en die Grammatika beweë in parallelle rigtinge. Immers die Taalpsigologie hou hom besig met wat daar by die praat en hoor (of by die skrywe en lees) in 'n mens se gees plaasvind; die Grammatika beskrywe die klanke wat daarby geuit en gehoor (of deur skrif weergegee en deur lees verstaan) word. Die twee wetenskappe vul mekaar dus aan en verduidelik mekaar maar die eientlike doel waarom dit die eerste te doen is, is die inwendige gebeurtenisse self, terwyl dit die laatste te doen is om die taaluitinge wat daar die weerspieëling van is. By moderne taalgeleerdes dien die *Logika* hoofsaaklik vir sondebok. Dit kom deurdat vroeër geprobeer is om alle taaluitinge in die vorme van die sillogisme in te pers en om die taalmateriaal naar logiese groeperinge in te deel en dan die logiese korrektheid van iedere uiting te beredeneer. So 'n manier om te werk te gaan moet noodwendig tot verkeerde resultate lei, maar tog moet 'n mens nie vergeet dat alle normale denke volgens bepaalde wette plaasvind nie; en dié wette word deur die Logika ondersoek. Ook aan sulke logiese gedagtes word uiting gegee deur Taal — al is dit nie sy enigste funksie nie — en die psigologiese analogiewerking sal dus dikwels sterk beinvloed word deur logiese kategorieë.

Ons Afrikaanse taal wil ons graag so suiwer as moontlik hou. Is dit dan nodig om gebruik te maak van so 'n vreemde woord soos *Sintaksis*? Die vraag is: Wat kan ons in plaas daarvan stel? 'n Mens sou kon dink aan *Taalbou* en dan die woorde, woordverbindinge en sinne neem vir die stene, vakke en mure waaruit die taalgebou bestaan. Maar die term sou laat veronderstel dat ook die behandeling van die woordsoorte en woordvorme daaronder val en het dus 'n al te wye strekking om hier diens te kan doen. Ook kan hierdie term al te maklik aanleiding gee tot die verkeerde opvatting dat die taal buitekant die mens bestaan, en in werklikheid is dit niks anders as 'n uiting van 'n werksaamheid van 'n mens se gees nie.

'n Ander gebruiklike term is *Sinsbou* of *Leer van die Sin.* Wat hieronder verstaan moet word, hang af van die definiesie wat 'n mens van 'Sin' gee. Dit is nie nodig om vir hierdie doel die begrip 'Sin' te beperk tot die verbinding van subjekgroep met predikaatgroep nie, sodat hierdie term wel wyd genoeg opgevat kan word om alles in te sluit wat 'n mens graag daaronder wil behandel. 'n Ernstiger beswaar is dat die term gedeeltelik 'n skewe voorstelling gee van wat die onderwerp omvat. Weliswaar kom die betrekkinge wat behandel moet word alleen in sinne voor, maar dieselfde kan gesê word van alle 'woorde' en tog noem ons die behandeling van die woorde Woordleer. Daar hierdie laaste naam die voorwerpe noem wat behandel word en nie die plek waar hulle voorkom nie, sou 'n mens dit ook verwag van die naam Sinsbou. 'n Mens sou dan in die Sinsbou of Leer van die Sin 'n behandeling soek van die sin self en sy onderdele. Maar daar is ook woordverbindinge, (soos Substantief met Adjektief, Adjektief met Adwerbium), waarvan die onderlinge betrekkinge onafhanklik is daarvan watter onderdeel van die sin hulle vorm, en tog wil ons sulke verbindinge nie uitsluit nie. Daarenteen is daar ander verskynsels wat alleen in die sin optree en alleen in verband met ander woorde, (b.v. *die* word tot *nie* in *innie tuin*; *wat* word tot *wă* in *wajjy sê*) maar tog nie deur die onderlinge betrekking van die woorde veroorsaak word nie, maar deur hulle proksimiteit; sulke verskynsels behoort weer nie tot die gebied van die Sintaksis nie.

Die ouderwetse naam *Samevoeging* het 'n verklarende toevoegsel nodig om nie onverstaanbaar te wees nie. 'n Mens sal dan moet sê: "Samevoeging van Woorde"; maar hierdie naam is ongewens omdat dit 'n verkeerde indruk wek. Dit stel dit voor asof sinne verkry word deur woorde same te voeg, terwyl in die werklikheid die sinne die oorspronklikste is en die woorde — vir sover hulle nie saamval met sinne nie — eers na 'n historiese ontwikkeling as elemente daarvan gevoel is.

Leer van die Woordverbindinge is wel 'n omslagtige naam, maar sou bruikbaar wees as 'n mens in gedagte hou, dat fonetiese verskynsels soos die bowegenoemde daar nie onder val nie; maar deur dié benaming word die behandeling van die sinne wat uit enkele woorde bestaan, uitgesluit; en dat dit mag gebeur is tot nog toe deur niemand toegestaan nie.

Ten slotte is dit die beste om maar die vreemde woord 'Sintaksis' te behou, nie omdat ons dit met Ries eens is, dat dit "ein gutes und klares Wort" [1]) is nie, maar juis omdat so'n vreemde term uiteraard vir ons 'n enigsins vae betekenis het en ons dus nie by voorbaat bind, of op 'n al te eksklusiewe standpunt plaas nie.

Onder die vlag van hierdie woord behandel ons wat Ries ook daaronder verstaan, en dit ondanks die besware wat met reg teen sy indeling van die Grammatika kan ingebring word, soos ons op die voorgaande bladsye uiteengesit het. Daarby het die deurslag gegee, dat daar tot nog toe geen betere aan die hand gegee is nie en dat dit, gesien die aard (die verskillende geaardhede) van die stof, seer die vraag is of 'n goed sluitende indeling moontlik is. Ook het hierdie stelsel die groot verdienste, dat dit die volle nadruk lê op die formele kenmerke — wat in 'n grammatiese verhandeling so belangrik is. Prinsipiëel sluit hierdie sisteem egter (hoewel sy ontwerper dit nie toegee nie) die behandeling van 'n deel van die eenledige sinne onder die sintaksis uit. Maar omdat dit gebruiklik is om alle soorte sinne daaronder te behandel, het ons dit ook gedoen. Dat ook hierdie sinne behandel word, moet beskou word as 'n toegif — as 'n konsessie aan wat nou eenmaal van 'n sintaksis verwag word — wat eintlik nie in die aangenome sisteem tuis hoort nie.

'n Praktiese moeilikheid wat die toepassing van hierdie sisteen baie beswaarlik maak, is dat ons jong Afrikaanse taalwetenskap nog geen wetenskaplike woordleer ryk is nie. Maar die gebied van die Sintaksis is so nou verwant met

[1]) *Was ist Syntax?* bls. 142.

die van die Woordleer, dat dit onvermydelik is om daar telkens na te verwys. As ek dus hier en daar my eintlike gebied oorskry, dan is dit aan hierdie leemte te wyt. En ek sondig in goeie geselskap en kan my op geen mindere voorganger as Otto Behaghel beroep nie, wat 'n soortgelyke standpunt as volg verdedig: [1]) „Wenn ich aber auch in allen Punkten Ries' Ansicht theilte über die Abgrenzung von Wortlehre und Syntax, so müsste ich doch Vieles aus der Wortlehre in meine Syntax übernehmen, weil es eben eine Wortlehre des Heliand nicht gibt. Und eine solche zu schreiben, weil ich eine Syntax des Heliand schreiben wollte, dazu würde ich mich nicht für verpflichtet halten", Lees "Afrikaans" in plaas van "Heliand" en 'n mens kry presies die standpunt waartoe niemand moet kom, wat 'n Afrikaanse Sintaksis wil skrywe.

In die besonder werk die ontbreek van 'n Woordleer belemmerend, omdat 'n mens by 'n behandeling van die Sintaksis verplig is om gedurig oor verskillende woordsoorte en woordvorme te praat. Van die woordsoorte en woordvorme bestaan daar egter geen bevredigende definiesies nie. En dit geld nie alleen van Afrikaans nie, maar ook van Europese tale. „De oude grammatische termen deugen nergens voor: noch voor de klassieke noch voor de moderne talen, de moedertaal inkluis", sê Dr. van Ginneken. [2]). Maar daar is nog g'n nuwe om die oue te vervang nie. Die pogings wat daartoe gedaan is, het maar min sukses gehad en bring voorlopig heel wat verwarring teweeg. Onder dié omstandighede is die enigste moontlikheid om die oues te gebruik, so goed en so kwaad as dit gaan, en wil ons maar hoop dat ons bedoeling met die gebruikte terme steeds uit die verband sal blyk.

---

[1]) *Syntax des Heliand,* bls. VI.

[2]) *De Nieuwe Nederlandsche spraakkunst en het Buitenland.* (N. Taalg. VI).

BESKRYWENDE SKETS VAN DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS.

Inleiding.

1. As ons praat is ons psigies en fisies werksaam. By die psigiese werksaamheid kom eenhede en verbindinge van eenhede tot stand, wat met behulp van fisiese aktiwiteit in klanke weerspieël word. Sulke eenhede bestaan uit betreklik selfstandige begrippe en gewaarwordinge of verbindinge daarvan. Die kleinste selfstandige klankverbindige, wat 'n gewaarwording of 'n vir ons taalgevoel enkelvoudige begrip weerspieël, noem ons *woorde*. [1])

2. Die woorde kan ons weer verdeel in *Volwoorde* (d.i. eintlike *begripswoorde*), soos: *eina, huis, mooi* en *Vormwoorde* (ook genoem *Bindwoorde* of *Betrekkingswoorde*), soos: *vir, en, se*. Die laaste klas het geen duidelike begripsinhoud nie, maar gee 'n soort van wisselende gevoelsindruk weer, wat afhang van die verband waarin hulle gebruik word. Daar hulle verbinding met ander woorde los en wisselend is, kan hulle egter tog as afsonderlike eenhede beskou word. [2]) Wat die inhoud betref staan hulle op een lyn met prefikse en suffikse, maar hulle is nie so eng vasgeknoop aan bepaalde woorde nie. 'n Tussenklas vorm die woorde wat 'n *Betreklike Begrip* uitdruk. Hulle het wel 'n eie begripsinhoud, maar dié inhoud is verbonde aan 'n ander begrip. Daaronder val: *deelbegrippe*, soos: *kop [van die perd], pond [suiker]* en *verhoudingsbegrippe*, soos: *broer [van die predikant], behoort [aan my]*. Daarnaas staan *leë begrippe*, soos: *hou hom [parmantig]*. [3])

---

[1]) Vgl. Wundt, *Die Sprache* I, blss. 593-4. — Delbrück, *Grundlagen der Nhd. Satzlehre*, blss. 16-17. — Sütterlin, *Deutsche Sprache der Gegenwart*, bls. 87. — Noreen, *Einführung in die Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache*, blss. 433-47.

[2]) Naar Wundt, *Die Sprache* I, bls. 596.

[3]) Naar Sütterlin, *Deutsche Sprache*, bls. 90.

Opm. by §§ 1-2. Dis nie altyd so maklik om uit te maak of 'n begrip enkelvoudig is of nie; die taalgevoel werk taamlik willekeurig. So voel ons as enkelvoudige begrippe: *pereboom, ek loop,* [Hy] *het gewerk, gaan weg* maar as meervoudige begrippe: *pēreboom, ék loop,* [hy] *hét gewerk, gaan jy weg.*

3. Die kleinstes van die beskrewe eenhede — wat ons *woorde* noem — kan same weer groter selfstandige eenhede vorm, waaraan ons die naam *woordverbindinge* [1]) gee. Die samehorigheid van die woorde blyk uit wederkerige invloed van vorm of betekenis. Tot die woordverbindinge hoort *woordreekse* en *woordgroepe.* 'n *Woordreeks* (Duits: Wortreihe, Erweiterungsgruppe) is so 'n groter eenheid waarin neweskikking van die onderdele plaasvind. Die dele word gelykberegtig naas mekaar gestel, b.v. *manne, vroue en kinders.* Ons kan 'manne' die *leidende lid* en 'vroue' en 'kinders' die *opvolgende lede* van die reeks noem. In 'n *woordgroep* (Duits: Wortgefüge, Bestimmungsgruppe) is die lede aan mekaar ondergeskik, hulle is afhanklik van mekaar, die een beheers en die ander word beheers. Die heersende of leidende lid word ook die *kern,* die beheerste of afhanklike lid (lede) ook die *bepaling(e)* genoem. Die heersende lid kan dikwels daaraan herken word, dat dit die grammatiese vorm van die afhanklike lid bepaal; b.v. in *[Idereen] prys hom* is 'prys' die heersende lid en 'hom' die beheerste, omdat die Akkusatief 'hom' deur 'prys' bepaal word. Waar die grammatiese vorm geen aanwysing gee nie, kan die kern daaraan herken word, dat dit nie alleen in betrekking staan tot die bepaling(e) nie, maar ook tot woorde buitekant die groep, terwyl die afhankelike lid (lede) enkel in betrekking tot ander lede van die groep staan. In die woordreeks het ons 'n losse verbinding, in die woordgroep 'n enge verbinding. Tussenin staan *Half-enge Verbindinge* wat ons *Leungroepe* sal noem, soos: *die messelaar, die oue; Christian Wet, die groot Generaal.*

[1]) Van Ginneken (Leuvensche Bydragen VII) vertaal *Wortgefüge,* soos deur Ries gebruik, met *Constructie,* 'n term wat my te dubbelsinnig lyk om oorgeneem te word.

4. Dieselfde reekse- en groepe-formasies neem ons ook by die sinne waar.

5. *Sintaktiese Middele:* Die betrekkinge tussen woorde kan deur A. *uitwendige* en B. *inwendige* middele uitgedruk word.

A. Uitwendige middele is:

1. Die vorm van die woorde, b.v. *Hy sien my* (nie 'ek' nie); *'n kind des doods* (met genitiefsuitgang).

2. Bindwoorde, b.v.: *Die man en die vrou; vis nog vlees; hy staan voor die deur; die hand van vriendskap.*

3. Die Woordskikking. Vergelyk b.v.: *Die man sien die koei* met *Die koei sien die man.*

4. Klemtoon, toonshoogte, tempo — die sogenaamde musikale middele. Vergelyk b.v.:

Ek sê dit nié (d.i. die handeling, t.w. sê, kom nie tot stand nie)
met: *ék sê dit* (d.i. 'n ander sê dit miskien, maar ek nie)
en: *ek sé dit nie* (maar ek dink dit miskien);
of: *en jy het dit gedoén?*
met: *en jy het dit gedoèn;*
of: *hand / in die sy!* (bevel)
met; [Hy staan] *hand in die sy* (beskrywing).

B. Inwendige middele is:

1. Die betekenis van die woorde:

(a) Daardeur is een verbinding moontlik en 'n ander nie, b.v. *'n Berg sien die man voor hom* (*'berg'*: objek, *'die man'*: grammatiese subjek).

(b) 'n Deelbegrip of 'n verhoudingsbegrip of 'n woord met 'n leë begrip gaan van self saam met die aanvulling, b.v. *'n pond botter; 'n glas melk;* [A. W. du Toit], *W. A. - Seun; 'n geweer-maker;* [hy] *lyk moeg.*

2. Die klas of soort waartoe die woorde deur oorlewering behoort. Die s.g. Lidwoorde gaan b.v. altyd saam met Substantiewe, waarmee hulle een begrip vorm b.v. *'n* [*baie sterk*] *man.* In: *Sy pa boer self daar,* verbind ons *'self'* met *'pa'*, sowel as met 'boer', omdat dit deur oorlewering tot 'n

adjektiewiese klas behoort. As in plaas van *self* die Adwerbium *selfs* moes staan, dan sou ons dit, al naar die aksent verbinde met 'boer' óf 'daar'. In die loop van tyd gaan die woorde egter veelvuldig oor van die een klas in die ander.

6. Gewoonlik word van meer as een middel gelyk gebruik gemaak om 'n sintaktiese verbinding tot stand te bring.

DEEL I.

DIE WOORDREEKSE EN WOORDGROEPE.

Hoofstuk I. Die Woordreekse.

7. Ten opsigte van die gebruik van bindwoorde kan ons drie hooftiepes van woordreekse onderskei:

1. Reekse sonder bindwoorde: *manne, vroue, kinders;*
2. Reekse met bindwoorde tussen alle lede: *[en] manne en vroue en kinders;*
3. Reekse met bindwoorde alleen maar tussen party (gewoonlik die laatste twee) woorde: *manne, vroue en kinders.*

8. Die bindwoorde kan optree by reekse met alle moontlike betekenis-skakeringe; dog soms is die bindwoorde onmisbaar en soms kan hulle ontbeer word. In die reekse waar die gebruik van die bindwoorde fakultatief is, speel die musikale middele 'n voorname rol. Ons kry dan die volgende indeling:

A Reekse met fakultatiewe gebruik van bindwoorde:

9. 1. *Kopulatiewe reekse.* Die lede van die reeks word met gelykmatige aksent naas mekaar gestel. Die inwendige verhouding waarin hulle tot mekaar staan word nie uitgedruk nie. As bindwoorde kan o.a. optree: *en, (en) ook, asook, alsmede, ingelyks, dan nog, verder, buitendien, bowendien, eindelik, (en) ten laaste, daarby, eweneens, daarenbowe, of, sowel . . asook, nie alleen . . . nie . . . maar ook, deels . . . deels, gedeeltelik . . . gedeeltelik, eensdeels . . . andersdeels, ten eerste . . . ten twede . . . ten derde ens., nog . . nog, ens.*

Vbb.: *Moedige, dappere, trouhartige held.*

Jy kan daar met perde, beeste of skape boer.

'n Gelaat wat getuig van lye en volharding, van kalme berusting daarby in die wil van God (Leesboek, bls. 242).

Nie alleen Kaffers nie, maar ook blanke.

Heldedade waarvoor beloning nog bewondering gevra word van die wêreld (Leesboek, bls. 242).

10. In sommige gevalle bestaan die gelykberegtigheid van die lede alleen naar die vorm en is hulle naar die betekenis aan mekaar ondergeskik. In *wees so goed en meld my . . .* is 'meld' naar die betekenis afhankelik van 'wees so goed'.

11. Heel dikwels groei sulke verbindinge saam tot 'n eenheidsbegrip. Vgl.: *Hy staan en praat; dit golwe en golwe; dis baie baie mooi; iets met hart en hand belowe.*

12. 2. *Belangrikheidsreekse.* Die toonshoogte styg of daal, waardeur die belangrikheid van die lede ten opsigte van mekaar uitgedruk word. Belangrike lede kry 'n hoër toon as minder belangrike en in die dalende of stygende betoningskema moet die volgorde van die lede ook ooreenkom met hul belangrikheid. In: *Kaapstad, Johannesburg, Pretoria* met stygende betoning is 'Pretoria' die voornaamste woord. Maar as ons sê: *Kaapstad en ook Pretoria het dit toegestaan* met dalende toon tussen en insluitende 'Kaapstad' en 'Pretoria,' dan is die leidende lid 'Kaapstad' tewens die belangrikste. As bindwoorde vir sulke reekse kan o.a. gebruik word: *(ja) selfs, laat staan, (en) veral, nie alleen nie . . . . maar ook veral* en, met die nodige beweging van toonshoogte, ook die bowegenoemde kopulatiewe bindwoorde. Vb.: *Hy is nie eers teleurgesteld nie, laat staan kwaad.*

13. 3. *Temporale reekse* druk uit in watter verhouding ten opsigte van tyd die handelinge wat deur die verskillende lede aangegee word, tot mekaar staan. Die verhouding word aangegee deur die volgorde; die spreektempo is langsaam (tussen die lede word gepouseer); die toonshoogte bly gelykmatig, b.v.: *Hy het gereis na Europa, Amerika, Asië.* As bindwoorde kan gebruik word: *eers, daarna, vervolgens, toe, dan, (en) (te)gelyk, (en) gelyktydig, tevore, vroeër, voorheen, die een keer . . . die ander keer.* Die bindwoorde dien dan tewens tot bepaling van die handeling. Vgl.: *Hulle kom, eers die een en toe die ander; hy het stilgehou, die een keer hier, die ander keer daar; hy was predikant van die Hervormde kerk, vroeër van die Sendinggemeente in B.*

B Reekse waarin bindwoorde onmisbaar is. Naar die

betekenis kan hierdie reekse onderverdeel word in:

14. 1. *Disjunktiewe reekse.* Die lede weerspreek mekaar wat begripsinhoud betref; daaruit moet die hoorder 'n keuse doen. As bindwoorde tree op: *of, of . . . of,* b.v.:

Wat sê jy: Ja of nee?

Dit was matrose, soldate of jagters.

15. 2. *Adwersatiewe reekse* druk uit dat die samegaan van die begrippe nie verwag word nie en dat dit tog gebeur. Gebruik word gemaak van die bindwoorde: *maar, (en) desondanks, nietemin, (al)hoewel, (en) tog, ofskoon,* b.v.: *arm maar gesond, beskaaf hoewel ongeletterd; moedig ofskoon teleurgesteld.*

16. 3. *Konsessiewe reekse* druk uit dat die samegaan van die begrippe wel verwag word maar dat net een aanwesig is. Daarvoor word bindwoorde gebruik soos: *wel nie . . . . . maar (nietemin), nie . . . maar daarenteen, so (indien) nie . . . . dan (tog), b.v.: indien nie rijk nie dan tog welvarend. Hy is nie slim nie maar daarenteen hardwerkend.*

17. 4. *Konsekutiewe reekse* gee 'n gevolg aan. Gebruik word gemaak van bindwoorde soos: *(en) dus, daarom, derhalwe, gevolglik, dientengevolge, (en) daardeur, (en) hierdeur, en dan ook,* b.v.:

Hy is eersugtig en daarom ongelukkig.

Sy is sieklik en dan ook huissittend.

18. Die reeks kan 'n onderdeel van 'n groep wees, b.v.: *die arme, ongelukkige, jonge man* en omgekeerd kan die hele reeks of van sy lede weer onderdele hê en dus die kern van 'n groep uitmaak, b.v.: *die manne, vroue en kinders op die plaas; die manne, vroue, en groot kinders.*

HOOFSTUK II.

Die Substantiefgroep en die Groep van die Substantiewiese Pronomen.

A. Substantief + Adjektiewiese Woord (in ruimer sin).

19. Ons onderskei drie groot vormklasse waarin hierdie verbinding voorkom.

(1) Die eerste word gevorm deur die verbinding van 'n Substantief en 'n Adjektiewiese woord, wat deur ander woorde van mekaar geskei kan word. As adjektiewiese woorde kom voor: Lidwoord, adjektiewiese Voornaamwoord en Telwoord, wat ons in die vervolg — waar nodig — in besondere sin Adjektiewiese Woorde sal noem. Deur die verbinding word die inhoud van die Substantief aangevul of voltooi. 'n Spesiale manier van voltooiing is dat die Hoof- en Onbepaalde Telwoorde die omvang of hoeveelheid van wat die Substantief aandui te kenne gee. Vbb.: *'n [goeie] man; sy [hele] vermoë; twee [klein] kindertjies; die twede [rooi] huis in die straat.* By die vraende woorde word die aanvulling of voltooiing eers deur die toegesproke persoon gegee, b.v. *watter rooi huis? — Die middelste.*

(2) Die twede klas is die verbinding van 'n Substantief met 'n Adjektief wat by voorplaatsing nie van die Substantief geskei kan word nie. So 'n Adjektief sal ons — waar nodig — die Eintlike Adjektief noem. So 'n Adjektief bepaal die betekenis van die Substantief, of as hierdie verbinding in dieselfde groep as 'n verbinding van die eerste klas voorkom, van die aangevulde Substantief. Die bepaling kan op twee maniere plaasvind: (a) Die Adjektief kan 'n vaste eienskap van wat die Substantief aangee, na vore bring; dus die betekenis-inhoud daarvan analiseer en spesifiseer, maar nie verander nie.

As ons b.v. sê: *die goeie Oom Koos was ook daar* en daarmee 'n bekende persoon op die oog het, dan bring ons een van die eienskappe van Oom Koos naar vore, maar verander niks aan die verdere betekenis wat in die woorde 'Oom Koos' opgeslote lê nie. Die verbinding kan ook te kenne gee dat dit slegs 'n tydelike of toevallige eienskap is, soos is: *hy het sy lang baard afgeskeer.* (b) Die Adjektief kan die betekenisinhoud van die Substantief vereng. Bevoorbeeld in: *Oom Koos het 'n goeie vrou getrou* word die betekenis van 'vrou' beperk tot 'n bepaalde klas vroue, n.l. die goeies. Wat die vorm betref maak die taal egter geen verskil tussen sulke betekenisklasse nie.

(3) Tussen hierdie twee groot klasse in staan bepaalde verbindinge van Substantiewe met die woordjie *ou* wat volgens die betekenis, as aangevulde Substantiewe, tot die eerste klas behoort, maar die vorm van die twede klas vertoon om redene wat deur die geskiedkundige ontwikkeling aan die hand gegee word.

(1) *Substantief* + *Adjektiewiese Woord* (in enger sin).

20. Hierdie verbinding kan in twee klasse verdeel word:

(a) Verbindinge waarin die aksent van die adjektiewiese woord — as geen van beide woorde 'n besondere nadruk kry nie — aan die van die Substantief ondergeskik is. As adjektiewiese woorde kom voor: Lidwoorde (*die* en *'n*), Besitlike Voornaamwoorde *(my, jou, sy, ons, hulle, julle,* ens.) en soms die woorde *daardie* en *hierdie.* Met die twee laatste woorde is dit veral die geval as hulle slaan op iets wat reeds bekend is. Hierdie woorde word dus in sulke gevalle feitlik verbleek tot gewone Lidwoorde. Tog bring hulle tweeledigheid mee, dat die eerste deel deur die sinsritme nog iets sterker betoon word as die twede. *Daardie* of *hierdie* is dus as geheel aan die Subst. ondergeskik wat die aksent betrek, maar op *-die* val dieselfde nadruk as op die Lidwoorde *die* en *'n,* terwyl *daar-, hier-* iets meer kry. Vgl.: *Gister het ons gaan loop en toe sien ons weer vir die soveelste keer dàardiĕ oŭ mánnĕtjiĕ met die rooi baard op straat.*

(b) Verbindinge waarin die adjektiewiese woord sy eie aksent behou. As adjektiewiese woorde het ons hier te doen met die Telwoorde en die orige byvoeglike Voornaamwoorde.

(a) *Subst.* + *Lidwoord, Besitlike Vnwd.* of *daardie, hierdie.*

21. Hoewel die aksent van die adjektiewiese woord aan die van die Substantief ondergeskik is, kan dit 'n nadruksaksent kry waar die verband dit eis. Vergelyk: *Ek praat nie van jou vrind nie, maar van 'ń man* met *ek sien 'n man; dis mý huis en nie jouwe nie* met *my huis is amper klaar. Dié* met aksent, word egter 'n Aanwysende Vnwd. genoem en die vorme *een, geen,* met volle klinker, Telwoorde.

22. Soos die ondergeskikte aksent aandui is die verbinding van die Subst. met die adjektiewiese woord baie eng, ondanks die groot afstand waarop hulle van mekaar kan staan. Tog is die verbinding minder eng as by 'n kompositum. Dit blyk daaruit, dat die Lidwoord of Besitlike Vnwd. as 'n belemmering gevoel word by die tot stand kom van 'n nouer eenheid. Daarvoor kom veral in aanmerking adwerbiale verbindinge, wat deur 'n Preposiesie ingelei word. Dié kan in Afrikaans dikwels mèt of sonder Lidwoord of Pronomen Possessivum voorkom. Vergelyk: *Dit was toe die boer met graansak agter rug, vee aan die horing, van die een deur naar die ander moes loop* (E. Skrywers, bls. 2); *in algemeen* (E. Skrywers, bls. 71); *in die algemeen* (Idem, bls. 74); *oor algemeen* (Boervrouw, bls. 66); *sodra die huis aan die kant is* (Duimpie II, bls. 23) naas gewoonlik (soos ook meestal in Nederlands): *aankant* (Vergelyk ook : iemand *vankant maak); die jongmense groet hom van al die kante hartlik* (Misdade, bls. 110), naas dikwels: *van alkante.* In al die volgende gevalle kon daar 'n Lidwoord of Voornaamwoord gestaan het. In sommige gevalle sou dit vir die skrywer hiervan die gewoonste konstruksie gewees het:

Om 'n toestand in lewe te roep (E. Skrywers, bls. 47).
Het my dikwels uit grap in Portugees aangespreek
(Idem, bls. 155).

Wat nou en in verlede opval is die algemeenheid van talent (Boervrouw, bls. 104).

Dat ons vrouwvolk in geheel veel hoger staan als die van Engeland (Boervrouw, bls. 147).

Sake het ook nie te danig pluis geloop van begin af nie (Boervrouw, bls. 1).

Meer besonder van die groot stede (Pers).

Het vroutjie my voor stok gehad (Sonde, bls. 85).

Kry ek vir jou in hande dan . . . (Malkop, bls. 22).

Waar hy so 'n bangbroek oplyf geloop het (Malkop, bls. 29).

Als ons die eers uit hart en hand laat raak (Boervrouw, bls. 67).

Het ons perbeer die Groot Trek in ware verhouding met die geskiedenis van ons vaderland te bring (Boervrouw, bls. 20.) [1])

'n Besonder interessante geval is 'n Infinitief voorafgegaan deur *aan*. Ook hier wissel die vorme met en sonder Lidwoord mekaar af. As Lidwoord tree naas *die* ook *'t* op. Dr. Schoonees[2]) vra of die vorme met *die* nie veel meer Afrikaans is as die met *'t* nie, dog volgens die Huisgenoot [3]) is *'t* "nog goed bekend in die Afrikaanse spreektaal van verskeie streke van ons land — veral in die Boland en die Suidelike Distrikte van die Kaapprovinsie" en ook in die Transvaal. Soos uit die volgende voorbeelde blyk, kom dit by skrywers uit Transvaal, Vrystaat en Kaapkolonie voor en gebruik dieselfde skrywer selfs *aan 't* en *aan die* naas mekaar.

Vergelyk:

Om 'n mens aan lewe te hou (Na Olikheid, bls. 36).

Sal ek weet dat jy aan kom is (Vergeet Nie, bls. 111).

Als Pa kwaad word en eers aan die slane is, dan kry ek dalk ook 'n raps (Duimpie II, bls. 17).

---

[1]) Vir vbb. by J. H. H. de Waal sie: Schoonees, *Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging*, bls. 130 en vir vbb. in die moderne Ndl. literatuur: Den Hertog, *Ndl. Spraakk. III*, blss. 78-80.

[2]) *Prosa*, bls. 243.

[3]) Nov. 1922.

Dit was drie uur vóórdat die water gekook en vier uur voordat ik weer aan die slaap was (Ons Weg, bls. 30).

En beskouw hoe het die boom daar gesukkel en gestry om aan die groei te kom (Ons Weg, bls. 32).

En toen ik . . . . buite op die stoep kom, was daardie nare ou koue motregentjie aan 't val (Ons Weg, bls. 31).

En toe gaan ek aan 't skiet aan (sic) *die haan* (Sonde, bls. 24).

Ongeveer terselfdertyd . . . was daar in Holland 'n ander teorie aan 't opkom (Ontstaan v. Afr., bls. 22).

Dat syn „impies" aan 't kome was (Piet Retief, bls. 79).

23. Ook waar die adwerbiale uitdrukking nie deur 'n Preposiesie ingelei word nie, hoef daar g'n Lidwoord te staan nie. Vergelyk:

Waar is die muis wat jy my anderdag belowe het? (Duimpie II, bls. 17).

Anderdagmôre vroeg kom die wit wolhaar hondjie (Duimpie II, bls. 8).

So ook: *anderjaar, -maand; verlede jaar, week; agtermiddag* ens.

24. By party van hierdie uitdrukkinge, soos: *in algemeen, oor algemeen, in geheel, meer besonder,* is Engelse invloed voelbaar. Die meeste kan uit oeroue tye oorgeërf wees. [1]) So is *achter rugge* reeds Middelnederlands en gebruik Vondel ook *achter rugh. In hant comen* dateer uit die Middeleeue en in moderne Nederlands bestaan nog: *in handen, op handen* en *tans* (< *te hands).* Ons is dit egter dàárom te doen, dat die twee vorme naas mekaar bestaan in Afrikaans; dit en die feit dat die vorme sonder Lidwoord of Voornaamwoord deurdring tot gevalle soos: *in verlede, uit grap, anderdagmôre* bewys dat die verbinding Subst. + Lidwd. (of Vnwd.) vir die Afrikaanse taalgevoel nog so los is, dat die aanwesigheid van die adjektiewiese woorde as 'n lastige naad gevoel word by die totstandkom van 'n groter of enger eenheid.

---

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 92. m.; Van der Veen, *Taaleigen,* § 94, 3; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 213 b-c; § 234.

25. Ook in moderne Nederlands kan die adjektiewiese woord onder soortgelyke omstandighede agterweë bly. [1]) 'n Treffende parallel is Afr. *na kerk*, Ndl. *naar kerk*. In Suid-Afrika waar die kerk net so 'n onmisbare bestanddeel van die samelewing is as die skool, word die Lidwoord by geen van beide woorde gebruik nie. In Nederlands word egter *naar school* maar *naar de kerk* gesê, dog Den Hertog vermeld: „Op kleine plaatsen, waar maar één kerk is, zegt men soms: *naar kerk*" en net so kom die oudhollandse *naar stad* voor „in den mond van dorpsbewoners".

26. In Platduits kan dieselfde verskynsel waargeneem word. Vgl.: *He geiht ni to Kark un to Mark; ehr de Hund Kümmt, is de Has to Holt; he störrt na Dęl; dat eerst Jahr seit de Bur Kantüffeln, anner Jahr seit he Weeten.* [2])

27. Daarenteen word die afsonderlike bestaan van die Lidwoord nie meer gevoel in vaste uitdrukkinge, waarin dit met die Preposiesie saamgegroei het nie. Vgl.: *ter aarde bestel, ter dood veroordeel, alles ten beste* ens. Dieselfde samesmelting kan waargeneem word in Nederlands en Duits. Vgl. Ndl. *ten onrechte* naas *te recht*, waar *ten* as gelykwaardig met *te* en dus as Preposiesie gevoel word. So kom ook dikwels in Duits *zur* en *zum* sonder betekenisonderskeid naas *zu* voor. Vgl. *zu Hause* naas *zur See, zur Seite*. In die Vrystaat kom ook nog uitdrukkinge soos: *oppen duur; voren dag, teenste aand* voor, [3]) wat met 'n baie uitgebreide Platduitse verskynsel ooreenkom. „Die Fähigkeit, das Verhältniswort mit dem Geschlechtswort zusammenzuziehen, ist echt volkstümlich und im Plattdeutschen viel gebräuchlicher und ausgedehnter als im Hochdeutschen: *mit 'n stock, œwer 'n Tun, achter 'n Knick, in 'e Kark*",[4]) ens. In die algemeen Afrikaanse *deurentyd* (< deur den tyd) is die Subst. ook opgeneem is die sametrekking.

---

[1]) Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.*, blss. 78 vlgg.
[2]) Meyer, *Unsere Plattdeutsche Muttersprache*, bls. 71.
[3]) Mededeling van Dr. D. F. Bosman.
[4]) Meyer, *Unsere Plattdeutsche Muttersprache*, bls. 71.

28. In sommige verbindinge van 'n Substantief met 'n Werkwoord word die Lidwoord of Persoonlike Vnwd. gebruik om twee eenhede aan te dui, waar 'n mens sonder die woorde maar een eenheid sou hê. In: *jy moet handgee* is 'handgee' een eenheid, maar in: *jy moet jou hand gee* is 'jou hand' 'n eenheid en 'gee' 'n ander eenheid. Dieselfde verhouding bestaan tussen *die pyp opsteek* en *pypopsteek* en tussen *oëknip* en (met Prep. en Lidwd.) *met die oë knip.* (Sie benede).

Vorm en posiesie.

29. Die adjektiewiese woorde het een onveranderlike vorm. Dat *onse* naas *ons* voorkom is 'n suiwer plaaslike verskeidenheid, wat nie van die sintaktiese gebruik van die woord afhang nie. In die Boland word *ons* gebruik, in Transvaal is *onse* vermoedelik die gewone vorm; in die Vrystaat kom — naar my meegedeel word — albei vorme voor. Sou die laaste die oorgangsgebied wees?

30. Die posiesie van die adjektiewiese woorde is óf onmiddellik voor die Subst., óf, soos reeds gemeld, verder naar vore en daarvan geskei deur ander Adjektiewe.

31. Die groepsverskuiwing wat kan waargeneem word in: *die spulletjie hier was al te 'n groot grap* (Sonde, bls. 58) kom taamlik veel voor. Reeds in die Middeleeue kom uitdrukkinge voor soos: *si maecte alten groten huys* en ook in Duitse dialekte is dieselfde verskuiwing bekend.

32. 'n Vorm soos *liefste myn* is 'n verstarde oorblyfsel uit vroeër tye.

33. Waar *daardie* en *hierdie* agter die Subst. staan, soos in: *dis 'n man daardie wat . . ,* het dié woorde hulle gewone krag as Aanw. Vnwd. behou. (Sie benede).

34. Voor 'n reeks Adjektiewe wat op een voorwerp ens. betrekking het, staan die adjektiewiese woord maar een keer: *'n (haar) skoon wit voorskootjie.* Waar meer as een voorwerp ens. deur die Subst. uitgedruk word, kan dit herhaal word, maar dis nie nodig nie: *die goeie en (die) slegte kant van die saak.* Alleen waar verwarring sou kon ontstaan, word die adjektiewiese woord herhaal om die dubbele inhoud

van die Subst. aan te gee. Vgl. *die Nederlandse en Duitse gebruik* met *die Nederlandse en die Duitse gebruik.* Waar 'n reeks van Substantiewe op een voorwerp ens. slaan, is die herhaling van die Lidwoord of Besit. Vnwd. fakultatief: *die oorwinnaar en (die) regeerder van die land; hulle is sy houthakkers en (sy) waterdraers.* Dieselfde geld van 'n Lidwoord of Besit. Vnwd. voor 'n reeks Subst.e wat verskillende voorwerpe ens. aandui: *die vroue en (die) kinders; sy klere en (sy) skoene; sy hoofd en sy hand v'r sy volk en sy land* (Vlakte, bls. 38); *die gebulk van koeie en gelag van kinders klink op die stille aanduur* (Getrou, bls. 7).

Opmerking by § § 20-34. Heel in die algemeen kom die gebruik van die Bepaalde en die Onbepaalde Lidwoord ooreen met die Nederlandse [1]) en die Duitse [2]) gebruik. Ook in Afrikaans kan albei Lidwoorde sowel 'n indiwidualiserende as 'n generaliserende betekenis uitdruk. In besonderhede is daar sterk afwykinge van Nederlands, waarby Engelse invloede 'n belangrike rol speel. Vgl. *Die stem van gewete* (Boervrouw, bls. 57), *die praatwerk wat nege tiende van politiek uitmaak* (Boervrouw, bls. 101), *Wat 'n jammer* (Johannes van Wyk, Prosa, bls. 129), *waarvan alle Afrikaners in die stede prooi was* (Die Twede Grieta, Prosa, bls. 129), *'n plesier daarin neem* (Diere-Stories, Prosa, bls. 99) *die aand na ete* (Sonde, bls. 62).!

In veel gevalle het Afrikaans ook die ouer Nederlandse gebruik bewaar of uitgebrei. Hieronder val veral, dat Afrikaans geen Lidwoord gebruik voor gesubstantiveerde Pronomina nie, b.v.: *Rousseau neem nou sy vrou haar hand in syne* (Getrou, bls. 8) en dat die gebruik van die Lidwoord voor gesubstantiveerde Telwoorde en voor die superlatief van Byvoeglike Naamwoorde fakultatief is, b.v.: *Sy is altyd (die) eerste (beste) in haar klas;* so ook voor die superlatief van Bywoorde :*Hy loop (die) hardste van almal.*

Daarenteen bestaan daar weinig grond vir die mening dat algemeen Afrikaans in hierdie opsig sterk beinvloed is deur die taal van die inboorlinge.[3]) In diereverhale word *Jakhals, Wolf* ens. as eiename gebruik en kry om dié rede geen Lidwoord nie.

---

[1]) Vgl. Simons, *Lessen over 't Lidwoord* (N. Taalg. IV.)
[2]) Vgl. Paul, *Deutsche Gr.* IV §§ 144-5.
[3]) Du Toit: *Afrikaansche Studies,* blss. 101—2.
Hesseling: *Het Negerhollands,* blss. 115—6.

Vgl.: *en toe sê Jakhals vir Wolf* ... In: *pompoen groei hier beter as waterlemoen,* ens., word die plantnaam tewens as stofnaam gevoel. Vgl. b.v. Ndl.: *Bloemkool groeit hier goed. Mens* en *beetjie* wat alleen in die Noorde sonder Lidwoord voorkom, asook *party,* het die korter vorm te danke aan die gebruik resp. as Onbepaalde Vnwd., Bywoord en Onbepaalde Telwoord.

Die skrywer Leon Maré het hom die aardigheid aangewen om nagenoeg alles onbepaald te stel. Daardoor word af en toe 'n groter bepaaldheid verkry. Vergelyk die volgende beskrywing van Annie Bester: „ *'n Bruin krulkop met 'n pronkende swart strik daarop word gouw teen 'n veranda paal neergelê, 'n rooibruin blossie kruip oor 'n ronde gesig, wat só met krulle bedek word, dat 'n kop gouw moet agteroor swaai dat lewendige en laggende oë weer kan opkyk, om 'n pa verder aan te hoor, wat so indagtig pyp sit en uitkrap*" (Nuwejaarsfees, bls. 29). Vermoedelik is dit 'n oordrywing van iets wat reeds in die omgangstaal in Transvaal in kiem aanwesig is. Ook van Bruggen skrywe: *Dan voel hy 'n koue rilling sy rugvel rimpel en stap vinnig 'n k o e r s uit* (Veld, bls. 130). Naar my meegedeel word is die laaste uitdrukking ook in die Vrystaatse spreektaal goed bekend.

Die betekenis van die Substantiewiese Voornaamwoorde bring mee dat hulle nie 'n woordgroep met Lidwoorde en Besitlike Voornaamwoorde kan vorm nie.

35. *Geskiedkundig.* Die Bepaalde Lidwoord het ontstaan uit die Aanwysende Voornaamwoord, net soos ons nuwe Afrikaanse Aanw. Vnwde *hierdie* en *daardie* nou besig is om tot Lidwoorde te verswak [1]) en die Onbepaalde Lidwd. gaan terug op die Telwoord. Met die verswakking van klemtoon het dikwels gepaard gegaan 'n verlies van vokaal (vgl. *d' eerste, 't kind, 'n man).* In die middeleeue het in die Nederlande die vorme *de* en *die* naas mekaar bestaan. [2]) Die vorm *die* het hom egter nog lank gehandhaaf en dit tree nog af en toe op in Algemeen Beskaafde Nederlands en lewe voort in sommige dialekte. In Afrikaans is die vorm met volle vokaal (net soos in: *my, jou, haar)* die enigste

---

[1]) Aldus Franck, *Mnl. Grammatik,* bls. 181. Behaghel (Deutsche Syntax, § 19) sê egter: „ Der bestimmte Artikel stammt aus dem anaphorischen Pronomen — nicht aus dem deiktischen, wie vielfach angenommen wird."

[2]) Franck, *Mnl Grammatik,* bls. 182.

wat bly bestaan het. Sommige geleerdes wil dit egter aan vreemde invloede toeskrywe. [1]) In Amsterdam en die Zaanstreek was *jou* in die sewentiende eeu en daarna gebruiklik ook as daar geen nadruk op die woord geval het nie, [2]) en dié gebruik kom nog voor veral in Friese en Saksiese dialekte in Nederland, maar ook in Algemeen Beskaafd.

Vroeër het die Lidwoord of Besitlike Voornaamwoord die sintaktiese diens gedoen, dat dit die Substantief gehelp het by sy kasus-vorming, waardeur die verhouding van die eenheid Subst. + Lidwd. of Besit. Vnwd. tot ander eenhede in die sin kon uitgedruk word. Daarmee het gepaard gegaan 'n differensiëring van die Substantiewe volgens woordgeslag. Behalwe in enkele vasstaande uitdrukkings wat uit die hoër styl geërf is soos: *kind des doods, brood der smarte, myns insiens* bestaan hierdie gebruik nie meer in Afrikaans nie. Reeds in die sewentiende eeu, toe die nedersetting aan die Kaap gestig is, was die gebruik van hierdie Lidwoorde en Voornaamwoorde om die Genitiefs- en Datiefsverhouding uit te druk in die Nederlandse spreektaal so goed as uitgesterwe en in die literêre taal was die gevoel vir die geslagsonderskeiding, altans wat die Genitief betref, verdwyn. Vgl. § 145. Hulle gebruik om die Akkusatiefsverhouding uit te druk het verdwyn saam met die Akkusatiefsvorme van die Adjektiewe en word dus daar behandel.

(b) *Subst. + Telwoord, Vraende, Aanwysende, Onbepaalde, Uitroepende, Distributiewe, Resiprokale of Versterkende Voornaamwoord.*

Sonder Vormwoord.

36. In hierdie verbindinge het iedere lid 'n eie aksent.

---

[1]) Vgl. J. J. le Roux: *Het Lidwoord „die"* (N. Taalg. XIII).; D. C. Hesseling: *Nog eens die als Lidwoord* (N. Taalg. XIII).; D. B. Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans,* blss. 93-4; 110-11.

[2]) Vgl. Boekenoogen: *De Zaansche Volkstaal* en die geskrifte van b.v. Bredero, W. D. Hooft en T. Asselijn.

In sommige gevalle is die aksent vry, d.w.s. die adjektiewiese woord en die Substantief kan met gelykmatige aksent uitgespreek word vir sover die sinsritme daar nie op inwerk nie, óf een van beide kan deur sy belangrikheid 'n sterker aksent as die ander kry; in ander gevalle is die adjektiewiese woord gebonde aan 'n sterker aksent. Ons deel die verbindinge in twee groepe naar die posiesie van die woorde in, en bespreek die gevalle van vaste aksent onder die afsonderlike tiepes.

37. (α) Die vraende, uitroepende en onbepaalde Voornaamwoorde kan alleen vóór die Subst. staan. Ander Adjektiewe staan tussenin: *watter huis?* maar *watter groot huis?*

38. Die vraende Vnwd. *watter* (plat: *waffer)*, b.v. *watter huis, watter man* ens.? uit *wat vir (< wat voor)*, wat ook nog onsamegetrokke voorkom: *wat vir man*, het deur groepsverskuiwing ontstaan. In die vraende Vnwd. *wat vir 'n* (Lat. qualis) is ook die Lidwoord betrokke in die groepsverskuiwing: *wat vir 'n man?* Daarnaas kom voor: *hoe 'n man?*

39. Op dieselfde manier het die uitroepende Vnwde: *wat 'n, wat vir, wat vir 'n, wat se*, deur groepsverskuiwing ontstaan: *wat 'n pragstuk!; wat 'n mensdom!; wat vir ('n) lawaai!; wat se spektakel is dit hier!* Dieselfde geld van *hoe 'n*, wat nie alleen vraende Vnwd. is nie maar ook uitroepende. Vgl.: *hoe 'n genot!*

40. Vir onbepaalde Voornaamwoorde kan aangesien word die adjektiewiese woorde in die volgende uitdrukkinge: *sekere Mnr. Le Grange; ene Mnr. Retief; die een of ander moeilikheid; enige plan; party mense.*

(β) By die twede groep van verbindinge bestaan meer verskeidenheid:

41. Telwoorde staan gewoonlik voor die Subst., dog hoofgetalle met die funksie van ranggetalle staan daaragter, b.v.: *Tien jaar, baie mense* maar: *die jaar nul, die jaar 1920, hoofstuk tien.* Die woord *genoeg* kan daarvoor of onmiddellik daaragter staan: *genoeg geld* of *geld genoeg*, óf, met sterker aksent, ook verder verwyderd na agter: *en was daar plek*

in die blad genoeg gewees, sou hij misskien ... (E. Skrywers, bls. 37).

Opm. Hoofgetalle kan van ouds óf as Selfst. Nwde óf as Adjektiewe opgevat word. Ons behandel dus hier die verbindinge wat ooreenkom met die van Substantiewe met ander adjektiewiese woorde, en onder die verbinding Subst. + Subst. die wat deur hulle formale kenmerke daartoe behoort, soos: *twee van die kinders.* Ook onbepaalde Telwoorde kan substantiewies opgevat word en dus die verbindingstiepes van twee Substantiewe vertoon, soos: *tyds genoeg.* In dié geval word hulle ook onder die twede groep behandel.

42. Die aanwysende Vnwde kan voor of agter die Subst. staan. *Dié* het altyd 'n sterk aksent, *daardie* en *hierdie* altyd as hulle agter die Subst. staan, b.v. *hierdie man; dié man; dis 'n man hiérdie wat vir niks stuit nie; dis 'n soort saak die wat 'n advokaat 'n kans gee om tog 'n naam te maak* (Spoke, bls. 16).

43. 'n Twede soort verbinding met *die* is sekere gevalle waar *die* nie direk op die voorgaande Subst. slaan nie, maar waar die spreker op iets anders wys of doel terwyl hy *die* sê, en dan te kenne gee, dat wat aangedui word deur die Subst., daar in betrekking mee staan. As 'n moeder b.v. sien, dat die huiskamer deurmekaar is, kan sy sê: *dis die kinders dié.* Hierdie gebruik van *die,* wat ons die deiktiese kan noem, het waarskynlik ontstaan uit die gewone terugwysende gebruik, maar dan met 'n verklarende bysin. As uitgangspunt moet ons aanneem sinne soos: *dis die kinders dié, wat dit gedoen het,* wat gepaard gegaan het met 'n aanwysende gebaar. Mettertyd is die aanwysende gebaar as duidelik genoeg gevoel en kon die verklarende bysin agterweë bly. Maar toe kon *die* gevoel word as slaande op die voorwerp waarop gewys word, i.c. 'die deurmekaar kamer', in plaas van op die voorafgaande Substantief. Vandaar 'n verskuiwing in die geleding wat meebring dat *die* die inhoud van 'n bysin verteenwoordig. Die volgende trap in die ontwikkelingsgang is dat *die* ook gebruik geword het sonder die begeleidende deiktiese gebaar. Dit moes gebeur as die betrokke voorwerp,

toestand ens. nie aanwesig was nie, maar tog bekend. As die moeder b.v. nie die deurmekaar kamer sien nie, maar enkel hoor dat dit deurmekaar is, dan kan sy ook sê: *dis die kinders-die, wat dit gedoen het* of sonder bysin: *dis die kinders-die.* In hierdie sinne kry die Subst. die klemtoon en is die aksent van *die* daaraan onderskik; die verbinding het 'n kompositum geword wat met snelle tempo uitgespreek word. Die gebruik van hierdie kompositum verskil van die gebruik van die onsamegestelde Subst. in dié opsig, dat die eerste behalwe die betekenis van die Subst. ook nog insluit 'n aanduiding van iets wat as bekend veronderstel word. Die konstruksie kom alleen na kopulatiewe Ww. voor en moet onderskei word van verbindinge soos: *die kinders die het dit gedoen,* waar die twede *die* die inhoud van die Subst. weer opneem en 'n eie aksent het, terwyl die verbinding met iets langsamer tempo uitgespreek word.

44. Ook by die distributiewe *ieder* is voor- en agterplaatsing moontlik. In die laaste geval kan 'n verbale vorm tussen *ieder* en die Subst. staan, b.v. *iedere mens; die kinders sal ieder 'n stuk kry; in Holland, die Kaap en die Noordelike Unie ieder het die woord turf 'n ander betekenis* (E. Skrywers, bls. 78).

45. In die naar Engelse model gevormde resiprokale Pronomen (*die*) *een die ander* word (*die*) *een* nie as afsonderlike eenheid gevoel nie en die uitdrukking kry dus die gewone posiesie van 'n substantief-objek. Vgl.: *In die dae van spanning het gebeurtenisse snel een die ander opgevolg* (Misdade, bls. 228). In die suiwer Afrikaanse vorm van die konstruksie is die posiesie van *die een* gewoonlik voor die Subst.: *die een gebeurtenis het die ander opgevolg.* By Leungroepe is egter 'n woordorde moontlik wat saamval met die Engelse, b.v.: *en toe die mannetjies een na die ander begin te brul* (Oerwoud, bls. 57). (Vgl.: *die mense het party hiernatoe, party daarnatoe geloop.*)

Opm. Hoewel nou verouderd in Nederlands was die uitdrukking *de een den ander* = mekaar, in die sewentiende eeu goed bekend. Vgl.: *D' een d' ander volgen sy* (Bred. III, 115);

al het welke wy . . . goedgevonden, en besloten hebben, gelyk wy de een aan de ander beloven, 't zelve . . . te onderhouden (Valentijn, O. I. II, 2, 78 a. — 1628) [1])

46. Die woorde *self* en *alleen* staan agter die Subst., dra die aksent, en vorm daar 'n kompositum mee: *die skrywer-self; Al ken hy maar net Engels alleen* (E. Skrywers, bls. 90). *Saam* betrek ook Telwoorde in die kompositum. Vgl.: *Die hele famielie saam verdien daar nie genoeg voor nie* en (met Pron.): *Hulle almaal saam is my meesters* (E. Skrywers, bls. 64).

Hierdie drie woorde kan egter ook in losser verbinding met die Subst. staan. Dan is hulle tewens bepaling by die Werkwoord en staan voor of agter die Subst. met 'n werkwoordelike vorm tussenin; hulle belangrikheid word dan deur 'n sterk aksent naar vore gebring. Vgl.: *Self het die skrywer erken, dat . . ; Die skrywer het self erken, dat . . ;* (met Pronomen): *Want ek sal alles moet self uitvind* (Spoke, bls. 16); *Same het die lede daarvoor gesorg,* ens.

Vorm van die adjektiewiese woord.

47. Die adj.[e] woord tree op in 'n vorm wat om sintaktiese redene nie verander nie. Enkele wisselinge wat samehang met 'n ouer sintaktiese verskeidenheid, soos *enig iets* teenoor *enige man,* is gebonde aan bepaalde woorde. 'n Lewendige onderskeidingsmiddel is sulke wisselvorme nie meer nie.

Met Vormwoord.

48. Die Substantiewe kan ook deur middel van 'n vormwoord met 'n Telwoord verbind word. As bindwoord word *of* gebruik, b.v.: *'n man of twintig; 'n stuk of tien.* Hierdie verbinding het 'n ander betekenis as die wat uit 'n eenvoudige bystelling bestaan. In die laaste geval word die hoeveelheidswoord in sy absolute betekenis gebruik; deur die verbinding met vormwoord word *ongeveer* die getal wat die hooftelwoord noem, bedoel. Hiermee verwant is ook die

---

[1]) Ndl. Wdb. III [2], 3802.

verbinding: Subst. + *of* + *wat*, b.v. *'n dag of wat*; (*dit kos*) *'n sieling of wat* = enkele dae; enkele sielings. In sulke uitdrukkinge met *wat* kry die Substantief die groepsaksent en dra die verbinding die karakter van 'n kompositum. In 'n *stuk of wat* word die oorspronklike betekenis van 'stuk' glad nie meer gevoel nie, maar beteken die hele verbinding 'enkele'.

49. *Geskiedkundig.* As uitgangspunt van hierdie konstruksie word aangeneem sinne — soos reeds in die Middeleeue voorgekom het — waarin *een* as Telwoord teenoor *twee* gestel word: *Rust u enen dach of twee*; *twe daghe ocht enen* [1]). By die latere uitbreiding tot hoër getalle het dan waarskynlik meegewerk die invloed van konstruksies soos: *een dag vijf zes*; *een stuk tien twaalf* waarvoor ook gesê word: *een dag vijf of zes*, ens. Vir hierdie verklaring pleit die feit, dat die konstruksie maar net by kleiner getalle gebruiklik is. Die Ndl. Wdb. gee voorbeelde van die gebruik van hierdie konstruksie by hoër getalle as twee uit Van Lennep, Beets, Staring en Tollens. Die algemene verbreiding in Afrikaans maak dit egter waarskynlik, dat dit ook in Nederlands baie ouer as die neëntiendie eeu is. Ook in Hoogduits is die konstruksie, altans in die volkspraak, bekend. Vgl. *ein Thaler oder sechs*; *ein Stück oder Zehn*. In Engels is dit algemeen met 'twee' as Telwoord: *a day or two*; *a word or two*, *ens.*

50. *Geskiedkundig.* Net soos die Lidwoorde kon die Telwoord *een* en 'n deel van die Aanwysende, Vraende en Onbepaalde Vnwde in die stamtaal, Nederlands, verbuig word. Dit is nie meer die geval in Afrikaans nie, behalwe in geykte terme soos: *eensklaps*, *deser dae*, *enigermate* en by die onbepaalde Vnwd. *ene* (*Retief*), wat alleen in die verboë vorm bestaan. Die verloop van hierdie proses is dieselfde as by die Lidwoorde en Byv. Nwde en word onder die verbinding Subst. + Adj. behandel (Sie § 79.).

---

[1]) Ndl. Wdb., X, 65-66.

Pronomen + Adjektiewiese Woord.

51. Die Persoonlike Voornaamwoord kan verbinde word met Telwoorde, Distributiewe en Versterkende Vnwde. Al hierdie woorde moet agter die Pers. Vnwd. staan, behalwe die versterkende woorde wat tewens bepaling van die Werkwoord is. Origens is die konstruksies dieselfde as die van die ooreenkomstige verbindinge met 'n Substantief, b.v.: *Julle twee moet saamgaan*; *dat hulle almaal skuldig gevoel* (A. B. C. bls., 58); *hulle kry ieder 'n appel; ek-self.* (Sie ook vbb. onder Subst. groep.)

Opm. Onder Engelse invloed is die verbinding met self besig om uit te brei tot gevalle waar geen versterking bedoel word nie, b.v. *Sien hy nie kans om homself met sukses te verweer nie, dan gaan hy eenvoudig plat lê* (Oerwoud, bls. 55); *Die Boervrouw was haarself bewus, dat sy moeder word van 'n volk* (Boervrouw, bls. 84).

52. 'n Anglisisme wat die beskaafde Afrikaanse taalgevoel nog pyn aandoen is die verbinding van 'n Pers. Vnwd. met *myself, homself* ens., b.v. *ek myself het dit gedoen.*

53. Die verbinding *ek my sigselwe* word op die oomblik nog maar skertsend gebruik. Vgl.: *ek my sigselwe, alleen, skuur maar nou teen die heining regs en netnou teen die heining links* (Sonde, bls. 36), 'n sin wat 'n goeie illustrasie gee van die neiging van die Pers. Vnwde om versterkende toevoegsels te neem. So deel Prof. de Vooys my mee, dat ook in Nederlands skertsend gesê word: *z'n eigen zich zelvers.* J. van Bruggen laat 'n bywoner heeltemal serieus sê: *en ek dag toe so by my sigselwe, ek sal maar so'n bietjie aanstap en gaan kyk* (Veld, bls. 23). Is dit 'n gewone konstruksie in Transvaal?

54. Net soos by die Substantiewe (§ 43), het na kopulatiewe Ww. ook by die Pronomina verbindinge met die terugwysende *die* gelei tot samenstellinge soos: *jý-die, hý-die, húlle-die* ens., waar *die* na iets anders heenwys. Ook hier kan ons dieselfde ontwikkelingsgang as hy die Subste. aanneem, n.l.: *dis jy dié — wat dit gedoen het > dis jy dié*; en *dis jý-die — wat dit gedoen het > dis jý-die.*

Substantief + meer as een adjektiewiese woord.

55. In groepe met 'n reeks adje. woorde staan Lidwoorde of Voornaamwoorde voor Telwoorde: *hierdie twintig man; my een been; sy tien osse.* 'n Uitsondering vorm reekse waarin *al* voorkom; daar is die woordorde omgekeerd. Vgl.: *albei (altwee) my oë; al die mense; al my tyd.* Die woordorde *heel die* is 'n Nederlandisme. Vergelyk: *Toe deur Engeland se oorlogsverklaring aan Duitsland heel die Britse Ryk .... die vyande van Duitsland geword hèt* (Pers).

56. By hoofgetalle word so 'n skynbare reeks egter gevoel as 'n groep waarin Subst. + Telwd. 'n eenheid vorm, waaraan die Lidwd. of Vnwd. ondergeskik is. In sulke gevalle word Telwoorde dus sintakties van ander Adjektiewe gedifferensiëer. As die laatste tussen Lidwd. of Vnwd. en Subst. staan, vorm Subst. + Lidwd. of Vnwd. same 'n eenheid wat deur die Adj. bepaal word, b.v.: *hierdie / vyf jaar; enige / vyf man; watter / tien hoofstukke,* maar: *die / goeie / kêrel.* Waar ranggetalle in so 'n reeks voorkom kan die groepering verskillend gevoel word. As beide rang- en hoofgetalle voorkom, word die verbinding in twee gelyke dele gegroepeer: *die eerste / tien perde; die tien / eerste perde.*

57. Die verbinding Besitlike Vnwd. + Aanw. Vnwd. voor Subst. kom nie voor nie. As ons die begrippe: *hierdie versoek* en *my versoek* wil samevoeg, dan maak ons gebruik van 'n Pers. Vnwd. + bindwoord, dus: *hierdie versoek van my.* 'n Konstruksie soos: *dit myn versoek* wat in boeke-Hollands bekend is, bestaan dus nie in Afrikaans nie.

58. *Wanneer sy iedere woord en daad getuig van die verandering wat plaas gevind het* (Ons Weg, bls. 384) is 'n voorbeeld van 'n slegte soort Anglisismes wat gelukkig maar min voorkom.

59. Die vorme *elk 'n, ieder 'n* vir *elke, iedere* wat veelvuldig by Langenhoven voorkom, b.v.: *elk 'n man, ieder 'n gebied* moet verklaar word uit 'n woordsplitsing wat die uitgang ə laat samegaan met die twede in plaas van die eerste woord, en dit dan verwar met die Lidwoord. So 'n

splitsing is nie beperk tot Oudtshoorn nie, want voor nasale het ek dit ook dikwels in die Pêrelse distrik gehoor. As die nasaalklank regtig ook voor gutturale voorkom, soos 'n mens uit die twede voorbeeld moet aflei, is dit 'n uitbreiding deur analogie.

(2) Substantief + Eintlike Adjektief.

Posiesie.

60. Die Adjektief kan voor of agter die Substantief staan. Reël is dat dit voor staan. Agterplaatsing van die Adj. kom alleen voor in die volgende gevalle:

61. (a) 'n Reeks Byv. Nwde deur 'n Voegwoord verbonde, kan voor, maar in literêre taal ook agter, die Subst. staan. As daar geen Voegwoord is nie, dan is agterplaatsing onmoontlik. Vbb.:

Voorplaatsing met Voegwd.: *Oue en swakke manne, jonge en sterke burgers, dappere vrouwens en klein kindertjes* (Boervrouw, bls. 140).

Met haar sterk en besliste karakter (Vergeet Nie, bls. 129).

Voorplaatsing sonder Voegwd.: *Sy grap was diep, ernstige waarheid* (Vergeet Nie, bls. 25).

Maar tog so vol van ryk, rein liefde (Vergeet Nie, bls. 32.)

Agterplaatsing met Voegwd: *Aan hierdie meubels is heilige herinneringe vasgeknoop deur bande sterk en heg, wat die lang jare self met onsigbare hand gewewe het* (Vergeet Nie, bls. 15.)

Met dieselfde funksie as 'n twede Adjektief kan 'n woordgroep optree:

Die perd redeloos en met onskuldig oog besef van oorlog soveel as sy basie bo hom (Malkop, bls. 15.)

Die Adjektiewe kan ook gedeeltelik voor en gedeeltelik agter geplaas wees as daar maar minstens twee agter staan: *teenoor wrede vyande wit en swart* (Boervrouw, bls. 92.)

Opm. In 'n opeenvolging van woorde soos: *diep ernstige waarheid* differensieer die aksent tussen 'diep' as Byv. Nwd. en as Byw. As 'diep' Byv. Nwd. is, word ieder van die twee

Byv. Nwde. ongeveer ewe sterk geaksentueer; as dit Byw. is, kry dit 'n sterker aksent as 'ernstige' en word die verbinding met sneller tempo uitgespreek. In die skrif onderskei ons die twee tiepes deurdat ons in die eerste geval 'n komma tussen die twee woorde sit, en hulle in die twede geval met 'n koppelteken verbind.

62. (b) Agterplaatsing is ook moontlik as die Adjektief nader bepaal word:

(α) deur 'n Bywoord daarvoor:

En onder sagte snikke, noueliks hoorbaar, pers dit nou uit (Vergeet Nie, bls. 45).

Die goedhartigste man uit die hele kommando volkome skadeloos, kom tussen drie van Engelands grimmigste soldate met gebajonette gewere, radeloos verleë aangestap (Teleurgestel, bls. 192).

(β) deur 'n langer bepaling of voltooiing:

Haar voorhoof warm van inspanning en ontroering (Vergeet Nie, bls. 45).

'n Vaal militêre muts plat van bo, met 'n blink rand van voor wat danig laag oor 'n paar blou oë afgedruk is (Vergeet Nie, bls. 83).

Ds. D. P. Rossouw (nou reeds wyle) het godsdienstige stukke in die „Patriot" geskrywe (E. Skrywers, bls. 133).

(γ) By agterplaatsing kan so 'n langer bepaling of voltooiing van die Adj. aanwesig wees en tewens 'n bepaling deur 'n enkele Bywoord daarvoor:

En die ruiter ... deftig gekleed in die volle mondering van 'n Engelse offisier (Malkop, bls. 14).

63. (c) 'n Reeks Adjektiewe deur 'n Voegwoord verbonde kan nader bepaal wees:

En dan die jaende ademhaling van die vos en die hoefslae, sag en dof in die sanddeuke, helder en hard oor die ruggies (Vergeet Nie, bls. 44).

64. In sommige gevalle is by hierdie drie tiepes vóórplaatsing ook moontlik, b.v. *onder sagte, noueliks hoorbare snikke; haar van inspanning en ontroering warme voorhoof; die sagte en dowwe hoefslae in die sanddeuke,* dog hetsy

met agter- hetsy met voorplaatsing ken die gesproke taal sulke ingewikkelde konstruksies nie. In die spreektaal word daarvoor bysinne gebruik wat ingelei word met *wat*. Die literêre taal kom tot sulke samevoeginge, waarvoor die Nederlandse literatuurtaal die voorbeeld bied, deur die noodsaaklikheid om aan die eise van 'n voller en ryker geskakeerde ritmiek te voldoen, maar ook deur die behoefte aan enger verbindinge. Deur 'n bysin word die adjektiewiese begrip nie so eng aan die substantiewiese verbind as deur 'n Adjektief nie; daar bly iets gebrokens in die verbinding. So 'n onderbreking werk minder hinderlik by die gesproke taal, waar die gehoor die verskillende elemente na mekaar moet opneem, as by 'n geskrewe (of gedrukte) stuk, waar die oog verskillende woorde tegelyk appersipiëer. Vandaar die verskillende neiginge by beide vorme van taaluiting, wat die een tot 'n hortende analietiese, die ander tot 'n ingewikkelde sintetiese struktuur maak. [1])

65. (d) Tot gesproke sowel as geskrewe taal hoort enkele op sigself staande verbindinge met agtergeplaaste Adjektief, wat aan vreemde tale ontleen is. Uit Engels het ons verbindinge soos: *Goewerneur-Generaal, Superintendent-Generaal* gekry; uit Nederlands ken ons *State-Generaal* en 'n 'Goewerneur-Generaal' en 'n 'Kommissaris-Generaal' was amptenare wat ook deur die O. I. Kompanjie gebruik geword het; albei tale het op hulle beurt die verbindinge uit Frans gekry. Uit Portugees het ons die woordskikking van die eienaam *Baai-Vals* wat, soos soveel ander geografiese name, nog daaraan herinner dat die Portugese voor die Hollanders om die Kaapse kus geseil het. Dat die omsetting tot *Valsbaai* in die laaste tyd veld wen, is wel meer aan die Engelse skool-invloede toe skrywe as aan 'n neiging tot verafrikaansing.

66. (e) Die vloekende uitroep *God almagtig*, wat 'n erfstuk is uit eedsformuliere, „seems", volgens Sweet, „to be an imitation of the Latin order *(Deus omnipotens)*" [2])

[1]) Vgl. Wunderlich: *Unsere Umgangsprache*, bls. 9—10 ens.
[2]) *New English Grammar* II, § 1785.

Klemtoon.

67. Die Adjektief en die Substantief het ieder 'n eie aksent, wat ongeveer ewe sterk is as geen van beide woorde besondere nadruk kry nie; al naar die bedoeling van die spreker kan die een of die ander egter die nadruksaksent kry.

Vorm van die Adjektief.

68. Ons kan by de Adjektiewe twee hoofvorme onderskei: (a) die grondvorm; en (b) 'n geflekteerde vorm op *-e* of *-te*. Enkele woorde soos *ou, kou* kan ook hierdie *-e* verloor. By agterplaatsing het die Adj: altyd die grondvorm, b.v.: *planne, goed en kwaad, 'n dogtertjie, lief en gesond.*

Opm. Ons herinner daaraan, dat grondvorme soos: *rooi, kwaai, nuut, jonk, lank* van die Nederlandse verskil.

69. By voorplaatsing val die Adjektiewe in twee klasse: (a) Adjektiewe wat uitgaan op *-e (te)*; en (b) Adjektiewe wat in die grondvorm (d.i. sonder *-e* of *-te*) gebruik word, b.v.: *'n gladde vent, 'n sagte hand* maar *'n sterk vent, 'n groot hand.* Bij voorplaatsing is dit dus geen verskil in sintaktiese funksie, wat die vorm van die Adjektief bepaal nie, maar iedere Adjektief behoort uit kragte van sy fonetiese en ritmiese eienskappe tot 'n bepaalde klas. Sommige Adjektiewe (o.a. die op *s, r, l, u* soos: *vals, dor, heel, ru)* weifel egter nog tussen die twee klasse ; ander verskil plaaslik, maar daaromtrent is nog weinig nagevors.

70. Behalve deur die nadruksakant kan die subjektiewe meelewe van die spreker in sy mededelinge nog op twee ander maniere uitgedruk word: deur 'n toegevoegde *-e [-te],* wat vergelyk kan word met Ndl. *éne keer, éne gulden* ens., òf, in die geval van Adjektiewe met 'n tweeklank of lang vokaal in die betoonde lettergreep, deur 'n verandering in die kwantiteit van die klinker. In die laatste geval is daar twee moontlikhede: die klinker (tweeklank) word óf gerek en kry 'n tweetoppige aksent: *bāie,* óf verkort en kry dan 'n kort hoë stoottoon: *bài.* Teoreties kan hierdie klinkerverandering voorkom sowel

by agter- as by voorplaatsing van die Adjektief, b.v.: *Hy bewonder die rose, so mōōi van kleur* en: *Maar daar was vir jou bāie (bâi) mense op die dorp,* sodat met hierdie verskynsel geen sintaktiese differensiëring gepaard gaan nie. In die praktyk kom die agterplaatsing egter in die gesproke taal haas nie voor nie, sodat die verskynsel feitlik beperk is tot voorgeplaaste Adjektiewe. Van die bowestaande sin sou die gewone gesproke vorm b.v. wees: *die rose wat so mōōi van kleur is.*

71. Met betrekking tot die agtervoeging van *-e* is daar egter wel 'n sintaktiese differensiëring. Die agtergevoegde Adjektief kan naamlik nooit 'n *-e* kry nie (behalve in die leungroepe, wat afsonderlik behandel word), maar by voorvoeging kan ook dié Adjektiewe wat anders sonder *-e* gebruik word, om die nadruk so 'n *-e* neem. Voorbeelde van sulke nadruks-*e*-vorme wat wèl by voorplaatsing, maar nie by agterplaatsing voorkom nie, is:

'n knappe meisie; arme kind.

Dis my of ek die flukse mooie jongkêrel sien met sy vrindelik gesig (E. Skrywers, bls. 146).

Opm. Adjektiewe wat dikwels met sulke nadruk gespreek word, vertoon 'n neiging om teen die gewone klankwette in op *-e* uit te gaan as konstante vorm, ook as daar geen nadruk bedoel is nie. Voorbeelde daarvan is die bowegenoemde woorde: *knappe* en *arme.*

72. 'n Ander differensiëring tussen voor- en agtergeplaaste Adjektiewe hang saam met hulle gebruiksfeer. In die daaglikse omgang van minder geletterde mense word 'n ander en beperkter woordvoorraad gebruik as by meer ontwikkeldes, veral as hulle oor minder alledaagse onderwerpe praat. Oor sulke minder alledaagse onderwerpe het die ontwikkelde Afrikaners vroeër in Hooghollands of Engels gepraat — of probeer praat. Nou dat Afrikaans 'n kultuurtaal geword het, moet dit egter uitdrukking gee aan *alle* gedagtes en gewaarwordinge en het 'n groot aantal uitdrukkings skriftelik en vir 'n groot deel ook mondeling daarin gebruiklik geword, wat vroeër nie voorgekom

het nie. Tog kan 'n mens in die meeste gevalle eintlik nie praat van ontlening nie, want Hooghollands was vroeër by ons 'n stylvorm van Afrikaans; wat in die laaste tyd gebeur het, is dat die ou stylvorm in Afrikaanse rigting verskuiwe het met behoud van die nodige Hollandse woorde en uitdrukkinge. Uitdrukkinge wat uit meer as een woord bestaan, word dikwels as een geheel gevoel, en gaan dan sonder formele veranderinge wat die uitgang van die Adjektief betref, in die Afrikaanse kultuurtaal oor. Daarnaas staan nog 'n aantal uitdrukkings wat reeds eeue lank in hulle Nederlandse vorm in die Afrikaanse spreektaal geldig is. Die mees voorkomende gevalle is dat die Substantief 'n Abstraktum is of in figuurlike sin gebruik word, en verder 'n aantal taamlik vaste preposisionele wendinge. Die oorspronklike toestand is dus dat die vorm van die voorgeplaaste Adjektief in sulke gevalle wissel volgens die beginsels wat in Nederlands en nie volgens die wat in Afrikaans heers nie. Vergelyk: *op die lange duur; op goed geloof; gesond verstand; op staatkundig, sedelik en sielkundig gebied* (E. Skrywers, bls. 102); *die grote gros van ons bevolking* (E. Skrywers, bls. 35); *die bange toekoms* (Vergeet Nie, bls. 38).

73. As sulke uitdrukkings baie gebruik word, kan die Adj. egter deur analogie onder die invloed kom van die massas gevalle in die spreektaal waar die Adj. aan die Afrikaanse fleksiewette gehoorsaam. Dan vind daar 'n oorgang plaas en kry ons b.v. *op nasionale gebied, jou gesonde verstand,* ens. Sommige uitdrukkings leen hulle makliker as ander tot 'n verafrikaansing van vorm en die subjektiewe gevoel van die spreker (wat weer beïnvloed word b.v. deur sy vertroudheid met Nederlands en sy beheersing van alle vorme van Afrikaans, en deur sy neiging om deftig of plat te praat ens.) speel by dergelike oorgange 'n groot rol. By sommige skrywers heers egter die begeerte om selfs teen die taalgevoel in kunsmatig te verafrikaans, soos blyk uit die volgende gevalle uit „Vergeet Nie":

'n Môreoffer gewy aan rein Liefde (bls. 49).

Elke dag kon sy haar arme krank moeder gaan besoek (bls. 160.)

'n bleek afgematheid (bls. 118).

Word die Kakies op vry voet gestel (bls. 165).

Die proklamasie in streng erns uitgelees (bls. 185).

74. By reekse-formasies behou iedere Adjektief sy eie vorm, b.v.:

Met haar sterk en besliste karakter (Vergeet Nie, bls. 129).

Voordeel en geluk moes plaas maak vir die groot nasionale belang (Vergeet Nie, bls. 23).

Dat die Patriot plat en gebrekkige taal geskrywe het (E. Skrywers, bls. 56).

75. Die betekenis bring egter mee, dat waar die nadruks *-e* in 'n reeks optree alle Adjektiewe in die reeks gewoonlik daaraan onderhewig is. Vergelyk: *die flukse mooie jongkêrel* (E. Skrywers, bls. 146). 'n Uitdrukking soos die volgende toon egter, dat die nadruks-*e* self ook invloed kan hê op ander Adjektiewe, selfs buiten die reeks: *Die pelgrims — ouè en swakke manne, jonge en sterke burgers, dappere vrouwens en klein kindertjies* (Boervrouw, bls. 140). Die nadruk behoort eintlik alleen by die Adjektiewe van die eerste lid van die reeks Substantiewe; deur die parallellisme gaan die *-e* egter ook oor op die twee volgende lede, maar eienaardig genoeg, het die skrywer dit by die laaste lid agterweë gelaat.

76. By Afrikaanse skrywers kan 'n mens die hopelooste verwarring omtrent die vorm van die Adjektief aantref. Dit het reeds in die vroegste dae, toe 'n begin gemaak is om Afrikaans te skrywe, die geval gewees. Vergelyk: *Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in* (Eerste Taalbeweging, bls. 38). *Dat 'n jonge mens partykeer onfersigtig is* (Idem, bls. 45). *Mar ongemerk Sluip hier weldra weer in ons Staat Die Brits verraad* (Idem, bls. 92).

En Moses, maskie deur bedrog, Sal kom na jou gelukkig strand (Idem, bls. 79).

By die vroegste skrywers, en baie van die latere, moet wel as vernaamste oorsaak geld, hulle onvermoë om by die skrywe hulle eie gesproke taal noukeurig te beluister. Dit spruit in hoë mate daaruit voort dat hulle, as hulle skrywe, onwillekeurig deur die Hooghollandse vorme beinvloed word, maar daarby kom die ritmiese eise by gedigte en die feit dat ook in ander gevalle die Adjektiewe in die geskrewe taal in velerlei verbindinge voorkom wat in die daaglikse omgangstaal onbekend is. Die toegee aan sulke faktore is dikwels 'n blyk van 'n slordige gees. In die laaste tyd probeer die beste skrywers darem tog om ook in hierdie opsig suiwer Afrikaans te skrywe; 'n nuwe uitwas is dat — soos bo aangetoon — skrywers wat aan grammatiese studie doen, volgens self opgelegde reëls en teen die taalgevoel in, gaan verafrikaans.

Samestelling.

77. Daar Substantief en Adjektief saam dien tot benoeming van een voorwerp, is daar 'n baie klein oorgang voor nodig om hulle in die gees te laat samegroei tot een begrip. 'n Vreemdeling, wat êrens kuier, kan in die slaapkamer 'n beker opmerk, wat hy sal beskrywe as 'n *érde béker,* waar *erde* die stof aangee waarvan die beker gemaak is. Maar die huisvrou wat in die een kamer 'n *érde-bèker* het en in 'n ander kamer 'n *porsléin-bèker,* voel nie meer die stof-aanduidende inhoud van die eerste deel van hierdie uitdrukkinge nie. Sy sien in haar gedagte twee voorwerpe — bekers — met twee andersluidende name. Vir haar het dus die oorspronklike groep (Subst. + Adj.) tot 'n samestelling (Substantief) geword. Op dieselfde manier kan iemand 'n berg sien en sê: *Kyk, daardie blóu bérg;* maar dis moontlik dat die mense wat in die omgewing woon, al so dikwels die berg op dieselfde manier beskrywe het, dat hulle nie meer die afsonderlike betekenis van die twee woorde voel nie. Vir hulle het *Blóubèrg* tot 'n eienaam geword wat uit een woord bestaan.[1])

[1]) Vgl. J. H. van den Bosch, *Over Samenstelling* (Taal en Letteren III); Van den Bosch en Meyer, *Lees- en Taalboek I,* bls. 243 vlgg.

78. Afrikaans differensiëer, net soos Nederlands, tussen die samestelling en die woordgroep deur verskillende betoning. In die woordgroep het die Adj. en Subst. ieder sy eie aksent en die spreektempo is betreklik langsaam; in die samestelling is die tempo sneller en die betoning van een van die lede is ondergeskik aan die van die ander. Opmerking verdien dat nie alleen die eintlike Adjektiewe nie, maar alle soorte adjektiewiese woorde wat 'n eie aksent het aan die oorgang kan deelneem. By die samestelling kan ons dus twee soorte betoning kry: 'n dalende en 'n stygende. Met dalende betoning word b.v. uitgespreek: *riétdàk, riétflùitjie, ýsterpàal, ýstervàrk, plánkvlòer, mísvlòer, kóuekòors, héeldàg, eíebelàng, eénkànt, ánderkànt, gróotmàn, blóutòng, kristálklìp.* Met stygende aksent: *gòuering* [1]) (my storie begin), *gòueflúit* (my storie is uit), *wìtseerkeél, kwàaivrínde,* en samestellinge met *wilde* soos: *wildehónd, wildekát, wildehóender, wilde-éend.* Die dalende betoning kom verreweg die meeste voor en is histories die oudste, maar ook die stygende is iets wat Afrikaans met ander Germaanse tale gemeen het. Dit kom veral veel veel voor in eiename, en nie alleen by samestellinge van Adj. en Subst. nie, maar ook van Subst. en Subst. In Nederlands het ons behalwe woorde soos: *hogepriéster, platteland, Noordóosten* ook name soos: *Oudegrácht, Leidschewég, Haarlemmermeer, Schiedám, Maastricht, Maasslúis* [2]); in Engels soos: *Southámpton, Newfoúndland, Carlýle;* in Duits soos: *Lichterfélde, Heilbrónn, Bürgeméister, Borstelmannswég.* [3]) In die geval van komposita wat ontstaan deurdat die twee woorde veel naas mekaar te staan kom in sinne, sal die belangrikheid van die elemente vir die betekenis ongetwyfeld

[1]) Naar my meegedeel word het in die Vrystaat *goue kwint* (my storie begint), *goue kalf* en *goue fluit* nog nie samestellinge geword nie.

[2]) Vir meer Ndl. vbb. sie v. Ginneken in Leuvensche Bijdragen, blss. 85—6; Jos. Schrijnen, *De Klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen* (N. Taalg. X.); Z. Stokvis en A. S. Bijl, *Opmerkingen over de klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen* (N. Taalg. X).

[3]) Vir meer Duitse en Engelse vbb. sie Ries se bespreking van *Ferdinand Sommer, Vergleichende Syntax der Schulsprachen* (Englische Studien 56).

'n rol speel by die vorm wat hulle aanneem; by langer komposita kan 'n mens die oorgang van newe-aksent tot hoofaksent uit fisiologiese oorsake verklaar. By enige Afrikaanse woorde verskil die uitspraak ten opsigte van voor- of nabetoning naar plaas of indiwidu. So kan 'n mens naas: *Bloémfontein, Johánnesburg, Pótchefstroom* ook: *Bloemfontéin, Johannesbúrg, Potchefstroóm* te hoor kry. In die geval van *Bloemfontéin* kan ook Engelse invloed in die spel wees. Die samenstelling het egter nooit, soos die woordgroep, en soos bevoorbeeld in Engels, „level stress" nie. (Ons praat hier natuurlik nie van samestellinge waarvan die lede in 'n verhouding staan wat in die woordgroep deur vormwoorde sou uitgedruk word nie, soos b.v. *speeklos* = los ten opsigte van die speke).

Opm. by §§ 77-78. Die Spellingkommissie van die S. A. Akademie het probeer om die skryfwyse van 'n deel van hierdie verbindinge te reël. In die Afrikaanse Woordelys[3] bls. XV, lees ons:

„Waar meer as een begrip tot 'n nouer eenheid verbind word, word die woord aaneengeskrywe òf met 'n koppelteken. Aaneen word geskrywe: — . . . . . .

(d) Selfstandige naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aanduie: *ferweelbroek, grasdak, koperketel, silwerketting.* Egte stoflike byvoeglike naamwoorde op *-e* word natuurlik apart geskrywe: *'n goue ketting*".

Die moeilikheid is egter nie beperk tot woorde met stofaanduidende eerste deel nie: *plátvoèt* staan presies net so teenoor *plát voét* as *ferwéelbroek* teenoor *ferwéel bróek.* En die *-e* dui gladnie aan of ons met "egte stoflike byvoeglike naamwoorde" te doen het of nie: In *gouèflúit* is "goue" deel van 'n samestelling; in *'n goue ketting* 'n stof. Byv. Nwd. Ons kan praat van *die yster paal* en daarmee die stof aandui, waarvan die paal gemaak is, of van *die ỳsterpaàl* en daarmee enkel die oog hê op 'n bepaalde voorwerp. Die Afrikaanse publiek het dan ook vaag gevoel, dat die reëling van die Akademie die taalgevoel geweld aandoen. Ongelukkig het dié gevoel tot uiting gekom by monde van die Pretoriase joernaliste, wat weinig insig in taalkundige kwessies aan die dag gelê het. Vandaar 'n nie-onvermaaklike pennestryd tussen die genoemde joernaliste en Prof. Smith. Die eerste wil skrywe *koper ketel* in teenstelling met *waterketel* omdat hierdie woord nie beteken 'n 'ketel *van* water' nie maar 'n 'ketel *vir* water', waarop Smith geantwoord het dat „die betekenisverband

tussen die dele van samestellinge van baie verskillende aard kan wees ('n *viskop*, b.v., is die kop *van* 'n vis, maar 'n *visvrou* is tog sekerlik nie die vrou *van* 'n vis nie)." Tog gaan ook hy — sover ek daaruit kan wys word — uit van die verkeerde veronderstelling dat Adje in Ndl. nie samestellinge kan vorm met Subste nie, en dat dus ook in Afrikaans die eerste lid van hierdie verbindinge Selfst. Nwde moet wees. [1])

Soos hierbo aangetoon onderskei die taal self duidelik tussen die woordgroep en die samestelling. Alleen by spesiale klemtoon kan die twee sameval. As ek b.v. sê: *jy moet die ýsterpaal bring en nie die hóutpaal nie*, dan bring die nadruk gewoonlik 'n langsamer tempo mee, waardeur die twee betrokke woorde nie te onderskei is van woordgroepe waarin stof. Byw. Ndw. wat met klem uitgespreek word, voorkom nie, i. c. *ýster paal* en *hóut paal*. In sulke gevalle is die gevoel van die spreker die enigste leidraad.

79. *Geskiedkundig.* Die vorm waarin Afrikaans die Adjektief of Adjektiewiese woord by voorplaatsing gebruik is een van die vernaamste punte van verskil met Nederlands. In kort gesê kom die verskil hierop neer, dat in Nederlands die adjektiewiese vorme dien óf om die kongruensie met 'n Substantief uit te druk òf om die kasus-vorme van die Substantief-self te vorm of te help vorm, maar in Afrikaans het die adjektief 'n eie vorm wat daarvan onafhanklik is met watter ander woorde in die sin hy in betrekking staan. By die bespreking van hierdie verskil laat ons vireers buiten beskouing die Genitief en Datief; ook in Nederlands het die Substantief hierdie twee kasus so goed as geheel verloor — en dit was reeds in die sewentiende eeu die geval — en dus die Adjektiewiese woorde van die moontlikheid beroof om by die vorming daarvan behulpsaam te wees of om daarmee te kongrueer. Hierdie verskynsel kan dus beste bespreek word by die behandeling van die Substantief. Dan bly oor die Nominatief en Akkusatief en wel vir Enkel- en Meervoud en vir al drie geslagte. In Nederlands moet ons goed onderskei tussen die offisiële skryftaal en die Algemeen

[1]) Huisgenoot, Maart en Nov. 1920; Brandwag, 25 Aug. 1920.

Beskaafde gesproke taal. In die offisiële skryftaal [1]) word twee deklinasies onderskei, die sterke en die swakke. *Sterk*: (Nom.) een goed of goede man, een(e) goede vrouw, een goed kind; (Akk.) een(en) goeden man, een(e) goede vrouw, een goed kind; *Meervd.* (Nom. en Akk.): goede mannen, vrouwen, kinderen. *Swak*: (Nom.) de goede man; de goede vrouw; het goede kind; (Akk.) den goeden man; de goede vrouw; het goede kind; *Meervd.*: de goede mannen, vrouwen, kinderen. Die Beskaafde Spreektaal het egter orals 'n vorm op *-e* waar die Skryftaal 'n vorm op *-en* het. In die ontbreek van vorme op *-n* kom Afrikaans dus ooreen met die Algemeen Beskaafde Nederlandse spreektaal. In verskillende Noord- en Suid-Nederlandse dialekte bestaan die vorme op *-n* egter nog, maar word dan volgens 'n ander beginsel gebruik. Die *-n*-vorme kom naamlik by Man. Substantiewe voor, en wel voor bepaalde klanke, sowel in die Nom. as in die Akk. In Nederlands bestaan daar dus drieërlei gebruik, in Afrikaans maar een. Laat ons nou nagaan, waaruit hierdie verskille in die twee tale ontwikkel het. Die kardinale verskil in hulle ontwikkelingsgang is, dat met die ontstaan van Afrikaans gepaard gegaan het die samevloeiing van verskillende dialekte in een sentrum en dat terselfdertyd verskillende vreemde rasse die taal moes aanleer. In Nederlands daarenteen kon iedere dialek kalmpies sy gang gaan en hom byna ongestoord ontwikkel. Die dialekte van die Provinsie Holland, soos deur die mees ontwikkeldes gepraat, het mettertyd die gesag van „Algemeen Beskaafd" gekry, maar in die offisiële skryftaal het die verouderde Suid-Nederlandse vorme bewaard gebly. Die vroeëre toestand was dan as volg: In die middeleeue het die gebruik van die adjektiewiese vorme in die Suidelike Nederlande baie overeenkoms vertoon met die wat

---

[1]) Behalwe die voorstanders van die Vereenvoudigde Spelling, wat sedert 1892 in die buiging die Algemeen Beskaafd volg, erken ook ander geleerdes en skryvers van naam, soos Albert Verwey, Jac. van Looy, J. de Meester, op hierdie punt nie meer die gesag van die offisiële skryftaal nie.

nou in die offisiële skryftaal heers. Die vernaamste verskille was (behalwe dat *de* toe nog dikwels die vorm *die* gehad het), dat by die sterk deklinasie orals 'n vorm sonder *-e* kon staan, waar nou 'n vorm op *-e* of *-en* gebruik word, en ook by die Neutr. (soos nog *soms*) 'n vorm op *-e* kon voorkom *[groot sterfte, een verre stic, langhe leven, stom dieren]*, en dat by die swak deklinasie soms 'n ongeflekteerde vorm naas die op *-e* kon staan *[die edel ridder, die edel joncfrouwen, die bitter doot]* [1]). In die sewentiende eeu is in die Suidelelike Nederlande en in baie ander dialekte reeds die *-n* in die Man. Enk., sowel Nom. as Akk., gebruik. Maar sowel vir die Nederlandse Algemeen Beskaafd as vir Afrikaans is vir ons veral van belang die Provinsie Holland. Om 'n insig te kry in die toestand wat daar toe geheers het, is dit nie voldoende om af te gaan op die gegewens van Grammatikas soos die van Spieghel, van Heule en Moonen nie, want die is dikwels misleidend. [2]) Van veel meer waarde is 'n kritiese studie van die geskrifte wat in die sewentiende eeu ontstaan het, waarby dit van groot diens kan wees om kennis te neem van die voorskrifte wat die skrywers hulleself opgelê het, soos die van Hooft. [3]) Uit so 'n studie blyk, dat toè reeds in die provinsie Holland die *-n*, nòg in die Nom., nòg in die Akk., in die gesproke taal gebruik geword het (wellig met uitsondering van enkele op sigself staande uitdrukkinge soos: *den heer, den adel)*. By die skrywers het egter groot verwarring ontstaan deur die skriftelike tradiesie en die omgang met Suidnederlanders. Wat betref die gebruik van die *-e*, het die toestand ongeveer ooreengekom met die wat in die Middeleeue in die Suid-Nederlande bestaan het. Adjektiewe wat op liquidae of nasales uitgaan, kon sonder *-e*

---

[1]) Franck, *Mnl. Grammatik*, blss. 164-174; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 126-136.

[2]) De Vooys: *De Invloed van de Renaissance-Spraakkunst in de Zeventiende Eeuw* (N. Taalg. XII.); Idem: *Uit de Jeugd van onze Spraakkunst* (N. Taalg. XI.); Idem: *Uit en over oude Spraakkunsten* (N. Taalg. XIV.)

[3]) L. ten Kate, *Aenleidinge*, Bylage 8.

gebruik word, selfs voor Vroulike woorde *[geen ander vreucht; nu ist doncker nacht; daer gaet een edel spreuk; schoon vrindin]*. Maar ook in baie ander gevalle was 'n ongeflekteerde vorm nog gebruiklik; selfs 'n ongeflekteerde en 'n geflekteerde vorm naas mekaar was geen uitsondering nie *[myn waerde, lief Margriet; het nutte, voedsaam graan; in 't naare heylloos rijck; een deuchdrijck, wel gebooren, bescheyde, wyse Vrou]*. Voor Mạn. woorde word in die Enkelvoud soms die onverboë en soms die verboë vorm gebruik, sonder betekenisverskil *[ien groot Koninck; een slecht Burger; ien goede Vaar; een goed vriendt; ien hiel rijck, rijck Monsieur]*. Onverboë kon ook voorkom: *goe, qua, snoo, doo, roo, bree, wree, vroe, fray, moy*. Die gevoel vir die vorm van die Adjektief was nie so sterk, dat dit herhaal moes word as 'n twede Substantief 'n ander vorm daarvan geëis het nie *[in een groot ongeluck en ongena; langs 't waterigh moras en poel; uit den schoot en hand; door onderlingen vrêe en vrientschap.]* [1])

Genoeg om te laat sien, dat ook in Holland die gebruik van die adjektiewiese vorme sedert die sewentiende eeu groot veranderings ondergaan het, en dat dit toe gladnie so streng gereglementeer was as in 'n teenswoordige Grammatika nie.

Met hierdie bontheid wat reeds in een streek bestaan het, het aan die Kaap nog vermeng geword die bonthede van ander streke. Ter vergelyking plaas ons daarnaas een ander groep: die Platduitse. Daar kom in die middeleeue in die sterk deklinasie nog 'n derde vorm by, op *-er* (N. S. Masc. *blinder)*. Die Akk. Sing. Masc. gaan op *-en* uit; die Fem. is geflekteerd op ongeflekteerd *[blint* of *blinde]*; ook hier het ons stamme op *-e* en sonder *-e*. Die swak deklinasie het *blinde* in die Nom. Sing. van alle geslagte; die Akk S. Masc. en Fem. is egter *blinden* maar die Neutr. *blinde*; die Meervd. het *blinden* vir alle geslagte, teenoor *blinde* in die sterk deklinasie. Dog reeds in die middeleeue begin die proses wat die

[1]) Van der Veen, *Taaleigen*, blss. 29-59.; Van Helten, *Vondel's Taal* §§ 84—106; § 242.

Akkusatiefsvorm van die sterk dekl. (Man. Enk.) in die plek van die Nom. laat tree; op die oomblik word gesê: *Niklas weer en lütten, dummen Jung.* In die sewentiende eeu was die oorgang hard aan die gang. In ander gevalle val die historiese *-e* soms weg, soms nie. Naas mekaar kom teenswoordig voor: *de gode Mann; de god' Mann; de lütt Deern.* [1])

Dus ook in Platduits grote verskeidenheid, ook daar telkens nuwe groeperinge! In Suid-Afrika het nog baie ander dialekte ook verteenwoordigers gehad. Ook die Hoogduitse dialekte kan invloed gehad het en die skryftaalvorme is gedurig gehoor. Lê dit nie voor die hand dat die nuwe, kleine gemeenskap ook binnen enkele geslagte in hierdie gaos orde sou skep deur 'n nuwe groepering nie? Dit *het* geskied en die resultaat is 'n vereenvoudiging, wat noueliks as 'n defleksie beskrywe kan word. Wel het die vorme op *-n* verlore gegaan, maar vir 'n deel het hulle oorgegaan in 'n fleksievorm op *-e*, wat in die sewentiende eeu reeds in Holland, die streek wat die meeste Afrikaanse stamouers gelewer en toongewend gebly het, [2]) gebeur was; maar in Holland was die fleksielose vorme, soos hierbo aangetoon, in die sewentiende eeu baie meer verbreid as nou, *in Holland het die geflekteerde vorme sedert die sewentiende eeu veld gewen.* En bowendien gebruik Afrikaans in baie gevalle 'n geflekteerde vorm waar Nederlands dit nie het nie, vgl. b.v.: *'n goeie begin, ons nasionale gevoel,* ens. Met die Adjektief het in Suid-Afrika dus in hoofsaak gebeur wat ook in die koloniale gebied in Duitsland plaasgevind het; dàár het in sommige gevalle die vorme van die een dialek, in ander gevalle die van die ander dialek die oorhand behou, [3]) dws. daar het 'n nuwe groepering gekom. Maar wat in Suid-Afrika gebeur het beantwoord

---

[1]) A. Lasch: *Mnd. Grammatik,* blss. 203-5.; H. Grimme: *Plattdeutsche Mundarten*; G. F. Meyer: *Unsere Plattdeutsche Muttersprache,* blss. 63-64.

[2]) Vgl. Bosman: *Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeek* (N. Taalg. XVI).

[3]) Mededeling van Frl. Dr. Lasch te Hamburg.

ook aan wat Bradley sê, as ons nie met Dr. Boshoff "simplification" vir noodwendig identiek hou met "defleksie" nie: "We see, therefore, that the simplification of the inflexional machinery of a language is powerfully stimulated by the absorption of large bodies of foreigners into the population and by the mixture of different dialects." [1])

Watter invloed kan die "large bodies of foreigners" op die fleksie van die Adjektief in Afrikaans gehad het? Dr. Boshoff het tereg aangetoon, [2]) dat die geadapteerde vorm van 'n aangeleerde taal nie juis korter vorme hoef te vertoon nie. Die kenmerkende verskynsel is veeleer dat die uitgange verwar word, d.w.s. dat nuwe analogieë gevorm word. Ons wil hierby alleen opmerk, dat die vorming van nuwe analogieë in wese beteken, dat die vreemdelinge kategorieë vorm, wat vir hùlle altans eenvoudiger is, en dat deur hulle onvolmaakte kennis van die aangeleerde taal die aantal kategorieë tog ook kleiner sal wees. Ons hoef vir bevestiging van hierdie stelling van Dr. Boshoff nie uitsluitend af te gaan op wat 'n mens gedurig kan opmerk by mense wat 'n vreemde taal leer praat nie, want vir Afrikaans self bestaan daar gegewens. Bekend is hoe Duitsers en Franse die uitgange (veral van die werkwoorde) verwar het [3]) en dat die Hottentotte veral 'n voorliefde gekoester het vir die uitgang *um* (< *ə n, ə*) en dus vorme soos *siekum* gemaak het. Maar ook van die taal van die Negerslawe kan ons ons in dié opsig 'n taamlik goeie idee vorm. Dis aan haas iedere Afrikaner bekend, dat 'n rou Kaffer gedurig sinne maak soos: *Ekke hette vir jou gesê, jy moete nie so make nie.* En nou skrywe Prof. Hesseling met betrekking tot die negers in Amerika en op die West-Indië: „Het Kreools door negers gesproken toont neiging om de woorden te doen eindigen op klinkers, in overeenstemming met de aard van vele Bantu-talen en van

---

[1]) Gesiteer deur Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 79.
[2]) *Volk en Taal*, blss. 78-81.
[3]) Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 13.

de talen der negers aan de Goudkust, die geen eigenlike medeklinkers als slotklank dulden. Het sterkst vertoont zich dit verschijnsel in het Negerengels van Suriname". Vandaar vorme soos *grooto* vir *groot.*[1]) Ons moet dus aanneem, dat ook die negerslawe in die sewentiende en die begin van die agtiende eeu aan die Kaap iets soortgelyks gedoen het, al het hulle ook 'n mondjie vol Portugees geken. Oor hoe die Maleise stamouders hulle ten opsigte van die fleksievorme gedra het, het ons geen gegewens nie, maar dis ook nie nodig nie. Die vorm wat Algemeen Afrikaans tenslotte aangeneem het, wys ten duidelikste uit, *dat geen van al die geadapteerde vorme daarin bestendig geword het nie.* Die stelling van Dr. Boshoff geld dan ook alleen vir die eerste stadium, dws. vir diegene wat as totale vreemdelinge Hollands geleer het. Die latere ontwikkeling toon aan, dat hulle nakomelinge nie dieselfde taal as hulle ouers en voorouers gepraat het nie, maar die onnederlandse vorme mettertyd deur ander vervang het. Daar moet dus 'n tyd gewees het, dat die opgroeiende geslag, naas die verskillende dialektiese en min of meer beskaafde vorme, 'n groot getal brabbelvorme uit die mond van verskillende klasse vreemdelinge gehoor het. Diè brabbelvorme het — vir so ver hulle merkbaar onnederlands was — nie sterk genoeg gewees om in Algemeen Afrikaans opgeneem te word nie, maar hulle moet tog bygedra het tot die algemene verwarring, en dit gaan nie om die kinders van die vreemdelinge alle aandeel aan die nuwe groepering te ontsê nie. En die aard van die nuwe groepering, d.i. dat die sintaktiese verskille wat met geen betekenis-verskil gepaard gegaan het nie, verlore geraak het en die klassifisering voortaan bepaal geword het deur wat vir die spraakorgane die maklikste was om uit te spreek, wys m.i. juis daarop dat die vreemdelinge daar 'n groot aandeel aan gehad het, ook al neem ons 'n geleidelike toenadering van die verskillende taalgroepe tot mekaar aan. Om te bepaal watter groep vreemdelinge die

---

[1]) Vgl. Hesseling, *Het Negerhollands der Deense Antillen*, bls. 74.

grootste aandeel gehad het, daarvoor het ons geen voldoende gegewens nie en vas staan, dat die Nederlanders gesamentlik altyd die toongewende groep gewees het teenoor die vreemdelinge, soos blyk uit die feit dat alles wat opvallend onnederlands was, stelselmatig uit die algemene taal geweer is en maar in kleine ressies in die taal van die groepe vreemdelinge self bly bestaan het. Maar juis by dié veranderinge wat 'n vereenvoudiging beteken het, waartoe ook behoort die sameval van *de, die* en *het* tot *die,* van *deze, dit* en *hierdie* tot *hierdie,* en van die Betrekl. Vnwde *die, wie, dat, wat* tot *wat,* moet hulle 'n belangrike rol gespeel het.

In die geval van agtergeplaaste en predikatief gebruikte Adj^{e} het die latere vereenvoudiging in Afrikaans en Ndl. in dieselfde rigting gegaan, dws. in albei tale het die ongeflekteerde vorm bly voortbestaan, waar vroeër sowel die geflekteerde as die ongeflekteerde moontlik was.

Substantief + Partisiepium.

80. Die Deelwoorde kan op presies dieselfde manier as die Adjektiewe verbind word met 'n Substantief. Voorplaatsing van die Deelwoord is die reël, maar ook hier kom agterplaatsing in die literêre taal voor in dieselfde gevalle as by die Adjektief. Ook van die Deelwoord word die vorm al naar agter- of voorplaatsing onderskei.

81. Die Teenwoordige Deelwoord gaan by voorplaatsing op *-de* of *-te* uit, by agterplaatsing op 'n *t*-klank (geskrewe *d* of *t*), soos kan blyk uit die volgende voorbeelde:

Voorplaatsing: *'n sukkelende ou span, 'n werkende lid, 'n oplettende leerling, 'n bykomende omstandigheid.*

Agterplaatsing: *Onderwyl die maanhaar en sy wyfie hulself lui uitstrek en omrol in die sand, gapend en kreunend van weelde en genot* (Oerwoud, bls. 75).

'n Gebed eenvoudig en waar, maar 'n gebed van gebroke taal, meer woorde los samehangend, sonder sinbou of bewuste skikking (Vergeet Nie, bls. 47).

Sy hoor nie die droomwekkende musiek van duisende en duisende paddatjies nie, heengalmend in die duister nag (Vergeet Nie, bls. 107).

En sy kyk hom aan met groot oë ernstig en smekend (Vergeet Nie, bls. 109).

En nog gaan dit vorentoe, die stil stoet van Boerruiters, geduldig volgend die een ry agter die ander, of dit nou eenmaal so moet wees (Vergeet Nie, bls. 135).

82. Die Verlede Deelwoord van Werkwoorde wat oorspronkelik sterk was, kan in die swak of sterk vorm of in albei voorkom. Die verskil is egter alleen in sover 'n sintaktiese, as die sterk vorm — met uitsondering van 'n paar geykte gevalle — nooit gebruik word om 'n tydvorm van 'n werkwoord te help vorm nie. In adjektiewiese funksie berus die verskillende gebruik van die twee vorme enkel op onderskeid van betekenis of op stilistiese eise. Die sterk vorm het naamlik in 'n taamlik groot aantal geykte uitdrukkings bewaar gebly en kom daar gewoonlik in 'n oordragtelike betekenis voor, terwyl die swak vorm in die letterlike betekenis gebruik word. So ontstaan doeblette soos: *'n omgeklinkte spyker* en *'n beklonke saak; gebreekte mielies* en *'n gebroke taal*; en word uitdrukkings bewaar soos: *'n opgeskote meisie, 'n geslote boek, 'n halfwas kalf.* Daarby kom, dat die literatuur- en deftige taal veel meer Verlede Deelwoorde gebruik as die daaglikse spreektaal, en dan onder Nederlandse invloed die voorkeur gee aan die sterk vorm, b.v. *die gegewe voorbeelde, die ingenome standpunt.*[1]) Die sterk vorm vertoon geen verskil by voor- of by agterplaatsing nie. Daarenteen differensiëer die swak vorm wèl. By voorplaatsing gaan dit, net soos die Teenwoordige Deelwoord, uit op *-de* of *-te*; by agterplaatsing kry die stam geen toevoegsel nie of enkel 'n *t*-klank: die uitgangslose vorme is naamlik reël by stamme wat op 'n skerp konsonant uitgaan maar kom ook heel veel voor in ander gevalle. Vergelyk:

[1]) Malherbe, *Afr. Taalboek*, blss. 76-78; Boshoff, *Volk en Taal*, blss. 294-5.

Die osse, verseker ... van die mag van hulle beskermers (Oerwoud, bls. 30).

Nog 'n skoot val, deur .. die maanhaar uitgelok (Oerwoud, bls. 31).

Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande (Vergeet Nie, bls. 5).

Vreedsame Steenburg, langsaam opgegroei in jou klein kring van sukkel-werksaamheid (Vergeet Nie, bls. 5).

*'n Goewernementskool aan die Dal, deur die regering op die £ vir £ stelsel tot op sekere hoogte ondersteund en soms geinspekteerd (*S. J. du Toit, bls. 5).

Want Oom Willem, hoewel innerlik opgewonde, is 'n man .... (Vergeet Nie, bls. 26).

Die korrespondensie week op week ontvang en beantwoord, was altyd die groot gebeurtenis (Vergeet Nie, bls. 47).

En die les vroeër geleer, sou hy vandag nie veronagsaam nie (Vergeet Nie, bls. 93).

Die name aan wild gegee is ewe toepaslik (E. Skrywers, bls. 77).

83. Agterplaatsing van die Deelwd. in sinne soos: *Hy is 'n leidsman gebore,* (Getrou bls. 78) kom alleen voor by skrywers wat baie sterk onder Engelse invloed staan.

> *Opm.* by §§ 82-83. Deur 'n gewaande verafrikaansing of onbekendheid met die literêre gebruik, kom by die skrywer Leon Maré wanvorme soos die volgende voor: *die oorgeblyfde stukkie* (Malkop, bls. 22); *'n opgeheefde sabel* (Malkop, bls. 43); *met verslaagde oë* (Malkop, bls. 53); *in 'n verre afwykte land* (?) (Malkop, bls. 133).

Pronomen + Adjektief of Partisiepium.

84. Voorplaatsing van die Adjektief is nie moontlik nie. Agterplaatsing kan by die Pronomen onder dieselfde omstandighede voorkom as by die Substantief, en dan kom die verbinding ook origens ooreen met die van 'n Substantief met 'n Adjektief. In die reël word die Adjektief of Pronomen egter deur middel van 'n Bysin met 'n Pronomen verbinde, soos in: *Ja, ek, wat nooit van siekte afwis, het plotseling*

geheelenal my gesondheid verloor (Getrou, bls. 188), waarnaas: *Ja, ek, nog altyd onkundig van siekte, het toe plotseling... verloor,* boeketaal is.

(3) *Substantief + ou.*

85. Daar bestaan in Afrikaans twee woorde *ou*. Die eerste is 'n Adjektief wat dieselfde betekenis het as Ndl. *oud*. Die verbindinge van hierdie woord met Substantiewe kom ooreen met die van alle andere Adjektiewe en Substantiewe; by samestelling val die aksent op *ou*, b.v. *die oúkêrel, oúmense*, ens. Hierdie woord verdien dus geen besondere aandag nie. Die twede is 'n gevoelswoord, wat toegenegenheid, minagting, kameraderie ens. kan uitdruk. Die verbindinge van hierdie woord met 'n Subst. vorm 'n besonder tiepe. Die aksent van *ou* is ondergeskik aan die van die Subst., tensy daar spesiale nadruk op val. Adj. en Subst. vorm saam 'n noue eenheid, maar *ou* word nie van sy Subst. geskei soos die ander adjektiewiese woorde wat daar so 'n eenheid mee vorm nie. Inteendeel, wanneer *ou* en nog 'n Adj. voor 'n Subst. staan moet *ou* byna altyd sy plek tussen die ander Adj. en die Subst. inneem, m.a.w. daar bestaan 'n sterke adhesie tussen *ou* en sy Subst. Vgl.: *met die eenvoudigste ou gewassies* (Ons Weg, bls. 110); *ik sou lag kry vir die nietige ou mensies* (Ons Weg, bls, 108).

86. Die twee betekenisse kan in mekaar vloei. As Leipoldt praat van die *ou meul* en die *ou wiel* (Oom Gert Vertel, bls. 37), dink hy aan hulle ouderdom, maar laat hy tewens 'n gevoel van intimiteit uitkom; praat hy egter in dieselfde gedig van die *ou popliere*, dan tree die gevoelswaarde van die woord heeltemal op die voorgrond en hoef 'n mens gladnie eens aan hulle ouderdom te dink nie.

87. As die ander Adjektief tussen *ou* en die Substantief staan, dan het dit 'n sterk neiging om 'n nouer eenheid met die Subst. te vorm. So sou in die volgende sitate: *toe dan, my liewe ou goeie oompie* (Malkop, bls. 22); *so'n klein huis-*

aptekie knap ons ou vaal burger net gou-gou weer op (Malkop, bls. 24); *die ou wit huisies en boompies en kraaltjies en wingerdjies lyk soos die popgoedjies van kinders* (Ons Weg, bls. 107) 'n beter skryfwyse wees: *goeie-oompie, vaal-burger, wit-huisies.* As so 'n nouer eenheid nie bedoeld is nie, kan *ou* herhaal word na die Adjektief. Dus: *my ou goeie ou oompie* ens. Vgl.: *Tingerige ou papperige ou nare ou dingetjie, maar daarom 'n plesier om hier in die huis te hê* (Ons Weg, bls. 30). Waar twee Adjektiewe tussen die Subst. en *ou* staan, vorm die laaste 'n nouer eenheid met die Subst., b.v. in: *met hulle ou tere jonge blaartjies*, waar *jonge-blaartjies* so 'n nouer eenheid is.

Opm. by §§ 85-87. *Ou* as gevoelswoord word deur Dr. Boshoff[1]) uit die Noordhollandse volkstaal afgelei. Net soos *lütt* het *old* egter dieselfde gebruik in Platduits. Vgl.: *min ol god' Jung; do mell sik dat ol lütt Hart; Büst 'n oln goden Hund; Büst en ol Gos!*; *Ik hadd wedder so 'n oln snakschen Drom.*[2]) Ook in Engels kan *old* al die gevoelsnuanses weergee wat die woord in Afrikaans het. Vgl.: *Gode olde fyghtyng was there* (1590); *the lawyers in the House have had what .... we may be allowed to call a high old time* (Westm. Gaz. 1898); in die daaglikse omgang is seer gebruiklik uitdrukkinge soos: *old boy, old chap, old follow, old man, good old Scotland, a good old spree,* en min-agtend word b.v. gebruik: *old bloke.*[3]) Hierdie gebruik van die woord is dus algemeen Saksies-Fries en het ook in Algemeen Nederlands deurgedring. In Algemeen Nederlands is uitdruk-kinge, soos: *Mensch, wat kreeg ik een oud pak; ik heb een ouwen hekel aan dat ongezellig zitten in een cirkel* tans ver-ouderd, maar *oude jongen* ens. kom nog in die gemeensame taal voor. Die enigste wat tiepies Noordhollands is, is die vorm *oud* (met *-d*) as Selfst. Nwd. gebruik en dit is nie Afrikaans nie.[4])

88. In 'n uitroep soos *groot man!* (veral teenoor kinders) word die Adjektief, hoewel draer van die aksent, op dieselfde manier deur die Substantief geattraheer. Dieselfde attraksie

[1]) *Volk en Taal,* bls. 258.
[2]) Meyer, *Unsere Plattdeutsche Mutterspache,* blss. 75-6.
[3]) Murray, *A New English Dictionary* VII, blss. 96-99.
[4]) *Ndl. Wdb.* XI, 1522-46.

bestaan in party uitdrukkinge met *lief*. Vgl.: *Ag, die liewe geldjies tog* (Pers). Vir Engels meld Sweet [1]) dat „very frequent collocations such as *old man, young man (= youth)* have become so fixed that na other adjective, even if more special in meaning, is allowed to come between the two words: *a conceited young man.*" In Afrikaans word in sulke gevalle samestellinge gevorm. Vgl.: *julle wakker jóngkêrels.* Ook in Nederlands word sulke verbindinge tot samestellinge, dog as twee woorde kan op gevat word: *jong mens, jonge heer, jonge dochter, jonge juffrouw* met aksent op die Adjektief.

Leungroep: Substantief (of Pronomen) + Adjektief.

89. In sinne soos: *sy het 'n nuwe hoed, 'n vale; daar was twee lemoene, 'n grote en 'n kleintjie* vorm *hoed + 'n vale* en *lemoene + 'n grote* 'n woordgroep, waarin die verbinding van die Subst. en die Adjektief losser is as bevoorbeeld in: *'n arme student* of *bande, sterk en heg.* Die lede van die verbinding het dan ook ieder 'n eie aksent en die Lidwoord word voor die Adj. herhaal. Verder is op te merk, dat alleen agterplaatsing van die Adjektief moontlik is en dat die Lidwoord by albei lede kan ontbreek as die Subst. meervoudig is, soos in: *hy het baie bewonderaars, vurige en halfslagtige.* Die losse geaardheid van die verbinding blyk daaruit, dat in die tevore behandelde groepe die Adjektief direk saamgegaan het met die Substantief, maar dat dit in hierdie geval 'n pregnante betekenis kry, wat sowel die inhoud (of 'n deel van die inhoud, soos in die twede voorbeeld) van die Substantief as sy eie verteenwoordig. Tussen sulke Adjektiewe en Substantiewe is dan ook geen skerp grens te trek nie. Die gevoel, dat ons hier geheel Substantiewies gebruikte Adjektiewe het, word dan ook alleen teëgewerk deur die proksimiteit van die Substantief. Maar tog is hierdie teenwerking nie baie sterk nie, want ook in vorm

[1]) *New English Grammar* II, § 1790.

gaan die Adjektiewe hier dikwels oor tot Substantiewe. In die twede voorbeeld hierbo staan *'n kleintjie*, met verkleinings-uitgang, b.v. volkome parallel met *'n grote*. Verder kan by die Enkelvoud *een* of *ene* en by die Meervoud die uitgang *-s* toegevoeg word. Vergelyk: *hy het twee hoede, 'n swarte en 'n gryse* naas *hy het my twee hoede gewys, die eerste een te groot en die twede een te klein;* en vir die Meervoud: *alle Afrikaners, Engels- sowel as Hollandssprekende(s),* waar die *-s* fakultatief is, en (na Telwoorde en *die*): *hy het drie hoede, een vale en twee swartes; hy neem al die lemoene, die grootes en die kleintjes,* waar die *-s* noodsaaklik is. By name soos *Karel die Grote, Hendrik die Vierde* ens. is die verbinding daarenteen samegesmelt tot 'n enge eenheid, waarin die Adjektief ondergeskikte aksent het.

90. *Geskiedkundig.* In die Nederlandse omgangstaal het die Adjektief in sulke gevalle dieselfde vorm as in Afrikaans; in die Nederlandse skryftaal word dit net so verbuig as wanneer dit voor die Substantief staan, behalwe dat dit nooit sonder *-e* voorkom nie. Die skryftaal kom ooreen met die ouer vorme van die taal, vermoedelik ook wat betref die onmoontlikheid van 'n vorm sonder *-e*, hoewel Dr. Stoett daar geen melding van maak nie. [1])

91. Die toegevoegde *een (ene)* is beskrywe geword as 'n stut (Eng. prop-word) van die Adjektief. In essensie beteken dit dat die verbinding anders so los is, dat die samegaan van die Adjektief met die voorafgaande Subst. nie sterk genoeg gevoel word nie. Daar 'n Adj. nie sonder 'n Subst. kan voorkom nie, word dus óf die Adj. self as Subst. gevoel óf word daar 'n substantiewiese woord aan toegevoeg, waarvoor *een (ene)* kan diens doen, sonder om 'n hinderlike herhaling te veroorsaak. Hierdie gebruik van *een* kom voor in Mnl., in later tyd (die Bybel, Bredero ens.), in Fries, Stadfries, Engels en Middelengels en is dus goed beskrywe as 'n Anglo-Friese

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 129.

eienaardigheid. [1]). In Afrikaans is die gebruik van *een* as stut egter beperk. Dit kom veral voor na rangtelwoorde en ander aanwysende woorde en na die vergrotende of oortreffende trap. In: *jy lyk 'n mooi ene (een)* beteken *ene* of *een* 'iemand', en het ons dus 'n ander geval. Alleen as Anglisisme kom uitdrukkinge voor soos: *hy het twee koeie, 'n rooie en 'n swartbont ene.*

Substantief + Adjektief (of Partisiepium) met Werbum as bindwoord.

92. 'n Adjektief kan ook deur middel van 'n Werkwoord met 'n Subst. verbind worde. Daar die Adj. dan tewens óf dien om die begrip van die Ww. te vul (vgl. *die man is goed)* óf as bepaling van die Ww. (b.v. *sidderend herhaal sy dit; hy het gesond aangekom),* kan ons hierdie manier van verbinde beste onder die Ww. behandel.

Opm. Sütterlin, wat aan die Adjektief in hierdie verbinding die naam *Aussagebeifügung* gee, beskrywe dit as „sozusagen eine Nebenaussage zu der Subjekts- (oder Objekts-) und zu der Verbalvorstellung zugleich" en meld van sy betekenis: „Sie bezeichnet dann meist auch keine dauernde Eigenschaft des Trägers dieses Hauptwortbegriffes, sondern nur eine *zufällige, vorübergehende Erscheinung,* welche an die in dem Zeitwort angegebene Tätigkeit geknüpft ist." [2]) Die *„praedicative attribut"* van H Paul[3]) hoef nie deur 'n Ww. met die Subst. verbind te word nie, maar is iets tussenin tussen die psigologiese Subjek en die psigologiese Predikaat. „Dieses charakterisiert sich dadurch, dass die eigenschaft nicht als schon dem subst. anhaftend gedacht, sondern ihm erst in dem augenblicke wo man den satz ausspricht, beigelegt wird. Wegen seiner grösseren selbständigkeit kann es von dem zugehörigen subst. getrennt werden." [4])

---

[1]) Sweet: *New English Grammar* I, bls. 87; II, bls. 66; C. de V.: *Verwarring van klank en teken in het „Wdb. der Ndl. Taal"* (N. Taalg. X.)

[2]) *Deutsche Sprache der Gegenwart,* bls. 366.

[3]) *Mhd. Grammatik,* blss. 96-7.

[4]) Vgl. ook Paul, *Prinzipien,* blss. 142-3.

B. Substantief + Adwerbium.

Van die verbindinge van Subste met Bywoorde bestaan daar drie vormtiepes:

93. (1) Die Bywoord staan agter die Subst. en wel met of sonder bindwoord. Tensy die betekenis 'n spesiale nadruk op een van beide woorde eis, is die aksent gelykmatig. Die Bywoorde wat in hierdie verbinding voorkom dui tyd of plaas aan.

Plaas: *Is Jan dáár jouw seun?* (Grootvader, bls. 30.)
Wie? Hy daar? (Grootvader, bls. 30.)
Op die bank links (A. B. C., bls. 32.)
'n Jakhals skree in 'n randjie naby, en 'n tier brul 'n entjie verder (Getrou, bls. 174.)
Die bewerings daarin is bekend als onwaar (Boervrouw, bls. 29.)
Hy ken die wêreld hierlangs gladnie (Duimpie I, bls. 11.)

In sommige gevalle kan die bindwoord *van* gebruik word, soos in: *Die man van daar; die gewoonte van hier; die blommetjes van daaronder(kant).*

Tyd: *Die gebeurtenis gister;*
Die onenigheid toe.

Hier is dit egter veel gebruikliker om die bindwoord te besig: *Die rusie van onlangs; die opgewondenheid van toe; die maghebbers van gister; die grootpraters van vandag en die lafaards van môre.*

94. *Geskiedkundig.* Hierdie verbinding is baie verbreid in Germaanse tale. Dit het ontstaan uit die deiktiese gebruik van die Bywoorde, wat nog voorkom, en gekenmerk word deur die langsamer tempo waarmee die verbinding uitgespreek word: *die vasie / dáár; die bordjie / onder; die gesprek / gister.* Hier is die verbinding nog baie losser.

Hoewel alleen hierdie volgorde van die woorde teenswoordig gebruiklik is, is dit tog ook moontlik om eers die

aanwysing te doen en dan die Selfst. Nwd. te laat volg, en uit hierdie laaste volgorde het die samesmelting van *daar* en *hier* met die Lidwd. (Aanw. Vnwd.) tot *daardie, hierdie* ontstaan. Dit kom dan ook nog voor in die taal van Nederlandse kinders. Ook Schiller gebruik sinne soos: *Dort der Holunderstrauch verbirgt mich ihm; Hier der Feldmarschall weiss um meinen Willen;* [1]) *Da der Slawata und der Martinitz... die und Ihresgleichen lasst den Krieg bezahlen.* [2]) Maar reeds Huygens het geskrywe: *Sie je daer die Monseur wel kuy're* (Trijntje Cornelis, vs. 1426) en ook in Negerhollands kom *da die* voor. [3])

95. (2) Die Bywoord kan voor of agter die Subst. staan, of as daar meer as een Bywoord is wat mekaar versterk, kan hulle gedeeltelik agter en gedeeltelik voor die Subst. staan. Die neiging is om die aksent van die Bywd. ondergeskik te maak aan die van die Subst. Die verbinding word gebruik om die inhoud van 'n bepaalde Subst. te isoleer en soms daarby te negeer. Vbb.:

Selfs hy het gekom;
Die Afrikaners veral;
En nog die kinders ook;
Al ken hy maar net Engels alleen (E. Skywers, bls. 90).

Aandag verdien, dat die woorde deur hierdie verbinding dikwels 'n pregnante betekenis kry. So beteken '*dit was nie hy nie*' nie alleen wat iedere woord op sigself inhou nie, maar daarby nog 'maar wel iemand anders'. By *Die Afrikaners veral,* verstaan ons 'maar ook ander mense'. Daarenteen is, *ek ook het hom lief* (Misdade, bls. 224), tw. 'sowel as hy my', 'n Anglisisme. In Afrikaans beteken *ek ook,* 'ek sowel as ander mense'.

---

[1]) Gesiteer deur Sütterlin, *Deu. Sprache der G.,* bls. 334.
[2]) Gesiteer deur Wunderlich, *Unsere Umgangsprache,* bls. 178.
[3]) Vgl. Hesseling, *Het Negerhollands,* bls. 100.
„ *Het Afrikaansch,* blss. 139-40.

96. (3) Die Bywoord staan soms voor, soms agter, die Substantief. 'n Bindwoord is enkel moontlik waar die Bywd. die Subst. deur middel van 'n werkwoord beheers. In hierdie verbinding bepaal die Bywoord die adjektiewiese inhoud van die Substantief. Hier bestaan die neiging om die aksent op die Bywoord te laat val.

Hy is heeltemaal man, een-en-al ore;
Ons is ook maar sondaars;
Hy is psigoloog genoeg om dit te weet.

Opm. by § § 93-96. In *toe oë, 'n oop deur, 'n reguit kêrel* ens. moet *toe, oop, reguit* ens. in Afrikaans beskou word as Adjektiewe.

Dieselfde geld van *nou* in *nou Vrydag, Maandag* ens., uitdrukkinge wat waarskynlik ontstaan het uit die teenstellende gebruik met *ander Vrydag* ens. Dan het *nou* onder invloed van die tydsbegrip wat volg, die plek van *hierdie*, afstandsaanduidend, geusurpeer. Dieselfde konstruksie kom in Nederlands voor.

Ook in die behandelde gevalle het die Adwerbium 'n adjektiewiese funksie, maar daar dit nie deur 'n Lidwoord voorafgegaan kan word nie, lyk dit wensliker om hier die historiese benaming van die betrokke woorde te behou. Daarby kom dat in verbindinge van tiepe (3) die Adwerbium die hoedanigheid wat die Substantief uitdruk, dus die adjektiewiese inhoud van die Subst., bepaal. In *sy toe oë, 'n oop deur, die reguit kêrel* ens. gee die moontlikheid om 'n Lidwoord of Besitlike Vnwd. voor die verbinding te gebruik 'n duideliker adjektiewiese karakter aan die bepaling. In die Nederlandse literatuurtaal kry dit boonop nog 'n buigingsuitgang: *de nabije zon.* Om die duidelike parellellisme met 'hierdie' en 'ander' noem ons *nou* ook 'n Adjektief in die bowestaande geval.

C. Substantief + Substantief.

97. Die verbinding van 'n Subst. met 'n Subst. kan op 'n groot aantal maniere tot stand kom en die mees verskillende

verhoudinge uitdruk. Opmerklik is die voortdurende verskuiwinge in die vorm waarin die verhoudinge uitgedruk kan word, en dat dieselfde verhouding dikwels gelyktydig op meer as een manier kan weergegee word. Ons voeg dus by die onderstaande groepering naar die vorm, telkens die ander maniere waarop dieselfde verhouding tot uiting kan kom.

98. (1) *Leungroep.* Die losste verbinding ontstaan deurdat twee Substantiewe, ieder met 'n eie aksent en met 'n pouse daartussen, op mekaar volg, natuurlik sonder dat die groep waarvan hulle toevallig die kern mag wees daardeur versteur word. Die agtergeplaaste Substantief (-groep) kan tweërlei diens bewys :

99. a) Dit kan 'n eienskap of eienaardigheid van die inhoud van die eerste Subst. agteraf vermeld, soos in:

Dr. Piet Marais, geneesheer op die dorp en verloofde van Bettie (Vergeet Nie, bls. 22).

Annette 'n meisie van omtrent agtien (Getrou, bls. 2);

Regter, die waghond (Misdade, bls. 49).

100. Tot hierdie klas het oorspronklik baie famielienaame behoort maar hulle het almal oorgegaan tot die tiepe met eenheidsaksent op die laaste woord; en gepaard daarmee het die verskynsel gegaan, dat die voornaam nou as die bepalende woord gevoel kan word en die 'van' as die bepaalde. Die oorsponklike opvatting blyk nog duidelik uit name soos:

Jan de Smid, Piet Mulder, Dirk Schoeman.

101. Dieselfde verhouding kan deur die bindwoord *as* uitgedruk word. Vgl.: *In 1834 sien ons die vrouw van J. J. Uys, met haar man en ander kommissielede, als die enigste vrouw waag om die vreemde wildernis in te gaan* (Boervrouw, bls. 72.)

102. b) Die twede Substantief kan 'n korrektiewe nagedagte weergee. Gewoonlik beperk die twede Subst. die begrip van die eerste; die twee begrippe kan in 'n oorsaaklike verhouding staan of by mekaar behoort wat ruimte of tyd betref. Voorbeelde is:

En toe ontspoor die trein, die lokomotief.

Dit is helder dag — die oggend van 'n nuwe dag (Misdade, bls. 3).

103. Ook met bindwoord kom die verbinding voor, b.v. in: *Manne, meestal rebelle, wat vir die grootste deel met geen vooruitsig nie die wisselvallige oorlogswerk of hul geneem het* (Vergeet Nie, bls. 69).

104. Die volgende sin is 'n letterlike vertaling van 'n konstruksie wat in Engels usueel geword het: *Daar agter die berge is haar tehuis — helaas, haar tehuis nie meer nie* (Misdade bls. 26).

105. Baie dikwels staan 'n Werkwoord of 'n deel van 'n samegestelde Ww. egter tussen die twee Selfst. Naamwoorde:

Maak my assemblief toe, my voete.

Ons dak is beskadig, die voorste gedeelte.

106. In: *die botter kos twee sielings die pond; die kissies kos 'n sikspens die stuk,* ens., is die tempo versnel, sodat die maat plus die prys nou opgevat word as 'n bepaling van die Werkwoord en die maat as 'n bepaling van den prys.

107. Dieselfde verhouding kan ook by die tussengevoegde Werkwoord deur middel van 'n Voorsetsel uitgedruk word: *Ons huis is beskadig aan die voorste gedeelte; dit kos twee sieling vir 'n pond, 'n sikspens per stuk* ens. As die eerste Subst. reeds deur 'n Voorsetsel beheers word, word dit voor die twede herhaal: *Hy was argitek van die skool, van die nuwe gebou.*

108. Konstruksies van hierdie aard het 'n uitgebreide lewe in iedere omgangstaal, waar sulke korreksies uiteraard dikwels voorkom. In die literatuurtaal, waar die uitdrukkingswyse vooraf oorweeg word, is die skrywers gewoonlik meer terughoudend teenoor sulke konstruksies, dog van tyd tot tyd dring hulle ook daar deur.[1]) Dit verdien aanbeveling om die pouse deur 'n komma aan te dui.

---

[1]) Vir 'n uitvoerige behandeling van hierdie konstruksie sie Blümel, *Verbindung von Ganzem und Teil* (Idg. Forschungen, XXXIV).

109. (2) *Gelykmatige aksent* maar met 'n sneller tempo as by die vorige soort groepe het die twee substantiewe in die volgende gevalle:

110. a) Die eerste Subst. gee 'n voorwerp aan en die twede wat daardeur gemeet moet word: *'n mándjie áppels; 'n bóttel mélk; 'n stúkvat wýn.* Met hierdie aksentuasie word albei woorde in hulle volle betekenis gevoel. Gewoonlik kry sulke verbindinge egter eenheidsaksent met klemtoon op die laatste woord: *'n măndjie áppels, 'n bŏttel mélk, 'n stŭkvat wýn.* Dán is die betekenis van die eerste woord verswak, sodat dit nie 'n voorwerp aangee nie, maar enkel die maat.

111. Dieselfde verhouding kan deur middel van die bindwoord *met* uitgedruk word: *'n mandjie met appels, 'n bottel met melk, 'n stukvat met wyn.*

112. *Geskiedkundig.* Oorspronklik het die hoeveelheidswoord 'n Genitief beheers. Daarvan is nog oorblyfsels te sien in verbindinge met *wat, iets, niks (niets), weinig* en in die uitdrukkinge *vol soeten wyns* en *mans genoeg* (Vgl. § § 139-40). Ook *veels geluk* het ontstaan uit *veel geluks. Niks, weinig, genoeg* en *veel (baie)* word teenswoordig as Adjektiewe gevoel. Vgl.: *niks suiker, weinig troos, mense genoeg, genoeg praatjies, veel (baie) gevalle,* ens. *Vol* het verbleek tot 'n bindwoord wat ongeveer dieselfde funksie het as *met.* Vgl.: *'n mandjie vol appels, 'n stukvat vol wyn,* ens. Daarnaas bestaan dit as Adjektief: *met volle teue drink,* ens.

113. b) Die eerste Subst. is 'n pleknaam wat die twede beheers: *Rosebank Tentoonstelling; Bloemfontein Kongres; Ceres Skoolraad.* Hierdie konstruksie word nog gevoel as 'n indringer in Afrikaans. Veral via die Engelse telegramme het dit as letterlike vertaling 'n posiesie verower, aanvanklik in die Hooghollandse koerante, maar ook in koerante wat in Afrikaans geskrywe word kom dit veelvuldig voor. Hierdie geskiedenis bring mee, dat die aksent enigsins onseker is. As 'n bepaalde verbinding vir die eerste keer gebruik word het die twee

woorde gelyke aksent, maar by mondelikse gebruik — wat tot nog toe maar selde voorkom — is die neiging om daarvan 'n samestelling met eenheidsaksent te maak. Soortgelyke samestellinge kom in Nederlands ook voor, nie alleen by plekname op *-er* soos in *Deventer-koek* waar die pleknaam as Adj. gevoel word nie, maar ook in taal wat onder vreemde invloede staan. Vgl. *Gouda-kaarsen, Sabang-haven.* Maar gelet op hulle geringe getal en die feit dat hulle in die gewone Afrikaanse spreektaal onbekend is, kan 'n mens hier gerus van Anglisismes praat. Die egte Afrikaanse manier van verbinding in sulke gevalle is: pleknaam + *se* + Subst., (dus: *Rosebank se tentoonstelling)* of *die* + Adj. op *-se* + Subst., (dus: *die Rosebankse tentoonstelling).* In die geval van eiename waarin reeds *die* voorkom, is die enigste onderskeiding wat dan tussen die twee tiepes oorbly, dat daar in die eerste geval 'n pouse is tussen die eienaam en *se* (b.v. *die Pêrel se boere),* en in die twede geval nie (b.v. *die Pêrelse boere),* wat dan ook dikwels aanleiding gee tot 'n verkeerde skryfwyse, sodat 'n mens b.v. lees: *Pretoriase mense* i.p.v. *Pretoria se mense* of *die Pretoriase mense.*

Sporadies kan 'n mens ander soortgelyke indringers uit Engels in Afrikaanse geskrifte teëkom. Vgl.: *Als krygsgevangene in die 1899-1902 oorlog* (E. Skrywers, bls. 146); *van die sendeling kant* (Boervrouw, bls. 15).

114. c) Twee Substantiewe, waarvan die een 'n algemene en die ander 'n besondere naam is, dien gesamentlik as geografiese naam: *die distrik Swellendam; die rivier, die Nyl; die land Gosen.* Ook hier bestaan sterke neiging om eenheidsaksent te vorm. In die naam *Kaap die Goede Hoop* (< Ndl. *Kaap de Goede Hoop*) sien ek egter nie 'n oorspronklike samestelling van hierdie tiepe nie, maar 'n onsuiwere vertaling van Port. *Cabo da bôa Esperança (= Kaap van die Goeie Hoop.)*

115. Sulke verbindinge ontstaan veral in offisiële taal; in die gewone omgangstaal word 'distrik', 'afdeling' ens.

deur middel van *se* met die eienaam verbind: *Swellendam se distrik.*

116. Verbindinge met die omgekeerde volgorde, soos: *Kaap Provinsie, Transvaal Provinsie, Betsjoenaland Protektoraat* ontstaan onder Engelse invloed maar word deur die analogie van samestellinge soos: *Nylstroom, Bergrivier, Sneeukop* ens. maklik opgeneem.

117. Reeds uit die Middeleeue dateer verbindinge met *van*, soos: *Die poort van Vyanen, Dat lant van Persen, Die rivier van Nylus*[1]) en later het hulle ook nog ontstaan deur vertaling uit Romaanse tale (Vgl. die ouer vorm *Het land van Natal* = Port. *terra de* of *do Natal*[2]), maar tog kan daar weinig twyfel bestaan dat uitdrukkinge soos *die distrik van Clanwilliam* (E. Skrywers, bls. 74) onder Engelse invloed gevorm word. In suiwer Afrikaans word *van* alleen gebruik as daar 'n teenstelling is — die 'distrik' en nie die 'dorp' nie — en word 'distrik' gevoel as iets byhorends, as 'n soort van besit.

118. d) 'n Kompositum met 'n Substantief as laaste lid bepaal 'n ander Substantief: *'n blóu-oog nóointjie, 'n káalkop vórs, 'n krómneus kêrel, 'n dúbbeleverdieping húis.* Sodra sulke verbindinge as vaste naam van iets gevoel word, dus tot samestellinge ontwikkel, kry hulle 'n eenheidsaksent. Die aantal sulke samestellinge is dan ook baie groot. Veral as name van diere, voëls en plante doen hulle diens. Enige voorbeelde is: *taáipitperske, lóspitperske, swártwitpensbok, swártmaanhaarleeu, poénskopolifant, maánhaarjakhals, kómmetjiesgatmuishond, waáierstertmierkat, witborskraai, blóukopklipsalmander, bákkopslang, lángasemvoël ens.*[3])

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, bls. 137.

[2]) Sie b.v. *Nieuwe en Beknopte Hand-Atlas* van de L' Isle (A'dam by Isaak Térion), Kaart van Afrika deur D'Anville, 1763; en Kaart van "het Zuidelykste Gedeelte van Afrika" (34).

[3]) Meer vbb. is te kry hy Boshoff, *Volk en Taal*, blss. 301-333, alwaar 'n ryke versameling samestellinge byeengebring is.

119. *Geskiedkundig.* Hierdie verbindingstiepe is in ander Germaanse tale seldsaam en in hoofsaak beperk tot gevalle, waar die eerste lid 'n Telwoord is. In Duits kom b.v. voor: *Siebenzimmerwohnung, Zweipfunddose*[1]*;* in Nederlands: *tienstuiverstuk;* in Engels: *two-shilling piece.* In Engels kom egter ook verbindinge voor soos: *clingstone* en *freestone peach,*[2] maar in Afrikaans was sulke samestellinge lank voor die Engelse besetting bekend, sodat hier nie aan Engelse invloed te denke is nie. Waar Nederlands geen samestelling met verbindings *-s* gebruik nie, tree gewoonlik, in plaas van twee Substantiewe, 'n Adjektief, wat dikwels die vorm van 'n Partisiepium aanneem, met 'n Substantief op: *de rozevingerige morgenstond, de blauwogige deerne, de witgetande reus;* en ook in Engels word hierdie konstruksie gewoonlik gebruik: *rosy-fingered dawn, a blue-eyed lassie.* Daarnaas het Ndl. b.v. *kaalrughaai, kromsteven-schip, zwartkopmees* ens., maar die getal van dergelike verbindinge is beperk, sodat die analogiese invloed daarvan en van die samestellinge met 'n Telword as eerste lid nouliks voldoende lyk om die grote uitbreiding wat die klas in Afrikaans gekry het te verklaar. En ander verklaringe is dan ook moontlik. In die eerste plek is die ontstaan van sulke uitdrukkinge langs suiwer fonetiese weg nie onmoontlik nie. In Saksiese en Friese dialekte word die Partisiepium gevorm sonder *ge-* [soms egter met *e-*]. Ook die possessief-kompositum kry dus 'n ooreenkomstige vorm, sodat *ruimschotteld, witdopt, rooddopt* ens. in dié dialekte ooreenkom met *goedgeluimd, grijsgevlekt, scherpgetand* ens. in algemeen Nederlands. *Blue-eyed* in Engels kom natuurlik ooreen met die eerste en nie met die laaste groep nie. Die dialektiese vorm was in die sewentiende eeu die algemene in Amsterdam, 'n stad wat baie invloed op die Afrikaanse taal gehad het[3]. As 'n mens nou onthou dat eind-*t* na

---

[1]) Blümel, *Einführung,* § 212.

[2]) Vermeld deur Boshoff, *Volk en Taal,* bls. 305.

[3]) Vgl. aant. v. Leendertz op *ruymschottelde* in Hoofts *Warenar,* vs. 5 (Zw. Herdrukken IX-XI, bls. 102).

skerp konsonante in Afr. wegval, en by die Part. ook nog na ander konsonante, dan is dit bes moontlik om te besluit dat *kaalkop* b.v. uit *kaalkopt* ontstaan het. By *lospit* is selfs geen verandering van vorm nodig nie. Maar met so 'n verklaring is die attributiewe vorm van die komposita nog nie duidelik gemaak nie, want in attributiewe gebruik gaan die Partisiepia op *-te* uit. 'n Mens sou dan moet aanneem dat die predikatiewe vorm analogies gewerk het op die attributiewe, dat: *die man is kaalkop* dus ook: *die kaalkopte man* verander het in: *die kaalkop man*, iets wat anders nie gebeur nie. Ons moet dus konkludeer dat hierdie analogie hoogstens 'n bykomstige faktor kan gewees het en dat die uitbreiding van die Afrikaanse vorm 'n psigologiese uitgangspunt gehad het. So 'n psigologiese uitgangspunt lewer die feit dat in sinne soos: *dis 'n kaalkop, 'n gryshaar, 'n blou-oog, 'n langlys,* 'n verduidelikende toevoegsel soos: *kêrel, man, vrou, meisie, peer,* dikwels nodig is. Soortgelyke verduidelikinge het ons b.v. in: *sailor-blouse baadjies, sailor-hat hoede, safety-pin spelde* [1]) en is te vergelyk met *pain-de-luxe broodjes* en voorgevoegde Adjektiewe soos *Keulsche en Amerikaansche eau de Cologne,* wat in Nederlandse winkelétalages te sien is. Deur die beskrywende funksie van die woorde *kaalkop, blou-oog* ens. in die verbindinge *kaalkop kêrel, blou-oog meisie* ens. kan die eerste woord dan later as Adjektief gevoel geword het, terwyl dit oorspronklik deel uitgemaak het van 'n apposisionele verbinding en dus die vorm van 'n Substantief behou het.[2])

Opm. by § § 118-9. Heel wat is reeds geskrywe oor die Adjektiewiese funksie, wat die possessief-komposita ook in Predikatiewe gebruik in Afrikaans aangeneem het. Prof. Hesseling sien in die uitdrukking *ek is droëlewer* Maleis-Portugese invloed want "precies op dezelfde wijze worden in het Maleisch-Portugeesch nomina gebruikt als adjektieven en als substantieven." [3])

---

[1]) *Volk en Taal,* bls. 293.
[2]) Vgl. Paul, *Prinzipien,* § 250; Behaghel, *Deutsche Syntax I,* § 3.
[3]) *Het Afrikaansch,* blss. 112-3.

Dr. du Toit gaan dan ook nog verder en plaas daarnaas: *Hulle is hoenderkop* en *ons is lekkerlyf.* [1]) Dr. Bosman het aangetoon, dat Ndl. *Hij is platzak* daar precies parallel mee is. [2]) Waarop Prof. Hesseling geantwoord het, dat die laaste uitdrukking in Nederlands 'n 'unicum' is en dus nie voldoende om 'n reeks uitdrukkinge in Afrikaans te verklaar nie. [3]) Nou is die uitgangspunt van Prof. Hesseling se verklaring dat *ek is droëlewer* gelyk staan met „ik heb een droge lever", wat dan ooreenkom met Mal. *sahāja āda sūka* = Mal.Port. *ijo teng kontenti,* wat vertaal kan word „ich bin zufrieden" of „ich habe Zufriedenheit" [4]) en dus beteken dat dieselfde woord die funksie van 'n Adj. of 'n Subst. kan hê. Hierdie argument sou seker waarde gehad het as *tevrede* of *tevredenheid* in Afrikaans ook so 'n dubbele funksie gehad het; maar dit is in Afrikaans net so min die geval as in Nederlands. Die woorde wat in Afrikaans so 'n dubbele funksie het, behoort tot 'n klas wat in Nederlands dieselfde verskynsel vertoon, al bly hulle daar naar die vorm Substantiewe. 'n Mens kan in Nederlands tog net so goed (of veel beter?) sê: *Hij is 'n domkop* as *Hij heeft 'n domkop.* Vgl. ook: *jij bent zo 'n bol.* Welnu, in die twede geval word 'domkop' voorgestel as 'n besit en in die eerste geval as 'n eienskap. En *domkop* is g'n unikum nie, want 'n mens kan ook sê: *Hij* of *zij is 'n langtong, lekkerbek, roodhuid, spitsneus, spitskin, zwartkop, zwartoog, blauwbaard, blauwjas, blauwkous, zwartrok* ens. Die enigste opsig waarin Afrikaans van Nederlands verskil, is dat Afrikaans soms *'n* weglaat, sodat ook die substantiewiese vorm van die samestelling verdwyn, en daarvoor is die voor-die-hand liggende verklaring, dat die funksie reeds (soos ook in Nederlands) adjektiewies was. Daarby kom dat die attributiewe gebruik ook maar een vorm ken, waarin Adjektief nie van Substantief te onderskei is nie, b.v. *'n domkop kêrel,* en die analogie van verbindinge soos: *Mnr. Drooglewer.* Sulke eiename kan ook predikatief sonder *'n* gebruik word. Vgl.: *Hy is Maljan onder die hoenders.* 'n Simpleks kom in dergelike gevalle in Ndl. dikwels sonder *'n* voor. Vgl.: *Hij is rechter maar tevens mens; Hij blijft Fransman* ens.

Wil 'n mens die proses wat in Afrikaans plaasgevind het met Maleis-Portugees vergelyk, dan kom daarvoor in aanmerking

---

[1]) *Afrikaansche Studies,* bls. 82.

[2]) *Afrikaans en Maleis-Portugees,* blss. 78-9. Vgl. ook Boshoff, *Volk en Taal,* bls. 288.

[3]) Nieuwe Taalgids X; en Brandwag, Des. 1916.

[4]) Schuchardt, *Kreolische Studien IX,* bls. 203.

uitdrukkinge soos: *fika danu, fika medu, fika reiba, fika saudi* ('geschädigt, furchtsam, zornig, gesund werden'), waar 'n oorspronklike Subst. ook 'n Adj. geword het.[1]) Maar die vergelyking gaat nie op nie, want *danu, medu, reiba, saudi* gee oorspronklik abstrakte begrippe weer (verlies, vrees, toorn, gesondheid), terwyl *domkop lekkerbek, roodhuid* ens. name van lewende wesens is. Met hierdie woorde het in Afrikaans dus net die omgekeerde gebeur van wat die geval was met woorde soos: *toe, oop, naby* ens. wat, deur hulle adjektiewiese funksie in predikatiewe gebruik, tot attributiewe Adjektiewe geword het — iets waartoe ook in Nederlands telkens 'n aanloop geneem word, hoewel die gebruik daar nog nooit gevestig geword het nie. Wat is nou waarskynliker, dat die kleurlinge hierdie konstruksie uitgebrei het tot die gevalle: *droëlewer, lekkerlyf* en *hoenderkop* onder invloed van die groot analogie-klas in Afrikaans of onder invloed van sinne soos: *ijo teng kontenti?*

In Ndl. *Hy is bek-af* (Afr. ook nog: *been-af, pootuit, kopsku* ens.) het die samestelling wel 'n ander vorm, maar ook hier word as 'n eienskap voorgestel die bepaalde gesteldheid van 'n liggaamsdeel, wat net so goed vir 'n besit kan aangesien word as 'n droë lewer. Ook hier wys die vorm geen Substantief aan nie.

120. e) Uit die literêre taal en taal wat onder vreemde invloede staan is ons bekend met 'n aantal samekoppelinge, wat ook by veel gebruik lig oorgaan tot samestellinge met eenheidsaksent. Daaronder is twee gevalle te noem:

121. (α) Samekoppelinge wat 'n verhouding uitdruk, wat anders deur Voorsetsels weergegee word. Die twede woord kan die bepaling wees soos in: *die sisteem-Müller* (= van M.), *die ministerie-Smuts* (= van S.), *'n kaartjie-twede klas* (= vir die t. k.), of die twede woord kan deur die eerste bepaal word, soos in: *die Vlakte-bundel* (Poësie, bls. 169); *Unie-Kantate* (tietel van 'n digbundel van J. Celliers).

122. (β). Onafrikaans is 'n paar vreemde maniere van naamgewing. Met die draers kom hulle name egter ook Suid-Afrika binne. Ons bedoel gevalle waar die van van die vrou agter die van die man staan, soos in Nederlands: *Scharten-Antink* of daarvoor, soos soms in Engels: *Murray*

---

[1]) Schuchart, *Kreolische Studien* IX, blss. 204-5.

Bisset. Heeltemal onbekend in Afrikaans is die agterplaatsing van die woonplek agter die van van die persoon, iets wat gebruiklik is in Duits: *Mensing-Kiel.* In Afrikaanse name waar die voornaam van die vrou agter die van die man staan, is daar wel altyd eenheidsaksent: *Sărie Stóffel.*

Opm. by §§ 20-22. Ook Substantief-reekse kan op dieselfde manier samegekoppel word, as hulle op dieselfde persoon, saak ens. slaan: *Prins-Gemaal, Sekretaris-Penningmeester, Advokaat-joernalis, Kristen-Patriot* (Poësie, bls. 180), en ook hier bestaan die neiging om hulle by veelvuldige gebruik onder 'n eenheids-aksent te verenig. Tot sulke reekse hoort ook die taalnaam *Maleis-Portugees,* wat naar die mening van Dr. R. van der Meulen en wylen Prof. Verdam 'n moderne soort woordver-binding is.[1])

123. (3) *Eenheidsaksent.* Die verbinding van Substantiewe onder eenheidsaksent is histories ontwikkel uit leungroepe of verbindinge met gelykmatige aksent — met of sonder bind-woord of fleksie-uitgange. In die reël val die aksent op die twede Subst. maar deur sy belangrikheid in die verband kan die eerste dit partykeer kry. By enkele verbindinge het die laaste manier van aksentueer selfs usueel geword. Ons kan die volgende betekenis-kategorieë onderskei:

124. a) Twee of meer Substantiewe vorm same een naam. Hierdie verbinding staan min of meer gelyk met 'n samestel-ling. Vier gevalle kom voor:

125. (α) Die algemene naam staan voor en bepaal die besondere: *Die land Gosen, die stad Johannesburg* (Sie 2. c.); *Neef Jan, Oom Piet, Mnr. Terblanche, Dr. van Niekerk,* ens.

126. (β) 'n Voornaam en 'n van. Die voornaam kan die van bepaal en kry dan die aksent: *Ján de Vries* (nie 'Piet' nie), of die van kan die voornaam bepaal en die aksent dra: *Jan de Vriés* (nie 'Jan Vermeulen' nie). Die vanne dank hulle ontstaan aan die behoefte aan so 'n bepaling van die voorname.

---

[1]) Hesseling, *Africana* III (Tijdschrift XLI).

As geen teenstelling bedoel is nie, word die bepalende krag van die van teenswoordig egter nie meer gevoel nie. Vir my gevoel is die voornaam dan niks meer as 'n besonderheid wat terloops genoem word nie, en kan dit gelyk gestel word met die terloopse bepalinge *land, stad, Neef, Dr.* ens. onder α, wat ook oorspronklik algemene name was.

127. *Geskiedkundig.* Vir 'n deel het hierdie tiepe ontwikkel uit die leungroep. (Sie §§ 99—100). In ander gevalle is die groepering verskuiwe, sodat die oorspronklike bindwoord nou deel uitmaak van die twede Substantief. Die oorspronklike groepering was b.v.: *Willem /van/ der Merwe[de], Pierre /de/ la Harpe,* ens.

128. (γ). Twee voorname word verbind, waarvan die twede die aksent dra en die eerste bepaal: *Sarie Stoffel* (Veld, bls. 80); *Lenie Koos,* ens. (Sarie, die vrou van Stoffel; Lenie, die vrou van Koos).

129. *Geskiedkundig.* Verbindinge van hierdie tiepe het hulle ontstaan te danke aan 'n teenstelling. Sarie, die vrou van Stoffel Burger, en Sarie, die dogter van Jan Burger en suster van Stoffel Burger, heet b.v. albei Sarie Burger. Vandaar dat hulle onderskei word as *Sarie Stoffel* en *Sarie van Jan.* Deur die teenstelling word die eenheidsaksent verklaar en ook dat die gevoel vir die bepalende krag van die twede naam lewendig bly.

130. As 'n meerledige eienaam 'n algemene bepaling kry, hoort die dele van die eienaam enger same. Vergelyk: *Tant / Sannie Jan; Oom / Willem van Rooyen; Generaal / Wessel Wessels; Advokaat / Dirk Kleynhans.*

131. (δ). 'n Pronomen Personale word gevolg en bepaal deur 'n klasnaam, wat die aksent dra:

Julle Boesmans, ons witmense, hulle kinders.

132. *Geskiedkundig.* Hierdie verbinding het ontstaan uit leungroepe, waarin die Substantief 'n eienskap van die persone (persoon) deur die Pronomen aangewys, na vore bring of die inhoud van die Pronomen voltooi. Vergelyk:

Ek, arme drommel.

Hoe beval die Kaap u, juffrouw? (Misdade, bls. 16).
So staan hy daar, Adonis (Vergeet Nie, bls. 7).
Julle, Boesmans.

133. b) Die verbinding gee 'n maat, omvang of hoeveelheid aan (Sie 2. a.): *'n mandje áppels; 'n uur loop; 'n oulap klontjies; 'n ons peper; 'n koppie koffie; 'n paar mense; sy getal boeke; 'n trop skape; twee koletjies vuur; 'n swerm bye. Menigte* kry reëlmatig die aksent; *'n ménigte mense.* So ook *party* in samestellinge: *partykeer, partymal.*

134. Behalwe van *vol* en *met* (§ § 111-2) kan ook nog van die bindwoord *van* gebruik gemaak word om dieselfde verhouding uit te druk. Vergelyk: *die getal van sy boeke; in 'n reeks van gevalle.* By tydmaat of prys maak Afrikaans graag gebruik van die bindwoord *se*: *'n uur se loop; 'n oulap se klontjies.*

135. *Geskiedkundig.* In baie gevalle het die twede Substantief vroeër 'n genitiefs-*s* gehad, soos nog blyk uit uitdrukkinge soos; *'n eind weegs, 'n uur gaans, 'n bete broods.* Na *iets, weinig, niks* en *wat* kry die gesubstantiveerde Adjektief nog steeds *-s; iets goeds, kwaads; weinig aantrekliks.* (Sie § § 139-40).

Samestelling.

136. Ons het reeds by die vorige verbindingstiepe gewys op die samenstellinge met eenheidsaksent wat deur die juxtaposiesie van twee Substantiewe ontstaan. Samestellinge soos *Céres-skoolraad* gaan terug op 2. b.; soos *die land Gósen* op 2. c.; soos *witborskraai* op 2. d., terwyl ook samekoppelinge soos *sisteem-Müller* en *Murray-Bisset* (2. e.) tot egte samestellinge word.

137. Ons hoef hier nog enkel te wys op 'n manier van samestelling wat ontstaan het uit die juxta-posiesie van 'n Subst. en 'n Pronomen, n.l. die verbinding van 'n Subst. met *hulle*, soos in: *Oom Johannes-hulle; Pa-hulle; die oumense-hulle.* In sulke verbindinge het *hulle* in algemeen Afrikaans die krag gekry van 'n fleksie-uitgang wat 'n meervouds- of 'n kollektiewe begrip by lewende wesens uitdruk. Oor die oor-

sprong van hierdie samestelling kan weinig twyfel bestaan. In die Negerhollands van die Deense Antille is die meervoudstoevoegsel: *sender* of *sellie*. So is *die radies sender* = die radyse, *mie twee kint sender* = my twee kinders, *mie meester sie skuen sender* = my meester se skoene ens. *Sender (sellie)* is die Pers. Vnwd. van die derde Pers. Mvd. en Prof. Hesseling het aangetoon dat die Meervoud op dieselfde manier gevorm word „in velerlei Kreools." So is „die huise" in Papiements: *e casnan* (< *cas* = huis; *nan* = hulle) en in die Negerfrans van Haiti en Louisiana: *kaj layo* en *kay layé* (< *cage-là* + *eux*). In die Negertale van die Slawekus word die Mvd. op dieselfde manier gevorm. „De pluralis van *ame* (mens) en *ape* (huis) is *amewo*, *apewo* (*wo* is 't persoonl. voornaamw. van de derde pers. meerv.)." Seer tereg konkludeer Prof. Hesseling dan: „Ik meen dan ook dat het Kreoolse meervoud niet uit algemene oorzaken te verklaren is, *maar door de invloed van de oorspronkelike taal der negers.*[1]) In 't Franskreools van Mauritius en het Portugeeskreools van Ceylon, waar de Europese talen niet in aanraking kwamen met Afrikaanse talen, vindt men deze meervoudsvorming niet."[2]) Ook Afrikaans sal dus hierdie Meervd. uit die oorspronklike taal van die Negers gekry het. 'n Bevestiging daarvan lewer die manier waarop Kaffers nog Afrikaans oorneem. Hulle plaas na iedere Subst. wat as onderwerp van 'n Ww. moet dien, 'n Pers. Vnwd. en dit geld nie alleen van die Mvd. nie, maar ook van die Enkelvd. As voorbeeld kan dien die „Kafferlied" van Totius:

Die kaffer eerste kom, die witmens hy
kom later.
Die kaffer vat die land, die witmens hy
vat later.
Die kaffer hy woon eers, die witmens hy
woon later.

---

[1]) Ons kursiveer.
[2]) Hesseling, *Het Negerhollands*, blss. 93-94; Du Toit, *Afrikaansche Studies*, blss. 86-87.

Die kaffer hy gooi eers, die witmens hy
gooi later.
Die kaffer eerste lê, die witmens hy
lê later.
Want assegaai van kaffer hy
loop later. Ens.
(Verse van Potgieter's Trek, bls. 21.)

Algemeen Afrikaans verskil van hierdie soort Kafferafrikaans in dié opsig dat *hulle* 'n ondergeskikte aksent kry en die Subst. + *hulle* met 'n snelle tempo uitgespreek word, terwyl daar in Kafferafrikaans 'n pouse tussen *hy* of *hulle* en die Subst. is en ieder woord sy eie aksent behou. Met hierdie gebruik van *hy* en *hulle* kan vergelyk word die Nederlandse en Afrikaanse gebruik van *die: die man, die sê dat* .... Ook die Persoonlike Vnwd. word in Ndl. gebruik om op dieselfde manier die inhoud van die Subst. te herhaal: *De Katholieken — zy zeggen, dat* ... maar die konstruksie is vry seldsaam en die pouse baie lank, sodat daar weinig rede bestaan om te vermoed dat dit invloed gehad het op die Afrikaanse uitdrukking.

138. Die vraag lê voor die hand of 'n spreekwyse wat so algemeen onder die Kaffers is, nie ook by die Hottentotte voorgekom het nie. En inderdaad bied die taal van die Hottentotte inwendige gegewens wat so 'n onderstelling sou regvaardig, maar dan moet dit beperk gewees het tot die Hottentotte in die onmiddellike omgewing van die Kaap, want in die Hottentotte-Afrikaans van die Noordwestelike streke van die Kaap-provinsie word die uitgang *-goed* gebruik om die Meervd. of 'n kollektief te vorm, b.v.: *Pa-goed, Ma-goed; die baas-goed.* Hierdie uitgang het dáár selfs onder witmense deurgedring. „Waar die Bolander sê:, Piet hulle was hier', sê die mense van Clanwilliam: Piet-goed was hier", getuie Mnr. von Wielligh.[1]) Nou is die gebruik van samestellinge met *goed* om 'n kollektiewe begrip uit te druk in algemeen

[1]) *Eerste Skrywers*, bls. 115.

Afrikaans wel wat uitgebreider as in Nederlands en ek is dit met Dr. Du Toit eens dat woorde soos: *rookgoed, vuurmaakgoed, suurgoed, rygoed, trekgoed, skottelgoed, drinkgoed,* vir samestellinge naar die model van *wasgoed, speelgoed, teegoed* ens. aangesien moet word, en waarskynlik hoort hiertoe ook die Hottentotse vraagwoord *wagoed* (= wat of waarom), wat in Negerhollands 'n parallel het.[1]) Maar die uitbreiding van die gebruik van hierdie uitgang *-goed* om 'n meervoud of kollektief te vorm by lewende wesens, is waarskynlik te danke aan kontaminasie met 'n Hottentotse suffiks. Hierdie suffiks is *gu* (*g* is klapper en „hart, fast wie *k* zu sprechen"[2]) (*u* is die Duitse skryfwyse, dus = Holl. *oe*), en word gebruik om die Meervd. van Man. Subste te vorm, b.v. Enk. *khoib* = die man; Mvd. *khoigu* = die manne.[3]) Maar die uitgang *gu* wat hierdie diens moet doen by die Substantiewe, is eintlik die enklietiese vorm van die Man. derde Persoon Meervd. van die persoonlike Vnwd. en beteken dus *hulle.*[4]) Ons kan dus tot die slotsom kom dat die Negerslawe, miskien daarin gesterk deur die Hottentotte in die omgewing van die Kaap, hulle eie konstruksie letterlik vertaal het en daardeur vorme soos *Pa-hulle* gekry het, maar dat die ander Hottentotte hulle woord vir *hulle* verwar het met die Afrikaanse woord *goed* en op die manier tot *Pa-goed* gekom het.

(4) *Verbinding deur middel van 'n buigingsuitgang.*

139. Van die ryke verskeidenheid van geflekteerde kasusvorme wat die Germaanse tale vroeër gehad het, het die Afrikaanse Substantiewe, behalwe in vaste uitdrukkinge, nog maar net die Genitief bewaar en ook dit alleen in vereensaamde oorblyfsels. In die gewone omgangstaal is, naas

---

[1]) Du Toit, *Afrikaansche Studies,* blss. 90-91; Hesseling, *Het Negerhollands,* bls. 100.

[2]) Planert, *Handbuch der Nama-sprache,* bls. 3 en bls. 13.

[3]) Meinhof, *Lehrbuch der Nama-sprache,* bls. 49.

[4]) Planert, *Handbuch,* bls. 9.

die uitdrukkinge: (hy is) *mans genoeg* en *tyds genoeg*, die enigste kategorie wat nog lewe, verbindinge van *wat*, *iets* en *niks* met 'n volgende Genitief van 'n gesubstantiveerde Adjektief: *wat fraais, iets moois, iets lekkers, niks goeds;* en ook by *wat* en *iets* het die twede woord van dié verbindinge sy oorspronklike partitiewe krag verloor; die gesubstantiveerde Adjektief vul hier enkel die betekenisinhoud van *wat* of *iets* deurdat dit dien tot karakterisering van die voorwerpe ens. deur hierdie woorde aangedui. Ook die genitiefsuitgang van *iets* self word nie meer as sodanig gevoel nie. Daarenteen het die genitief na *weinig* nog wel sy partitiewe krag behou, maar hierdie verbindinge staan dan ook onder invloed van die literêre en deftige taal. In die daaglikse omgangstaal sê 'n mens nie *(Sy het) weinig aanlokliks* nie maar *min aanloklikheid*. As *iets* sy ondergeskikte aksent verwissel vir 'n nadruksaksent, dan kan die volgende Genitief egter, net soos na *niks* en die beklemtoonde *weinig*, nog 'n partitiewe betekenis uitdruk. (Vgl. § 112).

140. 'n Aantal geykte uitdrukkinge met genitiefsvorme by die vooropgaande of volgende woord het hulle lewe veral aan Bybel-, kansel- en ander deftige taal te danke. Die neiging om by sommige die oorspronklike gelykmatige aksent in eenheidsaksent te verander, toon aan hoe sulke uitdrukkinge tot samestellinge oorgaan. Vbb.: *brood der smarte, kind des doods, die Psalme Davids, 'n steen des aanstoots, sweet syns aanskyns, kwelling des geestes, soon des mensen, (s)werelds loon, eind weegs, vol soeten wyns, boek der boeke.*

141. Die genitiefs-*s* is ook nog te sien in 'n aantal heeltemal vaste samestellinge, soos: *staatsinmenging, sabbatsontheiliging, gewetensvryheid, lewensloop*, ens., hoewel nie iedere samestelling met 'n verbindings-*s* ook 'n oorspronklike genitiefsverhouding uitdruk nie, soos blyk uit *manspersoon, waarheidsliefde, maansverduistering* en ander woorde.

142. As literêre vorm is die Genitief ook by Afrikaanse skrywers goed bekend, in baie gevalle deur die behoefte aan 'n deftiger vorm as in die daaglikse omgang gebruik

word. Dit kom veral voor by eiename en by verwantskapsname wat as daarmee gelykstaande gevoel word, die enigste gevalle waar dit ook nog in die Ndl. omgangstaal leef. Vgl.: *Verse van Potgieter's Trek* (Tietel van 'n digbundel van Totius); *Jehowas prag en heerlikheid* (Potg. Trek, bls. 38); *Adams Droom* (Tietel van 'n gedig van Wassenaar, bls. 9); *Moeder's skat* (Tietel van 'n gedig van Joubert, Dichters, bls. 82), *Mammie's skatlam* (Dichters, bls. 82). In Afrikaanse gedigte is die Genitief selfs op taamlik uitgebreide skaal gebruik. Behalwe in gevalle wat tot die pasgenoemde rubriek behoort, is dit veral by gepersonifiëerde abstrakte begrippe dat die Genitief te voorskyn kom. Van hierdie soort personifikasies maak Jan Celliers, onder invloed van Engelse digters, 'n veelvuldige gebruik, maar ook in ander gevalle hou hy van die Genitief. Dr. E. C. Pienaar het reeds opgemerk[1]): „Hy het 'n besondere voorliefde vir die genitiefs-*s*, waarskynlik onder Engelse invloed, soos uit die apostroof blyk: *genade's guns, misteries's [?] wonderwege, vergetelheid's kust, vyand's lood, arbeid's sorg* e.d." en in 'n noot wys hy daarop, dat hierdie *-s* vroeër ook dikwels in Nederland voorgekom het en sedert 1880 daar onder Engelse invloed herleef het. Hierdie voorliefde van Celliers is egter nie beperk tot *-s*-Genitiewe nie. Vgl.: *die yl-blouwe bande der ver-verre rande; op die boesem der grote see* (Die Vlakte, bls. 21 en bls. 23). Ook in sy later werke gebruik hy nog die Genitief. In „Die Saaier" (1918) kom b.v. voor: *Amor's konfetti, Boek der Eeuwe, hebsug's hand.* By Totius is dit veral die invloed van die Bybeltaal wat die Genitief te voorskyn laat kom. So b.v. in „Trekkerswee": *Naboths erf* (bls. 46), *Sodoms vrugbare vallei* (bls. 46), *Jakobs stemme* (bls. 46), *Esaus haar* (bls. 46), maar ook *Skotlands berge* (bls. 78). By H. H. Joubert kom selfs voor: *hulle skoon kasteels behoud* (Dichters, bls. 79).

143. Die gewone omgangstaal gee egter alle verhoudinge wat vroeër deur 'n genitiefsuitgang uitgedruk kon word,

[1]) *Taal en Poësie*, bls. 32.

deur middel van die tot bindwoord verswakte Besitlike Voornaamwoord (*sy, haar* ens.) of deur middel van 'n Voorsetsel (*van, vir,* ens.) weer.

144. Van die velerlei verhoudinge wat sulke genitiefsverbindinge vroeër kon uitgedruk het, en dus nog in die digtertaal kan uitdruk, noem ons die volgende[1]):

Die genitiefsuitgang gee by woorde wat verbind word met verhoudingsbegrippe aan tot watter .voorwerp ens. hulle in verhouding staan: *Heer des Huises;* by verbindinge met eienskappe die voorwerp ens. waaraan die eienskap kleef: *Reinheid des gemoeds.* Hier kan die voorwerp egter dien om die eienskap te karakteriseer: *Geduld eens lams.* Die woord met genitiefsuitgang kan die persoon of saak aangee, wat iets voortbring: *Adams droom.*

Naas Substantiewe wat 'n werking uitdruk kan die Genitief die persoon of saak aangee wat die werking verrig (Genitivus Subjectivus): *Van der Stels landtog,* of wat die werking ondergaan of deur die handeling tot stand kom (Genitivus Objectivus): *vrese Gods, regering des lands, die stigter der kolonie.* Soms val Gen. Subjectivus en Gen. Objectivus saam: *kwelling des geestes.*

Die Genitief kan die besitter van iets aangee (Genitivus Possessivus): *Naboths erf,* of die persoon of saak ens. waarby iets behoort: *die diere des velds, Skotlands berge, 'n skrywer der agtiende eeu,* of 'n eienskap wat aan 'n persoon of saak toekom: *'n man des gebeds.* Hier kan die eienskap egter ook dien om 'n begrip, saak ens. te karakteriseer (Genetivus Expletivus): *die deug der Beskeidenheid, die fakkel der twedrag.* As 'n woord met sy eie Genitief verbind word, word daardeur die volmaakste in sy soort uitgedruk: *die boek der boeke* (Genitivus Hebraïcus).

Verder kan die woorde met genitiefsuitgang wat met hoeveelheidswoorde verbind word, aangee watter voorwerpe ens. naar maat of omvang bepaal word: *'n uur gaans* (Genitivus

[1]) Naar Paul, *Deu. Grammatik* III, blss. 284-329; en Den Hertog, *Nederlandsche Spraakkunst* I, blss. 84-86.

Partitivus), of soos reeds aangetoon, enkel die betekenis van sulke woorde aanvul: *wat fraais.*

145. *Geskiedkundig.* In die Nederlandse spreektaal kom alleen nog maar die *-s-*Genitief voor, en wel by eiename of as sodanig gebruikte algemene name, en ook dan nie as daar Byvoeglike Naamwoorde mee samegaan nie. Byvoeglike Voornaamwoorde of Lidwoorde wat in betrekking tot sulke Selfstandige Naamwoorde staan, word nie verbuig nie. Dit het ongeveer ook die toestand gewees wat reeds in die sewentiende eeu in Holland geheers het. Onder invloed van die ouere taal en die Suidnederlandse dialekte het die skrywers toe en later egter 'n ruime gebruik gemaak van die Genitief. Daarby is dan dikwels geprobeer om 'n geslagsonderskeiding te handhaaf en aan Adjektiewe en ander adjektiewiese woorde 'n Genitiefsvorm toe te ken wat van die Nominatief verskil. Die ongebruiklikheid van hierdie Naamval in die spreektaal en die kunsmatige vorme wat sommige skrywers probeer invoer het, het egter aanleiding gegee tot groot verwarring wat betref die vorm van die Genitief. So meld Spieghel as enigste vorm van die vroulike Genitief: *des vrouws* [1]) en skrywe ook Marnix: *des maagds.* Bredero, en ook Hooft in sy jonge jare, probeer om gehoorsaam te wees aan die gesag van die Twe-Spraack, maar ook hier is die natuur sterker as die leer, sodat ons b.v. by Bredero vind: *Hier is mijn Vaders poort* naas *Meester van Syns Vyands macht*; *om 't geldts-wil* naas *des menschen bloed*; *der Minnen blinde God* naas *des Hels droeve leer.* [2])

Reeds in die wordingsperiode van Afrikaans het die enkele byvoeglike woorde (veral Aanw. en Besit. Vnwdd. en *een*) wat met so 'n Genitief kon samegaan, dus onverboë gebly. Ook van die Bepalende Lidwoord was die verboë vorme reeds seldsaam en met die uitsterwe van die Genitief by die Substantiewe moes ook dié vorme heeltemal verdwyn. Die-

[1]) *Twe-Spraack,* bls. 78.

[2]) Vgl. Van der Veen, *Taaleigen,* § 79, § 90; Van Helten, *Vondel's Taal,* § § 87-90, § 93, § 126, § 128.

selfde geld ook van die genitiefsvorme van ander Adjektiewe vir so ver hulle nog in die spreektaal voorgekom het. Skryfpraktyk en lektuur was nie in staat om die Genitief by Substantiewe en gevolglik ook by hulle hele aanhang van die ondergang te red nie.

(5) *Verbindinge met Pronominale vorme vir Bindwoorde.*

146. Om die genitiefsverhoudinge uit te druk word teenswoordig veel gebruik gemaak van vorme van die Besitlike Voornaamwoord, wat met swakke klemtoon tussen die gelykmatig geaksentueerde Substantiewe (Pronomina) staan.

Opm. Naas *sy* word 'n vorm met verswakte vokaal: *se*, gebruik. Dit lyk of hierdie laaste vorm die enigste is wat in die Vrystaat voorkom en ook in die 'Woordelys' van die S. A. Akademie word dit alleen genoem. In die Boland word egter ook *sy* gebruik. *Haar* kom alleen met volle vokaal voor. Naas *hulle* staan *hul.*

147. Tog kan hierdie bindwoorde nie iedere genitiefsbetrekking weergee nie. Die betekenis van die Hebreeuse Genitief: *boek der boeke,* kan daar nie deur uitgedruk word nie. En ook vir die verhoudingsgenitief, die eienskapsgenitief, die Genitivus Objectivus en die Genitivus Partitivus is daar geen konstruksie met Voornaamwoord moontlik nie. Hier moet preposisionele of adjektiewiese konstruksies gebesig word.

Histories is dit so te verklaar, dat die pronominale vorme in die plek gekom het van die voorgeplaaste Genitief maar nie die agtergeplaaste Genitief kan vervang nie. Vergelyk b.v. *des lands regering* (Gen. Possessivus) = *die land se regering,* met *die regering des lands* (Gen. Objectivus) = *die regeer van die land.* Die eerste Substantief is dan ook altyd die bepaling en die twede die kern van die groep.

148. Besondere aandag verdien die verbinding: Subst. + *se* + *kind,* waardeur dieselfde betekenis weergegee word as deur die eerste Subst. alleen: *Hotnot se kind*; *Witmens se kind,* ens.

149. Op verbindinge met *se* om prys uit te druk, wat

uit die eenvoudige bystelling ontstaan is, is hierbo (§ 134) reeds gewys: *'n sieling se suiker.*

Opm. by §§ 146-9. Hoewel die vorme: *haar*, na woorde wat vroulike wesens benoem, en *hul(le)*, na meervoudige woorde, bekend en gebruiklik is, moet hierdie vorme meer en meer plek maak vir die alleenheerskappy van *se (sy)*. Dit kom deurdat by die gebruik as bindwoorde, die oorspronklike pronominale krag van hierdie woorde verlore gegaan het: die bindwoorde druk alleen 'n verhouding en geen begrip uit nie. By die Besitlike Voornaamwoorde neem Afrikaans daarenteen die (natuurlike) geslag en getal in ag — behalwe in die mond van inboorlinge, wat die geslagte anders voel.[1]) In die Noordelike provinsies word *se* onder alle omstandighede gebruik. „Waar *haar* nog in die Vrystaat gebruik word, is dit meestal onder ouere mense."[2]) In die Boland is *sy (se)* ook besig om algemeen te word, maar 'n moeder wat daarop gesteld is om haar kinders beskaaf te laat praat, verbeter *Ma sy boek* uit hulle mond nog tot *Ma haar boek*. *Sy* of *se* kan, naas *hulle*, nie alleen na meervoudige Substantiewe soos: *die kinders se speelgoed* staan nie, maar ook – soos Prof. Bouman aangetoon het[3]) — na woordreekse soos: *Jan en Piet se boeke.*

150. In Afrikaans het hierdie bindwoorde 'n veel uitgebreider gebruiksfeer as in Nederlands, waar *z'n* of *d'r* in die reël enkel na woorde wat lewende wesens aandui, kan staan. In Afrikaans kan 'n mens ook sê: *die tafel se poot, die huis se dak* en selfs: *op moedverloor se vlak* (Vergeet Nie, bls. 143). Maar Afrikaans gaan nog verder en gebruik *sy* of *se* ook na woorde wat tyd of plaas aandui. Met tydswoorde as eerste lid is verbindinge soos: *Die kinders van nou se dae* (Boervrouw, bls. 65); *"ek is nie vandag se kind nie"; "en hulle loop nie tweemaal nie as eenmaal se loop voldoende is"* en die reeds deur Prof. Hesseling gesiteerde: *vanmelewe se mense; slawetyd se mense,* heel gewoon. By *outyse mense (< ou tye* of *ou tyd se mense)* is die oorgang van Subst. + *se* tot Adj. op *se* (vgl. § 113) heeltemal vol-

[1]) Vgl. le Roux, *Handleiding in het Afrikaans*, bls. 45, Opm. V; bls. 43, Opm. IX en X.

[2]) Bosman, *Afr. en Mal. Port.*, bls. 95.

[3]) *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).

trokke. Na die oorspronklike Bywoorde van plaas, soos *hier, daar* ens. is *se* nie moontlik nie, maar wel na substantiewiese samestellinge wat 'n adwerbiale funksie aangeneem het. Vergelyk: *duskant se een; oorkant se mense; „anderkant se kant"*, ens. Dat die tyds- en plaasadwerbia ook in ander tale in sulke gevalle dieselfde verbindinge as Substantiewe kan aangaan, blyk uit uitdrukkinge soos Ndl. *'t Is dezelfde man van gisteren; de bezwaren van toen; de mensen van hier;* Fr. *les potentats d' aujourd' hui; hors du village;* Eng. *yesterday's discussion,* ens. In Engels kan sulke Adwerbia selfs deur Adjektiewe beheers word. 'n Letterlike vertaling van so 'n Engelse konstruksie is: *terwyl 'n koue, ongevoelige stem elke nou en dan 'n jaartal uitroep* (Getrou, bls. 142).

151. Eindelik kan *sy* of *se* ook dien as bindwoord na alle soorte substantiewiese Pronomina, behalwe die persoonlike. Naar die model van Ndl. *wie z'n boek is 't?* het Afrikaans ook by die Vraende Voornaamwoorde: *wie se, wattereen se boek?* By Wederkerige Vnwde word verbindinge gevorm soos: *om mekaar se moeilikhede te verstaan* (Pers); *hulle het die een die ander se lekkers geëet.* By Aanwysende Vnwde gebruik ons verbindinge soos: *hierdie een se, daardie een se, dié se, dié een se, duskant se een se, die anderkant se een se skuld,* waarmee parallel is Ndl. *die zijn kwaal betert* [1]) en Negerhollands: *die sie moeder.* [2]) Die uitdrukking *die een se dood is die ander se brood* het ons uit Nederlands geërf. Die Betreklike Vnwd. kan dieselfde vorm aanneem as die Vraende, en dus aanleiding gee tot verbindinge soos: *die man, wie sy[n] faderland hom nie dierbaar is nie; die man, wie sy[n] frou siek is* (Afr. Studies, bls. 90), waarvoor Negerhollands ook 'n parallel bied in: *Johannes wie sie kop hem ha ka lastaen kap af.* [3]) Min of meer parallel is ook: *de man die z'n vrouw gestorven is* in die Ndl. omgangstaal. In Afrikaans kan dieselfde verhouding by

[1]) De Vries, *Dymelie,* bls. 64.
[2]) Hesseling, *Het Negerhollands,* § 49.
[3]) *Negerhollands,* § 50.

Betreklike Vnwde egter ook op verskeie ander maniere uitgedruk word.[1]) „Plat en afkeurenswaardig", noem Prof. Malherbe *wat se*, in plaas van *wie se, van wie* ens., b.v. *„Nee, jy meen die een wat se kind dood is."* Eindelik kan selfs die Uitroepende Vnwd. *wat* in Afr. deur middel van *se* met 'n Subst. verbind word: *„wat se lawaai is dit hier"*,[2]) en ook die nominale vorme wat dikwels Onbepaalde Voornaamde genoem word, word deur dieselfde bindwoord gevolg: *['n] mens se gewete*; *iemand se kwellinge*; *dis anderman se goed wat jy daar het* ('n bekende liedjie).

152. Ons het reeds daarop gewys, dat *se* in hoë mate die karakter van 'n suffiks aangeneem en in sommige gevalle ook werklik 'n suffiks geword het (§ 113 en § 150). Die voltrekking van hierdie proses word egter teëgehou deur enige selfstandiger gebruikswyses van die woord. 'n Suffiks maak in die reël deel uit van 'n bepalende of bepaalde woord; by groepsformasie kry die woorde wat om 'n kern gekonsentreer is, dan kongruerende suffikse. Met selfstandige verhoudingswoorde is dit anders gesteld: hulle dui dikwels die verhouding aan waarin 'n ander eenheid met 'n hele reeks of groep woorde staan wat dan nie verder in vorm hoef te kongrueer nie. Die grondverskil tussen sintetiese en analietiese tale is dan ook, dat die eerste die neiging het om deur middel van fleksievorme die verhoudinge tussen kern- en ander afsonderlike woorde aan te wys en die laaste baie meer vormwoorde gebruik wat op hele groepe slaan, waarvan die samehorigheid dan deur musikale middele en woordskikking aangetoon word. Vergelyk b.v.: Lat. *in nomine Patris et Filii en Spiritus Sancti*, Ndl. *in den naam des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes*, met Afr. *in die naam van die Vader en die Soon en die Heilige Gees*, waar die aksent aantoon, dat 'van' vir die hele reeks geldig is, en die woordskikking dat 'die Heilige' by 'Gees' hoort.

---

[1]) Vgl. *Handleiding in het Afr.*, bls. 47.
[2]) Malherbe, *Afr. Taalboek*, bls. 98-9.

Hierdie neiging om groepe te vorm waarvan die samehorigheid enkel deur die aksent aangewys word, ontwikkel die analietiese tale selfs daar waar nog fleksievorme aanwesig is. Ter illustrasie kan ons aanvoer die Engelse „puzzle": *Moses was Pharao's daughter's son; therefore Moses was the daughter of Pharao's son.* Hier word in die eerste sin gepouseer na 'Pharao's, en 'daughter's', maar die twede sin kan verskillend geaksentueer word. Pouseer 'n mens na ‚daughter' en spreek dan wat daarop volg met snelle tempo uit, dan word beweer dat Moses die dogter is, wat dus 'n absurditeit gee. Om die regte betekenis weer te gee moet 'daughter of Phárao's' met snelle tempo en eenheidsaksent uitgespreek word, en moet 'n mens dan voor 'son' pouseer. Hierdie sin kan letterlik vertaal word in Afrikaans: *Moses was Pharao se dogter se seun; daarom was Moses die dogter van Pharao se seun*, waarby dan blyk dat Afrikaans 'n ander groepering en 'n ander aksentuasie het. Pouseer 'n mens na 'dogter', dan gee die twede sin, net soos in Engels, onsin. Die pouses val na 'Moses' en 'Pharao', en wat tussen die pouses staan word vinnig uitgespreek. Engels, wat die *-s* vas aan die Substantief het, het in hierdie geval dus eenheidsaksent ontwikkel, sodat die *-s* feitelik 'n kasusuitgang van die hele woordgroep word; in Afrikaans het die Substantiewe ieder sy eie aksent behou, maar die groepsformasie word afgesluit voor *se*, wat deur 'n pouse van die groep geskei word. Daardeur behou *se* groter selfstandigheid en ontstaan 'n teenwerkende krag, wat dit daarvan weerhou om saam te groei met afsonderlike Selfst. Naamwoorde. Dit blyk ook mooi uit die eerste van die twee sinne, waar die sneller tempo in 'Pharao se dogter' dit moontlik maak om die eerste *se* as buigingsuitgang van 'Pharao' op te vat, maar die pouse na 'dogter' dit tot 'n onmoontlikheid maak om die twede *se* vir 'n fleksievorm aan te sien. Trouens by gemiddelde spreektempo (d.w.s. waar groepeformasies die tempo nie vinniger of stadiger maak nie) word *se* ook nie by die eerste Subst. gegroepeer nie, maar by die twede en word dus gesê: *Pharao / se dogter* met 'n (relatiewe) pouse tussen 'Pharao' en 'se'.

153. Behalwe op opsigselfstaande woorde, kan *se* dus betrekking hê op woordreekse as eenheid, of op 'n nader bepaalde groepskern wat met die bepalinge same ten opsigte van *se* 'n afsonderlike eenheid vorm. In albei gevalle word die groepering aangetoon deur die pouse voor *se*. Die bepaling hoef ook nie, soos in die tot nog toe genoemde gevalle, voor die kern te staan nie — dit kan ook daarna staan, maar daardeur word die noodsaaklikheid van 'n pouse voor *se* nie opgehef nie. Die mees voorkomende geval is dat die agtergeplaaste bepaling 'n byvoeglike bysin is, soos in die deur Prof. Bouman aangehaalde voorbeeld [1]): *Persone wat nie wil aansluit, se sake sal nie deur die lede van die organisasie behandel word nie.* Die „schroomvallige komma" na 'aansluit' is egter nie 'n „teken dat de konstruktie ietwat ver is gegaan" nie, maar 'n teken dat die skrywer heel goed gehoor het hoe hy die sin uitspreek, en toe die pouse aangedui het met 'n komma. Die enigste fout in die sin is dat *nie* vergeet is na 'aansluit'.

Samestelling.

154. Vir 'n samestelling moet ons aansien die verbinding van 'n Substantief of Pronomen met die vormwoord, soos in: *Pa-s'n, die koei-s'n, wie-s'n, dié-s'n* ens., waar die eenheidsaksent op die eerste lid val. Die verbinding is ook moontlik by die Besitlike Vnwde: *myne, jouwe (joune), hare, ons, julle, hulle, haarlie* en *sulle. Myne-s'n, jouwe-(joune-)s'n* en *hare-s'n* klink egter plat en *haarlie* en *sulle* word enkel gewestelik gebruik. Sulke verbindinge het 'n pregnante betekenis deurdat in hulle tewens opgeslote lê die inhoud van 'n reeds genoemde Substantief, en kom dan ook alleen maar in die nabyheid van sulke ander Substantiewe voor, b.v.: *Wie sy pyp is dit? — Pa-s'n.* Alleen waar die pregnante betekenis 'n heel onbepaalde karakter dra, hoef so 'n ander Substantief nie vermeld te wees nie. Vergelyk: *Kan sy nie*

---

[1]) *Syntaktiese Groepen in Afrikaans.*

agterna kom grens nie oor wat nie meer hare s'n is nie (Na Olikheid, bls. 19), waarmee vergelyk kan word die gebruik van *van* + Subst. in Nederlands: *wat niet van haar is.* As tussentrap kan ons ons voorstel gevalle waar die Subst. nie genoem word nie, maar 'n mens iets aanwys soos: *Wie-syn is dit? — Dis Piet-s'n.*

Opm. By hierdie samestellinge het geslags- en getalsonderskeiding heeltemal verdwyn en is alleen die uitgange *syn, s'n, s'nne* gebruiklik. Opmerklik is ook die lang vorm van hierdie uitgange, vergeleke by die bindwoorde. Die bestaan van die lang vorm hang same met die feit, dat die samestellinge altyd predikatief of selfstandig gebruik word, want in sulke gevalle weerstreef die Pronomen 'n vormverdunning. Ook as simpleks het die Besitlike Vnwd. in predikatiewe en selfstandige gebruik altyd 'n lang vorm (Vgl.: *my hoed* met *dis myne; myne is groter as jouwe*) en die feit dat ook die Besitlike Vnwde so 'n versterking nodig het, wys daarop dat die vormwoord in hierdie gevalle as 'n stut beskou kan word, wat dieselfde diens doen as *een* in ander gevalle (Sie § 91). In teenswoordige Nederlands dien *de* voor die Pron. Possessivum in sekere mate as so 'n stut *('t Is de mijne; de mijne is groter als de jouwe)*, sodat die verbindinge met *s'n* daar nie tot ontwikkeling kom nie. In sewentiende-eeuse Nederlands kon 'n mens sowel sê: *'t Is de myne* as *'t Is myne.* Dat in die teenswoordige Algemeen Nederlands steeds *de* gesê word en Afrikaans, waar die Lidwoord nie gebruik word nie, dikwels *s'n* gebruik, is seker verskynsels wat parallel loop.

155. *Geskiedkundig.* Die gebruik van die pronominale vorme as bindwoord het ontwikkel uit die gebruik as Besitlike Vnwde en wel deur verskuiwing van die sintaktiese groepering. In sinne soos: *der Sarrasine haer rike; den enen sijn penninc — beter is,* het die Substantief nog 'n kasusvorm wat deur die Lidwoord aangegee word. Met die verswakking van die gevoel vir die vorm van die Lidwoord het die opvatting dat die Voornaamwoord die kasus aangee, gepaard gegaan.[1]) Vandaar dat in moderne Nederlands in sinne soos: *Zij hebben de(n) man zijn geld gestolen* 'de(n) man' gewoonlik opgevat word as 'n bepaling van 'geld,' terwyl sowel 'de(n) man' as

[1]) Van Helten, *Vondel's Taal,* § 271.

'zijn geld' vroeër objekte was van 'gestolen.' Vgl. vir Afrikaans: *'n tragedie wat vyf Afrikaners hul lewe gekos 't aan die galg* (Piet Retief, bls. 10). Sulke sinne het ook voorgekom by Substantiewe wat lewenslose voorwerpe aandui. Vgl.: *En stoppen toe den Tems met lycken synen kil* (Geeraert van Velsen); *'t Ryck sijn see* (Sophompaneas). Tog is die konstruksie met pronominale vorm as bindwoord in moderne Nederlands beperk tot lewendige wesens. In die sewentiende eeu was dit anders. Huygens skrywe b.v.:

Gelyck de siecke mann het eene Bedd verveelt
Tot dat hy 't ander proeft, en dat het niet en scheelt
Van 't eerste sijn gemack. soo ruyl ick Berck voor Eicken
En Elst voor Bercken-bosch. (Hofwijck vss. 335-8) en Hooft:
Wat raet om 't hol zijn deur te vinden? (Geeraert van Velsen).

Hierdie konstruksie, wat die grammatisie veroordeel het, verdwyn na 1625 uit die werk van Hooft, Vondel en aanhang. Huygens het dit egter sy hele lewe deur bly gebruik, en die onverswakte lewenskrag wat dit in die gesproke taal behou het met die eervolle plaas wat dit na 1880 in die Nederlandse literatuurtaal herower, bewys andermaal dat die lewende taal hom weinig steur aan die voorskrifte van taaldespote.

Ons het reeds aangetoon hoe *z'n* ook in Ndl. na Vraende en Aanwysende Vnwde gebruik word, en by die s.g. Onbepaalde Vnwde wat uit Substantiewe ontstaan het, is die gebruik van *sy* haas vanselfsprekend. Vir die gebruik van die woord na 'n Betreklike Vnwd. siteer Van Helten reeds uit W. van Hildegaersberch 'n voorbeeld [1]: *Wies sijn viande.* In sommige Saksiese dialekte in Nederland word *z'n* teenswoordig ook na vroulike persoonsname gebruik.[2] Ook in Platduits word die pronominale vormwoorde op uitgebreide skaal gebruik na substantiewiese Pronomina. Voorbeelde daarvan is: *Wen' sin Hoff is dat? Wokeen sin Köh hest du vunnacht wat andan? Een sin Dod is den annern sin Brot. Dat is de Bur, den' sin Fru dod*

---

[1]) *Vondel's Taal,* § 271.
[2]) Mededeling van Prof. de Vooys.

blęben is en „im Scherz wird wohl auch *min sin* gesagt." Platduits gaat selfs verder as Afrikaans, want ook die Persoonlike Vnwd. word deur so 'n vormwoord met 'n Subst. verbind: *Is dat Se ęr Hund?*, waaruit in Angelen die samegetrokke vorm *sirs* ontstaan het: *Se . . feswunnen för sirs Oogen.*[1])

Die samestelling moet ontstaan het uit die substantiewiese gebruik van die Besitlike Voornwd., waarin dus die betekenis van 'n voorafgaande Subst. opgeslọte gelê het. In Hoogduits was sulke konstruksies voeër baie in trek. Vergelyk: *kein geringerer Heldenmuth als Carls des Grossen seiner; dieses Schloss wäre Lord Eduards seinem gleich; dass seine Werke sehr nahe an des Moliere seine kämen,*[2]) ens. Of die samestelling ook in Platduits voorkom is nie duidelik uit die voorbeelde nie, maar in 'n ander Saksiese dialek, die Groningse, is dit wél bekend. Op die vraag *Wies boek is dat?* antwoord die Groninger: *Jan zienent.* [3]) (Let ook hier op die lang vorm).

Is dit nou nodig om nog ander invloede ook aan te neem vir die uitgebreidheid van die konstruksies met *se,* ens. in Afrikaans? — Teoreties is dit seker nie nodig nie, want dis duidelik dat in die vorme van Nederlands en Duits wat aan die Kaap gepraat is, die pronominale bindwoorde tussen soveel soorte substantiewiese woorde gebruik geword het, dat die analogiese uitbreiding tot iedere soort substantiewies gebruikte woord moontlik was. En op die vraag wat die stoot gegee het tot dié uitbreiding kan die antwoord, soos in soveel ander gevalle, wees, dat die vermenging van dialekte en die aanleer van die taal deur vreemdelinge sulke analogie-werkinge sterk moet bevorder het. Maar ons moet rekening hou met die historiese feite en dan moet erken word, dat in hierdie geval nog 'n besondere invloed aanwesig was. Prof. Hesseling, wat die uitbreiding van die „omschrijving van den genitivus door middel van 't bezittelijk voornaamwoord" onder die vormleer behandel — iets wat maar vir

[1]) Meyer, *Unsere Plattd. Muttersprache,* bls. 69.
[2]) Paul, *Deu. Grammatik* III, bls. 325.
[3]) W. de Vries, *Dysmelie,* bls. 64.

'n baie klein gedeeltetjie geregvaardig is — het vermoedelik ook hier aan Maleis-Portugese invloed gedink.[1]) Dr. Bosman het hom vergenoeg met daarop te wys, dat reeds van Riebeek sulke vorme soos: *de hoenders hare nesten* en *'t schip den Olifant syn touw* gebruik en sonder nadere verklaring te sê, dat die uitbreiding van die gebruik van sulke analietiese vorme in Afrikaans net is wat ons sou verwag. Uit die feit dat *haar [en hulle!]* soms nog voorkom, konkludeer hy, dat die uitgebreide gebruik van *se* 'n vereenvoudiging van betreklik jonge datum is.[2]) Daarby verloor hy egter uit die oog, dat die voltrekking van so 'n proses 'n lang tyd in beslag kan neem, en die feit dat die ander vorme in sommige dele van die land nog nie heeltemal deur *se* verdring is nie, dus niks hoef te bewys vir die tyd van oorsprong nie. Die afwykende gevoel vir die woordgeslag by die inboorlinge kom nouliks is aanmerking, daar Afrikaans 'n onderskeid maak tussen die gebruik van die bindwoord en die Besitlike Vnwd.

Inderdaad was ook in Mal. Port. die gebruik van *suwa* = Mal. *punja* seer verbreid. Net soos Platduits gaan Mal. Port. by die gebruik van *suwa* na Voornaamwoorde selfs verder as Afrikaans en dieselfde vorm kom by alle geslagte en albei getalle voor, sodat ons daar vorme kry soos: *minja suwa* = my; *eli suwa* = sy; *ijo iste suwa rekadu* = my groete; *me suwa subrinja* = my niggie; *esta alber alber suwa fruta* = hierdie bome se vrugte. Die aanwesigheid van sulke vorme in Mal. Port. en in Platduits kan baie goed meegehelp het om Afrikaans iets verder dieselfde rigting op te drywe as dit anders sou gegaan het. Veral die gebruik van *suwa* na temporale Bywoorde, soos in: *agora suwa tempu* = Afr. *nou se dae* = Port. *o tempo de agora,* toon 'n merkwaardige ooreenkoms met Afrikaans, wat in Europese tale onbekend is.[3]) Vir inwerking van Mal. Port. in hierdie geval pleit ook die

---

[1]) *Het Afrikaansch,* blss. 134-6.
[2]) *Afr. en Mal. Port.,* bls. 95.
[3]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 216 vlgg.

feit, dat 'n soortgelyke gebruik van *se* nie deurgevoer is by die lokale Bywoorde nie. Sulke uitdrukkinge kan ook meegewerk het om die gevoel vir die onderskeiding naar geslag en getal af te stomp.

Volledigheidshalwe moet ons op nog 'n ander taal wys wat die uitbreiding van die konstruksie in Afrikaans kan bevorder het. In „Die Huisgenoot" van Febr. 1923 (blss. 452 vlgg.) lê Adam Boshoff die volgende woorde in die mond van Jakob Wag-'n-Bietjie, 'n baster Boesman-Griekwa van Gensboklaagte aan die soom van die Kalaharie: *hy ge-seet nou by hyse vrou.* Gemelde Jakob Wag-'n-Bietjie praat verder van: *hyse stoel; hyse geseg; hyse mamma se melk; hyse name; hyse ou viool,* ens. Nou bestaan daar in Hottentots [1]) twee partikels wat kan gebruik word om Besitlike Vnwde van Persoonlike Vnwde te vorm, n.l. *ā* en *di.* Die woordorde (Subst. + Part. + Pron. Pers.) toon aan dat die Grikwa-afrikaanse konstruksie nie op 'n vertaling van sinne met die eerste partikel kan berus nie. Dit moet dus teruggaan op uitdrukkinge soos: *ti di khóin; sa di hāb; //ĕib di ómi* wat ons woordelik kan vertaal: *ek se vrinde; jy se perd; hy se huis.* Maar hierdie *di* is ook die gewone genitiefspartikel by Substantiewe en staan na die geregeerde en voor die regerende Subst., sodat ons ook *khoib di hāb* Woordelik kan vertaal: *die man se perd.* Wie sal ontken dat ook Hottentots kan meegehelp het om die uitbreiding van *se*-konstruksies in Afrikaans te bevorder?

(6) *Verbinding deur middel van Preposiesies.* [2])

156. Substantiewe (Pronomina) kan ook deur middel van Preposiesies met mekaar verbind word. Die Substantiewe behou dan ieder sy eie aksent, en as geen spesiale klem bedoel word nie, het die Preposiesie ondergeskikte aksent.

[1]) Ons gee natuurlik die *Nama*-vorme.

[2]) Bewerk naar: Paul, *Deu. Grammatik,* § 311; Den Hertog, *Nederl. Spraakkunst* I, bls. 86; III, §§ 116-8.

Hoewel die naam Preposiesie (Voorsetsel) te kenne gee dat die bindwoord voor die (twede) Subst. staan, kom dit ook dikwels voor dat dit daarna staan of dat meer as een Prep. gebruik word wat gesamentlik die twede Subst. omring.

157. Deur middel van die Voorsetsels kan teenswoordig seer verskillende verhoudinge uitgedruk word en van hierdie verhoudingswoorde word dan ook 'n seer ruime gebruik gemaak. Histories word die ontstaan van die hele woordsoort verklaar uit 'n verskuiwing van die sintaktiese geleding, waardeur oorspronklike Bywoorde as samegaande met Substantiewe opgevat is. Soos ons nou nog in sinne soos: *Hy loop die rivier langs; hy loop die brug oor,* ens. 'rivier' en 'brug' kan opvat as 'n plaasbepaling by 'loop', en 'langs' en 'oor' as 'n twede bepaling, of anders 'langs' en 'oor' as verbindingswoorde tussen 'loop' en 'rivier', en 'loop' en 'brug' — so sou die Ww. oorspronklik 'n bepaalde kasus van die Subst. geregeer het en daar dan nog 'n Bywoord naas gestaan het. Later het die opvatting dan ontstaan, dat die woord wat oorspronklik 'n Bywoord was, die kasus van die Subst. regeer. Uit die gebruik as bindwoord tussen Ww. en Subst. het dan ook die gebruik as bindwoord tussen Subst. en Subst. (en ook tussen Adj. en Subst.) ontstaan, en wel langs die weg van Substantiewe met werbaalstam tot Substantiewe in die algemeen. By die verhoudinge wat op hierdie manier tot stand kom, kan ons onderskei tussen twee groot betekenisklasse: I. Verbindinge waarin die twede Subst. dien om die betekenis van die eerste te vul. In sulke gevalle kan die eerste Subst. parallel gestel word met Ww. en Adje. waarvan die inhoud deur 'n Objek voltooi word. II. Verbindinge waarin die twede Subst. dien as bepaling van die eerste.

I. *Voltooiinge:*

158. (a) Ter voltooiing van die betekenis van 'n Subst. word in die reël dieselfde Preposiesies gebruik as by die voltooiinge en bepalinge van ooreenkomstige of analogies daarmee gelyk gestelde Werkwoorde. Daardeur kan lokale verhoudinge uitgedruk word, n.l.: (α) rigting na: *die reis na*

Kaapstad; *die geroep om hulp*; (*β*) rus of beweging binne bepaalde perke: *'n wandeling op straat*; *die sittery op die bank*; (*γ*) rigting waarvandaan: *die val van die stoep af*; *'n slukkie uit die emmer*. Dit is almal gevalle waar die betekenis van 'n Subst. wat 'n handeling (of wat as handeling gedag word) uitdruk, voltooi word. Op dieselfde manier kan 'n mens die betekenis van 'n Subst. wat die verrigter van 'n handeling noem, voltooi: (*α*) rigting na: *die reisiger na Kaapstad*; (*β*) rus of beweging binne bepaalde perke: *'n helper in die nood*; (*γ*) rigting waarvandaan: *'n redder uit die nood*.

159. 'n Besondere betekenis het konstruksies, waarin twee gelykluidende Substantiewe deur middel van 'n Preposiesie verbind word, soos in: *hand in hand, skouer aan skouer, kop om kop* wat beteken: die een sy hand in die ander-s'n; die een sy skouer by die ander-s'n; die een sy kop by die ander-s'n.

160. (b) Substantiewe wat gevorm word van Adjektief-stamme, en analogies daarmee gelykgestelde Subste., word deur middel van dieselfde Preposiesies as die betrokke Adjektiewe voltooi: *sy roodheid in die gesig*; *sy lompheid van uiterlik*.

161. (c) Voltooiinge wat ooreenkom met die direkte Objek by die ooreenkomstige of analogies daarmee gelykgestelde transitiewe Ww., word deur middel van *van* met die Subst. verbind. [N.B. Hier word transitief genoem ook dié Ww. wat onder sekere omstandighede deur middel van *vir* met hulle Objek verbind word (Sie § 274)]. Op hierdie manier word dus dieselfde uitgedruk as deur die Genitivus Objectivus: *die bevryding van die land*; *die beleëring van die stad*; *die doodskiet van die rebel*.

162. (d) Ander oorspronklike genitiefsbetrekkinge waarin die betekenis voltooi word en wat deur middel van *van* kan uitgedruk word, is: (*α*) die betrekking van verhoudingsbe-grippe tot hulle voltooiing: *die vader van die huisgesin*; *die president van die republiek*. (*β*) dat 'n eienskap aan 'n voorwerp ens. kleef; *sy helderheid van gees*; *die opregtheid*

van sy gemoed. Die voorwerp kan egter ook dien om die eienskap te karakteriseer: *die geduld van 'n lam*; *die liefde van 'n moeder.* (γ) dat iemand die vervaardiger of verrigter van 'n werk of werksaamheid is: *die gedigte van Celliers*; *die metode van Pestalozzi*; *die landtog van Van der Stel.* (δ) dat iemand of iets die volmaakste in sy soort is: *die boek van alle boeke.* (ε) dat persone, sake, eienskappe, ens. 'n geheel vorm waartoe 'n deelbegrip hoort: *iets van haar aantreklikheid*; *drie van haar seuns*; *party van ons.* Hierby hoort ook die Anglisisme: *die hele van die ander dag* (Nuwejaarsfees, bls. 190).

163. (e) Deur middel van *deur* word die verrigter van 'n werk uitgedruk: *die beskrywing deur Plinius.* Gewronge word die konstruksie as daardeur uitgedruk word dat 'n toestand ondergaan word, soos in: *die verblyf deur hom aan die strand.* Die verhouding kom dus ooreen met die van die grammatiese Subjek tot die Ww. en kan ook uitgedruk word deur middel van *van.* (Sie d, γ.)

164. (f) Dat die geldigheid van 'n begrip beperk word tot 'n bepaalde ander begrip kan deur middel van verskillende Preposiesies uitgedruk word: *sy oordeel omtrent (aangaande) die saak*; *'n indeling naar die vorm*; (literêr): *in verband met die moeilikhede wat daar toen ontstaan is, nopens die uitvoering van syn bouw-kontrakte* (Piet Retief, bls. 14).

165. (g) 'n Eienaardige soort betekenisvoltooiing is gelykstellinge, waarin die twede Subst. te kenne gee waaroor gepraat word en die eerste Subst. uitdruk waarmee dit geïdentifiseer word. As bindwoord dien *van. Die snuiter van 'n jong seun in Kakie* (Vergeet Nie, bls. 81); *dieselfde klein bog van 'n seun* (Vergeet Nie, bls. 118); *'n niksnuts van 'n vent*; *'n boom van 'n kêrel*; *'n reus van 'n man,* ens., ens. Ongeveer dieselfde verhouding kan in sommige gevalle uitgedruk word met die vergelykingswoord *soos: 'n kêrel soos 'n boom*; *'n man soos 'n reus.* Die verskil is, dat in die laaste geval iets voorgestel word as 'n vergelyking maar by vooropplaatsing van die gelykende begrip as 'n identiteit. (Vgl. § 181.)

166. *Geskiedkundig.* Konstruksies van hierdie aard kom

in Nederlands reeds in die Middeleeue voor: *een leeuw van een man,* en is ook in ander tale goed bekend. Vgl.: Hd. *ein Teufel von einem Weibe*; Fr. *c'est un diable d' homme*; Eng. *a devil of a fellow.* [1])

II *Bepalinge*:

167. (a) *Van* word gebruik om die volgende genitiewiese bepalinge uit te druk: (α) die besitter van iets: *die erf van Naboth.* (β) die persoon of saak ens. waarby iets hoort: *die diere van die veld; die berge van Skotland*; *Lenie van Tant Sannie.* (γ) die eienskap, werksaamheid ens. wat aan 'n persoon, saak, ens. toekom: *'n man van gebed; 'n man van betekenis*; *'n man van die pen; 'n daad van barmhartigheid.* Die eienskap kan ook dien om iets te karakteriseer: *die misdaad van hoogverraad; die ondeug van dronkenskap.*

168. (b) Die maat, gewig, omvang of hoeveelheid van iets kan ook deur middel van *van* uitgedruk word: *'n baal kaf van 50 pond*; *'n pakkie kerse van 6 stuks; 'n stukvat van 6 lêer.*

169. (c) 'n Prys kan aangegee word deur middel van *vir; lekkers vir 'n oulap; lemoene vir 'n halfkroon.*

170. (d) Bepalinge van herkoms en plaas word deur middel van verskillende Voorsetsels uitgedruk: *Mnr. X. van Kaapstad*; *'n wind uit die Noorde; die brug oor die rivier; Ladismith in die Kolonie; 'n skip op see.*

171. (e) Ook om bepalinge van tyd uit te druk doen verskillende Voorsetsels diens: *die aand voor die geveg; die dag na die gebeurtenis; 'n verhaal uit die verlede; 'n wandeling in die maanskyn.*

172. (f) By bepalinge van stof word *van* gebruik: *'n huis van klei; 'n dak van riet.*

173. (g) Bepalinge van begeleiding of samegaan word veral deur middel van *met* uitgedruk: *'n mandjie met vrugte; die wa met perde*; *koffie met melk.* By ander Voorsetsels soos in: *'n slang op versterkwater* kan 'n mens die twede Subst. as 'n bepaling van plaas óf van begeleiding beskou.

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 153 Opm. IV.

174. (h) Verder word deur Preposiesies nog 'n groot aantal ander bepalinge uitgedruk wat ooreenkom met adwerbiale bepalinge by Werkwoorde, soos:

Oorsaak: *'n verkouendheid deur onverskilligheid; rusie oor water;* (literêr) *rusie weens politieke verskille.*

Grond: *'n besluit kragtens Artiekel 20.*

Middel: *'n steek met 'n mes (saam).*

Gevolg: *Straf by oortreding van die wet.*

Doel: *'n Middel tot beterskap; 'n poging om te slaag.*

Voorwaarde: *Hulp ingéval van moeilikhede.*

Toegewing: *Sy moed ondanks teenspoed.*

Manier: *'n Protes by wyse van werkstaking.*

Vaste Preposiesies.

175. By 'n groot aantal Substantiewe word 'n vaste Preposiesie gebruik wat gewoonlik dieselfde is as by die ooreenkomstige Werkwoorde en Adjektiewe gebruik word. Vbb. is: *vol hoop op 'n vergulde toekoms* (Misdade, bls. 58); *vrees vir, verlange na, vertroue op, geskiktheid vir, tevredenheid met, skade aan, iemand of iets.* Dis eienaardig dat, hoewel daar so 'n vaste samehang tussen sulke Subste. en bepaalde Preposiesies bestaan, daar tog geen neiging is om die verbinding tot 'n kompositum te maak nie. Die pouse val altyd voor die Preposiesie, wat dus veel meer neiging vertoon om met die Substantief wat volg same te groei. Daarvan word dit egter gewoonlik weerhou deurdat die volgende Substantiewe so verskillend kan wees. As die Subst. wat die voltooiing uitdruk eerste staan word die Prep. ook gewoonlik daarby gegroepeer. Vgl.: *Vir sulke werk het hy nie die geskiktheid nie.* Dog nie altyd nie. Vgl.: *Die dennebome gee Gert voor pad* (Prosabundel, bls. 142).

176. Gunstiger is die voorwaardes vir samestelling as Substantiewe wat lede is van 'n bepaalde klas, deur dieselfde Preposiesie voorafgegaan word. So 'n klas vorm die Infinitiewe wat same met *om te* dien om die betekenis van 'n ander Substantief te vul. Vgl.: *Jy is nouliks in 'n toestand om te*

trou (Getrou, bls. 23); *lus om te gaan*; *moed om te lewe*; *vrees om te beledig*; *gevaar om oorrompel te word*; *hoop om te slaag*; *begeerte om te oorwin*, ens., ens. Hier bestaan werklik rede om van samestelling van *om te* met die volgende Infinitief te praat. Net soos na Ww. kom in die geskrewe taal, onder Nederlandse invloed, egter ook dikwels sinne voor met enkel *te*, wat dus nog met *om te* mededing om 'n plek as eerste lid van die samestelling.

Opm. In Suidnederlands word ook *om* sonder *te* gebruik: *om sien, om doen,* ens.

177. Ook 'n groot aantal bepalinge wat deur middel van 'n Preposiesie met die bepaalde woord verbonde was het deur verskuiwing van die sintaktiese geleding samegegroei met die Preposiesie, sodat Prep. + Subst. same nou dien tot bepaling van die eerste Substantief. Analogies kan ook nuwe samestellinge naar dieselfde model gevorm word. Dikwels is die geleding so vlottend, dat altwee opvattinge moontlik is, t.w. dat die Preposiesie dien as bindwoord, of dat die Preposiesie deel uitmaak van die bepaling. Sulke samestellinge ontstaan veral uit samekoppelinge wat dikwels in 'n bepaalde vorm voorkom of geïsoleer raak, of wat as geheel, of in een van sy lede, figuurlik moet opgevat word. Vbb.: *'n komplot in die geheim*; *'n belofte buite medewete van sy kollega*; *'n weldoener met milde hand*; *'n tog per rytuig, te voet, met die trein* (oorspronklik instrumentale bepalinge); *trane met tuite* (oorspronklik 'n bepaling van begeleiding); *'n hoed sonder rand* (oorspronklik 'n genegeerde begeleiding).

178. By partitiewe verhoudinge kan die bindwoord ook nog die betekenis van die eerste Substantief absorbeer, sodat die verbinding Subst. + Prep. + Subst. word tot Prep. + Subst., b.v. *party van hulle* word *van hulle*. Hierdeur ontstaan egter geen samestelling nie, maar 'n nuwe verbindingstiepe. (Sie § 376).

Opm. bij §§ 157-178. Vir die gebruik van die voorsetsels in ander tale moet ons verwys na die groot woordeboeke, soos: die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* deur De Vries e.a.;

Grimms Deutsches Wörterbuch; Murray's New English Dictionary; die *Dictionnaire de l'Académie Française*; ens., maar veral ook na die meesterlike behandeling in H. Paul se *Deutsches Wörterbuch*. Dis te hope, dat die toekomstige groot Afrikaanse Woordeboek net so 'n deeglike behandeling van die gebruik van die Preposiesies in Afrikaans sal bevat! Deur hulle enigsins vae betekenisinhoud is veral die lede van hierdie woordsoort in hulle gebruik onderhewig aan gedurige wisselinge en oorgange. Daarom is dit opmerklik dat Afrikaans in die gebruik van hierdie woordjies so weinig verskil van Nederlands. Vir die vernaamste verskille tussen sewentiende-eeuse en hedendaagse Nederlands kan ons ook verwys na die studies van Van Helten [1]) en Van der Veen [2]). By 'n kritiese studie is die werk van die laaste veral leersaam, omdat daarin die voorsetselgebruik — egter sonder skifting — van twee afsonderlike dialekte, die Brabantse en die Noordhollandse, behandel is. In veel gevalle waar die Algemeen Beskaafde Nederlands vandag afwyk van die sewentiende-eeuse konstruksies, het Afrikaans die ouer toestand bewaar. Om herhaling te voorkom noem ons ter illustrasie hier voorbeelde van sulke gevalle na Ww. en Adj$^{e.}$, sowel as na Subst$^{e.}$, uit die dialek van Noord-Holland, meer bepaaldelik Amsterdam, in die sewentiende eeu [3]): *mannen met de naam; by sich selven komen; leven op iets; praten van iets; met iemand spreecken van iets; aen brant steken; wel vaeren van iets; vatten na iets; wonen op een plaats; geboren van; sieck van; vriendelijck met*; *arm van; rijck van; verlooft aen.*

Die mees opvallende nuwe ontwikkeling in Afrikaans is die veelvuldige gebruik van *vir*, dikwels ten koste van ander Preposiesies [4]). (Sie ook § 271 en § 274).

Dis alweer die vae inhoud van die Preposiesies wat daarvoor verantwoordelik is, dat juis hierdie woordsoort die Engelse invloede so moeilik kan weerstaan. Onder die Anglisismes in 'Johannes van Wyk' noem Dr. E. C. Pienaar [5]): *di dorpi van Stellenbosch; fluister aan* [Afr. *vir] hom; buiging aan* [Afr. *voor] haar; op één geleentheid;* en in 'Stompies': *in die maand van*

---

[1]) *Vondel's Taal*, §§ 238-240.

[2]) *Taaleigen van Bredero*, §§ 112-114; 144-162.

[3]) Uit van Helten, *Vondel's Taal*; Van der Veen, *Taaleigen;* Boekenoogen, *De Zaansche Volkstaal.*

[4]) Vgl. *Handleiding*, bls. 63 en bls. 78. Vir die ontstaan van die Preps. *bokant, onderkant* ens. vgl. *Handleiding*, bls. 60; en Bosman, *Ontstaan van Afr.*, bls. 116.

[5]) *Taal en Poësie*, bls. 122 en bls. 128.

April; vir die kortste van oomblikke; vir 'n volle jaar. Dr. P. C. Schoonees[1]) noem as voorbeelde van Anglisismes o.a. by von Wielligh: *die naarste van drome; in vatbare wyse opgestel;* by de Waal: *voorsien met; vermorsel aan 'n rots; hy roep op die sangpaar; vervang met; gedagtes in die saak vorm; om jou naamtekening aan hierdie getuigskrif te verkry; om hom met die nou gang te begewe na sy kompartement; hy spring met 'n skrik in sy sitplaas op; 'n kelkie tot mekaar se gesondheid drink; „kom!" roep die boer aan die pêrde; duskant van Paardeberg; ryk in bobbiaan....;* by J. H. Malan: *Uit die gang uit gaan 'n mens by 'n rei trappe op na bo; student in 'n Neerlandse Uniwersiteit; sakdoeke aan die vertrekkende gewaai.*

In geskrewe Afrikaans tree ook Nederlandse invloede sterk op die voorgrond. Vergelyk b.v.: *Om te wag op die jong mannetjie* (Oerwoud, bls. 75); *en veg op lewe en dood* (Vergeet Nie, bls. 26); *maar wat sal hy aan haar sê* (Vergeet Nie, bls. 35); *sê die een teen die ander* (Getrou, bls. 17).

Twee inwendige oorsake werk mee tot onvastheid in die gebruik van die voorsetsels. Die eerste is die onbeholpenheid wat aan die dag kom as skrywers 'n deftige taal probeer gebruik wat hulle nie beheers nie. Vergelyk b.v.: *die kroon was .. deur mak-roosmaryn ... versier* (Prosa, bls. 219). Maar veral kontaminasies kan hier hoogty vier[2]). Vgl.:

Sekere voorstanders vir 'n Bybelvertaling (E. Skrywers, bls. 19) [< voorvegters vir].

Dat Engels 'n gevaarlike mededinger teen Hollands en Afrikaans is (E. Skrywers, bls. 90) [< vegter, stryer ens. teen].

Onder ons mense hier aan Kaapstad (E. Skrywers, bls. 159) [< hier aan die Kaap].

En bedien hom met die hotnot- of griekwabenaming (E. Skrywers, bls. 115) [< bedien hom met kos, = voorsien van].

Eindelik eis die oseaan die landstreke terug wat sedert eeue van hom ontleen is (Getrou, bls. 19) [< van hom geleen].

Uit ou wisselvorme soos *bekommeren om* en *bekommeren over, schamen om* en *schamen over* het in Afrikaans 'n gelykstelling van *om* en *oor* op veel uitgebreider skaal ontstaan, waarby *oor* die winnende party is. Vgl.: *Gaan jy nou werklik daarheen oor die ou noointjie* (Na Olikheid, bls. 27). Deur bemiddeling van sinne soos: *daar staan 'n boom langs die weg,*

---

[1]) *Die Prosa van die Twede Afr. Beweging*, bls. 99, blss. 129-130, bls. 219.

[2]) Vgl. ook Bouman, *Syntaktiese groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).

het by *langs* in Afrikaans elke gedagte aan lengte of beweging verdwyn, sodat 'n mens kan sê: *die man staan langs die ashopie.* Eindelik vertoon partisipiale uitdrukkinge 'n kontaminasie wat beïnvloed is deur die verbindingstiepes van Substantiewe. Soos die passiewe Verbum Finitum kry die adjektiewiese passiewe Part. Preteriti 'n instrumentale bepaling wat ingelei word met die bindwoord *deur*. Vergelyk:

Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande (Vergeet Nie, bls. 5).

'n Groot dam, omgroei deur breedspreidende wilgerbome (Vergeet Nie, bls. 12).

Nog 'n skoot val, deur die... maanhaar uitgelok (Oerwoud, bls. 31).

Naar die model van die dubbele manier, deur middel van *deur* en *van*, om die verhouding van Gen. Subjectivus by Substantiewe uit te druk (§ 163), dring, versterk deur die analogie van die talryke Adj$^{e.}$ met *van* (vgl. *bewus van, siek van, moeg van, treurig van* ens.), en deur die van nomina agentis, soos: *die maker van, die beoordelaar van,* ens., die Preposiesie *van* hom egter ook op as bindwoord by sulke Part$^{a.}$ Vgl.:

Wat nog onbeskadig van asvoëls daar lê (Oerwoud, bls. 71).

En dan gewaag ons nie eers van die lyding van die voorste voortrekkers in stilte verduur (Boervrouw, bls. 115).

Vervolgens werd van die landdros die bouw-plan goedgekeur vir 'n drosdy (Piet Retief, bls. 14).

179. *Geskiedkundig.* In die middeleeue kon die meeste voorsetsels sowel die Datief as die Akkusatief regeer. Enkele kon, veral by 'n Aanwysende Vnwd., ook die Genitief regeer, en daar was ook nog reste van die ou Instrumentalis na 'n Voorsetsel. 'n Paar Voorsetsels het egter byna uitsluitend 'n Akkusatief verlang. [1])

In sewentiende-eeuse Nederlands kon deur gelykheid van vorm gewoonlik nie meer uitgemaak word of die geregeerde kasus 'n Datief of Akkusatief was nie. [2])

In Afrikaans het die verdwyn van alle vormverskil om kasus uit te druk by Subst$^{e.}$ teweeggebring dat die Preposiesies die een gemeensame vorm regeer. By sommige Pronomina

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 118-120.

[2]) Van der Veen, *Taaleigen,* § 147.

bestaan egter nog 'n verboë vorm wat te onderskei is van die Nominatief en deur die Preps. geregeer word *(die woorde van hom; die beroep op my,* ens.), en ook by Subste. bestaan nog verstarde reste van die ouer kasus-reksie. Vgl.: *te allen tyde; in den beginne; mettertyd; ten dele; in der daad* ens. Daarteenoor staan dat in die Noorde *ek en jy* as 'n eenheid gevoel word wat onverboë bly. Vgl.: *Maar vir Duimpie was dit so veel soos 'n hele bottel vol sou wees vir ek en jy* (Duimpie II, bls. 32).

(7) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

180. As twee Substantiewe (Pronomina) waarvan die een die ander bepaal, deur middel van 'n Konjunksie met mekaar verbind word, behou by gewone betoning ieder sy eie aksent en is die aksent van die Konjunksie ondergeskik. Drie Konjunksies kan hierdie enigsins preposisionele funksie vervul: *soos (net soos) [<* Ndl. *zo als], nes [<* Ndl. *net als]* en as. Ndl. *gelijk*, Vlaams *lijk*, kom nie meer voor in gesproke Afrikaans nie.

181. *Soos* en *nes* word gebruik om 'n vergelyking uit te druk. Vgl.: *'n kêrel soos (nes) 'n boom; 'n voet soos 'n poot; met 'n geluid net soos 'n snik* (Misdade, bls. 97). Soos by die verbindinge met *van* (Sie § 165.) kan die woord wat aangee waarmee vergelyk word, as die belangrikste, voorop gestel word. Dan is dit egter beter om van 'n identiteit as van 'n vergelyking te praat. Vgl.: *'n Niksnuts soos jy?* (Na Olikheid, bls. 29). Die uitbreiding met *is* — vgl.: *Om vir jou, so 'n basterd soos jy is, te laat vang* (Na Olikheid, bls. 36) — is my in die spreektaal nie bekend nie. Dit kan 'n vertaling wees van Ndl. *die je bent* of Eng. *you are*; of is dit 'n spontane ontwikkeling?

182. Deur verbindinge met *as* word 'n beperkende hoedanigheid agteraf vermeld. Vgl.:

Hulle het hom as kind goed laat skoolgaan (Veld, bls. 112).

In 1834 sien ons die vrouw van J. J. Uys met haar man en ander kommissielede als die enigste vrouw waag om die vreemde wildernis in te gaan (Boervrouw, bls. 72).

183. In literêre Afrikaans kom egter dikwels onder Nederlandse invoed ook *as* by vergelykinge voor, waar suiwer Afrikaans *soos* of *nes* eis. Vgl.:

Dat 'n taal as Engels, wat algemeen as 'n tiepiese mengeltaal beskou word, daarin verskil . . . (Ontstaan van Afr., bls. 14).

Die verlies van die slot-t in woorde as h e r f s. (Idem, bls. 95).

Opm. by §§ 180-3. Die vorm *als* is in die gesproke taal onbekend en sedert enige jare ook in die geskrewe taal verouderd.

HOOFSTUK III.

Die Adjektiefgroep.

A. *Adjektief + Substantief (of Pronomen).*

184. Hierdie verbinding het ontstaan by die predikatiewe gebruik van die Adjektief en is in hoofsaak nog daartoe beperk. (Vir afwykinge sie benede.) Die verbinding dien tot voltooiing of nadere bepaling van die betekenis van die Adjektief. By die predikatiewe gebruik, dus in gevalle soos: *Hy is vry van bedrog, vry by ons,* sou ons, wat de betekenis-inhoud betref, net so goed kan praat van 'n voltooiing of bepaling van die Werkwoord *[is vry]* as van die Adjektief *[vry]*. Die taalgevoel groepeer, soos die spreektempo aantoon, in sommige gevalle die Adjektief by die Werkwoord, sodat die voltooiing (bepaling) die hele verbinding geld: *dis breed — drie duim*; in ander gevalle die Adjektief by die voltooiing (bepaling), sodat die laaste alleen die Adj. geld: *dis / drie duim breed.* Gewoonlik word Ww. + Adj. + voltooiing (bepaling) met ongeveer gelyke tempo uitgespreek, wat dan die moontlikheid ooplaat vir 'n geleding waarin die Adjektief òf na die een kant of na die ander geruk word. Ook die tempo gee dus geen aanduiding wat vir alle gevalle geldig is nie.

185. Van die vyf vormtiepes wat ons onderskei kan die Subst. (Pron.) alleen by die vierde dien tot bepaling van die Adjektief òf tot voltooiing van sy betekenis. By al die ander dien dit tot betekenisvoltooiing.

(1) *Verbinding deur 'n kasus-uitgang aangedui.*

186. In ouer vorme van Germaanse tale was die gebruik van 'n casus obliquus 'n baie algemene middel om die inhoud van 'n Adjektief aan te vul. In sewentiende-eeuse Nederlands was die gebruik van hierdie middel al sterk verminderd en

in teenswoordige Nederlands is daar maar min van oor.[1]) In Afrikaans is daar van die Genitief in hierdie gebruik nog maar net 'n paar verstarde oorblyfsels. Dit is twyfelagtig of *mans genoeg* daarby gereken kan word, omdat die hoofgetalle en ander hoeveelheidswoorde substantiewies sowel as adjektiewies kan opgevat word. Wat oorbly is 'n aantal uitdrukkinge wat alleen in Bybels-gekleurde taal voorkom: *vol soeten wyns; des doods skuldig; syner (myner, uwer) gedagtig, genadig, indagtig.* Die Substantief of Pronomen kan dus voor of agter die Adj. staan en die aksent is gelykmatig. By al die opgegewe voorbeelde was dit moontlik, hoewel minder gebruiklik, om die volgorde om te keer: *soeten wyns vol, skuldig des doods,* ens.

187. Hierdie uitdrukkinge word in die gewone omgangstaal in die reël vervang deur ander waarin die verbinding deur middel van die woordorde of Voorsetsels uitgedruk word: *vol soet wyn, die dood skuldig, genadig vir my, gedagtig aan my,* ens.

188. 'n Paar geïsoleerde samestellinge is: *mynsgelyke* en *deskundig.*

(2) *Verbinding deur die woordorde aangedui.*

189. In 'n aantal uitdrukkinge kan die voltooiing sonder vormwoord met die Adjektief verbind word, maar dan is voorplaatsing van die voltooiing noodwendig. Daar die voltooiing in Oud-Germaans in hierdie gevalle in die Datief of Genitief gestaan het, kry die Afrikaanse Persoonlike Vnwd. die verboë vorm — vir so ver dit nog bestaan.[2]) Die ander Persoonlike Vnwd^{e} en die Substantiewe kan natuurlik alleen in die onveranderlike vorm optree. Die aksent is gelykmatig. Vgl.: *Waar 'n klein reënslootjie hulle*

---

[1]) Wilmanns, *Deutsche Grammatik* III, §§ 271-2; 303-5; 255; Paul, *Deutsche Grammatik* III, §§ 243; 265-6; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 165-6; Van der Veen, *Taaleigen,* § 135.

[2]) *Handleiding,* bls. 43.

hinderlaag gunstig is (Oerwoud, bls. 23); *Jouw woorde is my duister* (Misdade, bls. 39); *dit sal ons aangenaam wees; my vreemd, vyandig, welkom, toegeneë, nuut, (gunstig)gesind; sy meester onderdanig,* ens.

190. Al hierdie uitdrukkinge kom alleen in deftige taal voor; in die daaglikse omgang word verbindinge met Voorsetsels gebruik. Alleen met *toegeneë* is geen verbinding met 'n Voorsetsel gebruiklik nie.

191. Die vorm *waardig,* wat oorspronklik 'n Genitief geregeer het *(zijner waardig),* kom nog maar net in deftige taal voor. In die omgangstaal word dit verkort tot *werd: hy is jou nie werd nie.* Daarnaas kan egter ook die verbinding met Preposiesie gebruik word: *hy is vir jou nie werd nie.*

192. In deftige taal kan alle Adje, as hulle deur *(al)te* of *genoeg* voorafgegaan word, op dieselfde manier met hulle voltooiing verbind word: *dis my te duur; ons lastig genoeg.* Ook hier verkies die omgangstaal 'n verbinding met *vir.*

(3) *Verbinding deur woordorde of tempo aangedui.*

193. Voltooiinge wat 'n maat, prys, gewig of tyd uitdruk kan op twee maniere met die Adjektief verbind word:

(a) Die eerste en gewoonste manier is dat die Adjektief die voltooiing volg: *twee voet lank; drie duim breed; vyf sielings werd; tien pond swaar; ses uur lank.*

(b) Met spesiale nadruk kan die Adjektief eerste staan, sodat dit by die Werkwoord gegroepeer word. Dan is daar altyd 'n lang pouse tussen Adjektief en voltooiing: *Dis lank — twee voet; breed — drie duim; werd — vyf sielings* ens. As die samestelling *kniédiep* in manier (b) omgesit word, word 'n Preposiesie gebruik: *diep — tot (by) die knie.*

194. *Geskiedkundig.* In ouer vorme van Ndl. het die Adjektief in hierdie verbindinge 'n Genitief (en ook 'n Akkusatief?) geregeer. [1])

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 168.

(4) *Verbinding deur middel van Preposiesies.*

195. Behalwe by betekenisverhoudinge wat deur tiepe (3) of (5) uitgedruk word, is dit die gewone manier om in die omgangstaal 'n Adjektief met 'n Substantief te verbind. Die Substantief kan voor of na die Adjektief staan en word altyd vergesel deur die Preposiesie, wat dus by voorplaatsing altyd in aksent en geleding ondergeskik is aan die Subst. Die volgorde kan dus wees: *dit is aangenaam vir ons* of *dit is vir ons aangenaam.* Vgl. vir voorplaatsing van Subst. of Pron. nog: *Karel Olivier is met die veld goed bekend* (Misdade, bls. 77); *die kleinjong . . . is vir hul net versigtig* (Misdade, bls. 138); *en die koopman is met hul goed bekend* (Getrou, bls. 66). Die Ww. kan tussen Adj. en voltooiing staan: *Slegs van een gevoel is hy bewus* (Getrou, bls. 22). *Terwyl hul in een van hul bymekaarkomplekke besig was om te drink en dobbel* (Misdade, bls. 6).

196. Naar die betekenis kan ons hierdie verbindinge in twee klasse verdeel: (a) die betekenis van die Adj. word voltooi; (b) die betekenis van die Adj. word nader bepaal.

197. (a) Na Adjektiewe met 'n vaste Preposiesie dien die Substantief tot betekenis-voltooiing. Vgl.: *Hy is baie gek na sy klein Sussie* (Misdade, bls. 93); *is die Kaffers moeg van roof..* (Misdade, bls. 109); *dat jul twee baie lief vir mekaar is* (Misdade, bls. 133). So ook: *goed vir my; geskik vir sy taak; begerig na eer; tevrede met sy seun; seker van sy saak; bang vir diewe,* ens.

198. Soos by die Substantiewe word ook hier voor Infinitiewe die vaste Voorsetsel dikwels vervang deur *om te.* Vergelyk: *besig . . . . . om te drink en te dobbel* (Sie § 195); *geskik om te werk; tevrede om weg te gaan,* ens.

Aktiewe Deelwoorde behou die bindwoord wat die ooreenkomstige Werkwoord gebruik: *kykend na my; lettend op sy omgewing.* Passiewe Deelwoorde gebruik *deur: vergesel deur sy vrinde,* dog soms *van.* (Vgl. Opm. by §§ 157-78).

199. Vergelykinge wat deur *(al) te* of *genoeg* ingelei word, gebruik *vir* as bindwoord: *Dis (al) te duur vir my;*

lastig genoeg vir ons. Bettie haar hart was te vol vir woorde (Vergeet Nie, bls. 23) = 'om woorde te gebruik', is 'n letterlike vertaling uit Engels. Voor Infinitiewe word ook hier *om te* gebruik en nie *vir* nie: *Dis te duur om te koop.*

200. Besondere melding moet gemaak word van die voltooiing van superlatiewe deur middel van *van: die grootste van die kinders; die mooiste van die meisies.* Hier sluit die betekenis van die Adjektief ook die. inhoud van die Enkelvoud van die Substantief in. Vandaar dat dit gevolg kan word deur die stut *een.* Is die bedoeling van die Superlatief meervoudig, dan is die uitgang -s verplig en word dit dus ook naar die vorm 'n Substantief: *die grootstes van die kinders; die twee stoutstes van die seuns* (Vgl. § 89-91).

201. (b) Net soos by die Substantiewe kan ook by Adjektiewe preposisionele verbindinge met los Voorsetsels dien tot nadere bepaling: *welkom by ons, onder ons; skuldig onder alle omstandighede; moedeloos deur teenspoed; lank by sy broer* (Ndl. ,vergeleken bij'). Ook hier bestaan die neiging om die Preposiesie met die Substantief tot een eenheid te laat samegroei. Die geleding is dus erg vlottend.

(5) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

202. Konjunksionele verbindinge word gebruik om 'n hoedanigheid of 'n vergelyking uit te druk.

203. 'n Hoedanigheid word uitgedruk deur middel van *as.* Vergelyk: *Hy is hoogstaand as mens.*

204. In vergelykinge met die Positief word *soos* of *nes* gebruik: *Haar hande is wit soos (nes) sneeu. Soos* kan gesplits word in *so . . . as: Daar hulle meen dat hierdie plek net so goed is as enige ander* (Oerwoud, blss. 58-9); *'n man wat aan die hoof staat van so 'n buitengewone volksbeweging als die Groot Trek* (Piet Retief, bls. 3). In plaas daarvan kan egter ook gebruik word: *so . . . soos: Haar hande is so wit soos sneeu.*

205. In vergelykinge met die Komparatief word *as* of

dan gebruik. [1]) In die omgangstaal is *dan* in hoofsaak beperk tot die noordelike provinsies. Vbb.:

Kaaps: *Want daar is sommige dinge wat meer kosbaar is as selfs die lewe* (Getrou, bls. 98).

(By Infinitiewe): *Dan sal jy 'n beter werk doen as jou te bekommer oor my* (Vergeet Nie, bls. 130). [N.B. Normaal is *as om*.]

Dat die roeping van 'n onderwyser belangryker is as om enkel 'n massa onnodige kennis aan sy leerlinge mee te deel (Misdade, bls. 45).

Ondervinding het my geleer dat die troue hart van 'n dierbare vriend meer werd is as om daarmee te speel en dit te verag (Getrou, bls. 181).

Transvaals: *Maar hy het nooit groter geword dan sy Pa se duim nie* (Duimpie I, bls. 7).

Hier is niks anders te sien nie dan 'n droë sandwoestyn (Duimpie I, bls. 27).

206. In geskrifte uit die Kaapkolonie kom egter onder Nederlandse literêre invloede ook *dan* voor. Vergelyk:

Dat „Stompies" van tekortkomings wemel, weet niemand beter dan ekself nie (Stompies, bls. VIII).

Nouweliks had ek hierdie woorde uit, of 'n golf, groter dan enige wat ons daar in die diepe see teegekom het, breek op ons los (Stompies, bls. 95).

Een pyp daarvan is korter dan die ander (Na Olikheid, bls. 6).

207. In die samestelling *niks as* (= enkel) lê 'n vergelyking opgeslote. Vgl.: *dis niks as pessimisme wat ons te hoor kry* (Pers).

208. Kom die hoedanigheidsaangewende *as* reeds in 'n sin voor, dan word in alle dele van die Afrikaanse taalgebied *dan* gebruik om die vergelyking uit te druk: *Hy is groter as generaal dan as staatsman.*

209. In literêre taal kom in Afrikaans dikwels onder Nederlandse invloed *as* voor in plaas van *soos* (of *so . . as*,

[1]) Vir Nederlands vgl. Bouman, *Syntaxis der "Dat"-zinnen*, blss. 97 vlgg.

so . . . soos). Vergelyk: *Soos blyk uit sulke woorde as klip, kooi* (Ontstaan v. Afr. bls. 35).

Annie is nes een wat stom geslaan is, en bleek as die dood (Misdade, bls. 33).

Hy is wit as die muur (Misdade, bls. 96).

Dié was skerp as 'n skeermes (Misdade, bls. 149).

Sy het haar in die aanval van die Kaffers heldhaftig als 'n man gedra (Boervrouw, bls. 76.).

210. In die laaste voorbeeld is kontaminasie moontlik. As die spreektempo sodanig was, dat kommas na 'heldhaftig' en 'man' die pouses sou verteenwoordig, sou 'als 'n man' 'n hoedanigheid aangee. Deur kontaminasie word ook *bo* in plaats van *as* gebruik. Vergelyk:

Als verreweg verkiesliker bo die kans om in die hande van die vyand te kom (Boervrouw, bls. 142).

[Kontaminasie met: *dit staan bo . .; ek stel dit bo . .* ens.]

211. Gewys moet word op die beknopte manier waarop hierdie vergelykinge uitgedruk word. In: *haar hande is wit soos sneeu; haar hande is witter as sneeu,* word twee (groepe) wit dinge vergelyk, maar Adj. sowel as Ww. hoef maar eenmaal genoem te word. Deur die twede voorwerp te noem wek die spreker tewens die voorstelling van die vergesellende eienskap daarvan by die hoorder op. Dieselfde gebeur waar b.v. handelinge vergelyk word, soos in: *beter werk as jou te bekommer oor my.*

Attributiewe Gebruik.

212. Adjektiewe met Substantiewiese voltooiinge of bepalinge kom as reël in die omgangstaal enkel predikatief voor. Die enigste uitsondering vorm die Superlatiewe, wat 'n sterk substantiewiese geaardheid het. Vergelyk: *die grootste van die kinders was daar,* waarvoor ook gesê kan word: *die grootste een* ens. In die Meervoud kry *grootste* 'n *-s* en word die vorm dus ook substantiewies. *Niks-wĕrd* het in predikatiewe gebruik 'n samestelling geword en kom dus ook attributief as samestelling voor. Vgl.: *haar niks-wêrd lewe* (Spoke, bls. 11).

213. Ook in die literatuur is sulke verbindinge in attributiewe gebruik seldsaam. Tog kom dit, onder invloed van die Nederlandse literatuurtaal, af en toe voor. Vgl.:

Omdat dit nie rekening hou met die wordingsgeskiedenis van die Afrikanernasie en met die daaruit voortvloeiende ontwikkeling van sy eie spraak nie (Poësie, bls. 100).

En dan moes hy bowedien die ons bekende verwyte opeet (S. J. du Toit, bls. 35).

Syn in alle waarskynlikheid veel sorgvuldiger skoolse opvoeding (Piet Retief, bls. 43).

Voor Retief s'n diep in die toekoms deurdringende geestesoog doem daar 'n skaduwbeeld op (Idem, bls. 69).

Ek wil begin met 'n vir myself ongunstige voorbeeld (Onstaan v. Afr., bls. 140).

En die uit die warm sand stygende hitte het allerhande fantastiese figure teen die horison geteken (Huisgenoot, Febr. 1923, bls. 452).

B. *Adjektief + Adwerbium.*

Ons onderskei twee tiepes van hierdie verbinding:

(1) *Verbindinge sonder vormwoord.*

214. In hierdie verbindinge word die verhouding uitgedruk deur middel van die woordorde en aksent. Gewoonlik dra die Bywoord die aksent en gaan dit aan die Adjektief vooraf. In verbindinge met *genoeg* volg die Bywoord egter en kry die Adjektief die aksent. Attributief kom die verbindinge alleen in literêre taal voor. Die Adwerbium bepaal die Adjektief en kan die volgende betekenisse uitdruk:

215. (a) Graad: *Want daar is sommige dinge wat meer kosbaar is as selfs die lewe* (Getrou, bls. 98). [NB. Hoewel Afrikaans deur analogie-werking 'n groot voorliefde het vir die gebruik van *meer* by Komparatiewe, is Engelse invloede nie vreemd aan gevalle soos hierdie nie.]

Die baas was erg teë (Vergeet Nie, bls. 126). So ook: *'n te grote opgewondenheid* (literêr); *minder mooi; taamlik lank; baie kort; buitegewoon vriendelik; nogal aangenaam; min-of-meer juis; nog moeiliker; so-goed-as seker; en vir sulke manne was daar meer as genoeg ruimte* (Getrou, bls. 147), ens.

Met omgekeerde woordorde en betoning: *Hy is ryk genoeg.* In: *Ons lewe is tog vol verdriet genoeg* (Getrou, bls. 28) het kontaminasie ontstaan tussen 'O. l. i. vol genoeg van verdriet' en 'daar is verdriet genoeg'.

216. (b) Manier: *versigtig inmekaargesit; handig gemaak; blindelings nagevolg,* ens.

217. (c) Hoeveelheid: *En ook die ander leeus* (Oerwoud, bls. 23); *en nog verskillende gevalle,* ens.

218. (d) Plaas. Die Plaas-adwerbia bepaal gewoonlik die hele verbinding: Werkwd. + adjektiewiese voltooiing. Vgl. *Hy is / nêrens / verleë.* As daar 'n verskuiwing plaasvind, sodat hulle met die Adjektief alleen samegaan, dan vorm hulle daar meteens 'n samestelling mee: *Dis alom-bekend.* Ook adwerbiale uitdrukkinge van plaas wat deur 'n Preposiesie ingelei word, bepaal gewoonlik die hele verbinding: *Hy is / tot in Europa / beroemd,* hoewel hier enige onsekerheid kan bestaan; en dieselfde geld van Plaas-adwerbia wat 'n nadere voltooiing het en dus agter die Adjektief kan staan: *Hy is bekend / orals in die wêreld,*

219. (e) Tyd. Ook die Tydsadwerbia bepaal die hele werbale uitdrukking: *En tog is ek nie altyd seker nie* (Getrou, bls. 20). By langere adwerbiale uitdrukkinge van tyd kan die geleding verskillend opgevat word: *Hy was van toe af gemerk; in die rivier is water in die reëntyd volop* ('n Jag, bls. 24). Ook by hierdie Adwerbia bestaan 'n sterk neiging om 'n samestelling te help vorm, as hulle enkel die Adjektief beheers: *altyd-groen, altyd-geldig, eeuwig-jonk.* In literêre Afrikaans kan sulke adwerbiale bepalinge ook attributief aangetref word en wel sonder dat 'n samestelling gevorm word. Vgl.: *en die maan skyn helder uit 'n nou onbewolkte lug neer* (Oerwoud, bls. 15).

(2) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

220. Vergelykinge met die Positief word gewoonlik uitgedruk deur middel van *soos* of *nes*: *Hy was stil soos (nes) altyd. Soos* kan egter gesplits word in *so . . . as*, of *so . . . soos*: *Hy was so stil as (soos) altyd.*

221. As die Adjektief self egter reeds die vergelyking antisipeer is die gebruik van *as* verplig of moontlik: *Hy bied nog dieselfde voordele as toe; dit was ander mense as gister; hulle is nog net sulke helde as (soos) vroeër.*

222. In literêre Afrikaans kom ook by hierdie verbindinge, onder Nederlandse invloed, *as* voor in plaas van *soos*: *en alles is beweegloos as tevore* (Misdade, bls. 48). Of is dit Engelse invloed by hierdie skrywer?

223. Vergelykinge met die Komparatief gebruik *as* of *dan* (Vgl. §§ 205-6): *Sy is nou baie lewendiger as (dan) toe.*

C. *Adjektief + Adjektief.*

224. (1) 'n Partisiepium kan deur 'n Adj. bepaal word. Die verhouding is dan, dat die toestand wat deur die Adj. aangegee word, tot stand kom deur middel van die werking wat die Part. uitdruk. Vgl.: *Uitasem geskrik, soek hy naar 'n wegkruip-plekkie* (Duimpie I, bls. 34); *'n krom gegroeide boom*, ens.

225. (2) Uit reekse Adjektiewe ontstaan dikwels samestellinge, waarin die eerste lid die twede bepaal. Vgl. *gemaak-onverskillig, begin hy rondkrap* (Vergeet Nie, bls. 119); So ook: *dof-blou, donker-rooi, vaal-grys* ens.

226. (3) By die aangee van hoedanighede word die bindwoord *as* gebruik: *Die bewerings daarin is bekend als onwaar* (Boervrouw, bls. 29); en in vergelykinge, *as* of *dan*: *Hy is meer geleerd as (dan) verstandig.*

HOOFSTUK IV.

Die Werbumgroep.

227. As 'n Werkwoord in 'n sin gebruik word kan dit die draer van 'n volle begrip of van 'n relatiewe begrip wees. 'n Werbale volbegrip kan vergesel gaan van nadere bepalinge, wat dien tot verenging van sy betekenis. 'n Relatiewe werbaalbegrip word deur middel van ander woorde voltooi en die aldus voltooide relatiewe begrip kan dan op dieselfde manier nader bepaal word. Dikwels word ook nog gepraat van leë begrippe; daaronder verstaan ons sekere werbaalvorme wat deel uitmaak van 'n kompositum. Die voltooiinge en bepalinge kan Substantiewe, Adjektiewe, Adwerbia of Werba wees. Ons behandel dus onder die verbinding van die Werkwoord met ieder van hierdie woordsoorte die volbegrippe, relatiewe begrippe en lede van komposita of leë begrippe vir sover as hulle voorkom. [1])

A. *Werbum + Substantief (Pronomen).*

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbinding deur middel van 'n kasus-uitgang.*

228. In ouer vorme van Germaans was die gebruik van 'n bepaalde naamvalsvorm van 'n Subst. 'n veel voorkomende middel om die betekenis van 'n Werkwoord nader te bepaal. Ook in Middelnederlands kan sulke naamvalsvorme nog dikwels herken word, maar in Afrikaans het, soos ook in gesproke en grotendeels in geskrewe Nuwe Nederlands, die

---

[1]) Vgl.: Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, §§ 15-34, 41-75; Kollewijn, *Voorwerpen,* (Taal en Letteren IX); Sütterlin, *Deu. Sprache,* blss. 344-69; Faddegon, *De Systematiek der Syntaxis,* (Neophilologus VII); Van den Bosch, *Over Samenstelling* (Taal en Letteren III).

onveranderlike vorm van die Subst., al of nie vergesel van 'n Preposiesie, gewoonlik die plek ingeneem van die vroeëre vorme. Sonder begeleiding van 'n Preposiesie kan van die ouer Naamvalle alleen nog maar die Genitief herken word en die kom enkel nog voor as 'n geykte vorm van bepaalde woorde wat nie meer as model vir nuwe formasies dien nie. Die Genitief vorm dus in sulke gevalle adwerbiale uitdrukkinge wat kan wees:

229. (α) 'n Plaasbepaling,[1]) b.v.: *hy gaan syns weegs; dis allessins, enigsins, geensins aanneemlik.* Hierdie uitdrukkinge is beperk tot die skryf- of enigsins deftige spreektaal.

Opm. Om rigting uit te druk word soms gebruik gemaak van *toe* en ander jonger suffikse, wat ook beskou kan word as naamvalsuitgange. Liewer as 'n Genitief sou 'n mens dit 'n Rigtingsnaamval kan noem. (Vgl. § 235).

230. (β) 'n Tydsbepaling,[2]) b.v.: *dis snags koud; hy staan smôrens vroeg op.* Soo ook: *saans, smiddags, Sondags, Maandags,* ens.

231. (γ) 'n Bepaling van manier of omstandigheid,[3]) b.v. *hy loop blootsvoets, blootshoofs,* en sonder Substantief: *hy ry bloots.* 'n Beetjie deftiger is die bepalinge: *gewapenderhand, gelykerwys, langsamerhand, onverrigtersake, eensdeels, syns ondanks, myns insiens,* ens.

(b) *Verbinding deur middel van 'n agtergeplaaste Adwerbium.*

232. Werkwoorde wat 'n rigting uitdruk kan deur middel van 'n Adwerbium met 'n Substantief verbind word. Die Adwerbium staan dan agter die Substantief en Substantief + Adwerbium druk same 'n bepaling van plaas of tyd uit. Deur die noue samehang tussen Subst. en Adwerbium sou

---

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 160. VII.; Van der Veen, *Taaleigen,* § 125; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259, a.

[2]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 170; Van der Veen, *Taaleigen,* § 126; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259. b.

[3]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 171; Van der Veen, *Taaleigen,* § 127; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259, c en i.

'n mens die laatste ook 'n Preposiesie — of liewers 'n Postposiesie — kan noem. (Vgl. §§ 156-7.) Vbb.:

Ons volg nou die trekkers die Vrystaat in (Boervrouw, bls. 72).

En vlie weg die vaalpad langs (Vergeet Nie, bls. 43).

Want net dieselfde tyd kom Klein Duimpie die kamer in (Duimpie, bls. 23).

Manne wat die een dag uit die ander dag in lewe geduldig en gelukkig (Vergeet Nie, bls. 69).

233. Die Substantief word deur 'n sneller tempo by sy bepalinge gegroepeer. Die aksent kan naar die betekenis op die Bywd. óf op die Subst. val. Maar by verbindinge met *toe* is daar reeds 'n sterke toenadering tot die samestelling, sodat die aksent altyd op die Subst. val. In die volgende voorbeelde met *toe,* uit Die Huisgenoot, [1]) dui ons deur middel van hakies die woorde aan wat met sneller tempo uitgespreek word: *Hulle gaan [Engelse kerk] toe; kyk [berg se kant] toe; loop [daardie kant] toe; staan [hierdie kant] toe; kyk [dié kant] toe; [watter kant] toe moet ek loop?*

234. *Geskiedkundig.* Vroeër het die Bywoord 'n bepaalde kasus (Akk., Dat. of Gen.) van die Substantief geregeer. [2])

Samestelling.

235. Die betrekking van die oorspronklike Bywoord tot die Substantief kan nog verder vereng word deurdat dit daarmee samegroei tot een begrip. Uiterlike kenmerke van die voltrekking van hierdie proses is dat daar dan geen Lidwoord of ander bepalende woord voor die Substantief kan staan nie, en ook geen Preposiesie nie. Die aksent val gewoonlik op die Substantief, dog in enkele gevalle, veral as 'n teenstelling met die adwerbiale begrip uitgedruk is of gevoel word, kan die laaste lid van die samestelling ook die aksent dra. Voorbeelde is:

---

[1]) Nov. 1922, bls. 274.

[2]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 124.

'n Klomp skepsels wat pad op kom (Ons Weg, bls. 252).
Hulle het hande-uit gegly (Duimpie II, bls. 40).
Hy het asem-uit gehuil (Spoke, bls. 29).
„Ons gaan albei in dorp-toe môre."

236. Die oorspronklike Bywoord doen dus hier die diens van 'n kasusuitgang en die praktyk van die Huisgenoot om dit in sulke gevalle aaneen te skrywe met die Substantief berus dus op goeie gronde. Dat dié tydskrif, ter wille van die parallellisme met *Bloemfontein-toe, Kaap-toe, Jansenville-toe* ens., ook by *huis-toe, berg-toe, dorp-toe* ens. die koppelteken gebruik is eweneens allessins te billik.

Opm. Die Substantief kan natuurlik self reeds 'n samestelling wees. Vgl.: *anderland-toe.*

237. *Geskiedkundig.* Hierdie samestelling kom, hoewel in beperkte mate, ook in Nederlands voor. Daar word dit hoofsaaklik gebruik by teenstellinge en dra die laaste lid die aksent. Vgl.: *Hij gaat trap-op, trap-af; het geschiedt jaar-in, jaar-uit.* Dog ook in Nederlands kan 'n mens sê: *de weg gaat berg-op,* waarnaas *berg-opwaarts* deftiger klink. Die uitbreiding tot gevalle soos *huis-toe, dorp-toe* ens. klink egter nog vreemd in Nederlandse ore.[1])

Opm. by §§ 232-7. Dikwels is 'n vorm van die Werkwoord *wees* voldoende om die beweging uit te druk. Vgl.: *Hy is die huis uit en die pad af* (Ons Weg, bls. 252). In sulke uitdrukkinge het *is, was* ens. ontstaan uit voller vorme waarin 'n Ww. soos *gegaan, geloop* ens. voorgekom het. Daar Pron[a] en Subst[a] met 'n vorm van die Ww. *wees* hier dus gebruik word by 'n voltooide handeling kon die volgende bepaling lig opgevat word as 'n Adjektief. Vandaar die ontstaan van uitdrukkinge soos: *Hy is poot-uit, been-af, bek-af, hare-aan* ens. waarin Substantief + Adw. samegegroei het tot 'n Adjektief. Vgl.:
En Japie Gouws is vir my die swernoot in (Veld, bls. 18).
Ou Jaap is pote uit (Veld, bls. 18).
Want jouw vlerke is nie vere aan nie (A. B. C., bls. 30).

---

[1]) Vir samestellinge met *-uit* en *-op* in die Noordhollandse dialek sie: Hesseling, *Het Afrikaansch,* bls. 117; Boekenoogen, *De Zaansche Volkstaal,* onder *uit.*

(c) *Verbindinge sonder vormwoord.*

238. In sommige gevalle is die woordorde alleen voldoende om die verhouding van Werkwoord en bepaling uit te druk. Vir die woordorde sie §§ 345-7.

239. (α) Sonder bemiddeling van 'n vormwoord of 'n naamvalsvorm word altyd uitgedruk 'n bepaling wat die manier maar tewens die resultaat van 'n handeling weergee. In sulke gevalle is die Substantief in betekenis of vorm verwant aan die Werkwoord. Vgl.: *Die perd loop 'n trippelpas, 'n sukkeldraffie; hy gaan 'n stadige gangetjie.* Die manier word uitgedruk deur die betekenisnuansering van die Substantief of deur sy kwalifiserende woorde. Daar die Substantief die resultaat van die handeling noem, het hierdie verbinding veel verwantskap met relatiewe werbaalbegrippe plus voltooiing. In die tiepe wat hier behandel word is die werbaalbegrip egter reeds voltooid en dien die Substantief of Substantiefgroep enkel ter bepaling. Dit is ook die geval waar die bepaling daarin bestaan dat die handeling gespesifiseer word, soos in: *ek het reeds my sê gesê* (Getrou, bls. 62), *gaan jou gang, hy het sy slag geslaan,* of dat sy omvang aangegee word, soos in: *'n droom* of *drome droom; 'n gesig* of *gesigte sien; hy sprak geen sprook,* ens.

240. (β) Sonder vormwoord word ook in ander gevalle die omvang van 'n werbaalbegrip aangegee. Vgl. *Dit traak my niks; hy het nog 'n weinig getalm; hy het ('n) beetjie geskrik; sy is g'n stuk bang nie; hy skaam hom g'n stuk nie; dit kan hom geen bloue duit skeel nie; ek het 'n sloot geslaap.*

241. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie dateer reeds uit Oudgermaans, waar die bepaling in die Akkusatief gestaan het, [1]) en is nog baie gebruiklik in hedendaagse Nederlands. Vgl.: *Hy trekt zich daar geen lor, geen bal, geen zier, geen sikkepit, van aan.* Dat *veel, weinig, genoeg* ens. teenswoordig gewoonlik Adwerbia genoem word, berus op die feit dat

---

[1]) Vgl. Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 223; Paul, *Deu. Grammatik* III, § 198; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 192; Van der Veen, *Taaleigen,* § 137.

hierdie oorspronklike Nomina (Substantiewe of Adjektiewe) 'n funksie vervul wat ooreenkom met die van Adwerbia. Die ontbreek van die Lidwoord word gewoonlik aangesien vir die uiterlike kenmerk van die oorgang tot die klas Adwerbia. So gaan ook die Adwerbium *nie* (Ndl. *niet)* terug op 'n oorspronklike Akkusatief van 'n Nomen, maar word dit teenswoordig onderskei van die s.g. Substantief of Adjektief *niets (niks)*. Die Afrikaanse neologisme *'n sloot slaap, werk, praat* ens. moet terugaan op uitdrukkinge soos: *'n sloot grawe, kap* ens., waar 'sloot' die resultaat weergee van die handeling, maar tewens as sinoniem kan opgevat word van 'baie', 'lank' ens. Tereg vergelyk Dr. Bosman dit dan ook met *zich 'n bochel, zich 'n aap lachen* in die Nederlandse omgangstaal. [1]) Sou die hele tiepe nie oorspronklik ontstaan het uit sulke uitdrukkinge waarin die Nomen 'n resultaat weergegee het nie? Vgl. ook Fr. *ne . . . pas, ne . . . point, ne . . rien.*

(d). *Verbinding deur middel van Preposiesies.*

242. Die Preposiesies word by die Substantief gegroepeer en die neiging bestaan om Prep. + Subst. same 'n nouer adwerbiale eenheid te laat vorm. 'n Duidelike grens tussen sulke adwerbiale eenhede en Substantiewe met bindwoord kan nie getrek word nie.

243. Die betrekkinge wat deur sulke adwerbiale eenhede of deur middel van Preposiesies verbonde Substantiewe met die Werkwoords-begrippe kan uitgedruk word is velerlei [2]). Ons noem die volgende:

Plaas (Rigting na): *Die wind waai na die see toe.*
(Rus): *Hy staan op die stoep.*
(Rigting waarvandaan): *Hy kom van die dorp af.*
Tyd: *Dit sal binnen 'n jaar, oor 'n maand, gebeur.*
Oorsaak: *Deur die sterk wind het die dak afgewaai.*
Deur dit te sê het hy hom belaglik gemaak.

---

[1]) *Ontstaan van Afr.*, bls. 82.
[2]) Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, pp. 90-129.

Rede of grond: *Op versoek het hy dit voorgedra; om my ontwil het hy dit gedoen.*

(literêr): *Hy is weens laster tot boete veroordeel.*

Middel: *Hy het die perd met 'n sambok saam geslaan.*

Gevolg: *Tot vermaak van almal het hy die versie opgesê.*

Doel: *Om in die onderneming te slaag het hy hard gewerk.*

Voorwaarde: *In geval van oorlog kom daar krygswet.*

Toegewing: *Ondanks ons poginge is die vrede nie herstel ne.*

Negatiewe begeleiding: *Hy het dit beweer sonder om eers die saak te ondersoek.*

Opm. Uitbreidingsgevalle waar die agens van die Infinitief nie dieselfde is as die van die Hoofww. nie, is deur Prof. Bouman vermeld, b.v.: *Die staking op die Rand was om politieke onderdrukking in hierdie land te voorkom, sonder ag te slaan op wat Smuts en sy geldbesittende ondersteuners wou.* So kan ook by tydsbepalinge die agens van 'n Infinitief wat op 'n Prep. volg 'n ander wees as die van die Hoofdww., b.v.: *Toe egter in Spa daardie vraagstuk aan die orde sou kom — na twaalf dae soek gemaak te hê met allerlei ondergeskikte punte — moes Millerand skielik terug na Parys.* [1])

Maat: *Dit reën tot vervelens toe; dit word by die pond verkoop.*

Prys: *Ek het dit gekoop vir 10s.*

Stof: *Hy het die huis van klei gebou.*

Verhouding: *Hy moet handel naar omstandighede.*

Modaliteit: *Dit het naar alle waarskynlikheid, volgens die gerugte, gebeur.*

Verrigter van 'n handeling: *Kaapstad is gestig deur Van Riebeek.*

(e) *Verbindinge met of sonder Preposiesie.*

Met of sonder Voorsetsel kan uitgedruk word:

244. (α) 'n bepaling wat die plek waar 'n beweging plaasvind, of 'n afstandsmaat uitdruk, b.v.:

[1]) Bouman, *Syntaktiese groepen in Afrikaans,* (N. Taalg. XVII).

Hy het die kortste pad (met die kortste pad) geloop;
Hy het 'n end (vir 'n end) saamgegaan.

245. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie het ontstaan uit 'n ouer kasusuitgang [1]): Akkusatief of Genitief. Die jonger plaasbepaling sonder Preposiesie, wat in Nederlands en Duits gebruiklik is en deur taalspaarsaamheid ontstaan het, b.v.: *Hij woont Oudegracht, No. 10,* is in die Afrikaanse omgangstaal onbekend.

246. (*β*) 'n Bepaling wat 'n tydstip of 'n tydsmaat aandui:
Toe ons Nuwejaar [met Nuwejaar] by die van die Merwes was (Misdade, bls. 92);
Hy is die tiende Mei (op die tiende Mei) gebore;
Hy het die volgende dag (op die volgende dag) weggegaan;
Hy het die hele dag (vir die hele dag) gebly.

247. *Geskiedkundig.* Ook vir hierdie betrekking kon vroeër 'n Genitief of 'n Akkusatief gebruik geword het. [2])

248. (*γ*) 'n Bepaling van manier of begeleidende omstandigheid. Vergelyk:
Hy het Frankryk hande en voete geboei (Getrou, bls. 44).
Dan weer hang die bome kop-na-onder (Veld, bls. 57).
Kaalvoet en broek opgerol stap Stephanus met Outa rivier toe (Veld, bls. 124).
Bril-op-die-neus loer hy rond; hy staan wye-been; hy lê been-in-die-lug; hy loop hoed-in-die-hand; die hondjie kom stert-tussen-die-bene nader; ek kan dit toe-oë sien; hy staan hand-in-die-hare.

249. In al hierdie gevalle kan *met* (+ Lidwd.) as bindwoord gebruik word. Dieselfde is die geval in: *en daarom praat ek nie so malkop, soos julle nie* (Na Olikheid, bls. 7).

---

[1]) Vgl. Paul, *Deu. Grammatik* III, § 195, § 198, § 249; Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 254, 1-4; § 222, 1-4; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 160, VII; §§ 189-90; Van der Veen, *Taaleigen,* § 125; § 136; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259. a.

[2]) Vgl. Paul, *Deu. Grammatik* III, § 197; § 250; Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, § 254, 5-7; § 222, 5-6; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 170; § 190; Van der Veen, *Taaleigen,* § 126; § 135; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259. b.

Sulke korter bepalinge het, as hulle sonder Voorsetsel gebruik word, egter 'n sterk neiging om samestellinge met die Ww. te vorm, sodra hulle veel voorkom by 'n bepaalde Werkwoord. In die preposisionele uitdrukkinge wat daarnaas staan, kan verskillende Voorsetsels gebruik word. Vergelyk:

Hy het die kos kafgeloop (= tot k. g.); *hy skiet dooie rus* (= op d. r.); *hy ry perd* (= te p.); *hy slaan voet* ('slaan' kon vroeër = 'gaan'); *hy speel klavier* (= op d. k.); *hy dans binneboud* (= teen d. b.).

250. *Geskiedkundig.* Die langer verbindinge sonder Prep. gaan terug op ouer Genitiewe. [1]) Ook in hedendaagse Nederlands is hulle nog verteenwoordig, hoewel minder talryk as in Afrikaans. Vgl.: *Hij drong naar binnen, het mes in de hand.* [2]) In die literatuurtaal kom hulle veral voor by Partisiepia. Vgl.: *De ramen opengeschoven en de gordijnen opgehaald zaten zij voor een ieder te kijk.* [2])

Die korter bepalinge sonder Prep., wat oorspronklik meerendeels plaasbepalinge was, kan ook vir 'n deel op ouer Genitiewe en Akkusatiewe teruggaan, maar die bestaan van die verbindingstiepe sonder Voorsetsel kan ook veroorsaak dat nuwe uitdrukkinge na dieselfde model gevorm word naas ander met Preposiesies. Vgl. vir Ndl. b.v. die samestellinge: *kaartspelen, pianospelen* ens., *schaatserijden, paardrijden,* ens., *zaklopen, schuitjevaren, schoolgaan, schoolblijven, scheepgaan, (< te schepe gaan).*

Ook tussen die bepalinge van middel en manier is die grens vlottend. As die gevoel daarvoor dat die bepaling dien om 'n middel uit te druk nog min of meer lewendig is, dan is die gebruik van 'n Voorsetsel verplig. Vgl.: *Hy eet lang-tande* met *hy eet met lang tande.* So moet ook van 'n Voorsetsel gebruik gemaak word in: *Hy gee met milde hand; hy gaan te voet,* ens.

---

[1]) Vgl. Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 256-7; Paul, *Deu. Grammatik* III, § 251; § 239; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 171; Van der Veen, *Taaleigen,* § 127; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 259, c en i.

[2]) Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, bls. 114.

Van ander oorsprong is uitdrukkinge soos *die perd ry 'n bars* (= goed), *die nooi sing 'n hou* (= mooi). Hulle moet teruggaan op uitdrukkinge soos: *hy slaan 'n bars, 'n hou* waar die resultaat van die handeling tewens die indruk 'goed', 'geweldig' ens. wek. [1]) (Vgl. § 241).

251. (δ) 'n Bepaling van graad. Vergelyk:

Hy was in hoë mate gelukkig;

Dit was 'n weinig beter.

252. *Geskiedkundig,* Die konstruksies sonder bindwoord gaan terug op bepalinge van omvang, waarmee dit in betekenis nou verwant is.

Posiesie van die Preposiesie.

253. Dat die bindwoorde wat 'n oorgang vorm tussen Bywoorde en Preposiesies na die Substantief of Pronomen staan, is reeds aangetoon. Soos die naam te kenne gee, kan die Preposiesies (Voorsetsels) egter ook voor die Substantiewe, Pronomina of Adwerbia staan. Die voorplaatsing is egter geen noodwendige eienskap van hierdie woordklas nie, hoewel dit baie veelvuldig voorkom. Vgl.: *Ons gaan na die dorp; ons bly by die huis; hy spring in die water;* met samegestelde Preps.: *hy kom vanuit die huis; hy het vanaf die eerste dag gesukkel,* ens.

254. As daar meer as een Preposiesie is, kan hulle gedeeltelik voor en gedeeltelik agter die bepaalde woorde (Subst., Pron., Adw.) staan (Circumposiesie). Vgl.: *Hy loop teen die berg op; hy kyk by die venster uit; hy spring van die wal af; en stap in die slootjie langs af na die sandsloot* (Oerwoud, bls. 9); *het sy vurige vos hom gedra tussen die vyand se lyne heen* (Vergeet Nie, bls. 196); *spuit vir hom gif onder sy vel in* (Ons Weg, bls. 251). Soos uit hierdie voorbeelde blyk kan die agtergeplaaste Prep. nog dikwels opgevat word as samegaande met die Ww. Dan is voorgeplaaste Prep. + Subst. bepaling van die agtergeplaaste

[1]) Du Toit, *Afr. Studies,* bls. 81; Bosman, *Ontstaan van Afr.,* bls. 82.

Prep. Maar daarnaas is dit moontlik om voor- en nageplaaste Prep. same te beskou as een samegestelde woord met die Subst., Pron. of Adw. tussen die lede. Vgl. b.v.:

Van verlede jaar af is hy hier.

Ek sal na jou toe kom.

Grommend stap hy tussen hulle deur na die water toe (Oerwoud, bls. 50).

'n Mens kan jou nie versit teen die magte wat bo en buite jou om werk nie (Vergeet Nie, bls. 36).

Moet ons kortliks ons volksgeskiedenis van sy begin af volg (E. Skrywers, bls. 102).

Hy kom met die pad saam (E. Skrywers, bls. 114).

(As bindwoord tussen Subst. en Pron.): *Toe sy vir Jiem sien aankom met die honde agter hom aan* (Duimpie II, bls. 45).

Vir vbb. van 'n Bywoord tussen die twee lede sie § 333.

Opm. Deur 'n merkwaardige verskuiwing in die geleding het die Voorsetsel *om ... ontwil* onstaan. In Ndl. smelt die Datief van *wil* na *om* same met 'n Besitlike Vnwd. wat daartussen staan. Die Besit. Vnwd. gaan dan uit op *-en*, gevolg deur 'n *t* wat deur fonetiese oorsake daaragter ontwikkel het. So ontstaan *om mijnentwil(le), zijnentwil(le)* ens. Deur onbekendheid met die ouer fleksievorme het die Afrikaanse taalgevoel egter die buigingsuitgang van die Besit. Vnwd. by die Subst. gegroepeer en dus die nuwe eenhede: *om my ontwil; om sy ontwil*, ens. gekry, en vervolgens is ook Substantiewe en Pers. Vnwde. tussen *om ... ontwil* gebruik. In Afrikaans kan *om ... ontwil* dus opgevat word as die twee lede van 'n Preposiesie, Vgl.: *om die liewe vrede ontwil; om hom ontwil; om die skape ontwil* ens. Maar daarnaas is dit ook moontlik om *ontwil* op te vat as 'n Substantief en *my, sy, ons, hulle* ens. as Besitlike Vnwde. Vgl.: *om sy kinders hul ontwil* (Getrou, bls. 24). Vir die kwaliteit van die Afr. vokaal, vgl. b.v. Afr. *hom* naas ouer Ndl. *him*, (waarnaas ook *hum*, Gron *'om*); Afr. *bokkom*, Ndl. *bokkem* (naas *bokkum*).

Wel nie sonder invloed van die Duitse *mitsamt* nie, wat in die sewentiende eeu goed bekend was as leenwoord in Nederlands, het in Afrikaans *met ... saam* ontstaan, waarskynlik onder die medewerkende invloed van samegestelde Ww. met *same-*, soos: *samegaan*. In die Boland word hierdie Prep. nie alleen gebruik om begeleiding uit te druk nie, maar ook om 'n middel aan te

gee. Vgl.: *Hy het hom met die mes saam gesny.* Of Mal. *sama* meegewerk het tot hierdie uitbreiding van sy gebruiksfeer en of die innerlike betekenisverwantskap van die tweërlei gebruik alleen verantwoordelik is daarvoor, is 'n betwiste punt wat ek aan andere oorlaat om uit te maak of onbeslis te laat. [1])

255. In Afrikaans kom dit dikwels voor, dat die twee dele van die samegestelde Preposiesie gelykluidend is. Soos by ander samegestelde Preps. is dit egter dikwels moontlik om die een deel te beskou as samegaande met die Ww. en die ander gelykluidende deel as samegaande met die Subst. Vgl. b.v.:

Di frind is glad uit di pad uit (gesiteer in 'Het Afrikaansch').

Ou Sors kom op die platvorm op (Ons Weg, bls. 250).

Wat nou uit die dokters se hande uit in die kosters s'n inval (Ons Weg, bls. 253).

Hoe wil pen en ink dit uit ons bloed so gemakkelik uitkry? (E. Skrywers, bls. 71.)

256. Sinne van hierdie aard vertoon 'n algemeen gebruiklike konstruksie in Afrikaans, hoewel verbindinge met 'n enkele Preposiesie nog daarmee om die heerskappy stry. Anders is dit gesteld met die volgende groep voorbeelde, wat 'n uitbreiding van die konstruksie vertoon wat enkel sporadies voorkom en wel in die mond (pen) van naïewe sprekers (skrywers) wat meer behoefte voel aan nadruklikheid:

Aja Hanna, dis oor my arme siek moeder wat ek die meeste oor verdrietig is (Spoke, bls. 23).

Dit is werklik La Fontaine, maar in 'n toestand soos sy hom nooit in gesien het nie (Getrou, bls. 93).

Aan hierdie gebeurtenis is daar 'n belangrike geskiedenis aan verbonde (Die Deurkyker, Febr. 1923, bls. 6).

257. *Geskiedkundig.* Hierdie soorte herhalinge in Afrikaans het al eerder die aandag getrek en na verklaringe daarvan is dan ook reeds gesoek. Prof. Hesseling vergelyk dit met die herhaalde *nie* en noem dit 'n „nadrukkelijke wijze van

[1]) Sie: Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 114-5; Bosman, *Afr. en Mal. Port.*, blss. 81-3; Hesseling, *Een Afrikaanse Dissertatie* (N. Taalg. X); Paul, *Deutsches Wörterbuch* onder *mit*.

spreken", dog verder wil hy hom daar nie oor uitlaat nie. „Of de Afrikaners dit gebruik aan een andere taal ontleend hebben, of dat het een product is der spontane ontwikkeling hunner eigen taal, moet ik onbeslist laten". Dr. Bosman het daar dieper op ingegaan en daarop gewys, dat van die oudste tye af die Adwerbium van 'n werbale samestelling, as Preposiesie herhaal word, soos in: Goties *usgaggan us*, Lat. *exire ex*, Gr. εἰσέρχομαι εἰς, ens. Hy het daarop gewys dat sinne soos: *hy loop uit die huis* en *hy loop die huis uit*, kan deurmekaarloop en dus aanleiding gee tot: *hy loop uit die huis uit*. Hy meld verder dat hy in Nederlands gehoor het: *ik zag hem uitkomen uit zijn huis*. Om te bewys dat hierdie konstruksies nie vreemd is aan die Nederlandse taalgees nie,[1]) siteer ek ter aanvulling nog die volgende sinne:

In 't groote huys-boeck ben ick dapper in ervaren (Bredero I, bls. 261).

Om het werk .... in deelen van eene evenredige dikte te kunnen laten inbinden (Berkhey).[2])

In dat huis, dat de ontvanger nu verkocht heeft, in dat huis daar ben ik vaak in geweest (De Vries, Dysmelie, § 21).

Lateren leven zich meer in de stof in (N. Rott. Courant, Avondblad A, 16-6-'23).

Dit wil my voorkom, dat veral die neiging van die Werkwoord om — soos in die twede en vierde vb. gebeur het — 'n samestelling te vorm met die Adwerbium (Preposiesie) en dit na sy onmiddellike nabyheid aan te trek, aanleiding gegee het tot die kontaminasie wat hierdie herhaling ten gevolge het. Daarby moet die talryke gevalle waar 'n Werkwoord — met die rigtingswerkwoorde as uitgangspunt — deur middel van 'n Adwerbium en 'n andersluidende Preposiesie (of twee verskillende Preposiesies) met 'n Substantief verbind word, 'n sterk analogiewerking uitgeoefen het. Sowel by hierdie gevalle as by die gelyk-

[1]) Vir talryke Platduitse vbb. sie: Meyer, *Unsere Plattd. Muttersprache*, bls. 85.

[2]) *Ndl. Wdb.* VI, 1472.

luidende Adw. en Prep. (of twee Preps.) bestaan daarnaas die neiging om samestellinge met mekaar te vorm. Vandaar sinne soos: *hy lê in die water in.* Daar moet egter 'n bepaalde oorsaak gewees het waarom hierdie konstruksie wat so seldsaam is in Nederlands, so 'n grote uitbreiding gekry het in Afrikaans. Dr. Bosman het reeds daaraan getwyfel of die woord kreolisme in hierdie geval gewettigd is en ook vir my is daar niks spesifiek Kreools in die konstruksie nie, maar in die algemeen moet die feit dat groot getalle vreemdelinge die taal van die Hollanders aan die Kaap oorgeneem het, sulke kontaminasies in die hand gewerk het. In die besonder kan die inwerking van Hoogduitse sinne met *aus ... heraus, auf ... hinauf, in ... hinein* en Platduitse met *ut ... rut,* ens. 'n belangrike rol gespeel het.[1])

(f) *Verbinding met of sonder Konjunksie.*

258. Met behulp van *as* word die hoedanigheid uitgedruk waarin die inhoud van die grammatiese Subjek 'n handeling of toestand verrig of ondergaan. Die Substantief wat op dié manier met die Ww. verbind word, staan dus in betrekking sowel met die grammatiese Subjek as met die Werkwoord. Vgl.: *Hy het as held gesterwe.* Verbindinge sonder bindwoord om hierdie verhouding uit te druk soos: *Hy het 'n held gesterwe,* is tans verouderd en kom enkel nog voor in taal wat onder Engelse invloed staan.

259. Verplig is die gebruik van die bindwoord *asof,* as te kenne gegee word dat die veronderstelde hoedanigheid g'n werklikheid is nie: *Hy loop asof 'n koning.* Deur *asof* kan ook te kenne gegee word dat verskillende verhoudinge wat deur middel van Preposiesies uitgedruk word nie in werklikheid bestaan nie. Vgl.: *Sit hy asof half aan die slaap* (Misdade, bls. 164). In die spreektaal word in sulke gevalle egter Bysinne gebruik: *asof hy 'n koning is; asof hy half aan die slaap is.*

[1]) Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch,* bls. 118; Bosman, *Afr. en Mal-Port.,* blss. 84-86; Bosman, *Ontstaan van Afr.,* bls. 136.

260. Verbindinge met *as* by refleksiewe Werkwoorde kan ook opgevat word as voltooiing van die Werkwoord. Vgl.: *Ek onderteken my as u dienswillige dienaar.* Noodwendig word hierdie opvatting wanneer *as* ontbreek.

261. Deur middel van *soos* en *nes* en in literêre taal, onder Nederlandse invloed, ook van *as*, word twee maniere van handel of twee toestande vergelyk en gekonstateer dat hulle ooreenkom. Vgl.: *Hy skop soos (nes) 'n perd; daarom praat ek nie so malkop soos julle nie* (Na Olikheid, bls. 7); *ek haat hom soos die pes.*

262. In 'n beperkte aantal uitdrukkinge word geen bindwoord gebruik nie. Die uitdrukkinge neem dan die geaardheid van samestellinge aan. Vbb.: *Hulle lê lepel, velling, soutsak; hy ry knipmes.*

263. *Geskiedkundig.* Daar die bepalinge 'n manier sowel as 'n vergelyking aangee, kan veronderstel word dat die korter uitdrukkinge sonder bindwoord onstaan het naar analogie van die bepalinge van manier wat sonder bindwoord uitgedruk word (§§ 248-9). *Hy ry knipmes* moet dan beskou word as 'n kontaminasieproduk wat as voorlopers gehad het uitdrukkinge soos: *die perd loop knipmes; hy sit knipmes,* ens. Met die Afrikaanse uitdrukkinge kan uit sewentiende-eeuse Nederlands vergelyk word: *brilzien* en *brilkyken,* wat verklaar word as ontstaan uit *als door een bril zien.* [1]) Hierdie uitdrukking en *pruimzien* bestaan nog op Suid-Beveland.

'n Ander verklaring gee Prof. Hesseling. Uitgaande van 'n opmerking van Schuchardt, verklaar hy: „Uit tal van uitdrukkingen blijkt dat het Afrikaansch, evenals het Maleisch-Portugeesch, menigmaal de woordsoorten geheel anders gevoelt of van elkander onderscheidt dan de Europeesche talen. Zoo is in de volgende uitdrukkingen ... een substantief als adverbium gebruikt, waar wij adverbiale uitdrukkingen zouden

---

[1]) Vgl. Aant. v. Eymael op Huygens se *Trijntje Cornelis,* vs. 367'; Bredero, *Spaansche Brabander,* vs. 789; Ndl. Wdb. III, 1387.

verkiezen." En dan volg die genoemde voorbeelde. Misleid deur die algemeenheid van hierdie bewering, verhef Dr. du Toit selfs die deureenloop van die woordsoorte tot 'n „algemeen kenmerk van het Kreoolsch" en gee dan 'n lys van woorde wat in Afrikaans tot 'n ander woordsoort behoort as in Nederlands. Op die foute wat in die lys voorkom hoef ons hier nie te wys nie, en ons stip net maar die feit aan dat, soos te verwagte was, die lys in die verste verte nie volledig is nie. Maar waarom die deureenloop van die woordsoorte nou juis 'n kenmerk van Kreoolse tale moet wees, is iets wat bo my vuurmaakplek gaan. 'n Mens sou sonder vrees vir 'n skadepos 'n medaljie kan uitlowe aan die geleerde wat 'n taal kan ontdek, waarin geen woorde in die loop van tyd van die een klas oorgeloop het in die ander nie. Om Kreolisering van Afrikaans te bewys, moet 'n mens die bepaalde analoga wat in die bepaalde geval in 'n bepaalde kreoliserende taal aanwesig was, aantoon. Dit is dan ook die metode wat Schuchardt konsekwent toepas as hy die Maleise invloede in Maleis-Portugees wil aantoon. Die metode wat van algemeenhede uitgaan, het hom dan ook op ironiese manier gewreek, want van die voorbeelde wat Prof. Hesseling en Dr. du Toit aanhaal om die kreolisering van Afrikaans aan te toon, is sommige, soos die Ww. *tolk* en die Subst. *sny,* ook Nederlands.

Wat nou *lepellê* ens. betref, om te bewys dat hierdie oorgang van Substantief (ofte wel adwerbiale uitdrukking) tot Adwerbium onder Mal.-Portugese invloed ontstaan het, word verwys na die voorbeeld van Portugese Substantiewe wat in Mal.-Portugees as Bywoorde gebruik word. Die voorbeelde wat Schuchardt gee is vier in getal. Daarvan kom een, *milager,* 'selten', sonder konteks in 'n woordelys voor. Van die ander drie: *forsa,* 'hurtig'; *'kumesu',* 'anfangs', 'zuerst'; *sertedja,* 'gewiss', bevestig die verband, wat reeds uit die betekenis duidelik is, n.l. dat hulle geen parallel vorm met Afr. *lepel, velling* ens. in die gemelde uitdrukkinge nie. Tog is ook Dr. Bosman bereid om hier 'n kreolisme in

Afrikaans te erken, omdat daar „geen analogon in Hollands te vind is nie". Ek kan alleen maar sê, dat 'n beter analogon as Ndl. *brilzien* tot nog toe in geen kreoliserende taal wat in aanmerking kom, aangewys is nie. [1])

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip.

(a) *Verbinding deur middel van 'n kasus-uitgang.*

264. Die Genitief wat in ouer vorme van Germaans veel voorgekom het as nominale voltooiing van 'n werbaalbegrip, [2]) is in Afrikaans nog enkel verteenwoordig deur 'n paar vorme van die Pers. Vnwd., wat enkel na die Imperatief en wel in Bybelsgekleurde taal gebruik word: *gedenk myner, ontferm u syner, erbarm u hunner,* ens. Op dergelike vorme as voltooiing van Adjektiewe is reeds gewys (§ 186). Die ander verboë vorme van die Pronomina is alleen nie voldoende om 'n betrekking aan te dui nie; hulle gehoorsaam aan dieselfde wette wat betref woordorde en aksent as die Substantiewe, wat reeds heeltemal sonder kasusfleksie is, en word dus ook daarby gegroepeer.

(b) *Verbinding sonder vormwoord.*

265. (α) Deur middel van hierdie verbinding word 'n resultaat uitgedruk. Hoewel daar geen skerp grens kan getrek word nie, kan ons tog onderskei tussen die resultaat van 'n (oorwegend) fisieke werksaamheid: *Sy bak 'n brood; hy bou 'n huis; die boom gooi 'n skadewee* en die resultaat of inhoud van 'n (oorwegend) psigiese werksaamheid: *hy dink dit; hy glo die storie; hy verwag 'n ongeluk.* Op die grens staan dan begrippe soos: *sê, leer,* ens. Vgl.: *Waar het u so goed geleer Frans praat?* (Getrou, bls. 131.)

---

[1]) Hesseling, *Het Afrikaansch,* blss. 113-4; Du Toit, *Afr. Studies,* blss. 80-3; Bosman, *Afr. en Mal. Port.,* bls. 79; Bosman, *Ontstaan van Afr.,* bls. 82; Schuchardt, *Kreolische Studien* IX, bls. 205.

[2]) Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 258-270; Paul, *Deu. Grammatik* III, §§ 246-8; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 160-4.

266. (*β*) Met hierdie verbindingstiepe word ook 'n maat, prys of gewig uitgedruk. Vgl.: *Dit meet 'n el; dit weë, kos, twee pond.*

267. Die resultaat van die werksaamheid hoef egter nie genoem te word nie. Dan druk die Werkwoord-alleen 'n voltooide begrip uit. Vgl.: *Hy bak, bou, grawe, skrywe, dink* ens. Op dieselfde manier kan *dit weë* 'n voltooide begrip wees.

(c) *Verbinding deur middel van 'n Preposiesie.*

268. 'n Aantal Werkwoorde word steeds deur middel van 'n vaste Preposiesie met die nominale voltooiing verbind. Die nomen druk dan die verwyderde of enkel aangeraakte doel uit waarop die handeling gerig is. Vgl.: *kyk na, dink aan, begin met, glo aan iets.* [1])

269. *Geskiedkundig.* Hierdie Werkwoorde het vroeër meestal 'n Genitief geregeer. [2]) Uit sulke konstruksies van Ww. + Gen. het egter ook verbindinge sonder Preposiesie, met die Substantief in die onveranderlike vorm en die Pronomen in die verboë vorm, ontstaan. Vgl. b.v. nog: *ek glo die storie* naas *ek glo aan die storie; ek vra vergifnis* naas *ek vra om vergifnis; ek eet van die vleis* naas *ek eet vleis; hy geniet van die geselligheid* naas *hy geniet die geselligheid; ek soek daarna* naas *ek soek dit.*

270. Voor die Infinitief word gereeld gebruik gemaak van die vaste Prep. *om te* (Vgl. §§ 176 en 198). In Afrikaanse geskrifte tref 'n mens egter ook dikwels, onder Ndl. invloed, verbindinge met enkel *te* aan. Vgl.: *Maar die regering het nie daarin geslaag nie om meer koloniste te belet aan te sluit by die noordwaartse beweging* (Boervrouw, bls. 78). Enkel die woorde *sien, hoor* en *voel* bepaal 'n Infinitief sonder *om te* of *te*: *ek het hom sien kom,* ens. Die betekenis van *leer* kan deur 'n Ww. met of sonder Prep. voltooi word: *hy leer om perde te beslaan* of *hy leer perde beslaan.*

[1]) Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, blss. 66-9.
[2]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaksis,* §§ 160-3.

Dis opmerklik dat juis hierdie woorde ook in 'n ander opsig met Hulpww. ooreenkom, n.l. dat hulle in die Infinitief optree as die voltooiing bestaan uit 'n Inf. in tydsvorme wat gevorm word met Hulpww. wat anders die Verl. Deelwd. beheers. Vgl.: *Hy het net die geraas van die vlerke gehoor en die swart skim sien verby gly* (Duimpie I, bls. 34). Tog hoor 'n mens ook taamlik dikwels die Verl. Deelwd. in sulke gevalle. Vgl.: *Wat van kleins af Afrikaans . geleer lees en skrywe het* (E. Skrywers, bls. 51). Myns insiens word *ge-* dan gevoel as behorende by die voltooiinge sowel as by die woord waaraan dit onmiddellik geheg is.

271. In Afrikaans word baie van hierdie Preps. vervang deur *vir* as die voltooiing 'n persoon is of as dit 'n ander lewende wese of 'n saak is met baie aktiwiteit. Dan kan daarnaas soms ook verbindinge sonder Prep. optree. In sommige gevalle waar Ndl. 'n ander Prep. het, is *vir* alleen in Afrikaans gebruiklik. Vgl.: *Hy is kwaad vir my; ek kyk vir jou* naas *ek kyk na jou; spot vir my* naas *spot met my* en *spot met 'n ernstige saak; hy lag vir die grap; hy wag vir tyding; die boek het weggeraak maar ons het vir hom gesoek en gekry.* Vgl. Opm. by § 274. In literêre Afrikaans is in die laaste jare ook die verbinding van *kyk* met 'n inaktiewe voltooiing sonder gebruikmaking van *vir,* ingevoer. Vgl.: *Kyk 'Woordelys'* (Malherbe, Afr. Taalboek, bls. 27 en passim); *kyk no. 21* (Afr. Woordelys, bls. VIII).

272. In die Passief word die Preposiesie gewoonlik by die Substantief gegroepeer: *aan die verhaal is getwyfel.* In Engels gaan die Prep. in die Passief same met die Werkwoord en staan daaragter: *the matter is being paid attention to.* Ook in gesproke Nederlands kom dit af en toe voor, dat die Prep. in sulke sinne na die onmiddellike nabyheid van die Ww. geattraheer word, maar dan daarvoor staan; daarby staan die Akkusatief van die Aktiewe sin in die Nominatief. Vgl.: *Hij is overal naar gezocht; de kachel hoeft niet om gedacht te worden.* Dieselfde verskynsel kom o.a. ook in Sweeds voor. Die volgende sinne kan dien om

te bewys dat die verskynsel ook nie onbekend is in Afrikaans nie, hoewel die Passief — altans in die gesproke taal — maar min gebruik word:

Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot (E. Skrywers, bls. 30, gesiteer uit 'Di Patriot').

Persone is onderhoude aan toegestaan (Pers).

Vir my gevoel word die Subst. in hierdie sinne tog nog enkel deur die Prep. bepaal en nie deur Ww. + Prep. nie.[1])

(d) *Verbinding met of sonder Preposiesie.*

273. Die Substantief wat die doel uitdruk waarop die handeling gerig is, kan met of sonder Prep. met die Werkwoord verbind word. Ons kan onderskei tussen 'n doel wat deur die handeling werklik bereik of geheel omvat word en 'n doel wat meer verwyderd is en hoogstens aangeraak word.[2])

274. By 'n doel van die eerste soort hoef geen bindwoord gebruik te word nie, maar die Preposiesie *vir* kan gebruik word as die doel 'n persoon is of 'n ander lewende wese — en soms 'n saak — wat groot aktiwiteit aan die dag lê. Vgl.: *ek sien hom* of *ek sien vir hom* maar: *ons slag die os,* waarnaas egter kan voorkom: *die os was baie wild maar ons het darem vir hom geslag.* As 'n Voornwd. voorafgegaan word deur 'n Bywoord is *vir* noodsaaklik: *Jy moet nie vir hom slaan nie; ek sal gou vir hom reghelp.*

Opm. Die bowestaande uiteensetting moet tewens dien om my eie vroeëre bewoording,[3]) wat op die van Dr. Bosman gebaseer was, te verbeter. Dr. Bosman sê: „So 'n ‚omskrywing' van die 4de naamval.... is in Afrikaans moontlik (nie noodsaaklik nie), alleen wanneer die objek 'n persoon is"[4]) en

---

[1]) Vgl. De Vries, *Opmerkingen over Nederlandsche Syntaxis,* (Tijdschrift XXIX); De Vries, *Naar Aanleiding van Twee Hollands-Engelse Parallellen* (N. Taalg. XIII); Kooistra, *Twee Hollands-Engelse Parallellen in de Syntaxis* (N. Taalg. XIII); Kooistra, *Nog eens Twee Hollands-Engelse Parallellen* (N. Taalg. XIII); Wellander, *Over den Datief als Subject van een Passieve Constructie* (N. Taalg. XIV).

[2]) Naar Sütterlin, *Deu. Sprache,* bls. 189 en bls. 354.

[3]) *Handleiding in het Afrikaans,* bls. 56.

[4]) *Afr. en Mal.-Port,* bls. 87.

inderdaad is ander as persoonlike objekte van die bedoelde soort met *vir* seldsaam, maar onmoontlik is hulle nie. In 'n sin soos: *Karel ry vir Bles* [die naam van 'n paard] (Misdade, bls. 78) kan ek niks onafrikaans voel nie. Daarenteen klink: *Anna lei vir haar broer* ['n blinde] *waar nodig is* (Misdade, bls. 139) vir my en vir verskillende ander Afrikaners wat ek daaromtrent ondervra het, hoewel nie vir almal nie, ongewoon. Sterker as by persone is die gebruik van *vir* egter by diere afhanklik van hulle aktiwiteit of weerstand. Vgl. nog: *Ek het langes die pad 'n koei gesien,* met: *die koei het probeer wegkruip agter die bos maar ek het vir haar darem gesien.*

275. 'n Doel van die twede soort word met of sonder behulp van 'n Prep. uitgedruk as dit die enigste voltooiing van die Ww. is: *antwoord my* of *vir my; antwoord jou vader* of *antwoord vir jou vader.* As daar ook nog 'n doel van die eerste soort is, dan kan die doel van die twede soort met of sonder Prep. gebruik word as dit eerste staan, maar is die bindwoord nodig as dit twede staan: *Skrywe (vir) my 'n brief* maar *skrywe 'n brief vir my.*

276. Omsetting in die Passief van hierdie soort objek is seldsaam maar nie onmoontlik nie. Vgl. b.v.: *Hy is ook op die partytjie gevra; die lede word versoek om aanwesig te wees; hy het nooit ondervind wat dit is om onreg aangedoen te word nie.*

277. *Geskiedkundig.* In ander Germaanse tale word die eerste soort doel gewoonlik die direkte, en die twede soort die indirekte objek genoem. In Afrikaans is daar te weinig formele verskille om hierdie onderskeiding te kan volhou. Die twede soort doel gaat, vir so ver as dit nie tot die vorige verbindingstiepe gereken moet word nie, terug op 'n ou Datief. By baie Ww. wat vroeër 'n Datiaf geregeer het druk die voltooiing vir ons teenswoordige taalgevoel egter 'n doel van die eerste soort uit. [1])

'n Eienaardigheid in die ontwikkeling van Afrikaans is die sterke toeneming van die gebruik van *vir.* 'n Mens kan sê dat dit die algemene partikel is voor persoonlike objekte

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 172-8.

en ander objekte met groot aktiwiteit vir so ver as daarby gebruik gemaak word van bindwoorde. Ter verklaring is gedink aan 'n analogiese uitbreiding van die gevalle waarin *vir* (Ndl. *voor)* reeds voorgekom het. Immers in Ndl.: *ik schrijf aan hem* en *ik koop 't voor hem* het *voor* en *aan* dieselfde funksie. 'n Mens sou ook nog die Thüringse: *er sagte vor mich* [1]) met die algemeen Duitse: *er sagte zu mir* kan vergelyk. Sulke analogie-werkinge speel 'n belangrike rol waar groot getalle vreemdelinge 'n taal aanleer. So het *na* in Negerhollands voor indirekte objekte 'n hele boel ander Voorsetsels verdring. [2]) Maar 'n mens sou verwag dat ook in Afrikaans die analogie dan beperk sou wees tot indirekte objekte, en buitendien regvaardig die voorkom van vorme soos Mal.-Port. *respondir per mi,* 'antworte mir' en Asiaties Port. *da per mi pão,* 'gib mir Brod' die vermoede dat 'n bepaalde taal verantwoordelik kan wees daarvoor, dat juis *vir* sy gebruiksfeer so uitgebrei het. Dié vermoede word versterk as ons ook let op die uitbreiding tot die direkte objek.

Die direkte objek (doel van die eerste soort) het oorspronklik in die Akkusatief gestaan. Deur afslyting van die kasusuitgange en ander oorsake het wel 'n aansienlike aantal Ww. wat vroeër 'n indirekte objek beheers het, in die loop van tyd ook oorgegaan tot die klas wat 'n direkte objekt neem; maar die omgekeerde proses kom haas nie voor in ander Germaanse tale nie. Voorbeelde van Ww. wat oorspronklik 'n Akkusatief geregeer het en later 'n Datief of 'n preposisionele verbinding is uiters seldsaam. [3]) Anders is dit gesteld met die Romaanse tale. Dié kan in hierdie opsig verdeel word in twee groepe. Terwyl Frans, Italiaans en Provençaals die „passiewe" objek sonder behulp van bindwoorde uitdruk, maak Spaans gebruik van *a* en Roemeens van *pe, pre* (< *per)*

---

[1]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX.

[2]) Hesseling, *Het Negerhollands,* bls. 113.

[3]) Vir enkele vbb. in Duits sie Sütterlin, *Deu. Sprache,* bls. 356; Paul, *Deu. Grammatik* III, bls. 272, gee vbb. wat tewens 'n gewysigde betekenis verteenwoordig: *klopfen an, schlagen auf,* ens.

by persoonlike objekte [1]) en in Portugees kan *a* by 'n aantal werkwoorde gebruik word, veral as dit om persone te doen is. „*a* Muss gebraucht werden, wenn ohne die Präposition der Akkusativ für den Nominativ gehalten werden könnte". [2])

Dit is seker merkwaardig dat Afrikaans in hierdie opsig nie met die Germaanse tale saamgaan nie, maar met 'n deel van die Romaanse. Gewoonlik word as verklaring van die verskynsel in die Romaanse tale van die twede groep aangeneem, die neiging om nooit 'n lewende wese as geheel passief of inaktief voor te stel nie. [3]) Daarmee gaan egter same, dat die moontlikheid om grammatiese Subj. en Objek te verwar selde voorkom behalwe waar albei lewende wesens verteenwoordig.

Moet ons nou aanneem dat dieselfde toestand in Afrikaans ontwikkel het uit die behoefte om dubbelsinnigheid te vermy in sinne soos: *die man sien die kind?* Die moontlikheid is nie uitgeslote nie, hoewel Afrikaans ook op 'n ander manier differensieër tussen die twee moontlike opvattinge, want as 'die man' grammatiese Subjek is word die sin sonder onderbreking uitgespreek, maar as dit Objek is word na 'man' gepouseer en kry hierdie woord 'n sterker aksent. Maar as dit aanleiding was tot die nuwe konstruksie, dan sou 'n mens verwag dat die gebruik van *vir,* altans in sulke sinne, verplig sou wees, en dit is nie die geval nie.

Dit is aan die hand gegee, dat die verskynsel in Afrikaans deur Hottentots-Afrikaans beinvloed kan wees. Maar van die drie Hottentots-Afrikaanse sinne wat Dr. Bosman in hierdie verband uit Dr. T. H. le Roux se „Beschrijvende Klankleer" aanhaal, is die gebruik van die Voorsetsel in die eerste twee: *ek lê soek na 'n frou* en *ek fraag an di man,* soos Dr. Bosman self opmerk, „nie vreemd aan die Hollandse taalgees nie" en in: *die boer het mos fer ons uitgeoorlê,* is

---

[1]) Zauner, *Romanische Sprachwissenschaft* II, blss. 121-3; 125-6.

[2]) Louise Ey, *Portugiesische Konversations-Grammatik,* blss. 311-2.

[3]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 225 vlgg.; Zauner, *Rom. Sprachwissenschaft,* blss. 125-6.

die gebruik van *fer* nie Hottentots nie, maar gewoon Afrikaans. In Hottentots word wèl onderskei tussen die direkte en die indirekte Objek. Die partikel *ba* word alleen by die laaste gebruik.[1]) En ook die Kaffertale van die Suide gebruik geen partikel by die direkte Objek nie; dieselfde kan ons dus ook wel veronderstel van die tale van die Negerslawe.

Dan bly oor Maleis-Portugees. In hierdie taal word *per* nie alleen soos hierbo aangetoon, dikwels voor die indirekte Objek gebruik waar Afrikaans *vir* gebruik nie, maar ook by die direkte Objek kom dit voor, dog „wie es scheint nur bei personalen Pronominen". Dus: *mi mirar per ellu* = 'ich sehe ihn', maar daarnaas word ook vermeld: *mi gustar per ellu* = 'ich koste ihn (näml. den Thee)'. Die gebruik kom dus min of meer ooreen met die Afrikaanse.

Dat Mal.-Port. *per* gebruik, en nie *a* soos Portugees nie, kom, soos Schuchardt aangetoon het, deur die invloed van Mal. *pada.*

Die dubbele gelykenis tussen die klank en die gebruik van Afr. *vir* en Mal.-Port. *per* maak 'n toevallige ooreenkoms enkel deur analogiese uitbreiding van die gebruik van *vir* in Afrikaans, onwaarskynlik, en die verklaring van Prof. Hesseling, wat reeds deur Schuchardt aan die hand gegee was, seer aanneemlik.[2])

278. By veel Ww. word die voltooiing, as dit 'n deur 'n Prep. ingeleide Infinitief is, geantisipeer deur 'n Vnwd. of 'n voornaamwoordelike Bywoord, b.v.: *Hy waag dit om dit te sê.* Die verbinding kan egter, net soos wanneer die Objek 'n bysin is, ook sonder die antisipasie tot stand kom. Vgl.: *En wie sal my terughou van my plig te doen?* (Vergeet Nie, bls. 30).

In 1834 sien ons die vrouw ... waag om die vreemde wildernis in te gaan (Boervrouw, bls. 72).

---

[1]) Meinhof, *Lehrbuch*, bls. 64; Planert, *Handbuch*, blss. 7-8.

[2]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 225 vlgg.; Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 115-6; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 86-9; Bosman, *Ontstaan van Afr.*, blss. 89-90.

279. Werkwoorde wat gewoonlik voltooi word deur die doel waarop die handeling gerig is, kan ook as voltooide begrippe voorkom. Vergelyk:

'n Aaklige gedagte ... wat sy met geweld probeer wurg het, sonder om te slaag (Vergeet Nie, bls. 18).

Wel dit kom nou nie op aan nie, met watter doel die wapen gedra was nie (Vergeet Nie, bls. 174).

En daar hy die later politiek van die „patriot" wil verdedig en moeilik sal regkry, so stap ons verder aanmerking liewers verby (E. Skrywers, bls. 129).

Ek moet nie laat sy agterkom dat ek te bang is om self te gaan haal nie [verstaan 'die kepsie'] (Duimpie II, bls. 24).

Laat staan tog maar liewers (Duimpie II, bls. 31).

Teenoor Ndl. *Ik geef daar niet om,* staan in Afrikaans as algemeen gebruiklike vorm: *ek gee nie om nie.*

280. Besondere vermelding verdien die refleksiewe en die resiprokale Werkwoorde. By die Refleksiewe Werkwoorde het die grammatiese Subjek en die Objek betrekking op dieselfde persoon, dier, voorwerp, ens. By die Ww. *hom skaam, hom bekommer,* ens. is geen ander Objek as een van hierdie soort moontlik nie. Dié Ww. het dan ook samegegroei met die pronominale vorme tot 'n kompositum en kan nie daarsonder gebruik word nie. 'n Sin soos die volgende: *Sonder dat hulle nodig het om te skaam* (E. Skrywers, bls. 99) is geen gebruiklike Afrikaans nie. Ander Ww. kan egter refleksief of nie-refleksief gebruik word. Nou is dit opmerklik dat hierdie klas dikwels as volbegrippe gebruik word, ook as die handeling op die gr. Subjek gerig is. As illustrasie van die gebruik van die pronominale vorme kan die volgende sinne dien:

Van die feit is ons klompie leeus hulle bewus (Oerwoud, bls. 9).

Nou moet ek my roer (Duimpie II, bls. 42).

(Literêr): *Wie van ons .... herinner sig nie hoe die Vrouwekampe en die Vrouwelaers daarbuite in die veld, die kommandos geinspireer het* (Boervrouw, bls. 152).

281. Maar sulke Ww. wat dikwels refleksief gebruik word kom ook sonder pronominale vorme voor, soos in:

In hulle harte voel hul kalm en doodtevrede (E. Skrywers, bls. 52).

Die ander leeus sprei instinkmatig (Oerwoud, bls. 52).

Het ons Afrikaners uit drie verskillende nasies tot een volk met eie taal ontwikkel (E. Skrywers, bls. 102).

Dat hulle vroeër moes aangesluit het (E. Skrywers, bls. 124).

Die drie elemente het saamgesmelt en al vroeg dieper in die land getrek en daar gevestig als 'n boere-bevolking (Boervrouw, bls. 1).

Hoe goed kan ons herinner uit die voortyd hoe die ou moeders.... (Boervrouw, bls. 92).

Slegs van een gevoel is hy bewus (Getrou, bls. 22).

Want sy meng nie veel met die ander gaste nie (Getrou, bls. 48).

Wel, vriende, sal julle ontwapen? (Pers).

Aan die ander kant strek die Drakensberge, hulle toppe met sneeu oorgetrek, sover as die oog kan sien (Getrou, bls. 143).

En as hy nie haas nie, bly daar nie te danig baie tyd oor nie (Getrou, bls. 213).

282. 'n Dergelike afwisseling van wel en nie gebruikte pronominale vorme kom ook in Nederlands en ander Germaanse tale voor. [1])

283. Deur die resiprokale Ww. word uitgedruk dat die persone, sake ens., deur die grammatiese Subjek aangedui, gelyksoortige handelinge teenoor mekaar verrig. Vergelyk: *Hulle slaan mekaar (vir mekaar).* Dieselfde verhouding kan by *ontmoet* ook sonder uitgedrukte Objek weergegee word. (Engelse invloed?) Vgl.:

Als sulke intieme vrinde ontmoet, dan kan 'n mens gis watter invloed die een op die ander uitgeoefen het (E. Skrywers, bls. 16).

Stadig lig sy haar hoof op tot hul oë ontmoet (Getrou, bls. 54).

---

[1]) Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.*, §§ 80 vlgg.

(e) *Werkwoorde met meer as een voltooiing.*

284. Sommige Werkwoorde het na twee kante toe voltooiing nodig. Die twee voltooiinge kan wees:

(α) Die doel waarop die handeling gerig is en die resultaat van 'n fisieke werksaamheid, b.v.: *Hy bou (vir) jou 'n huis; hy bou 'n huis vir jou.*

(β) Die doel waarop die handeling gerig is en die inhoud of resultaat van 'n psigiese werksaamheid, b.v.: *Ek leer (vir) hom Frans; ek leer Frans vir hom.*

(γ) 'n Verwyderde of enkel aangeraakte doel en 'n omvatte doel, b.v.: *Hy betaal (vir) jou die geld; hy betaal die geld vir jou.*

285. In al hierdie gevalle moet *vir* voor die verwyderde doel staan as dit die twede plek inneem, en is *vir* fakultatief as dit eerste staan. (Vgl. § 275.)

286. Ook Werkwoorde wat gewoonlik twee voltooiinge het, kan soms met 'n enkele voltooiing gebruik word. Vgl.:

Maar glo dit het nie sonder „kaalrug ry" gegaan nie (E. Skrywers, bls. 55).

Om naar die veraf geleë poskantore te stuur om die „Patriotte" daar te gaan ontvang (E. Skrywers, bls. 121).

O ja, maar jy kan mos maar saamkom om vir my te wys (Duimpie II, bls. 25).

Sien jy nou, Duimpie, verwyt Annekie, dis omdat jy so stout is (Duimpie II, bls. 27).

Neem jou ou vriendin nie kwalik nie (Getrou, bls. 5).

Ja, sê hy, ek gee verlof, en sal dit nie kwalik neem nie (Getrou, bls. 180).

(f) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

287. Deur middel van *as* word 'n twede voltooiing aan relatiewe werbaalbegrippe geknoop. Daardeur word uitgedruk 'n resultaat: *Hulle het hom aangestel as generaal,* of 'n hoedanigheid: *ek ken hom as 'n eerlike man; hulle het hom as leier erken.* Vir refleksiewe Ww. sie § 260.

288. Dieselfde verhoudinge kan ook deur middel van *vir* uitgedruk word: *vir generaal, vir 'n eerlike man.*

(g) *Verbinding deur middel van vraagwoorde.*

289. Veral by Ww. wat 'n psigiese werksaamheid uitdruk, en ook by ooreenkomstige Subste, dien die vraagwoorde: *hoe, waar, wanneer, wie, wat, watter, wie se,* ens. om die Ww. met die Infinitief waardeur die inhoud van die werksaamheid uitgedruk word, te verbind. Die vraagwoord het dan tewens adwerbiale of pronominale funksie en maak deel uit van die woorde waarmee die inhoud van die psigiese werksaamheid uitgedruk word. In die omgangstaal word die vraagwoorde gevolg deur *om te,* b.v.: *ek weet nie hoe om dit aan te pak nie; hulle weet nie watter een om te kies nie; President Steyn alleen wis hoe om met 'n paar woorde eensgesindheid te herstel* (Prosabundel, bls. 247). In die literêre taal tref 'n mens egter, onder Ndl. invloed, dikwels sinne aan sonder *om.* Vgl. (na Subste): *Wat ... voor die Sinode gelê sal word om van daardie liggaam instruksies en aanwysings te ontvang watter weg verder te volg* (E. Skrywers, bls. 63).

(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

290. Die werbale komposita het ontstaan deur samestelling van die begrip van die Werkwoord met die van die bepaling of voltooiing tot 'n nuwe eenheid, soms met verbleking van die betekenis van die Werkwoord. Kenteken van die ontstaan van die samestelling is die eenheidsaksent. In die samestelling Ww. + Subst. kry die Subst. die hoofaksent, terwyl Ww. en bepaling of voltooiing anders ieder 'n eie aksent het. 'n Uitsondering vorm noodwendig refleksiewe Werkwoorde, soos: *hom skaam, hom bekommer,* waar die Werkwoord die hoofaksent dra en nie die Pronomen nie. By die samestelling Ww. + Adw. kry die Werkwoord soms die hoofaksent en die Adwerbium soms, terwyl die Adj. die

aksent kry in die samestelling Ww. + Adj. Tog is hierdie kriterium dikwels moeilik om toe te pas daar die verband 'n omgekeerde betoning kan teweegbring. Ons kan die volgende groepe onderskei:

291. (a) Die Substantief gee die manier van die handeling aan. Behalwe die eenheidsaksent, is in hierdie en die volgende groep, 'n ander uiterlike kenmerk van die samestelling, dat in die reël geen Lidwoord of Voorsetsel by die nominale gedeelte gebruik word nie. Enkele uitsonderinge is b.v.: *(die) baas speel, (die) kans kry, in (die) hande kom; sy man staan.* Ons kan onderskei tussen bepalinge van manier wat ontstaan het uit:

(α) Bepalinge van plaas: *die Maandagoggend moet die gerwe hoop gedra word* (Misdade, bls. 72); *hou goed dop* (Misdade, bls. 112). So ook: *vijoolspeel, perdry,* ens. (Sie §§ 249-50.)

(β) Bepalinge van middel: *Kyk hy knip oë* (B. stories, bls. 13), waarnaas: *en kyk hoe knip hy sy oë* (B. stories, bls. 13); *en dan sal hy nog kopspeel* (Na Olikheid, bls. 18). So ook: *handeklap, voetslaan,* ens. (Sie § 250.)

(γ) Bepalinge van vergelyking: *lepellê, knipmesry,* ens, (Sie §§ 262-3.)

(δ) Die resultaat of inhoud van 'n Werksaamheid: *wortelskiet, stormloop,* ens. (Sie § 265.) Vergelyk nog:

Kom, dus, en maak met haar nader kennis (Getrou, bls. 49).

En ons het hom geluk kom wens (Grootvader, bls. 22).

En heerlyk (sic) *rein as die môreson dit dagsê* (Veld, bls. 15).

Laat die mans lawaai en stofskop (Boervrouw, bls. 172).

292. (b) Die Substantief druk die doel uit waarop die handeling gerig is. Vgl.:

Sy, sowel as Hendrik, het reeds hoop opgegee dat hy nog leef (Getrou, bls. 199).

Het jul woorde gehad? (Misdade, bls. 131).

So moet hulle weer vlug en skuiling agter rotse gaan soek (B. Stories, bls. 29).

Speelman hou asem op en maak of hy dood is (B.Stories, bls.38).

Die Bobiaan kon toe nie asem kry nie (B. Stories, bls. 72).
Om te sien hoe die kruid vuur vat (Boervrouw, bls. 135).
Arme ou Terblans het probeer kop wegtrek (Duimpie I, bls. 23).
So moes hy eerste gaan oë toehou (Duimpie II, bls. 12).
Nou begin hy gedagte kry van die huis (Duimpie I, bls. 11).
Nou moet alle konsiderasie padgee (Vergeet Nie, bls. 98).
So ook: *spoorsny, pypopsteek,* ens.

Opm. Dit verdien aanbeveling om sulke samestellinge aaneen te skrywe, as die Subst. onmiddellik voor die Ww. staan, soos ons ook doen met samestellinge bestaande uit Ww. + Bywd.

293. (c) Samestellinge van die bepalinge of voltooiinge van die grammatiese Subjek met vorme van die Werkwoorde: *wees, bly, word, lyk, skyn, heet.* Die betekenis van hierdie Werkwoorde het in die loop van tyd verbleek. So het die verkillende stamme van *wees* oorspronklik 'n betekenis soos "woon", "groei", ens. uitgedruk, en kon dit dieselfde soorte bepalinge hê as ander werkwoorde, b.v.: (Plaas): *hy is in gevaar;* (Tyd): *sy is in die lente van haar lewe,* ens. Teenswoordig dien dit, behalwe dat dit deur sy vorme tyd en modaliteit kan uitdruk, enkel om die grammatiese Subjek met die bepalinge of voltooiinge te verbind, en in party tale (Latyn, Russies, ens.) kan dit selfs gemis word waar ander tale dit gebruik. Daar die woord alleen nie voldoende is om 'n begrip uit te druk nie, kan 'n mens hierdie toevoegsels beskou as voltooiinge van die Werkwoord, maar hulle dien tewens tot bepaling of voltooiing van die grammatiese Subjek, waarby die taalgevoel hulle dan ook gewoonlik groepeer. Die bepalinge en voltooiinge (met of sonder vormwoord) het teenswoordig dan ook adjektiewiese funksie. Vgl.: *Alexander was 'n held; hy was in sy skik, uit sy humeur, op sy perdjie,* ens.

294. Die betekenis van die ander gemelde Werkwoorde is nog nie in dieselfde mate verbleek nie, maar ook die voltooiinge waarmee hulle samegestel word, het 'n adjektiewiese funksie.

295. (d) Vorme van bepaalde Werkwoorde word met Infinitiewe verbind om 'n tydsbepaling, modus, 'aktionsart', uit te druk. Die uiterlike kenmerk wat die proses van samestelling begelei, is dat die Infinitief sonder Preposiesie gebruik word, dog, daar die inwendige proses natuurlik voorafgaan, kan die Preps. nog by party Werkwoorde voorkom. Daarenteen hoef die twee dele van die kompositum nie naas mekaar te staan nie. Vgl.: *hy sal dit dadelik vir al die lede van die vereniging vertel* (naas: *hy sal kom).* Hoewel die twee elemente hier sover verwyderd van mekaar staan, vorm hul tog 'n eenheid, waaraan soms die naam distansie- of afstandskompositum gegee word. Die psigologiese proses is dat 'n wilsakte begin word by die eerste element, om, na 'n onderbreking deur 'n periode van inersie, eers by die twede element voltooi te word. Hierdie proses het Dr. van Ginneken treffend vergelyk met die gelyksoortige wilsakte waardeur ons 'n *i* skrywe aan die begin van 'n woord en die titteltjie eers daarop sit as die hele woord klaar is. [1])

296. 'n Tussentrap verteenwoordig verbindinge van Infinitiewe met vorme van *wees, bly, lyk, skyn* (literêr), *heet* (literêr), *kry, kom, gaan,* ens. deur middel van *aan* met of sonder *die* of *'t* (Vgl. § 22.) Hierdie woorde dien as hulpwerkwoorde om die begin, voortduring, of modus van die werbaalbegrip uit te druk, maar die gebruik van die bindwoord is verplig.

297. Die Infinitief word sonder Preposiesie verbind met die Hulpww.: *sal, gaan, kan, wil, mag, moet, laat, bly,* b.v.: *hy bly lol.* Vgl. ook § 270.

298. Ek weet nie of daar een akademiese dissertasie in Afrikaans bestaan, waarin *skyn te wees* en ook ander uitdrukkinge waar 'n Inf. deur middel van *te* met *skyn* verbind word, nie voorkom nie. Maar nie alleen in wetenskaplike

---

[1]) Vgl. Van Ginneken, *Algemeene Leer der Woordschikking* (Leuvensche Bijdragen VIII); Idem, *De Kataloog van een Taalmuseum* (N. Taalg. V); Van den Bosch, *Over Samenstelling,* (Taal en Letteren III).

werke is die verbinding so geliefd nie; dis ook die geval in die belletristiese literatuur. En tog is dit onbekend in die spreektaal. Vir: *terwyl die nuwe rigting se bedoeling skyn te wees om die minder-bevoorregtes te vergeet* (E. Skrywers, bls. 12), sou in die gesproke taal gesê word: *terwyl dit lyk of die bedoeling van die nuwe rigting is,* ens. So kom Infinitiewe met *te* na *lyk, blyk* en *heet* ook enkel in literêre taal voor.

299. Ook by *behoort* kry die Inf. steeds *te: Die moeder behoor die beste te weet* (Getrou, bls. 9), en as reël gebeur dit ook by *(be)hoef: Voor ons aan die huwelik van Annette hoef te dink* (Getrou, bls. 9), hoewel die vorm sonder *te* af en toe ook deurdring.

300. Met of sonder *te* word die Inf. gebruik by *kom,* Hulpww. om 'n aanvang in die onmiddellike toekoms of 'n realistiese voorstelling uit te druk. (As *kom* 'n selfstandige Ww. is wat vergesel word van 'n Inf. wat 'n bepaling van doel uitdruk, kry die laaste natuurlik *om te.*) Vgl.: *Dit kom my duur te staan; as hy kom te sterwe; ek kom kyk; toe ek my kom kry* (E. Skrywers, bls. 101). [1])

301. By die woorde: *durf, probeer, begin* en *help* word die Inf. met *om te* of *te* of sonder Prep. gebruik. (Sie ook § 270) Vgl. naas *hy durf, probeer, begin om dit te doen; hy help om dit klaar te kry:*

Hier het ons die opienies van vier van ons beste Afrikaanse taalgeleerdes, wat durf met gesag spreek (E. Skrywers, bls. 50).

Sy benarde toestand begin te besef (Getrou, bls. 60).

Reeds voor die oprigting ... het Mnr. Hoogenhout in die koerante oor die erkenning van die Afrikaanse taal beginne skrywe (E. Skrywers, bls. 16).

In die vorige hoofstuk het ons perbeer die Groot Trek in ware verhouding met die geskiedenis van ons vaderland te bring (Boervrouw, bls. 20).

---

[1]) Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 78.

Hieromtrent wil ek probeer so min moontlik sê (Boervrouw, bls. 20).

Tant Sarie, jy moet my help die kind grootbring (Japie, bls. 5).

302. Die Hulpww. *staan* (voortduring), *sit* (voortduring), *loop* (aanvang in die onmiddellike toekoms) en in Hottentotte-Afrikaans ook *lê* (voortduring), was oorspronklik neweskikkend verbonde met die volgende Ww. deur middel van die Konjunksie *en*, en dit is nog dikwels die geval. Daar die betekenis-verhouding egter 'n onderskikkende is, het daarnaas ander konstruksies, konform met ander onderskikkende verbindingstiepes, ontwikkel. Die is tweërlei: (1) Verbindinge met *te*, veral onder Nederlandse invloed by die eerste drie woorde in die literatuurtaal gebruik, maar in die spreektaal ook nie heeltemal onbekend nie; en (2) Verbindinge sonder vormwoord. Die oorgangstadium waarin hierdie woorde verkeer, kom mooi daardeur aan die dag, dat hulle 'n afsonderlike bepaling kan hê, wat nie op die twede Ww. slaan nie. As die bepaling op die hele verbinding slaan, is die eie betekenis van die Hulpww. dikwels heeltemal verbleek en dien hulle enkel om die ingoatiewe of duratiewe geaardheid van die handeling uit te druk. Die eie betekenis van *sit* is in Afrikaans egter nooit heeltemal verbleek nie. Vergelyk:

Want ons het sit rook en drink en gesels (Grootvader, bls. 22).

Lodewyk gee 'n diepe sug, en sit sy minister vir 'n tyd lank stil en aankyk (Getrou, bls. 47).

Vir 'n tydjie sit die meisie hom met 'n sonderlinge blik in haar oë stil aan te kyk (Getrou, bls. 52).

Staan hy die aanval bedaard afwag (Misdade, bls. 149).

Het jy bygestaan luister? (Misdade, bls. 92).

Hulle wei genoeglik op die groen gras, wat hier volop is, of lê gerus en herkouw (Misdade, bls. 47); naas Hottentotte-Afrikaans: *deusman se kind, jy le stan skent Grikwa se kind by di korakter* (Ons Klyntji).

303. *Geskiedkundig.* Hoewel Dr. Bosman Ndl. uitdrukkinge, soos: *staan te zaniken, liggen te zeuren*, vergelyk met die gebruik van die gemelde woorde as Hulpww., voeg

hy daaraan toe: "Maar Kreools-Afrikaans gaan hierin baie verder [as Hollands]", en noem dit dan 'n "tiepiese verskynsel van Kreools-Afrikaans". [1]) Waarop hy hierdie uitspraak baseer, weet ek nie. Algemeen Afrikaans en Algemeen Nederlands staan m.i. teenswoordig ongeveer gelyk in hierdie opsig. Teenoor die groter voorliefde van Afrikaans vir *staan* en *loop* kan gestel word die Ndl. gebruik van *zitten* en *liggen*. En dat *lê* in sulke verbindinge nie deur witmense in Afrikaans gebruik word nie, wil nóg nie sê dat die Hottentotse geur ook oorspronklik aan die woord gekleef het nie. Dis miskien juis omdat die Hottentotte daar veel gebruik van gemaak het, dat dit uitgesterwe het onder die blanke. In sewentiende-eeuse Hollands het samestellinge met *lê* veel gebruik geword. Vgl.: *hoe legddy so en preutelt* (Bredero, Rodderick ende Alphonsus, Uitg. Knuttel, bls. 68); *dat jij hier lecht en tabackt* (Griane, Uitg. Knuttel, bls. 105) ens. Of meen Dr. Bosman dat die verbinding *lê staan* (+ Inf.) tiepies Kreools is wat die betekenis van die woorde betref? Dan verwys ek hom naar Griane, bls. 106: *die legghen en loopen, in goyen elck ien,* en bls. 185: *maer dat jy noch wilt leggen en loopen.* Of het hy miskien die oog daarop, dat geen bindwoord gebruik word nie? Dan verwys ek naar Trijntje Cornelis, vs. 367: *Hoe brill sel onse Claes staan kyken;* vs. 1204: *'k hadd loopen hoore preke;* Bredero, Angeniet, vs. 1495: *Nu dat de Hel-heer lang verwondert had staan staren.* Of meen Dr. Bosman, dat nóg die aard van die verbindinge, nóg die gebruikte woorde onnederlands is, en wou hy alleen maar te kenne gee dat die Hottentotte daar meer gebruik van maak as die witmense, en dat dit daaraan kan toegeskrywe word dat daar in Hottentots ook sulke partikels voorkom *(gye, ra,* ens.)? Dan glo ek dat hy gelyk kan hê. [2])

304. Die Hulpww. *aanhou, ophou* en *basta* word met

---

[1]) *Ontstaan v. Afr.*, bls. 83.

[2]) Vgl. ook: Hesseling, *Het Negerhollands*, blss. 103-10; Du Toit, *Afr. Studies*, blss. 94-97; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 10-11; Van der Veen, *Taaleigen*, § 195; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 194, Opm. 2.

of sonder die vaste Prep. *met* (naas *om te)* gebruik. Vergelyk vir die gebruik sonder vormwoord:

Totdat daardie twee tydskrifte ophou bestaan het (E. Skrywers, bls. 28).

Ons Jan het aanhou veg en sy man teen die aanvalle gestaan (E. Skrywers, bls. 38).

Jy moet jou en bitji opbeur en basta fer jou so oud hou (Ons Klyntji).

305. *Geskiedkundig.* Die woord *basta* is oorspronklik 'n Interjeksie. Daar die Imperatief ook dikwels die funksie van 'n Interjeksie het, wat dan voltooi kan word deur 'n Inf. met of sonder *met* (Vgl. *hou aan, hou op),* het ook *basta* hierdie konstruksie aangeneem. Vervolgens is die woord in werbale funksie gebruik na *moet* en dan ook na ander Hulpww., dog as alleenstaande Ww. kan dit nog nie gebruik word nie. [1]) 'n Soortgelyke oorgang het ontstaan uit die interjeksionele gebruik van die uitdrukking: *sabander in die wapad. Sabander* is die tietel van 'n oosterse hawemeester en doeanehoof, maar deur latere onbekendheid met die eintlike betekenis van die woord, het die volksetimologie daarvoor die Imperatief 'laat spaander' (in die wapad) gesubstitueer. 'n Eienaardige vergissing begaan Dr. Boshoff waar hy, op voorgang van Prof. Smith, *sabander* verklaar as ontstaan uit *laat spaander.* Die volksetimologie assimileer immers die onbekende aan die bekende, en nie anders om nie. [2])

Opm. by §§ 295-305. Sy betoog, dat die vereenvoudiginge in die vormleer van die Afrikaanse Werkwoord onder Mal.-Portugese invloed sou tot stand gekom het, behoort tot die teoretiese gedeelte van Prof. Hesseling se verhandeling oor „Het Afrikaansch". Tot dié vereenvoudiginge word ook gereken die feit, dat die Imperfektum, behalwe by die Hulpww. en 'n paar ander Ww., [3]) in Afrikaans verlore gegaan het.

In sy grondige studie oor „De Tijden van het Werkwoord" [4])

---

[1]) Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch,* bls. 114; Boshoff, *Volk en Taal,* bls. 135; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.,* bls. 81.

[2]) Boshoff, *Volk en Taal,* bls. 207; Huisgenoot, Jan. 1921.

[3]) Vgl. *Handleiding,* bls. 51.

[4]) *Een Proeve van Nederlandsche Spraakkunst* (N. Taalg. V).

onderskei Dr. van Ginneken as volg tussen die gebruik van Imperfektum en Perfektum in Nederlands:

„De eerste verleden tijd [Imperfektum] heeft tot kernbeteekenis: de plastische schildering van een feit; hij geeft m.a.w. te kennen, dat wij het feit min of meer als gebeurend levendig voor ons terugzien, soms zelfs in eenige sukcessieve fasen van z'n ontwikkeling; hij spreekt dus meer tot de verbeelding en gaat altijd met aanschouwelijke voorstellingen gepaard.

De tweede verleden tijd [Perfektum] heeft tot kernbeteekenis: de koude konstateering van een feit; hij geeft m.a.w. te kennen, dat wij het heele feit in een gezichtspunt samenvatten, ook al heeft het zelf soms lang geduurd; hij spreekt dus meer tot het abstrakt redeneerend verstand en gaat bijna nooit met aanschouwelijk durende voorstellingen gepaard".

In Mnl. kon die Imperf. egter ook gebruik word in gevalle wat nou gewoonlik tot die gebied van die Perfektum behoort.[1])

Die funksie van die vroeëre Imperf. word dus in Afrikaans maar vir die kleinste gedeelte deur die Perf. waargeneem. 'n Verlede handeling word aanskoulik uitgedruk óf deur die eenvoudige Presens (met of sonder *toe* of ander adwerbiale bepalinge van tyd) óf deur middel van die behandelde Hulpww. Die moontlike middele is dus almal ook in Nederlands aanwesig en kom in die sewentiende-eeuse literatuurtaal meer voor as in die hedendaagse; en nog maak die algemene omgangstaal en die dialekte daar meer gebruik van as die Nederlandse geskrifte laat vermoed. Of die genadeslag wat hierdie nog aanskouliker middele in Suid-Afrika aan die Imperf. toegedien het, deur vreemde invloede in die hand gewerk is, en indien wel, of daar dan een bepaalde taal voor verantwoordelik moet gestel word, is vrae waar ek hier nie op wil ingaan nie, daar dit die vormleer betref, maar wat naar my mening in dieselfde gees moet aangepak word as ek met ander soortgelyke kwessies gedoen het. (Vgl. b.v. § 79).[2])

Daarby herinner ek daaraan, dat die Imperfektum ook in baie Duitse dialekte verdwyn het, hoewel die bewoording van Wunderlich: "Das zusammengsetzte Präteritum, das man gewöhnlich auch Perfekt nennt, hat in manchen Dialekten die ganze Zeitform der Vergangenheit in Beschlag genommen",[3]) op 'n misvatting moet berus.

---

[1]) Overdiep, *Een Opmerking over het Nederlandsche Perfectum* (N. Taalg. XVII).

[2]) Hesseling, *Het Afrikaansch*, blss. 140 vlgg.; Bosman, *Afrikaans en Mal.-Port.*, blss. 104 vlgg.; Bosman, *Ontstaan van Afr.* bls. 94.

[3]) *Unsere Umgangsprache*, bls. 191.

Kongruensie.

306. In samegestelde tydsvorme bestaande uit *het* of *sou* + Hulpww. *wil, kan* of *moet* + Hoofww. in die Inf., kry die geregeerde Hulpww. die vorm van die Verlede Tyd: *Hy het dit kon sien; hy sou (moes) dit wou doen.* As *kon* of *moes* gevolg word deur die Hulpww. *wil* en 'n Hoofww., behou die geregeerde Hulpww. die vorm van die Teenw. Tyd, maar staan die Hoofww. in die vorm van die samegestelde Verl. Tyd: *Hy kon (moes) dit wil gedoen het.* Omgekeerd gebeur dit dikwels, hoewel nie konsekwent nie, dat die Verl. Tyd van die Infinitief ook die voorafgaande Hulpww. in die Verl. Tyd sametrek. Vgl.: *Die skikkinge vir die begrafnis word baie omstandig meegedeel en ou Jefta se relaas kon heelwat korter gewees het* (Prosa, bls. 220). Dit werp 'n skerp lig op die moontlikhede van funksieverandering by die afslyting van fleksie-uitgange, dat die Infinitief hier optree in vorme wat in die Nederlandse stamtaal enkel by die Verbum Finitum voorgekom het en voorkom. Maar die Afrikaanse Verbum Finitum en Verbum Infinitum het ook in die Presens, afgesien van hulpwoorde, gewoonlik dieselfde vorm. Met hierdie herhaalde uitdrukking van die Verl. Tyd kan vergelyk word die gebruik om na *klein* altyd 'n verkleiningsvorm van die Subst. te besig: *my klein seuntjie, 'n klein opmerkinkie,* ens., iets wat ook in Nederlands veel voorkom, dog nie so uitsluitend soos in Afrikaans nie.

307. Ook in hierdie opsig staan baie skrywers egter onder invloed van die Nederlandse skryftradiesie. Hoewel ek op die oomblik nie in die geleentheid is om dit te kontroleer nie, glo ek dat waar Prof. Malherbe sê "Dat *baie* [ek kursiveer] mense ook sê *sou wil, sou kan* ens." hy hom, om die minste te sê, 'n bietjie sterk uitdruk. [1])

Woordorde.

308. As die Hulpww. *het* of *word* bepaal word deur

[1]) *Afr. Taalboek,* § 64.

'n ander Hulww. staan dit altyd onmiddellik na die Verl. Deelwd. wat dit self bepaal. Dit is ook die geval as Prep. + Werbum + *het* of *word* 'n Infinitief vorm; dan gaan die Prep. aan alle werbale gedeeltes vooraf. Vgl.: *Hy kan dit maar gedoen het* (Afr. Taalboek, bls. 72); *niemand sou dit verkeerd opgevat het nie* (Idem, bls. 73); *na omtrent eenderde van die pad so voort te gesukkel het* (Vergeet Nie, bls. 118); *dit was sy plig om dit te gedoen het.* Die posiesie van die Hulpww. in sulke sinne, en ook wanneer *het, word* of *wees* in bysinne as enigste Hulpww.by die Verl. Deelwd. gebruik word — want dan geld dieselfde woordorde — is 'n hindernis waar gebore Nederlanders wat Afrikaans skrywe gedurig oor struikel. Vgl.: *Kyk, julle kêrels ... weet nie wat die ou baanbrekers of "voorlopers" het moet deurmaak nie* (E. Skrywers, bls. 148, sitaat uit 'n brief van Hoogenhout). Maar ook in geskrifte van gebore Afrikaners kan 'n mens verkeerde vorme teëkom. Vgl.: *Ons meen reeds genoeg in die vorige afdeling gesê te hê* (E. Skrywers, bls. 60).

Opm. Hê is Inf. van die selfstandige Ww., *het* van die Hulpww. [1])

B. *Werbum + Adjektief.*

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

309. 'n Adjektief wat dien as bepaling van manier of omstandigheid word sonder vormwoord met die Werkwoord verbind. Die Adjektief het dan tewens betrekking op die inhoud van die grammatiese Subjek (Sie § 92). Voorbeelde is:

---

[1]) Vgl. Malherbe, *Afr. Taalboek*, §§ 65-66.

Hy kyk treurig rond, loop versigtig, knik vriendelik, staar begerig, kom alleen; bang kom die droomgesiggie nader (Veld, bls. 78).

Opm. In voorbeelde soos die laaste twee is dit die woordorde wat aandui dat die Adj. nie alleen op die Subst. betrekking het nie, maar ook op die Werkwoord. Vgl. § 46.

310. Die Teenw. Deelwd. is, behalwe in 'n paar geykte uitdrukkinge *(hy is horende doof en siende blind),* in die spreektaal onbekend in hierdie adwerbiaal-adjektiewiese funksie. In die literêre taal word daar by sommige skrywers (Malherbe, Sangiro, ens.) 'n uitgebreide gebruik van gemaak. Self verklaar Malherbe [1]): "In ons [d.i. Afrikaanse] geskrifte speel hy 'n aanmerklike rol. Meestal kan 'n mens hom vermy deur omskrywing, wat egter in die verskuns veel moeiliker sou wees . . . . . Maar in 'n enigsins ingewikkelde sin sou deur konsekwente omskrywing te veel hinderlike tussensinnetjies ontstaan. Dit kan derhalwe gebeur dat die teenw. deelw. verkiesliker is as die ander manier. Maar dit neem nie weg dat sy gebruik beperk moet word nie." Hier blyk dus weer die behoefte by sommige genres van skriftelik geuite of kunstig inmekaargesitte taal aan 'n ander ritme en aan enger verbonde, meer gekomprimeerde, vorme as gebruik word in die daaglikse omgangstaal, want die is ongegeneerd, die klankreekse vlieë byna van self van mond tot oor, maar hort en stoot ook, omdat hul los samehang.

Opm. In die bowestaande voorbeeld is *horende* en *siende* nie enkel 'n bepaling by *hy* nie, maar tewens by die werbaalbegrippe *is doof* en *is blind.* Dit kan opgevat word as 'n bepaling wat aangee op watter manier die toestand bestaan, óf as 'n toegewende bepaling.

311. Daarenteen het die Verl. Deelwd. meer adwerbiale geaardheid en lewe dus kragtig voort ook in die spreektaal.

312. Daar moet op gewys word, dat die Deelwoorde, behalwe dat hulle die manier of omstandigheid uitdruk, tewens

---

[1]) *Afr. Taalboek,* bls. 74.

'n tydsverhouding, 'n oorsaak of rede, 'n voorwaarde, toegewing of beperking kan weergee. [1])

313. Voorbeelde van verbindinge met Teenw. Deelwd.:

Half sittend op die hoek van die tafeltjie trag Stoffel Harmse ... 'n paar ... te onderhou (Veld, bls. 81).

Toe draai hulle skielik om en trek stertswaaiend af (Oerwoud, bls. 24).

En sy hoof oprigtend asof enigsins geprikkel, begin nou Oom Willem eers bedaard, maar geleidelik toegewend aan sy gevoel (Vergeet Nie, bls. 19).

Maar haar ewewig terugwinnend, dwing sy hulle met magtige wil tot onderwerping en voorgewend dat sy die posiesie nog nie heeltemal begryp nie, sê sy ... (Vergeet Nie, bls. 25).

Sag glimlaggend en met 'n sarkastiese trek om sy mond sê hy ... (Vergeet Nie, bls. 68).

Wakend, sugtend, biddend, so het sy die slepende dae en die traag-skrydende ure van die nag deurgebring (Vergeet Nie, bls. 89).

Opm. As daar geen werbale vorm tussen die grammatiese Subjek en die Partisiepium staan nie, is dit dikwels twyfelagtig of die laaste moet opgevat word as enkel 'n agtergeplaaste bepaling van die Substantief en of dit tewens die Werkwoord bepaal. So lyk dit vir my of die temporale verhouding van die eienskap tot die handeling van die Werkwoord aangegee word in die sinne: *En die klaende nadraai wat hy al naderkomende, aan elke knor gee, steek komiek af ...* (Oerwoud, bls. 72); *en oor hulle gly die sonstrale van 'n koninklike somermiddag beskermend en seënend* (Vergeet Nie, bls. 117). Maar daarenteen is in § 81 'n paar sinne gesiteer (eerste en laaste vb. onder Agterplaatsing) waar die Partisiepia die indruk maak van 'n bepaling wat as nagedagte enkel op die Subst. betrekking het.

314. Voorbeelde van verbindinge met Verl. Deelwd.:

Troosteloos verlate lê die werkplek langs die spruit (Veld, bls. 78).

[1]) Vir die gebruik van die twee Deelwoorde, waarvan die name misleidend is, vgl.: Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* III, §§ 97-101; I, § 72, Opm. 2; en Paul, *Deu. Grammatik* IV, §§ 318-28.

Onderwyl ... speel die kleintjies vergenoeg opsy (Oerwoud, bls. 9).

Steek hy vas en kyk half beskaamd die vlieende gedaantes na (Oerwoud, bls. 18).

Tot dit onbeteueld vloei (Vergeet Nie, bls. 45).

Vorm van die adjektiewiese woorde.

315. Die Adjektiewe en Deelwoorde het in hierdie funksie dieselfde vorm as by agterplaatsing in attributiewe gebruik. Vgl. § 68 en §§ 81-2. By Teenw. Deelwoorde kom af en toe egter ook 'n vorm op *-de* voor die dag. (Sie die bowestaande voorbeelde.)

Opm. by §§ 309-15. Die Adjektiewe verskil in hierdie verbindingstiepe in vorm nie van Bywoorde nie, en, daar hul sowel op 'n Subst. as op 'n Ww. betrekking het, kan hulle funksie as adjektiewies en tewens adwerbiaal beskrywe word. Eenvoudigheidshalwe gebruik ons die naam Adjektief vir woorde wat in 'n dergelike dubbele funksie gebruik word by volle, relatiewe en leë begrippe, onverskillig tot wattereen van die twee genoemde woordsoorte hulle histories behoort, en noem die woorde wat enkel op die inhoud van die Werkwoord betrekking het — anders as Sütterlin,[1]) wat in Duits ook dan die naam Adjektief wil gebruik — uit hoofde van hulle funksie, Adwerbia. Vergelyk ook Opm. by § 92.

(b) *Verbindinge met vormwoord.*

316. Deur middel van die Konjunksies *as* (enkel literêr) en *asof* (enkel literêr sonder volgende Ww. gebruik) word die moontlike ontoepaslikheid van die eienskap uitgedruk. Die bepaling kan betrekking hê op die grammatiese Subjek: *en* [tant Dorie] *kyk herhaaldelik as gejaag deur die venster* (Veld, bls. 119); òf, by die refleksiewe Ww., op grammatiese Subj. en Obj. gelyktydig: *Toe ek my op my ou dag geskilder het as omring deur 'n kring talryke kinders* (Prosabundel, bls. 188).

---

[1]) *Deu. Sprache,* § 391.

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

317. As die verbinding sonder vormwoord geskied kry die inhoud van 'n Subst. die eienskap gewoonlik eers deur die handeling wat die werbaalbegrip uitdruk. Die Adjektief wat tot voltooiing van die werbaalbegrip dien, kan tewens betrekking hê:

(α) Op die inhoud van die grammatiese subjek. Vgl.:

Elkeen weer hom in sy eie vak, nou die litte lekker los begin te voel (Veld, bls. 16).

Met 'n nare skree skrik die wagtertjie wakker en sit dadelik oor-end met wye oë (Veld, bls. 130).

Daardie emmer klei dra net lekker swaar (Misdade, bls. 130).

Opm. Die laaste sin is 'n voorbeeld van die kausatiewe gebruik van 'n Ww. *(dra swaar* = laat my swaar dra), wat Dr. W. de Vries, naar aanleiding van sinne soos: *Nieuwe schoenen loopen lastig; die stoel sit ongemakkelijk*, 'n usurpasie genoem het.[1]) Vir die verklaring van die ontstaan van hierdie gebruik van die Ww. gaan hy in die eerste plek uit van onpersoonlike konstruksies soos: *Het ploegt hier licht.* Sulke onpersoonlike konstruksies ken Afrikaans egter nie, en dat hulle eers sou meegewerk het om 'n nuwe konstruksie te help vorm en toe self verdwyn het, lyk uiters onwaarskynlik. Is dit nie waarskynliker, dat die tyd van ontstaan van Afrikaans 'n terminus ante quem vir die ontstaan van die persoonlike, en 'n terminus post quem van die onpersoonlike konstruksie in Nederlands sou aangee nie? In ieder geval lyk dit of die analogie van sinne soos: *Dit is swaar vir my om [die klei] te dra*, naas: *Ek dra swaar [aan die klei]* die aanleiding moet gewees het van sinne soos: *Die klei dra swaar*, naas: *Die klei is swaar [vir my] om te dra.*

(β) Op die inhoud van die Objek. Vgl.:

Sy teenstanders noem hom dom.

Die môre-koelheid sterk 'n lustige wil, hou vermoeidheid gebind (Veld, bls. 16).

Hulle maak my tam (Idem, bls. 17).

---

[1]) *Opmerkingen over Nederlandsche Syntaxis* (Tijdschrift, XXIX)

En toe die eerste kwaai ryp die rande vaal verdor het (Veld, bls. 30).

(γ) Op die inhoud van grammatiese Subjek en Objek albei by Refleksiewe Ww. Vgl.:

Die volgende môre wil hy hom klaar maak vir sy werk (Veld, bls. 76).

(b) *Verbindinge met vormwoord.*

318. Deur middel van vormwoorde kan die moontlikheid te kenne gegee word, dat die eienskap wat dien tot voltooiing van die Ww., nie aan die inhoud van die Subst. toekom nie. As die Adjektief betrekking het op die inhoud van die grammatiese Subjek word die bindwoord *vir* gebruik: *hy geld vir ryk;* as dit betrekking het op die Objek kan *as* of *vir* gebruik word: *hulle beskou hom vir* (of *as) ryk.* Vgl. ook die verstarde samestelling: *iets verlief neem.* By Refleksiewe Ww. het die Adj. betrekking op die inhoud van Subj. en Obj. albei: *ek beskou my vir (as) bekwaam daarvoor.*

Die vorm van die Adjektiewiese woord is soos by die volbegrippe (§ 315).

(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

319. (a) In die samestellinge van Ww. met Adj. kan die Adj. betrekking hê op die grammatiese Subjek. Vgl.: *hy gaan dood; dit raak los; hy is goed; hy lyk vrolik,* ens. Veral de s.g. kopulatiewe Ww. met hulle voltooiinge vorm 'n voorname onderdeel van hierdie rubriek.

320. As die moontlikheid dat die eienskap nie op die inhoud van die grammatiese Subjek toepaslik is nie, moet uitgedruk word, kan die bindwoord *as* gebruik word: *hy is as verwese.*

321. Die samestelling kan voltooi word deur 'n Objek: *Dit staan jou vry; dit val hom swaar; dit val hom lig.* Dis 'n bewys van die vastheid van die samestelling, dat die

voltooiing van die samegestelde Ww., ook in die omgangstaal sonder vormwoord kan aangeknoop word. Na samestellinge met *wees,* wat baie losser is, word in die omgangstaal 'n bindwoord gebruik: *wees genadig vir my; hy is goed vir my* ens. (Vgl. §§ 189-92),

Opm. by §§ 319-21. 'n Aantal woorde wat oorspronklik as Substantiewe opgevat is, kan in Afr. sonder adjektiewiese afleidingsuffiks op hierdie manier — deur middel van 'n kopula — met die grammatiese Subjek verbind word, en ook aan die verdere funksies van Adj^{e} deelneem. Daaronder hoort in die eerste plek die veelbesproke groep: *[ek is] honger, dors, spyt, skaam* (Mnl. *schaem, schame,* Mhd. *scham), lus, vaak,* naas: *ek het honger,* ens. [1])

Prof. Schuchardt het in sy Kreoolse studies daarop gewys, dat sulke woorde 'n toestand beskrywe en dat daar dus 'n algemeen psigologiese basis voor bestaan om hulle, soos in baie Kreoolse tale gebeur, as Adj^{e} op te vat. Hy het daar verder mee vergelyk: Duits *ich bin ganz mitleid; sie ist ganz Huld;* Fr. *chagrin, colère,* ens.

Prof. Hesseling en Dr. du Toit het op dieselfde verskynsel in Afrikaans gewys en dit beskrywe as 'n Kreolisme.

Dr. Bosman wysig hierdie laaste opvatting in 'n verklaring waarvan die kern is, dat hy wil uitgaan van analogiewerking binne die Ndl. taalverband self. Hy wys n.l. op Ndl.: *ik heb* naas *in ben koud* (N.B. hedendaags Ndl. is: *ik heb het koud)* en *hij heeft* naas *hij is schuld,* beskou *koudzijn, koudhebben,* ens., as werbale samestellinge waarin *zijn* en *hebben* mekaar kan afwissel, en dink dan aan 'n analogiese uitbreiding van hierdie rubriek in Afrikaans. Die vbb. is goed gekose, want die woorde *heet* en *koud* was, net soos *schuld,* oorspronklik Substantiewe: Mnl. *ic heb heet, kout.* [2]) Maar daar bly een beswaar oor, en dit is, dat die groepie so klein is in Ndl. dat 'n mens moet twyfel aan sy krag om analogievorme in die lewe te roep. Is dit miskien om tegemoet te kom aan hierdie beswaar, dat Dr. Bosman aanneem dat die uitbreiding bevorderd is deur Kreools-Afrikaans, wat hy dan verantwoord deur te sê dat die verskynsel "in die Afrikaans van kleurlinge nog veel

---

[1]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 202, vlgg.; Hesseling, *Het Afrikaansch,* bls. 112; Du Toit, *Afr. Studies,* bls. 81; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.,* blss. 76-8; Bosman, *Ontstaan van Afr.,* blss. 84-7.

[2]) *Mnl. Wdb.*

vaker voorkom as in suiwer Afrikaans"? Maar op 'n ander plek [1]) wys hy ook nog op die taal van Ndl. kinders, waarin uitdrukkinge voorkom soos: *neusje pijn* wat sintakties gelyk staan met *Keesje honger.*

As ons al hierdie gegewens 'n beetjie anders samestel en uitgaan van die opgroeiende geslag, dan glo ek dat ons 'n taamlik goeie beeld kan kry van wat werklik in Suid-Afrika gebeur het. Ek stel dit my as volg voor:

Die kinders het — soos psigologies natuurlik was — *honger, dors,* ens. gevoel as Adj^{e}. Dit doen kinders wat ander tale praat gewoonlik ook met ooreenkomstige woorde, maar deurdat die kindertaal hom gedurig aanpas aan die taal van ouer mense, gebeur dit maar sporadies dat sulke woorde permanent oorgaan tot Adj^{e}. In S.-A. het 'n groot deel van die ouer mense, n.l. die Kreools-sprekendes, egter ook die genoemde woorde as Adj^{e} gevoel, sodat die taal van die blanke kinders met behulp van die Kreools-sprekendes die oorwinning kon behaal het oor die taal van hulle ouers. Die gewoonste vorm in die kindertaal is: *ek honger,* en as ek Schuchardt goed verstaan, kan die kopula ook in Kreools ontbreek. „In den verschiedensten kreolischen Mundarten heisst es: ‚ich Furcht' ‚ich Hunger'." Hierdie vorm het die kinders egter mettertyd afgeleer om daarvoor, soos by ander Adj^{e}, in die plaas te stel verbindinge met *is,* wat ook die sprekers van Kreools in baie gevalle doen. Daarnaas het hulle egter ook die vorme met *het* aangeleer. By hierdie ontwikkeling het die remmende faktore ten slotte nog aan krag verloor deurdat in Ndl. reeds dubbelvorme met 'hebben' en 'zijn' bestaan het.

'n Ander uitgangspunt het die groepie: *Dit* (maar ook: *ek*) *is jammer; hy is skelm, windmaker* (naas vorme met die Lidwoord *'n*). Hier was 'zijn' reeds oorspronklik die bindwoord, maar die voorgeplaaste Lidwoord was die kenmerk daarvan dat die woorde as Subst^{e} opgevat is. Die opvat van sulke woorde as Adj^{e} word dikwels gevolg deur die gebruik daarvan sonder Lidwd., 'n verskynsel wat in Ndl. sowel as Afr. veelvuldig voorkom. Behalwe op die gevalle wat in die Opm. bij §§ 118-9 genoem is, kan ons hier nog wys op die woord *jammer* self, wat ook in Ndl. in albei vorme gebruik word: *wat is dat (een) jammer,* en herinner aan die vbb. wat deur Dr. Bosman aangehaal is: *schade, schalk, schande.* Hier was die analogieklas so groot dat dit my onnodig lyk om inwerking van Kreoolse invloede aan te neem.

[1]) *Ontstaan v. Afr.*, bls. 146.

Afsonderlik staan m.i.: *hy is pap*, wat waarskynlik ontstaan het uit: *hy is as pap*, naar die analogie van sinne soos: *hy is verwese*, naas *hy is as verwese*. En ten slotte het *hy is snoep* waarskynlik deur wegval van *-s* ontstaan uit *hy is snoeps*, waar die laaste woord dus reeds 'n Adj. was maar in 'n ander vorm.

322. (b) In Samestellinge van transitiewe Ww. met Adjektiewe, soos: *hoogag, kwytskel, swartsmeer, goedkeur*, ens., het die Adj. betrekking op die Objek. Vgl.: *ek ag hom hoog; ek moet sy houding goedkeur.*

323. (c) Bepalinge van grammatiese Subjek of Objek was oorspronklik ook die Verlede Deelwoorde wat met vorme van *het, wees* of *word* verbind word om die samegestelde tye van die Werkwoord te vorm: *hy is gegaan, hy word behandel, ek het hom gesien*, ens.

Opm. Hoewel *is (het)* + Part. Pret. + *geword* in die teenswoordige Afrikaanse omgangstaal meer gebruik word as in die Nederlandse, kan ek geen uitbreiding van die konstruksie in Afrikaans waarneem nie. Die drie sinne wat Prof. Bouman [1]) aanhaal om so 'n uitbreiding te bewys, het m.i. geen bewyskrag nie. In: *De la Rey was Volksraadslid en werd belas geword met de leiding*, het die skrywer die kluts kwyt geraak deur onbekendheid met die onafrikaanse vorm 'werd'. *Die party het ontstaan geword* (uit 'n redevoering) is blykbaar 'n kontaminasie van 'het ontstaan' en 'het gevorm geword'; en vir die anonieme, gebrekkige digter wat geskrywe het: *hy sal deur die nakroos steeds hoër word verrys*, was 'verrys' 'n vreemde woord waarvan hy nóg die betekenis nóg die gebruik geken het.

Vorm van die adjektiewiese woorde.

324. Die Adjektiewe wat nie naar die analogie van Verl. Deelwde gevorm is nie, het in hierdie soort verbindinge dieselfde vorm as by agterplaatsing in attributiewe gebruik. Met uitsondering van 'n paar verstarde vorme op *-ende: hy is sterwende, lydende, sukkelende*, is dit ook die geval met die Teenw. Deelwoorde. By die Verl. Deelwoorde tree

---

[1]) *Syntaktiese Groepen en Afrikaans.*

egter 'n ander differensiëring op. Die Verl. Deelwd^{e} van oorspronklik swak Ww. wat gebruik word om same met 'n Hulpww. 'n samegestelde tyd van 'n Ww. te vorm, het geen *-t-*klank nie, behalwe waar die grondwoord reeds daarop uitgaan. By die losser samestellinge, waar die Verl. Deelwd^{e}, of Adj^{e} wat naar analogie daarvan gevorm is, ook wel dien tot voltooiing van die betekenis van die Ww., maar waar die gevoel vir die gelyktydige betrekking op grammatiese Subjek of Objek nog lewendig is, kan soms nog 'n vorm op 'n *-t-*klank optree. By hierdie losser samestellinge is daar twee antagonistiese kragte aan die werk: tradisioneel gaan die Verl. Deelwd^{e} uit op 'n *t*-klank en, behalwe na skerp konsonante, opereer die voorbeeld van ander Adj^{e} in die rigting om dié toestand te bewaar, maar na die ander kant toe word hulle geassimileer deur die vorm van die vaste verbindinge. Die teenswoordige stand word vir die losser samestellinge as volg deur die S.A. Akademie beskrywe[1]):

„Verder val *d* en *t* altyd weg by verlede deelwoorde of woorde wat gevorm is na analogie daarvan, en wat uitgaan op *f, g, k, p, s: hulle is verloof, hy is onbevoeg . . . . .*

Die klankproses wat die verdwyning van uitgangs-*d* [verstaan: die *t*-klank] na *l, m, n, r,* en 'n klinker veroorsaak, is nog aan die gang, sodat 'n norm vir die hele taalgebied nie vas te stel is nie. In die Woordelys is 'n poging gemaak om in elke afsonderlike geval die gebruiklikste vorm aan te gee.

Opm. Na *ng* is *d* [verstaan: die *t*-klank] onseker: *die skool is gemengd, die wyn was gemeng met water.*"

Op dieselfde manier tree die Verl. Deelwd. van oorspronklik sterk Ww. op in die vorm: *ge-* + infinitief-stam, as dit gebruik word om 'n samegestelde tyd te vorm, maar kan die sterk vorm voorkom in die losser verbindinge (Vgl. § 82).

---

[1]) *Afrikaanse Woordelys,* Spelreël 36. Vgl. ook: Malherbe, *Afrikaanse Taalboek,* §§ 71-2.

C. *Werbum + Adwerbium.*

(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip.

(a) *Verbindinge sonder vormwoord.*

325. Sonder vormwoord kan 'n groot aantal verhoudinge uitgedruk word, waarvan ons noem:

Rus op 'n plek of beweging binne bepaalde perke: *hy woon daar, werk hier, snuffel orals.*

Tydstip: *hy het dit toe gesê; gister weggegaan.*

Graad: *dit blyk nouliks; die lamp flikker baie.*

Manier of omstandigheid: *hy loop vinnig, lag lekker, soebat verniet; ek vra maar.*

Maat: *dit skeel weinig.*

Modaliteit: *hy kom seker, beslis, altemit, tog, nie; kom dan, maar, assemblief.*

326. Tewens verbindend is, soos ook dikwels by tydsverhoudinge, die Bywoorde met behulp waarvan die volgende verhoudinge uitgedruk word:

Oorsaak: *hierdeur het dit gebeur.*

Rede of grond: *hierom het hy dit gedoen; dit het ook gereën.*

Middel: *hiermee gee hy te kenne . . .*

Doel: *daarvoor sal hy 'n reis onderneem.*

Toegewing: *tog (nietemin) sal hy kom.*

327. Besondere aandag verdien die gebruik van die modaliteitspartikel *nie.* Dis 'n eienaardigheid van Afrikaans, dat as 'n begrip, handeling, toestand, ens. genegeer word, die volsin, bysin, of woordgroep wat daar uiting aan gee, haas altyd afgesluit word deur *nie.* Vgl.: *Niemand dink dit nie; nie die man nie maar die vrou was die skuldige; ek sien nie die koei nie; ek sal dit nie doen nie; ons beskuldig hom nie daarvan dat hy die perd gesteel het nie; hy dink dat hy nie 'n fout kan maak nie.* Veral in Transvaal word die groep soms eerder voorlopig afgesluit en *nie* dan weer aan die end van iedere nuwe toevoegsel geplaas: *ons beskuldig hom nie daarvan nie, dat hy die perd gesteel het nie.*

328. In literêre taal kom veel voorbeelde voor waar die twede *nie* onder Nederlandse invloed weggelaat is en daarnaas gebeur dit ook dikwels dat die skrywer deur sy ingewikkelde styl in die war raak en die negasies verkeerd gebruik. [1]) Vgl.:

En die Hollands en Engels so deurmekaar haspel, dat 'n mens partykeer nie weet, watter taal hulle praat ('n Jag, bls. 5).

Maar jy was nog altyd bang dat sy my nog sou liefhê en daarom wou jy my geen stuk kans gee nie om jou liefde te win (Spoke, blss. 41-2).

Trane kom daar in Annie haar oë, maar sy en ook nie oom Willem is instaat om met mekaar 'n woord te wissel nie (Vergeet Nie, bls. 120).

329. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *nie* tot versterking van *nooit, niemand, niks* ens. is oorgeërf uit Nederlands.

Hoewel die herhaling van 'n negasie in een of ander vorm 'n uitgebreide verskynsel is wat in veel tale, veral in volkstale, voorkom (Vgl. ouer Ndl. *en ... niet,* Fr. *ne ... pas,* Eng. *I never said nothing,* ens.), is die ontstaan van die dubbele *nie* in Afrikaans 'n crux wat die taalgeleerdes tot nog toe met grote eerbied benader het.

Dat Afrikaans onder invloed van Frans *ne ... pas* die sewentiende-eeus-Nederlandse *en ... niet* in gewysigde vorm behou het — die verklaring wat Prof. Te Winkel indertyd gegee het [2]) — glo niemand meer nie, omdat die vorme waarin die negasies in die betrokke tale gebruik word, al te sterk van mekaar afwyk.

Prof. Hesseling dink aan moontlike invloed van die Negerportugees van Angola, maar staan daar self skepties teenoor [3])

Dr. du Toit [4]) het uit 'n Utrechtse stuk van die begin van die agtiende eeu die sinne aangehaal: *In en vrai land most*

---

[1]) Vir uitvoeriger uiteensettinge van die posiesie van die dubbele negasie sie: Malherbe, *Afr. Taalboek,* blss. 102-112; le Roux, *Handleiding,* blss. 56-9.

[2]) *Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika* (Vragen van den Dag, 1896).

[3]) *Het Afrikaansch,* blss. 117-8; Africana III (Tijdschrift XLI).

[4]) *Afrikaansche Studies,* bls. XX.

men dat kwaad nyt toelaaten nyt, en *je word nyt gek nyt,* en op gesag van Dr. A. Beets vermeld dat sulke herhalinge van *niet* nog in die Utrechtse volkstaal voorkom. Dis my nie geluk om daar in Utrecht 'n bevestiging van te kry nie, maar die volgende sin in die Betuwse dialek laat vermoed dat die verskynsel vroeër oor 'n groter gebied verbrei was: *Nou he'k tan is gezien, wad 'n wârkstoaking is, en nie mar zoo effekes ok nie, heur* (N. Rott. Courant, Avondblad 8-5-1920). Maar hierdie voorbeelde maak oorerwing in Afrikaans nog nie waarskynlik nie; dit illustreer alleen, dat die ontwikkeling van die konstruksie in Nederlands moontlik is sonder aanraking met vreemde tale. Dit lyk of die konstruksie in ander dele van die Nederlandse taalgebied nie bekend is nie. Van 'n toevallige mededeling dat dit ook in die buurte van Blankenberge sou voorkom, kon ek by nader ondersoek geen bevestiging kry nie. Prof. Vercoullie tot wie ek my gewend het, berig dat die konstruksie aan studente uit verskillende dele van Wes-Vlaandere (Brugge, Oostende, Blankenberge) onbekend is. Hy wys egter op die moontlikheid van 'n herhaalde *niet* in Nederlands as 'n vraag gestel word: *Ik geloof, dat je Paul niet onaardig vindt, niet?*

'n Heel ander verklaring gee Prof. Bouman. [1]) Uitgaande van die ontkenning *hë-ĕ* wat ons van die Hottentotte oorgeneem het, sien hy hierin die oorsprong van die Afrikaanse gewoonte om dubbeld te ontken, wat dan verder sou uitgebrei het tot ander gevalle. So is hierdie negasie dikwels enkel 'n spontane reaksie wat gevolg word deur 'n eksplikatiewe ontkennende sin. Op dieselfde manier sou dan — aldus word beweer in navolging van W. de Vries [2]) — in sinne soos: *ons kan ni weet ni,* eers die Hulpww. en dan die Hoofww. genegeer word, en so word ook dikwels 'n toegevoegde woordgroep of bysin telkens opnuut genegeer. Die Afrikaanse dubbele *nie* het dus, volgens Prof. Bouman, ontstaan uit 'n geleidelike aanpassing aan die taal van die

[1]) *De dubbele ontkenning in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).
[2]) *Dysmelie,* § 10.

inboorlinge. Hierdie redenering bevat egter verskeie inkonsekwensies. Prof. Bouman veronderstel dat *hĕ-ē* eers algemeen was en dat daarna die „Ndl.-sprekenden al spoedig het onbeschaafd klinkend geluid, al is het ook niet geregeld, zijn gaan vervangen door hun eigen *neen* of *nee*". Maar die enigste natuurlike verloop is tog, dat die beskawing van die begin af gekant moet gewees het teen 'n klank wat nou nog vir ongeskik geld. Dit kan alleen ondanks die vooroordeel wat daarteen bestaan het, geleidelik 'n plek verower het. En watter rede is daar om te veronderstel, dat die eerste Afrikaanse koloniste nie in hulle eie taal die primitiewe modale negasie geken het nie? Wat soort ontkenning het ons in Duitse sinne soos: *Nein, aber dieses Haus!; Aber nein, Mina!?* [1]) Maar ook die bowestaande beskrywing van die dubbele *nie* is nie op alle gevalle toepaslik nie. Weliswaar kan 'n mens dit in sinne met 'n samegestelde Ww. analiseer in 'n suksessiewe ontkenning van die samestellende elemente, hoewel die gevoel daarvoor nie meer lewendig is nie. Maar hoe staan dit dan met: *nie die man nie, maar die vrou, was die skuldige?* En word eers die Hoofww. en dan die Objek genegeer in: *ek sien nie die koei nie?* Of moet ons aanneem dat dit uitbreidingsgevalle is? Maar watter bewys is daar dat die ander gevalle primêr is?

Dan lyk my nog die aanneemlikste die verklaring van Dr. Bosman, [2]) wat b.v. uit *ek gaan nie* en *ek sal nie gaan* 'n kontaminasieproduk: *ek sal nie gaan nie,* aanneem. Die noodsaaklikheid om nadruklik te praat in die omgang met onbeskaafde rasse sal m.i. nog meegewerk het om die gebruik van *nie* ter afsluiting van die periode, sowel as in sy oorspronklike posiesie, te bestendig.

330. Deur groepsverskuiwing het uit die verbinding Ww. + *nie(t)* + *een* + Subst. die samegestelde Lidwoord *nie 'n* ontstaan, b.v.: *Daar was nie 'n mens nie.*

---

[1]) Wunderlich, *Unsere Umgangsprache,* Hfstk. II.
[2]) *Afr. en Mal.-Port.,* bls. 84; *Ontstaan van Afr.,* bls. 136.

Opm. Prof. Hesseling haal die Negerhollandse Onbep. Vnwde *niet een mens, niet een man,* aan as voorbeelde van die neiging van Kreools om met nadruk te spreek [1]) en Dr. du Toit vergelyk dit met Afrikaans. [2]) Oor Negerhollands wil ek g'n oordeel uitspreek nie, maar vir Afrikaans deug die beskrywing in ieder geval nie, want in Afrikaans is *niemand* nie vervang deur *nie 'n mens* nie, maar: *nie 'n mens, nie 'n man, g'n mens,* ens. staan naas *niemand* as vorme met meer nadruk. Vgl. Ndl. *g'n mens, g'n ziel, g'n kip,* ens. In sulke verbindinge is die samestelling *nie 'n* volkome gelykwaardig met die samestelling *g'n,* en die oorsprong daarvan moet nie in Kreoolse „omschrijvingen" gesoek word nie, want dit kom veelvuldig voor in sewentiende-eeuse Ndl., en veral in Seeus wat die grondslag van Negerhollands gevorm het. Vgl. b.v. Cats se Spaens Heydinnetje: *niet een mensch,* (vs. 40, ens.); *wij hebben niet een sier* (vs. 820).

331. Ook *al* kan herhaal word na die bepaalde woord of woordgroep. Vgl.: *hy het al gekom al,* en (by Adwerbia): *dis al lank al; hy was daar al lank voor my al.*

332. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie kom ook in die Noordhollandse dialek voor, waaruit Afrikaans dit waarskynlik geërf het. [3])

(b) *Verbindinge met of sonder vormwoord.*

333. Net soos Subste kan ook Adwerbia met of sonder Preposiesie (Post-, Circumposiesie) met Werkwoorde verbind worde om die rigting van 'n beweging aan te gee of 'n tydsduur uit te druk. Vgl.: *hy kom binne, gaan weg, het lank gebly, het gister gerus,* met: *hy kom na vore, van buite af, het van toe af weggebly; dit het tot laat (toe) geduur.*

334. Die Prep. kan voor die Bywoord staan of, as daar meer as een is, — wat dan die geaardheid van 'n samestelling aanneem — kan hulle die Bywoord omring. Die enkelvoudige Postposiesies staan na die Bywoord, maar vorm samestellinge daarmee: *hy gaan boontoe, ondertoe, buitentoe, soheentoe* (> ook: *soontoe), hiernatoe,* ens.; *hierlangs, daarlangs,* ens.

---

[1]) *Negerhollands,* bls. 101 en 112.
[2]) *Afr. Studies,* bls. 91.
[3]) Bosman, *Afr. en Mal.-Port.,* bls. 85.

Dog soms kan die twede woord opgevat word as 'n twede bepaling by die Ww.; dan behou dit die geaardheid van 'n Bywoord en vorm geen samestelling met die voorafgaande Bywoord nie. Vgl.: *hy loop voor verby, onder deur,* ens.

335. As twee Preps 'n Bywoord omring, kan die laaste 'n samestelling met die Bywoord vorm en die eerste dan die hele samestelling bepaal. Hierop berus die praktyk van die Huisgenoot om na *tot* die Bywoord + Postposiesie aaneen te skrywe: *tot daarnatoe, tot hiertoe.* [1]) Na *na* is die geleding dikwels vlottend, hoewel die Huisgenoot ook hier konsekwent Byw. + Postposiesie aaneenskrywe: *na boontoe, na ondertoe.*

Opm. Dis my 'n raaisel waarop die verklaring van die Huisgenoot berus: „Sulke vorme met *na* skyn kontaminasie-vorme te wees en nie aan te moedig nie; ons verkies dus óf *na bowe* óf *boontoe*, óf *na onder* óf *ondertoe*, ens." Ons Afrikaanse taal is tog al te mooi om deur sulke redeneringe te bederwe!

(2) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum.

336. Losse samestellinge vorm Bywoorde met leë werbaalbegrippe as dit dien tot betekenisvoltooiing. Vgl.: *Hy is hier, voor, onder; die boek is uit; hy bly agter,* ens.

337. 'n Belangrike en uitgebreide klas woorde het hul ontstaan daaraan te danke, dat werbaalbegrippe met partikels samegegroei het tot nuwe eenhede. Vergelyk: *hy oorweë die saak, onderhou sy famielie* met: *hy weë die suiker oor, hou sy hand onder die kraan.* Die vernaamste uiterlike kenmerk van die ontstaan van die nuwe eenheid is dat die selfstandige aksent van die twee afsonderlike dele oorgaan tot eenheidsaksent, wat óf op die Ww. óf op die partikel kan val. Vgl.: *oorwéë, onderhóu,* ens., met: *óphou, aángaan* ens. In die eerste geval is die samestelling onskeidbaar; in die twede geval is dit skeidbaar *(dit hou op, gaan aan)* maar daarom nie minder vas nie. 'n Twede kenmerk, wat egter nie altyd aanwesig is nie, is dat die samestelling alleen as geheel kan

[1]) Vgl. die uitgawe van Nov. 1922, bls. 224.

bepaal of bepaal word, terwyl by afsonderlike eenhede ieder dit natuurlik op sy eie houtjie doen. 'n Mooi illustrasie daarvan is die woord *oplet.* In die oorspronklike vorm: *ek het op hom gelet,* word 'hom' beheers deur 'op'. Die oorgang tot 'n samestelling is egter vry algemeen in Afrikaans en dan word in: *ek let (vir) hom op; ek het hom opgelet,* 'hom' deur *let ... op,* resp. *opgelet,* beheers. So word ook in Nederlands sedert die laaste twintig jaar *iets opletten* naas *op iets letten* gebruik. [1])

338. *Begryp ... aan* is 'n voorbeeld van 'n samegestelde Ww. wat alleen in die skeidbare vorm, en dan in die Imperatief, optree. Vgl.: *Begryp so iets aan* (E. Skrywers, bls. 62).

D. *Werbum + Werbum.*

339. Afwykend van ander Germaanse tale, kan in Afrikaans 'n werbaalstam dien tot bepaling van 'n Werkwoord. Twee gevalle kom voor:

340. (1) Die bepaling is samegesteld uit 'n Substantief gevolg deur 'n werbaalstam met adwerbiaal-adjektiewiese funksie, b.v.: *dit gaan broekskeur, naelskraap,* ens.

341. *Geskiedkundig.* Hierdie konstruksies is beperk tot 'n klein groepie samestellinge wat almal, sover ek weet, enkel met 'gaan', en daarnaas ook met 'wees' verbind word: *Dit was naelskraap; dit het maar broekskeur gewees.* Samestellinge bestaande uit Subst. + Inf. is natuurlik niks ongewoons nie, maar wel die Adwerbiale gebruik. Dr. Bosman wat die eerste melding gemaak het van hierdie konstruksie, vergelyk daarmee die

---

[1]) Mededeling van Prof. de Vooys.

Zaanse: *hij is propschiet,* [1]) wat egter nog net so goed op 'n verklaring wag as die Afrikaanse uitdrukkinge. In die laaste het die werbaalstam dieselfde funksie as anders deur die Teenw. Deelwd. uitgeoefen word. Daar bestaan dus grond vir die onderstelling dat dit ontstaan het uit Teenw. Deelwde wat om die een of ander rede hulle uitgang verloor het. En al te gewaagd is die veronderstelling nie, want daar is ook ander aanduidinge dat so 'n klankverandering nie onmoontlik is in Afrikaans nie. Vgl.: *Half fluister gee hy sy naam op en half fluister trag hy Oom Jannie daarna te troos* (Veld, bls. 82). Maar om 'n bevredigende verklaring vir hierdie klankverandering te vind is minder maklik. Sonder om daar enige konklusies uit te wil trek, herinner ek net daaraan dat die Teenw. Deelwd. ook in Vlaams kan voorkom sonder *d(e).* Vgl.: *hun bellen al klinken* („Twee Horsen" van G. Gezelle). As ons kan uitgaan van 'n partisipiale vorm op *-en,* dan het ons 'n Part. en 'n Inf. wat gelykluidend is, en hoef die verdere wegval van *-en* ons nie te verwonder nie. Maar dit lyk waarskynliker, dat die ongewoontheid van konstruksies met adwerbiaal gebruikte Teenw. Deelwoorde in Afrikaans, ook sonder inwerking van die gemelde Vlaamse vorm, die gevoel vir die vorm van sulke Deelwoorde afgestomp het by die paar oorblyfsels wat bewaar is. Daartoe kan Maleis, waar die Teenw. Deelwd. en die Infinitief ook dieselfde vorm het, [2]) moontlik meegewerk het.

342. (2) Die bepaling bestaan uit 'n gereduplíseerde werbaalstam met adwerbiaal-adjektiewiese funksie, b.v.:

Hy sê dit so lag-lag (Pers).

Aan die manier waarop hy voortgaan, loop-loop, staan-staan kan 'n mens al te maklik merk .... (Vergeet Nie, bls. 108).

Koes-koes volg Adonis hom nog 'n ent (Vergeet Nie, bls. 113).

Die lang figuur van Herklaas van der Merwe het buk-buk die tent ingekom (Veld, bls. 82).

---

[1]) *Ontstaan van Afr.,* bls. 89.

[2]) Walbeehm, *Beknopte Maleische Spraakkunst,* § 52.

343. Die reduplikasie druk 'n iteratiewe handeling uit, wat die ander handeling kan onderbreek. As die twee handelinge gelyktydig kan plaasvind, gee die reduplikasie, waardeur 'n reeks snel opvolgende werkinge uitgedruk word, tewens 'n duratiewe begrip weer. Dis 'n sterk impressionistiese trek van Afrikaans, dat dit op hierdie manier voorsien het in 'n deel van die verlies wat dit gely het deur die verloregaan van die Teenw. Deelwd. in adwerbiaal-Adjektiewiese funksie. Deur die klankherhaling word die herhaling van die handeling immers realisties afgebeeld, en deur die engheid van die verbinding word die gelyktydigheid van die handelinge veel beter weerspieël as deur onderbrekende bysinne.

344. *Geskiedkundig.* Ook hierdie verskynsel in Afrikaans het al veel diskussie uitgelok. Prof. Hesseling, [1]) en, in navolging van hom, ook Dr. du Toit, [2]) praat van Werkwoorde wat as Bywoorde gebruik word en dus 'n bewys is van Mal.-Portugese invloed. En ook Dr. Bosman, wat 'n uitvoeriger en juister uiteensetting gee van die funksie van sulke gereduplíseerde werbaalstamme, is bereid om daarin 'n kreolisme en — in sy later werk — miskien 'n Maleiisme te sien. [3])

Teen hierdie eenstemmigheid het Dr. Boshoff [4]) te velde getrek in 'n lang betoog wat hy van so veel belang geag het, dat hy in die volgende stelling nogmaals nadruk gelê het op die uitkoms daarvan: „De rol door de reduplikatie en de funktie-verandering bij de woordvorming en het woordgebruik in 't Afrikaans gespeeld, behoeft niet aan vreemde invloeden toegeschreven te worden". Sy betoog kom in 't kort hierop neer: Gereduplíseerde Bywoorde, soos *gou-gou*, kom ook in Nederlands voor. *Fluit-fluit loop* kan beteken 'al fluitende lopen', maar ook 'gemakkelik, zonder moeite lopen', waar dit op een lyn staan met *gou-gou*, ens.

---

[1]) *Het Afrikaansch*, bls. 114.
[2]) *Afrikaansche Studies*, bls. 82.
[3]) *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 79-80; *Ontstaan van Afr.* bls. 82.
[4]) *Volk en Taal*, blss. 329-31.

Dat die analogie van Bywoorde 'n rol gespeel het, is dus „nie onmoontlik en selfs nie onwaarskynlik nie". Verder ken Frans reduplikasies soos: *bon-bon, cri-cri,* ens., en in Hottentots en die Bantoetale kom ook gereduplíseerde werbaalstamme voor. Ergo: „As die reduplíserende woordvorme in Afrik. van vreemde oorsprong *moet* wees, dan sou ek nie weet of hulle Maleiismes, Gallisismes, Hottentottismes of Kafferismes is nie."

Wat die eerste argument betref, is dit al dadelik duidelik dat die betekenis 'gemaklik' wat die reduplikasie *fluit-fluit* kan aanneem, sekundêr moet wees, omdat die simpleks dit nie ken nie. Dit kan dus nie die uitgangspunt van die konstruksie wees nie.

Wat die -ismes betref, daar hier enige kwessies van algemene en prinsipiële aard by betrokke is, moet ons die saak wat breër ophaal.

Herhaling van klanke en woorde is iets wat in alle Indogermaanse tale, en ons kan wel sê in alle tale van die wêreld, voorkom, en die betekenis-skakeringe wat daardeur uitgedruk word is velerlei. [1]) En ook die herhaling van werbaalvorme of selfs werbaalstamme hoef Dr. Boshoff nie uitsluitend in die tale van swart en geel rasse te soek nie, want ook in Germaanse tale is hulle volop genoeg. Vgl. b.v. Duits *er fragt und fragt, er gräbt und gräbt;* Ndl. [2]) *hy roeit en roeit maar door;* Afr. *dit rol en dit rol, altyd verder en altyd vinniger, bo by die skoorsteen in (*Duimpie I, bls. 36). Weliswaar staan daar gewoonlik 'n bindwoord tussen, maar hoe lyk dit met Ndl. en Afr.: *ach (ag) kom, kom?* en in watter Germaanse taal sou die konstruksie van hierdie Afrikaanse sin nie pas nie: *Sy raak toe in slaap, en sy slaap, slaap, slaap tot vandag toe nog* (B. Stories, bls. 23)? Selfs waar Leon Maré klank- en woordherhalinge van alle soorte by

---

[1]) Vgl.: Wundt, *Die Sprache* I, blss. 627-52; Van Ginneken, *Vrije Wil en Automatisme,* (Leuvensche Bijdragen VII, blss. 288-94). Vir Latyn: Dr. J. te Wartena, *De Geminatione* (Groningse diss. 1915).

[2]) Vir Platduits sie: Meyer, *Unsere Plattd. Muttersprache,* § 55.

honderdtalle in sy sketse laat krioel *(dis of daar 'n ... oseaan golwe en golwe, en in kleure weggolwe; om nimmer-nimmer weer terug te kom nie; klompies en klompies van burgers; vaster en al hoe vaster; hy stap so struik-struikelend,* ens., ens.), is die meeste nie vreemd aan die geaardheid van Germaanse tale nie, hoewel hy 'n sterk oordrewe gebruik maak van hierdie stylmiddel.

Maar die funksie wat die onderhawige gereduplíseerde werbaalstamme in Afrikaans het, is on-germaans en on-nederlands, en daar lê die knoop, want in Maleis [1]) en Maleis-Portugees [2]) kom dieselfde funksie wél voor. En as die reduplikasie van die werbaalstamme in die Bantoetale iets met Afrikaans te doen het, dan is dit snaaks dat 'n Swasie-kaffer, b.v., vir Afr. *hy loop staan-staan*, sê: *hy loop hy staan*. Wat Hottentots betref, daarin kom samestellinge van twee Werkwoorde voor en ook herhalinge van werbaal-stamme, [3]) maar van so 'n partisipiale of adwerbiale gebruik van die herhaalde werbaalstamme maak die gewone bronne geen melding nie. Tog het ek my, met die oog op die feit dat die Hamburgse „Seminar für afrikanische und Südsee-sprachen" in die besit is van nuwer informasie wat tot nog toe nie gepubliseer is nie, tot Prof. Meinhof om inligting gewend. In 'n vriendelike brief skrywe hy o.a. „das mir Verwendung von Verbalstammwiederholungen als Partizipium oder als Adverbium wie in den von Ihnen aus dem Kap-holländischen zitierten Redensarten, aus Bantusprachen und aus dem Hottentottischen *nicht* bekannt ist. Die im Nama vorkommende Wiederholung von Verbalstämmen hat eine kausative Funktion und die in Bantusprachen nicht seltenen gleichen Bildungen dienen zum Ausdruck von iterativen oder durativen Nuanzierungen des Verbalbegriffs.

---

[1]) Walbeehm, *Beknopte Maleische Spraakkunst*, § 22 en § 52.

[2]) Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 245-6.

[3]) Planert, *Handbuch*, bls. 7; Meinhof, *Lehrbuch*, bls. 62 en blss. 111 vlgg.

Dagegen bestätigen meine Mitarbeiter auf dem Gebiete der indonesischen Sprachen Ihre Parallelsetzung der Kap-holländischen Ausdrucksweise mit der Malaiischen, und unser Malaiischer Sprachgehilfe Osman Idris führt für Ihre Beispiele entsprechende malaiische Redensarten auf, die nicht ad hoc übersetzt sind, sondern in der Sprache leben: datang tertawa-tawa = kommen lachen-lachen = unter Lachen ankommen; lari berhenti-henti = laufen stoppen-stoppen = laufen, zuweilen stehen bleibend."

Hier moet egter op nog 'n prinsipiële saak gewys word. Hoewel die konstruksie in Mal.-Portugees sowel as Maleis voorkom, wil dit nog nie sê dat dit in Afrikaans noodwendig onder Mal.-Portugese invloed ontwikkel het nie. Die Maleise bevolking van die Kaapse Skiereiland, en ook van ander dorpe, stam vir 'n deel nie van slawe af nie maar van politieke bannelinge. Hulle vorm 'n afsonderlike eenheid met eie godsdiens en sedes en het natuurlik ook lank hulle eie taal onder mekaar gepraat. Sulke eienaardighede van hulle taal kan dus ook direk van Maleis op Afrikaans oorgegaan het, sonder bemiddeling van Maleis-Portugees. Trouens daar is alle rede om te veronderstel dat die Portugees wat aan die Kaap gepraat is, baie minder Maleise elemente bevat het as die wat op Java gebruik is. Prof. Meinhof vervolg dan ook: „Er [Osman Idris] berichtet ferner, dass noch heute Malaien, die im Dienst von Europäern etwas Holländisch gelernt haben, diese Kenntnisse in ihre malaiischen Gespräche nach Art ihrer Muttersprache einflechten, z.B. ajoh loopen loopen, geradeso wie im guten Maleiisch gesagt wird: ajoh berdjalan-djalan = vorwärts (wir wollen) spazierengehen!

Wenn noch heute eine solche Anpassung an die malaiische Ausdrucksweise mit holländischen Lehnwörtern geübt wird, so ist es nicht unwahrscheinlich, dass in früherer Zeit, als malaiische Diener am Kap ihre Muttersprache redeten, auch ihre Ausdrucksweise von europäischen Kindern in die holländische Sprache übernommen wurde, als Redensart in die

Sprache der Erwachsenen überging und sich erhalten hat, obwohl am Kap nicht mehr malaiisch gesprochen wird."

En nou het dit meteens waarskynlik geword, dat die herhaalde Substantiefstamme wat dien as bepalinge van manier by 'n werbaalbegrip en daar tewens 'n iteratiewe of distributiewe betekenis aan gee: *hy drink die medisyne bietjie-bietjie; hulle kom klompies-klompies aan; hulle kom een-een, twee-twee vorentoe; hulle speel handjie-handjie, voetjie-voetjie, tol-tol, perd-perd,* [1]) ook onder Maleise of miskien Maleis-Portugese invloed ontstaan het.

Opm. by §§ 339-44. Ons het by die gevolgde indeling die bepalende woord, omdat dit in die vorm van die werbaalstam optree, eenvoudig 'n Werkwoord genoem. As iemand daar die voorkeur aan gee om dit 'n Deelwoord te noem wat by komposiesie met voorafgaande Substantiewe of by reduplikasie dieselfde vorm het as die werbaalstam, dan het ons daar geen beswaar teen nie. Inteendeel, uit geskiedkundige en funksionele oogpunt sou daar veel voor te sê wees.

Posiesie van die bepaling of voltooiing. [2])

345. Die bepaling of voltooiing neem 'n verskillende posiesie ten opsigte van die Werkwoord in, al naardat die laaste 'n hoofbestanddeel is van die volsin of van 'n bysin. In die volsin is veral gebruiklik die tiepes van woordorde: I Grammatiese Subj. — Ww. — voltooiing of bepaling; II Ww. — gr. Subj. — volt. of bep.; III Ww. (sonder gr. Subj.) — bep.

---

[1]) Vgl. le Roux, *Handleiding*, blss. 59-60; Bosman, *Afr. en Mal.-Port.*, blss. 80-81.

[2]) Vgl. Delbrück, *Grundlagen der Nhd. Satzlehre*, Hfstk. 5.

of volt., b.v.: I *ek sien die man;* II *sien jy die man nog?;* III *kom hier.* By 'n samegestelde Ww. staan die voltooiing of bepaling dikwels tussen die Hulpww. en die Hoofww.: *ek het die man gesien.* Hierdie woordorde is noodsaaklik as 'n nominale bepaling of voltooiing 'n nouer eenheid vorm met die Ww. Vgl.: *Sy is nie op haar mond geval nie.* Ook nominale vorme wat nie deur 'n nadere bepaling gevolg word nie en ook nie deur 'n Preposiesie voorafgegaan nie, staan deur hulle kortheid nie aan die end nie. Vgl.: *Hy het 'n brief geskrywe vir sy vrou* met *hy het sy vrou 'n brief geskrywe.* Daarenteen word in Kafferafrikaans wel gesê: *Jy moet bring die perde.* Dit lê egter in die geaardheid van die omgangstaal om die mededelinge liewers stuksgewyse te doen, met die twee lede van die samegestelde Ww. naas mekaar en die voltooiing of bepaling daarna *(hy het klaargekom met sy werk),* en dus sinne te vorm wat 'n hortende indruk maak in vergelyking met die geskrewe taal waar dikwels die voorkeur daaraan gegee word om strakker samegestelde sinne te bou: *hy het met sy werk klaargekom.* Maar selfs in die geskrewe taal word die nominale bepaling gewoonlik laaste geplaas as besondere nadruk bedoel is: *handel saggies met die diere,* of as daar 'n langer bepaling of voltooiing op volg: *Hy het gepraat oor die fees wat anderweek moet gehou word.* Vir die posiesie van *nie* sie § 327—8; en vir die van *al,* § 331.

346. Terwille van die aansluiting of die nadruk kan 'n bepaling of voltooiing egter ook eerste staan; dan word by die eerste tiepe die volgorde van gr. Subj. en Ww. omgekeer: *toe het ek vir hom gesien.* Anglisismes van die volgende soort is in die omgangstaal nog onbekend: *Jy, my generaal, in die hof of op die slagveld, is 'n man volgens my hart* (Getrou, bls. 62).

347. In 'n Bysin staan die Ww. dikwels op die end; die bepalinge of voltooiinge staan dan voor of na die gr. Subj. of omring dit, b.v.: *dis die huis wat ek gebou het; hy sê dat hy môre sal kom; die plek waar ons op staan is*

heilig. Maar ook hier gee die omgangstaal veelal die voorkeur daaraan om nominale bepalinge en voltooiinge wat nie ter wille van die aansluiting met die voorafgaande vroeër moet staan nie, op die end te plaas, behalwe as hulle sonder Prep. gebruik word of 'n nouer eenheid met die Ww. vorm. Die neiging van die geskrewe taal om van hierdie volgorde af te wyk is alweer swakste, as daar nadruk val op die nominale gedeelte of 'n langer bepaling op volg. Vgl.: *Kom as jy klaar is met jou werk; dis die huis wat gebou is deur die man wat later verongeluk het. Het, had, is, was, word* volg altyd in die Bysin die Hoofww.: *hy het berou gekry oor wat hy gedoen het.* Onder Ndl. invloed en om ritmiese redene, tref 'n mens egter in Afrikaanse geskrifte ook die onafrikaanse omgekeerde volgorde aan. Vgl.: *En waarlik, as jyself soveel het deurgemaak ..... van wat jy liewers nooit nie het gesien* (Oom Gert Vertel, bls. 3). [1]) Vgl. § 308.

Opm. I by Hoofstuk IV. Die Partisiepia en Infinitiewe is in die voorgaande hoofstukke behandel resp. as Adjektiewe en Substantiewe. Hier moet nog daaraan herinner word, dat hulle daarnaas ook werbale funksie kan hê en dus dieselfde soorte groepe as Werkwoorde vorm. Vgl.: *hem 'n wenk gewend....; die poginge daar aangewend; dis nodig om gou stappe te doen; ons het besluit om hom 'n present te gee.*

Opm. II by Hoofstuk IV. Die voltooiinge en bepalinge van Werkwoorde kan dus bestaan uit Substantiewe, Adjektiewe, Adwerbia, en selfs uit werkwoordstamme. Geen wonder, dat dit gedurig aanleiding gee tot die oorloop van woorde uit die een woordsoort in die ander nie. Op 'n paar groepe wil ons hier die aandag vestig.

Om by die laaste klas te begin, die gereduplíseerde werbaalstamme word deur die taalgevoel gelykgestel met Partisiepia. Vandaar dat hulle ook as attributiewe Adjektiewe gebruik kan word: *'n lag-lag gesig, 'n sukkel-sukkel draffie.* Predikatief is die suiwer adjektiewiese gebruik van hierdie woorde egter nie moontlik nie.

Oorspronklike Adwerbia wat dikwels deur middel van die s.g. Koppelww. met Substantiewe verbind word, kan ook as

[1]) Die wending is seer geliefd in *Japie* deur J. R. L. van Bruggen.

attributiewe Adj[e] aangewend word. Vgl.: *'n af been, 'n toe deur, oop oë, 'n reguit karakter,* ens. In die Ndl. literatuurtaal van die sewentiende eeu kom dergelike konstruksies ook dikwels voor en teen die end van die neentiende eeu het hulle opnuut in die mode gekom, maar in die Ndl. omgangstaal is hulle gebruik nog uiters beperk. Ook in Duitse dialekte is uitdrukkinge soos: *eine zuene Thür, ein hinener Stuhl* goed bekend.[1]) In Ndl. en Duits kry sulke woorde ook die adjektiewiese fleksie, in algemeen Duits gewoonlik daarby nog 'n afleidingsuffiks: *hiesig, damalig,* .ens.

Ook adjektiewiese uitdrukkinge bevattende 'n Subst. wat deur 'n Prep. bepaal word, kan van die predikatiewe gebruik oorgaan in die attributiewe: *'n deurmekaar kamer.*

Vir die oorgang van Substantiewe wat as voltooiing van Ww. gebruik word, tot Adjektiewe, sie Opm. by §§ 319-21.

---

[1]) Vgl. Wunderlich, *Unsere Umgangsprache,* bls. 229.

HOOFSTUK V.

Die Partikelgroep.

348. Onder die naam Partikel verenig ons 'n aantal onverbuigbare woorde wat gewoonlik, met allerlei inkonsekwensies in die indeling, ondergebring word in die klasse: Adwerbium, Preposiesie, Konjunksie en Interjeksie. Daarby sluit ons egter ook dié Adwerbia in wat deur middel van vormverandering trappe van vergelyking kan uitdruk.

---

349. I. Dit lyk raadsaam om die *Bindwoorde* as 'n afsonderlike groep te beskou. Dit sluit in dié woorde wat gewoonlik Konjunksies genoem word, en 'n groot deel van die s.g. Adwerbia en Preposiesies (daarby ook die Postposiesies en Circumposiesies), en b.v. ook die pronominale vorme wat as bindwoorde diens doen. Dat by die laaste alle vormverskil nog nie heeltemal verdwyn het nie, toon alleen maar die onmoontlikheid aan om volkome skerp grense te trek by iets wat deur die aard van sy bestaan aan sulke voortdurende wisselinge en geleidelike oorgange onderhewig is as die Taal. Die Bindwoorde kan ingedeel word in partikels wat dien: A. om woorde en woordgroepe aan te knoop: (a) neweskikkend; (b) onderskikkend; B. om volsinne en bysinne aan te knoop: (a) neweskikkend; (b) onderskikkend. [1]) Daarby moet egter in gedagte gehou word, dat sommige bindwoorde gelyktydig ook ander funksies kan uitoefen. En ook, dat hulle soms verbleek tot blote vorme om die gesprek

---

[1]) Vgl. Noreen, *Einführung*, blss. 308-14.

te open: *En, wat het hy gesê?* Ook kan funksieveranderinge optree waardeur hulle tot bloot bepalende woorde oorgaan. Vgl.: *En toe kom nes 'n ligstraal oor hom* (Vergeet Nie, bls. 183) *[< iets nes].*

350. Die bindwoorde wat dien om woorde of woordgroepe aan te knoop, het reeds herhaaldelik in die voorgaande hoofstukke ter sprake gekom, en in die volgende sal die lig val op die wat dien as aanknopingsmiddel van volsinne en bysinne. Telkens het reeds geblyk hoe sommige groepe van bindwoorde herhaal kan word of versterk kan word deur ander bindwoorde, waarmee dit samestellinge kan aangaan, soos: *vanaf, van ... af; tot ... toe; soos, so ... as; sowel ... as; en ... en; óf ... óf,* ens. Ons hoef hier alleen nog maar daarop te wys, dat die laaste lid van sulke samestellinge — soos ook in die Ndl. omgangstaal — ook 'n Adwerbium kan wees wat anders nie as bindwoord gebruik word nie. Vgl.:

Tot voor twintig jaar terug was ontug 'n groot seldsaamheid onder die Boervolk (Boervrouw, bls. 106).

Daar waar die Laër staan vir weke en soms maande lank (Boervrouw, bls. 52).

Maar nou dat ons vir 'n 14 dae gelede 'n ligte ontsteking in die longpyp had (E. Skrywers bls. 40).

Hier ontstaan dus nuwe komposita deur kontaminasie van die twee konstrukties: Ww. + Bywd. + substantiewiese voltooiing van die Bywd.; en: Ww. + Bindwoord + Subst. (of adwerbiale uitdrukking).

351. Die neiging van die onderskikkende bindwoorde om 'n nouer eenheid aan te gaan met die bepaalde Subst. of Adw. gee aanleiding daartoe, dat die nuwe eenheid as geheel deur 'n bindwoord met 'n ander eenheid verbind kan word. Vgl.: *Hy het tot voor die deur, van anderkant die rivier af, gekom; van voor my hand gryp hy dit weg; die beeste het tot hierlangs geloop.* [1]) So 'n nuwe eenheid kan ook 'n Bysin wees: *ek bly tot wanneer hy kom.*

---

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 122.

352. Die bindwoord kan ook 'n vaste samestelling met die Subst. aangaan: *van oorsee*. Die samestelling *oordag* kan selfs soos 'n Subst. deur 'n Adjektief bepaal word. Vgl.: *En dit nog al helder oordag* (Duimpie II, bls. 45). As so 'n bepaling van die hele samestelling word 'vroeg' ook gevoel in: *Al vroeg voordag is hy van die plaas* (Vergeet Nie, bls. 5). Sulke samestellinge is ook: *namiddag, voormiddag,* ens.

---

353. II. Die naam *Adwerbium* dui aan dat woorde wat tot hierdie woordklas behoort, dien tot bepaling van Werkwoorde, maar ook ander funksies is moontlik.

A. *Adwerbium + Adwerbium.*

354. (1) Bywoorde kan *sonder bindwoord* met mekaar verbind worde. Daarby kan ons vier tiepes onderskei.

355. (a) *Leungroep.* Iedere Bywoord het 'n eie aksent en die twee is met 'n pouse van mekaar geskei: *dit lê hier / onder, daar / bo,* ens. Die twede Bywoord is 'n verklarende of beperkende bepaling.

356. Uit hierdie verbinding ontstaan samestellinge met eenheidsaksent op die twede Bywoord: *hierónder, daarbó,* ens., waarin die eerste lid as 'n terloopse bepaling van die twede gevoel word.

357. (b) Die bepalende Bywoord staan voor die bepaalde en is draer van die aksent. Ons kan twee gevalle onderskei:

358. (α) Meer as een Bywoord kan in betrekking staan tot een gemeensame Werkwoord; hulle vorm dan 'n reeks wat vergelyk kan word met die reekse wat ontstaan as meer as een Adjektief dieselfde Subst. bepaal, b.v.: *hy loop agter langes, kyk altyd daarnatoe.* Deur groepsverskuiwing kan die eerste Bywoord egter dikwels opgevat word as 'n

bepaling van die twede, soos in die eerste voorbeeld en b.v. in: *hy loop reeds voor, al voor* (sie § 362).

359. Met versnelde tempo ontstaan uit sulke verbindinge dikwels samestellinge met eenheidsaksent op die eerste Bywoord: *vóorverby, ágterlanges,* ens. Die Werkwoord kan egter ook 'n nouer eenheid met een van die Bywoorde vorm, wat dan as geheel deur die ander bepaal word. Vgl.: *Hy gaan / gou / weg; hy gaan / voor / uit.*

360. (*β*) Die Bywoord is 'n bepaling van graad of modaliteit, dog nie 'n negasie nie. Vgl.: *Dit het so ver gekom; hy het baie gou geloop; dit lê waarskynlyk daar, tog hier, regtig bo-op.* Die bepaling kan ook 'n gereduplíseerde vorm vertoon, waardeur die begrip van die simpleks versterk word. Vgl.: *Dis darem rê-rê min* (Vergeet Nie, bls. 9) (< *reg* < *recht*).

361. Ook by hierdie tiepe kan die Bywoorde samegroei tot samestellinge. Vgl.: *En nou word jy sommerso ... van my weggeruk* (Als Johnnie, bls. 28).

362. (c) Die bepalende Bywd. staan voor die bepaalde en word daarna herhaal. Die bepaalde woord is draer van die aksent. Bepalende woorde met hierdie konstruksie is *nie* en *al.* Vgl.: *Dit lê nie hier nie; dis al lank al gaar.* Van *al* is die herhaling fakultatief.

363. (d) Die bepalende Bywoord volg die bepaalde in verbindinge met gelykmatige aksent wat 'n tydsverhouding uitdruk. *Hy sal gou al weggaan.* Gewoonlik tree die verbinding egter met versnelde tempo en eenheidsaksent op die eerste Bywoord, dus as samestelling, op: *lank-al, toe-al.*

364. (2) Deur middel van die *bindwoorde: so ... soos* of *so ... as* word vergelykinge met die Positief uitgedruk. *So* dien dan tewens as bepaling van graad: *hy loop nog net so vinnig soos (as) altyd.*

365. *So* word in die omgangstaal altyd gevolg deur *soos* of *as.* Onder Nederlandse invloed kom in die geskrewe taal

egter dikwels verbindinge sonder *soos* of *as* voor: *so ver moontlik, so gou moontlik, so ver doenlik,* ens.

366. Vergelykinge met die Komparatief gebruik *as* of *dan* as bindwoord: *hy sal verder loop as (dan) toe.*

B. *Adwerbium + Substantief.*

367. (1) *Leungroep.* 'n Deiktiese Bywoord kan na 'n pouse gevolg word deur 'n verklarende Subst. as bepaling: *daar-oorkant / die mense; hieronder / die rivier; buitekant / die geraas.*

368. Uit hierdie verbindingstiepe het die samestellinge *daardie* en *hierdie* ontstaan. Vgl. § 94.

369. Die verklarende of beperkende bepaling wat op die Bywd. volg, kan ook 'n adwerbiale uitdrukking wees, bestaande uit 'n Subst. met 'n Prep.: *daar / voor die deur; hier / onder die bome; toe / in die middel van die somer; hy praat so / met nadruk.*

370. Ook die adwerbiale uitdrukking kan eerste staan: *voor die deur / daar; op die oomblik / nou.*

371. As die Adwerbium gevolg word deur die adwerbiale uitdrukking, ontstaan uit die verbinding dikwels konstruksies met eenheidsaksent op die twede lid: *daâr voor die déur; hièr onder die bóme.*

372. (2) Die *woordorde* dui die verbinding aan in enkele gevalle waar 'n Subst. aan 'n Bywoord voorafgaan. Die Subst. dien dan tot voltooiing van die betekenis van die Bywd.: *tien jaar terug; 'n maand gelede; 'n jaar lank.*

373. (3) Soos Adj^{e} kan Adw^{a} ook deur Subst^{e}, met Prep^{s} of Konj^{s} as bindwoorde, bepaal of voltooi word. Vgl.: *Hy werk in die voormiddag hard; Piet werk net so hard as Jan, harder as Jan, die hardste van almal.*

374. III. Behalwe as bindwoorde dien die s.g. *Preposiesies* ook om bepaalde betekenisnuanseringe van Substantiewe en Adwerbia uit te druk. Ons maak dus 'n afsonderlike afdeling van Preposiesies wat enkel 'n semantiese funksie het en nie dien om sintaktiese verhoudinge weer te gee nie. Soos reeds aangetoon (§ 157), het die Preps oorspronklik by die Ww. behoort maar het later die opvatting ontstaan dat hulle die kasus van die Subst. regeer. Tog maak hulle nie die kern van die Substantiefgroep uit nie, maar bepaal veeleer die betekenis van die Substantief soos 'n meervoudsuitgang of 'n partitiewe genitiefsuitgang. Met ander woorde en woordgroepe word nóg die een lid nóg die ander afsonderlik verbind, maar die groep as geheel.

375. Op sulke verbindige wat dien om 'n lokale of temporale verhouding uit te druk is gewys in §§ 351-2. By die opsomming van die orige groepe onderskei ons tussen: (1) verbindinge met gelykmatige aksent; en (2) verbindinge met eenheidsaksent.

(1) Gelykmatige aksent kom in twee gevalle voor:

376. (a) As 'n meervoudige Subst. (Pron.), of 'n Subst. wat 'n kollektiewe begrip uitdruk, of 'n stofnaam, voorafgegaan word deur *van,* word deur die verbinding 'n onbepaalde aantal of hoeveelheid aangegee van wat die Subst. benoem, b.v.: *Hy het van die water gedrink*; *van hulle, van die mense, het gekom*; *van die skottelgoed het weggeraak*; *van die koper is aangeslaan*; *ek het ook van hulle gewees.* [1])

377. *Geskiedkundig.* In Mnl. het stofname en kollektiewe (en meervoudige) begrippe wat deur bepaalde Werkwoorde bepaal was, in die Genitief gestaan. [2]) In moderne Nederlands het daarvoor, net soos in Afrikaans, naas verbindinge sonder vormwoord of kasusuitgang, konstruksies met *van* in die plek gekom. Vgl.: *Heb je nog van 't blauwe*

---

[1]) Vgl. Bouman, *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVI).

[2]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 160-1. Meervoudige Subste word nie genoem onder die voorbeelde nie, maar wel onder die middelhoogduitse van Paul, *Mhd. Grammatik,* § 262.

papier; *hy heeft van 't vlees gegeten* (naas: *h.j.n. blauw papier*; *h.h. vlees gegeten).* In Afrikaans het die gebruik van die konstruksies met *van* uitgebrei, sodat hulle kan optree as voltooiing van alle transitiewe Werkwoorde waarvan die betekenis dit toelaat, en ook as grammatiese Subjek. In Nederlands is in sulke gevalle die gebruik van onbepaalde Tel- of Hoeveelheidswoorde: *enige van hun*; *'n gedeelte van 't speelgoed,* en in sommige gevalle van bepaalde Telwoorde, nodig: *ik ben een van hun geweest.*

Dat die uitbreiding deur analogie sou plaasgevind het, lê voor die hand, veral daar die Subst. dikwels voor die Ww. staan. Die oorgang van: *van die vleis het hy geëet,* tot: *van die vleis is opgeëet*; en van: *van die appels het hy geëet,* tot: *van die appels het weggeraak,* is maar klein.

Maar 'n soortgelyke uitbreiding in Duits, wat later weer verdwyn het, word aan Franse invloed toegeskrywe. [1]) Sou Franse invloede ook in Afrikaans 'n rol gespeel het? En het die Hottentotse partitiewe postposiesie *χa,* b.v.: *//gami χa ma te re,* 'Wasser von gib mir doch'; 'gib mir doch etwas des Wassers, etwas Wasser', miskien ook versterkende invloed gehad? Juis by sulke weinig opvallende oorgange het vreemde invloede, ook as hulle van onbeskaafde rasse afkomstig is, dikwels 'n goeie kans om hulle te laat geld.

378. (b) Verskillende Preps word gebruik om deur middel van bepaalde getalle 'n onbepaalde aantal wat ongeveer net so groot is, te kan uitdruk. Vgl.: *Daar was by die duisend, oor die honderd, in die sestig, omtrent twintig* ens. Op dieselfde manier kan die plek in 'n reeks ongeveer aangegee word: *dit was omtrent die sesde keer.*

379. (2) Infinitiewe wat nie dien tot voltooiing van Subste of Adje of ander as kopulatiewe Ww. nie, kan voorafgegaan word deur *om te* of *te* en dan draers van die eenheidsaksent wees, maar daarnaas word hulle ook sonder

---

[1]) Vgl. Paul, *Deutsches Wörterbuch,* onder *von.*

Prep. gebruik. Die onvastheid van die gebruik word geïllus treer deur die volgende voorbeelde:

Die gevaar lê voor ons, dat ons verkeerde ideale... sal navolg, inplaats van om voort te bouw op die hegte breë Boerfondament (Boervrouw, bls. 205).

Met jou te gesels is aangenamer als om te sit en lees (A. B. C., bls. 35).

Dis pure nonsens te wil voorgee dat 'n man nie kan pyn uitstaan nie (Als Johnnie, bls. 5).

Dit is gekheid met Ma te praat (Grootvader, bls. 7).

'n Geheim te hê, leer 'n mens net lieg (A. B. C., bls. 40).

Voetslaan lyk anders dan lugskip-ry! (Duimpie I, bls. 33).

Luiheid en leeglê en gevolglik vuilheid en smerigheid, groei daar volmaak (Boervrouw, bls. 117).

Ik leef en sal lewe; my doodkry is min (By die Monument, bls. 32).

Opm. Prof. Bouman siteer as uitbreidingsgeval van die gebruik van *om te* + Inf. in Afrikaans: *Om onder sulke omstandighede al die stakers met die rewolusie te vereenselwig is om onwaar te wees en 'n belediging vir hul.* [1]) Sintakties beantwoord die konstruksie aan een van die beskrewe verbindingstiepes, maar uit stilisties oogpunt is dit 'n Anglisisme. Ook in die volgende sin, met *om te* + Inf. as voltooiing van 'n Werkwoord, wat Prof. Bouman beskrywe as tiepies Afrikaans, kan ek niks anders as 'n tiepiese Anglisisme sien nie: *Ons kollega verwag dan ook van die Prowinsiale Raad om spoedig kragtige stappe te doen om uiting te verleen aan die Vrystaat se teenstand.* Dit kan nie op een lyn gestel word met die volgende lompe passasie nie: *Maar elke oomblik word daar agerende regters aangestel. Hoekom* [verstaan: *gebeur dit] dan in hierdie geval nie om 'n paar regters vry te maak nie?* Hier druk die groep met *om te* 'n doel uit, en in die vorige sin die inhoud van 'n psigiese werksaamheid.

---

[1]) *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVI).

380. IV. Uitroepe wat as suiwere refleksbeweginge uitgestoot word, kan nog nie tot die Taal gereken word nie. Sulke uitroepe kan egter tradisioneel word, selfs van die een taal oorgaan in die ander, en dan dien om gewaarwoordinge of bevele mee te deel. Dan vorm hulle 'n bepaalde deel van ons woordvoorraad waaraan gewoonlik die naam *Interjeksie* gegee word, b.v.: *arrie, eina, ga, gonna, sies, soe, au, hō.*

381. Andersyds veroorsaak die noue verwantskap van Imperatiewe en aanroepe met primêre uitroepe, dat hulle dikwels tot Interjeksies verbleek. Vgl.: *(Maar) Jan!*; *(Ag,) loop!* Maar ook baie ander woorde en woordgroepe kan, dikwels met sterk vormveranderinge, tot blote uitroepe met gevoelswaarde verswak word. Vgl.: *allemattie!*; *allemensig!*; *sakkerloot!*; *op die aarde!*; *wat deksel!*; *maar my grote genugtig!* (Spoke, bls. 39); *o toe nou!* (Na Olikheid, bls. 29); *Ag liewe tyd!* (Duimpie I, bls. 27). [1])

382. Uit hierdie voorbeelde blyk tewens hoe die Interjeksies opgehoop word om mekaar te versterk, en die eerste dan dikwels verbleek tot 'n blote opening van die gesprek. Verder kan die volgende verbindingstiepes onderskei word.

383. (1) *Leungroepe.* (a) Op die uitroep volg 'n nadere verklaring: *eina, hoe seer!*; *ag, my arme lyf!*; *o, hoe ellendig!* ('n Jag, bls. 35); *en o! gekroonde naarheid!* (Duimpie I, bls. 27); *ag, ek armsalige skepsel!*.

384. (b). Die geldigheid van die uitroep word beperk tot 'n bepaalde persoon. Vgl.: *Toe dan, assemblief, outa* (Na Olikheid, bls. 10); *Foei pa* (Na Olikheid, bls. 27); *Ja nee oom Andries!* (Veld, bls. 19).

385. (2) Seldsaam is teenswoordig die gebruik van uitroepe waarop 'n voltooiing *sonder bindwoord* volg. Deur die voltooiing word 'n rigting aangegee. Pronomina staan dan in die verboë kasus. Vgl.: *Wee jou, wee die man wat so iets gedoog.*

[1]) Vgl. Wundt, *Die Sprache* I, blss. 319-29; Paul, *Prinzipien*, § 126.

386. *Geskiedkundig.* Die voltooiing kon in Mnl. in die Datief of Akkusatief staan [1]) en in die sewentiende eeu ook in die Genitief. [2])

387. (3) Die voltooiing kan ook deur middel van bindwoorde aangeknoop word. Vgl.: *Jammer van die moeite!*; *ag sies vir jou!*; *wee oor jou harspan!*; *weg met hom!* Die voltooiing druk 'n oorsaak of 'n rigting uit.

388. *Geskiedkundig.* Die oorsaak het vroeër in die Genitief gestaan. [3]) Naas die verboë kasus is die gebruik van Voorsetsels om die rigting aan te dui, ook oud.

389. Die Interjeksies word beskou as die mees primitiewe soort volsin en vorm dus 'n geskikte oorgang tot ons volgende afdeling, die leer van die sin.

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 169, Opm. I.
[2]) Van Helten, *Vondel's Taal*, § 259, Opm.
[3]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 169.

DEEL II.

SINNE, SINSREEKSE EN SINSGROEPE.

Hoofstuk I. Inleiding.

390. In ons daaglikse taalgebruik het die woord 'sin' 'n taamlik vae en onvaste betekenisinhoud. Om die gebruik daarvan as vakterm moontlik te maak is dit nodig om die begrip behoorlik te definiëer, maar die poginge om 'n definiesie te gee het tot gevolg gehad veel meningsverskille wat tot nog toe nie tot eenstemmigheid gelei het nie. Die meningsverskille betref sowel die omvang en afbakening van die begrip self as die logiese, psigologiese en grammatiese bestanddele wat 'n analiese oplewer, en hulle onderlinge verhouding. Daarby gee ook die gebruiklike terminologie aanleiding tot verwarring. Om die terminologiese moeilikhede te ondervang gebruik ons die terme *Volsin* en *Bysin*. Die woord *sin* self, kan dan gebruik word as algemene term vir die een sowel as die ander. Hier volg ons definiesie van 'n Volsin: [1])

391. 'n *Volsin* (Sweeds *mening*; Duits *Ausspruch)* is die kleinste klankverbinding wat onder die praat as selfstandige mededeling diens doen.

Opm. Hierdie definiesie kom, behalwe in een opsig, ooreen met die van Delbrück: „Ein Satz ist eine mit sprachlichen Mitteln erfolgende Aeusserung, die dem Sprechenden und Hörenden als ein zusammenhängendes und abgeschlossenes Ganzes erscheint." Die toevoegsel 'kleinste' is egter — soos Noreen reeds aangetoon het [2]) — nodig om die volsinne af te baken van reekse volsinne wat same een gedagtegang vorm.

---

[1]) Vir ander definiesies sie b.v.: Wundt, *Die Sprache* II, blss. 229-51; Paul, *Prinzipien,* bls. 121; Idem, *Deu. Grammatik* III, bls. 10; Delbrück, *Grundlagen,* bls. 8; Noreen, *Einführung,* blss. 239-50; Sütterlin, *Deu. Sprache,* blss. 284-5; Van Ginneken, *Leuvensche Bijdragen* VII, bls. 304; Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 1; Van Wijk, *Ndl. Taal,* bls. 22.

[2]) *Einführung,* blss. 241-2.

Volsinne maak dus deel uit van die verklankte spraak. Mededelinge wat nie deur middel van klanke gedoen word nie, soos b.v. in die gebaretaal, kan dus in die Grammatika nie as sinvormend beskou word nie. In skriftelike mededelinge het ons weer afbeeldinge van volsinne, maar nie die volsinne self nie. As iemand in sy gedagte 'n gesprek voer, dan vorm hy in sy verbeelding volsinne wat op die moment geen werklike bestaan het nie; en as iemand alleen praat, dan kan hy klankreekse voortbring wat in alle opsigte op volsinne lyk maar dit tog nie is nie, omdat hulle hul doel mis.

Die volsinne word afgebaken van alle ander klankverbindinge deur die kenmerk, dat hulle die enigstes is deur middel waarvan selfstandige mededelinge gedoen word. Die selfstandigheid van die volsinne kan betwyfel word in sover as hulle tog in verhouding staan tot ander volsinne wat in dieselfde gedagtegang gebruik word, 'n verhouding wat dikwels ook met taalkundige middels aangedui word. Die term 'selfstandig' moet dus só opgevat word, dat dit in die bedoeling — natuurlik enkel onderbewus — van die spreker lê, dat hulle as selfstandige eenhede moet opgevat word. 'Selfstandig' staan dus in teenstelling met 'ondergeskik' of 'afhanklik'.

Die term 'mededeling' is in algemene sin bedoel. Dit behels by 'n verdere analiese b.v.: 'beweringe', waardeur oordeelvellinge of die resultaat van waarneminge of voorstellinge meegedeel word; 'vrae', waardeur meegedeel word dat 'n mens inligting verlang; 'bevele', waardeur meegedeel word dat 'n mens begeer dat iets sal gebeur; 'uitroepe', waardeur iemand aan 'n ander meedeel watter gevoelens by hom opgewek word. Maar dit alles hoort tot die beskrywing van die begrip Volsin, en is nie essensiëel vir die definiesie nie. Op dieselfde manier gee in ons beskrywing van die begrip 'woord' op bls. 17, die terme 'gewaarwording' en 'enkelvoudige begrip' meer as nodig is vir 'n definiesie. Daarvoor is dit voldoende om hierdie twee begrippe same te vat in die term 'enkelvoudige betekenisinhoud'.

'n Volsin dien dus om 'n selfstandige mededeling te doen; 'n woord het 'n selfstandige, enkelvoudige betekenisinhoud; woordgroepe het 'n selfstandige samegestelde betekenisinhoud. 'n Volsin kan dus ook bestaan uit 'n enkele woord of woordgroep.

392. 'n *Bysin* is 'n klankverbinding (een of meer woorde) met selfstandige betekenisinhoud wat die geleding van 'n volsin vertoon, hoewel dit nie dien om 'n selfstandige mededeling te doen nie, maar deel uitmaak van 'n volsin.

393. Tot afbakening van die begrip 'bysin' van die begrippe 'woord' en 'woordgroep' is dit dus nodig om die geleding van die volsin te beskrywe. Volsinne, en dus ook bysinne, kan naar hulle geleding verdeel word in twee groepe: eenledige en tweeledige.

394. 'n *Tweeledige volsin* dien om uitdrukking te gee aan die feit dat die verbinding van twee gedagte-elemente (uitgedruk deur woorde, woordgroepe of bysinne) onder die praat plaasvind of onmiddellik daarvoor plaasgevind het.

Opm. Met hierdie formulering wyk ons af van die sinsdefiniesie van Paul sowel as die van Wundt. Waar Wundt die 'sin' definiëer as „den sprachlichen Ausdruck für die willkürliche Gliederung einer Gesamtvorstellung in ihre in logische Beziehungen zu einander gesetzten Bestandteile", daar hou hy — soos Paul en Delbrück aangetoon het — nie rekening daarmee dat die geheel, veral by langer sinne, dikwels eers onder die praat tot stand kom nie, en gaan hy enkel uit van die spreker, terwyl die hoorder eers terwyl die sin uitgespreek word langsamerhand die verbinding kan maak, of anders gevaarloop om die spreker verkeerd te verstaan, wat ook dikwels gebeur. Daarenteen het Noreen tereg daarop gewys, [1]) dat die definiesie van Paul „der Satz ist der sprachliche Ausdruck, das Symbol dafür, dass sich die Verbindung mehrerer Vorstellungen oder Vorstellungsgruppen in der Seele des Sprechenden vollzogen hat, und das Mittel dazu, die nämliche Verbindung der nämlichen Vorstellungen in der Seele des Hörenden zu erzeugen", ook op woordgroepe soos „die bloeiende roos" toepaslik is. Tog sou alle gevalle ook nie gedek word as sy voorstel om „vollzieht" in plaas van „vollzogen hat" te lees, moes aangeneem word nie, want dit kom dikwels voor dat 'n mens 'n sin eers begin uitspreek nadat die verbinding reeds in die gees tot stand gekom het. Myns insiens bestaan die wesentlike kenmerk van die sinsverbinding (predikatiewe verbinding) hierin, dat dit in die *bedoeling* van die spreker lê om te kenne te gee dat die verbinding tot stand kom of net tot stand gekom het. 'n Mens kan sê: dis sy *wil* dat dit so opgevat sal word, as daarby in gedagte gehou word dat die wilsakte onderbewus of onbewus is. Daarenteen is die *bedoeling* van die spreker by 'n woordgroep om die verbinding voor te stel as iets wat reeds bestaan.

---

[1]) *Einführung*, blss. 247-8.

395. Die twee verklankte gedagte-elemente word *Subjek* en *Predikaat* genoem; as hulle uit woordgroepe bestaan kan die kern resp. *Subjekswoord* en *Predikaatswoord* genoem word. [1]) Die noodsaaklikheid om tussen Subjek en Predikaat te onderskei het aanleiding gegee tot heelwat diskussie en verwarring wat betref die terminologie sowel as die feitlike verhoudinge. [2]) Hier volg 'n opsomming van die uitkomste van dié diskussies, soos ek die toestand insien:

396. Om die wesentlike verhouding tussen die twee taalkundige eenhede te deurgrond moet ons steeds begin by die psigologiese verhoudinge. Dan is die psigologiese Subjek die element waarvan uitgegaan word, die grondslag waarop gebou word; en die toegevoegde element, die standbeeld wat opgerig word, die psigologiese Predikaat. Die Predikaat is dus steeds die nuwe en belangrike element. By die verklanking van hierdie psigiese proses blyk dat die Subjek dikwels eerste kom te staan, b.v.: *so veel hoofde* (Subj.), *so veel sinne* (Pred.); maar dit is glad nie altyd die geval nie. So is in die sin: *(die wind het die blaar geskep) en weg was dit,* die woorde 'was weg' die nuwe element en dus psigologiese Predikaat, hoewel dit eerste staan, en 'dit' die psigologiese Subjek omdat die beeld van die voorwerp wat dit aandui eerste in die gees aanwesig was. Die Subjek kan dus, hetsy helder of vaag, eerste in die gees aanwesig wees, maar laaste tot uiting kom; of, om die bekende vergelyking met 'n standbeeld te gebruik, die boumeester (spreker) kan direk van onder-af begin te bou, óf hy kan die plan van die hele struktuur in sy gees hê en dan van bo-af bou, sodat die standbeeld in die lug sweef tot dit vastigheid kry deurdat die voetstuk daaronder geskuiwe

---

[1]) Sütterlin, *Deu. Sprache*, bls. 300.

[2]) Vgl. o.a.: Noreen, *Einführung*, 319-331; Wundt, *Die Sprache* II, blss. 266-72; Paul, *Prinzipien*, §§ 87-8; Sütterlin, *Deu. Sprache*, §§ 305-7; Van Ginneken, *De Kataloog van een Taalmuseum*, (N. Taalg. V); Idem, *De Nieuwe Ndl. Spraakkunst en het Buitenland* (N. Taalg. VI); De Vries, *De Typen der Mededeeling*, §§ 52 vlgg.

word. As belangrikste element kry die Predikaat egter altyd die swaarste aksent. As uitgegaan word van die aksent as grammatiese kriterium val die psigologiese en grammatiese Subjek resp. Predikaat dus same, sodat dan ook op die grammatiese Subjek resp. Predikaat toepaslik is die definiesie van De Vries, wat anders alleen vir die psigologiese pas: Subjek is „wat gevoeld wordt als datgene waarvan rechtstreeks iets gezegd wordt"; Predikaat is „wat gevoeld wordt als datgene wat men van het Subj. zegt". Ooreenstemmend gee Noreen die „populêre" definiesie: „Subjekt ist das, *worüber* man spricht, Prädikat das, *was* man darüber spricht", wat hy gelykstel met die van Sigwart: „Subjekt ist dasjenige, wovon etwas ausgesagt wird, Prädikat dasjenige was ausgesagt wird"..

397. As kenmerk van die psigologiese Predikaat het in vroeër tye egter ook 'n morfologiese kategorie ontwikkel, n.l. die *verbum finitum*. Dit moet sy oorsprong daaraan te danke hê, dat die nominale element baie dikwels dien tot aanduiding van 'n substansie of wat as sodanig opgevat word, en die werbale element tot aanduiding van die veranderinge wat dit ondergaan, die handelinge wat dit verrig, ens. Dog tereg wys Noreen [1]) in sy kritiek van Wundt se standpunt daarop, dat die inhoud van die Subjek nie noodwendig uit sigself meer onveranderlik is as die van die Predikaat nie, maar dat dit willekeurig so voorgestel word deur die spreker. Hoewel dit by uitnemendheid die funksie van die verbum finitum is om as predikaatswoord te dien, is dit egter nie altyd die nuwe of belangrike element nie. As daar b.v. reeds sprake was van 'n sekere bewering en ek sê: *jý het dit beweer*, dan is 'jy' die nuwe en belangrike element en dus die psigologiese Predikaat, terwyl 'het dit beweer' psigologiese Subjek is. Tog dien die verbum finitum as grondslag vir die skemas van woordorde wat gebruiklik is in die volsin. Vandaar dat dit die naam *Grammatiese*

[1]) *Einführung*, blss. 325-6.

Predikaat kry, en aan die nominale element waarmee die predikatiewe verbinding aangegaan word, die naam *Grammatiese Subjek* gegee word. In sinne met 'n verbum finitum moet dus onderskei word tussen grammatiese en psigologiese Subjek resp. Predikaat.

Opm. by §§ 395-7. Sommige skrywers gebruik ook nog die term *logiese Subjek* (resp. Predikaat) waarmee sommige dieselfde bedoel as ons onder psigologiese, en andere as ons onder grammatiese Subjek verstaan. Sütterlin [1]) gebruik die term om iets anders uit te druk n.l. „den natürlichen Träger der Verbalhandlung". So is volgens hom in: *Gebaut wurde die Brücke von Cäsar,* 'Cäsar' die logiese Subjek.

398. By onder- en neweskikkende verbinding word die groepe en reekse dus voorgestel as iets wat reeds bestaan en by predikatiewe verbinding word die sin gevorm met die doel om te kenne te gee, dat die verbinding tot stand gekom het of tot stand kom. Tweeslagtig is in hierdie opsig die geaardheid van die verbinding by *leunverhoudinge* (deur ons onder die groepeformasies behandel). Dáár kom die verbinding eers onder die praat tot stand, maar die sin word nie terwille daarvan gevorm nie. Deur die manier waarop dit tot stand kom het dit dus predikatiewe geaardheid, maar daar dit 'n terloopse gebeurtenis, dikwels 'n nagedagte is, word dit voorgestel as iets wat reeds bestaan, en het dit dus tewens die geaardheid van 'n onderskikkende verbinding.

Opm. My opvatting van die leunverhouding verskil nie veel van die van Noreen nie, [2]) hoewel hy daarvoor die naam "apposiesie" gebruik. Hy definiëer: „In der Apposition . . . . . stellt uns der Sprechende das gleichsam feierlich vor, was für ihn ein Adjunktionsverhältnis, d.h. das Ergebnis einer Prädikation ausmacht, was aber für den Angesprochenen vielleicht erst ein Prädikationsverhältnis, d.h. das Hinzutreten einer neuen interessanten Tatsache ist. Der Sprecher will nämlich augenblicklich gerade etwas Anderes, ihm Wichtigeres als die Apposition prädizieren".

---

[1]) *Deu. Sprache,* bls. 300.
[2]) *Einführung,* blss. 333—9.

399. 'n *Eenledige Volsin* dien veral om mee te deel, dat 'n toestand tot stand gekom het of bemerk is, of dat 'n verbinding van gedagte-elemente net plaasgevind het. Dat die verbinding eers onder die praat plaasvind, soos by 'n aarselend uitgesproke *nee,* kom minder voor. Tot die gebied van die eenledige sinne behoort dus in die eerste plek beskrywinge van gewaarwordinge en toestande, dikwels in uitroepvorm, b.v.: *lekker sonskyn!*; *eina!* (= 'ek kry seer', 'dit maak my seer', of iets dergeliks). Maar die eenledige volsin kan ook sy ontstaan daaraan te danke hê, dat 'n twede lid uit die situasie, insluitende toon en gebaar, duidelik genoeg is, en dus nie hoef uitgedruk te word nie. So b.v. in die sin: *Jan!,* wat alleen 'n nominale element bevat, daar die verdere bedoeling ('hou op met speel', 'kom hier', of iets dergeliks) reeds duidelik is; of in: *gaan weg!,* waar alleen die werbale gedeelte uitgedruk word, daar daar geen twyfel oor bestaan wie die toegesprokene is nie. In 'n dialoog is dit nie alleen die uiterlike situasie wat kort vorme moontlik maak nie, maar elke spreker is voortdurend in staat om voort te bou op die skema wat in die vorige sin gebruik is, as 'n gegewe wat aan almal bekend is. Vandaar dat die eenledige sinne wat op dié manier ontstaan 'n sodanige vorm aanneem, dat hulle die voorkome het van 'n deel van die voorgaande sin. Sulke sinne vorm dus 'n gedagte-subjek, -predikaat, -bepaling, -ens. van die vorige. Vgl.: *Wie het dit gesien? — Ek*; *Ons het op die berg geklim — Tot bo op?*; *Hy het dit geglo — Geglo?*; *Die uitvoering van die stuk was volmaak — Volmaak!* In sulke dialoge kan die eenledige sin ook 'n modale bepaling wees by die hele voorgaande sin: *Sal hy kom? — Ja, nee, miskien.*

400. Soos die woordreekse en woordgroepe in onder- en neweskikkende verbindinge kan samegroei tot enger eenhede waaraan die naam samestelling gegee word, so kan ook hy die predikatiewe verhouding die verbinding so eng wees, dat dit as 'n samestelling — deur W. de Vries [1]) *symphyes*

[1]) *Typen der Mededeeling*, bls. 23.

genoem — en dus as 'n enkele eenheid kan beskou word. So het ons twee eenhede in: *die man loop,* of: *hý loop;* maar in tussensinnetjes soos: *glo ek, dink ek* (= waarskynlik), *sê jy,* het ons maar een eenheid wat ooreenkom met die enkele eenheid wat in Latyn en ander tale uitgedruk word deur werbaalvorme sonder Pronomen *(amo, amas, amat).*

Hoe die hele betekenis in sulke gevalle in die Werkwoord gekonsentreer is, word goed daardeur geïllustreer dat die modale Bywd. *glo* ontstaan het uit die sin: *glo ek* (Vgl. ook Mhd. *waen*) en die vraagwoord *hoekom* uit: *hoe kom dit?* So word b.v. ook geen Pronomen gebruik in 'n sin soos die volgende nie: *[Ek het dit jou tog al vertel.] Nie waar nie?* (Vgl. Utrechts: *waar?*) Omgekeerd kan die Pronomen ook gebruik word as louter psigologies-grammatiese vorm sonder dat dit dien om iets bepaalds aan te wys. Vgl.: *Dit donder* (= daar is donder).

HOOFSTUK II.

Die Volsin.

401. Behalwe die besondere betekenis wat afhang van die gebruikte woorde, behoort tot die betekenisinhoud van die volsinne ook nog die algemene betekenis (Duits: Grundstimmung) wat veral uitgedruk word deur musikale middele (toonshoogte, luidheid, ritme, tempo). Daaronder speel die toonshoogte 'n oorwegende rol. Die woordvorme en skemas van woordorde help egter dikwels mee om die algemene betekenis weer te gee. Die musikale elemente vorm gesamentlik 'n ingewikkelde kompleks en wissel in besonderhede nie alleen van taal tot taal nie, maar ook van dialek tot dialek en van persoon tot persoon, en by dieselfde persoon naar die gemoedstemming waarin hy verkeer. Grondig kan dit alleen bestudeer word met meganiese hulpmiddele. Tog is die resultate van die ondersoek van Wundt, [1]) Blümel, [2]) Sweet, [3]) Van Alphen [4]) e.a. as algemene rigsnoer ook geldig vir Afrikaans.

402. Deur die gekompliseerdheid van die formele kenmerke is dit eenvoudigste om vir die indeling uit te gaan van die algemene betekenis. Na 'n bespreking van die grammatiese kenmerke van Subjek en Predikaat by tweeledige sinne gee ons 'n oorsig van die musikale middele, om ten slotte die woordorde en de een- of tweeledigheid van die verskillende soorte sinne te bespreek.

403. Naar die algemene betekenis kan ons vier soorte volsinne onderskei:

---

[1]) *Die Sprache* II, blss. 417-36.
[2]) *Einführing*, §§ 746-814.
[3]) *A New English Grammar*, §§ 1881-1952.
[4]) *De Vraagzin*, (N. Taalg. VIII).

I. Bewerende (verhalende) volsinne, weergewende waarneminge, voorstellinge of oordeelvellinge.

II. Bevelende (wensende) volsinne bevattende bevele, wense, raadgewinge, oproepe, ens.

III. Vraende Volsinne. Die vraagsinne kan beskou word as 'n onderdeel van die wensende sinne, daar hulle die wens uitdruk om inligting oor iets te kry; maar, daar hulle deur die stygende betoning formeel anders gekenmerk is, gee ons die voorkeur daaraan om dit as 'n afsonderlike groep te beskou.

IV. Uitroepende volsinne, waarin die weergee van 'n gemoedstemming die voornaamste rol speel.

Formele kenmerke van die Predikatiewe Verbinding.

404. By tweeledige sinne word die predikatiewe verhouding veral deur drie kenmerke aangedui: A. deur ooreenkoms in die woordorde van Subj. en Pred.; B. deur die gebruik van bepaalde woordvorme; C. deur die gebruik van bepaalde woorde,

405. A. (1) Die ooreenkomstige woordorde kan bestaan uit die parallelle bou van die twee sinsdele, soos veral die geval is in spreekwoorde. Vgl.:

Hoe meer siele, hoe meer vreugde.
Saands rood, smôrens water in die sloot.
Alkant selfkant.
Goedkoop, duurkoop.
Stille waters, diepe gronde.
Hoe geleerder, hoe verkeerder.
So gemaak en so gelaat staan.
Hoe kaler jakhals, hoe groter stert.
Eers die koutjie en dan die vroutjie.
Gou by die bak, stadig by die werk.
Kleine muisies, grote ore.
Uit die oog, uit die hart.
Die een oor in, die ander oor uit.
Ver van jou goed, naby jou skade.

406. (2) Seldsaam is gevalle waar die een lid die omgekeerde volgorde van die ander het (giasme):

In voorspoed groot, klein in die nood.

407. B. Die gewoonste verbindingstiepe is dat die Subjekswoord 'n nomen (Subst., Pron., Inf., Telwd., Adj.) is en die grammatiese Predikaat 'n verbum finitum as kern bevat. Vgl.: *Die man loop; hy loop; om te loop is plesierig; driemaal is skeepsreg; lekker is 'n vinger lank.*

408. Die naam grammatiese Predikaat word uitsluitend gebruik vir die verbum finitum maar alle woordsoorte kan psigologiese Predikaat wees. Vgl.: *'n Man 'n woord; alles klaar; wie daar?* ens.

409. (1) In verskeie tale word die grammatiese Subjek gekenmerk deur 'n afsonderlike vorm, die Nominatief. In Afrikaans het (soos b.v. ook in Engels en gesproke Nederlands) hierdie kenmerk so goed as geheel verdwyn. Die gr. Subjek het nog maar net eie vorme by 'n paar persoonlike Voornaamwoorde: *ek, jy, (gy), hy, sy.*

> *Opm.* Die vorm *de* van die Bepaalde Lidwoord wat in die middeleeue by enkelvoudige manlike Substantiewe as kenmerk van die gr. Subjek gedien het (dus as Nominatief, teenoor *den* as Akkusatief) kan in gesproke Nederlands ook nie meer daarvoor geld nie, daar *den* in Algemeen Beskaaf nie meer voorkom nie en in verskeie dialekte ook by die gr. Subjek gebruik word. Vgl. § 79.

410. (2) Die verbum finitum, d.i. die verbindende of prediserende vorm van die Ww., onderskei hom in Afrikaans morfologies geheel negatief van ander werbaalvorme. Partisiepia is gemaklik te herken deurdat hulle met bepaalde pre- en suffikse gevorm word, met in geïsoleerde gevalle ook ablautsverskynsels. Die Infinitief tree egter in dieselfde grondvorm of stam op as die verbum finitum, maar het as kenteken dat dit óf vergesel word van bepaalde Voorsetsels *(om, te, om te, met, aan)* óf met 'n Hulpwerkwoord samegroei tot 'n nuwe eenheid. In bevelende sinne kan die

woordorde soms dien om die verbum finitum van die Infinitief te onderskei. Vgl. § 492, Opm.

411. In nominale funksie kan die Infinitief boondien vergesel word van 'n Lidwoord. Tog bly daar gevalle oor waar die Infinitief as grammatiese Subjek of Predikaat — en ook ander Substantiewe wat van Werkwoorde afgelei is — in vorm nie verskil van die verbum finitum nie (Vgl. § 379). Dan dui die eie betekenis van die woorde of die woordorde die aard van die verbinding aan.

Opm. by §§ 410-11. Dis nie sonder opset dat ek die Latynse naam 'verbum finitum' gebruik nie. In 'n „Afrikaanse Grammatika" deur M. C. Botha en J. F. Burger waarin ander werke, in die sintaktiese gedeelte die „Nederlandsche Spraakkunst" van Den Hertog, veelal op onoordeelkundige manier nageskrywe word, word b.v. reëlmatig gepraat van die „persoonsvorm" van die Ww., en dit terwyl dit juis 'n kenmerk van Afrikaans is, dat die werbale fleksie geen persoonsvorme aanwys nie. Dis beter om Latynse terme te gebruik as verkeerde Hollandse.

412. *Geskiedkundig.* Dat die persoonsuitgange van die Werkwoord in Afrikaans verlore gegaan het, bring mee dat in Afrikaans nie meer — soos in die taal waaruit dit afstam — kongruensie tussen die gebruikte woordvorme van grammatiese Subjek en Predikaat bestaan nie. Die geskiedenis van hierdie ontwikkeling beteken dus die geskiedenis van die verloregaan van 'n sintaktiese middel, al is dit ook 'n vrywel oorbodige middel in tale met sulke vaste skemas van woordorde soos Nederlands. Dis veral om hierdie verskynsel en die verlies van die Imperfektum te verklaar, dat Prof. Hesseling sy Maleis-Portugese teorie oor die ontstaan van Afrikaans ontwerp het. [1]) Dié teorie het nie alleen voorstanders gekry nie, maar ook heelwat teenstanders, wat in sommige gevalle met eie teorieë voor die dag gekom het. [2]) Met verwysing naar § 79 wil ek hier herhaal, dat daar naar my mening nie voldoende historiese gronde aangevoer is om 'n sterk

---

[1]) *Het Afrikaansch,* blss. 140-8.

[2]) Vir 'n oorsig sie Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans.*

oorwig aan een bepaalde taal toe te ken nie, maar dat die defleksie wat Nederlands in Suid-Afrika ondergaan het in die algemeen moet bevorder geword het deur al die groepe vreemdelinge wat Nederlands daar aangeleer het. Maar soos by die adjektiewiese fleksie, was ook by die werbale die aanleiding tot 'n nuwe groepering reeds aanwesig deur die vermenging van Nederlandse en Nederduitse dialekte wat daar plaasgevind het. Hier volg enkele feite om dit aan te toon.

Behalwe waar dit dien om 'n hiaat te vermy, was die slot *-n* van die meervoud reeds in die sewentiende eeu uit die in Nederland toongewende dialekte van Holland en Seeland vedwyn, en word dit ook hedendaags in die Algemeen Beskaaf nie gehoor nie, hoewel dit nog geskrywe word. Die verandering wat Afrikaans ten opsigte van Nederlands ondergaan het, bestaan dus veral daarin dat die onbetoonde *ə* van die meervoud en die *-t* van die twede en derde persoon Enkvd., en in sommige gevalle van die twede persoon Mvd., as persoonsuitgange verdwyn het. Die *-e* kan egter in Afrikaans nog gebruik word as deel van die stam by Werkwoorde waarin die infinitiefsuitgang oorspronklik voorafgegaan was deur die stemhebbende konsonante: *d, g, v* en by 'n paar ander Ww., en die *-t* kom nog voor by 'n paar Ww. wat in dié vorm verstar is. [1]) Dis opmerklik dat die verlies van slot *-e* en *-t* verskynsels is wat ooreenkom met die algemene ontwikkelingsgang van die germaanse tale. Ons hoef vir die eerste verskynsel alleen maar te herinner aan die groot aantal Subste wat vroeër op *-e* uitgegaan het en dit vir 'n deel nog doen in Ndl. dialekte, veral die Suid-Nederlandse, maar die *-e* verloor het in Algemeen Beskaafde Nederlands; en aan die grote verskeidenheid wat Duitse dialekte in hierdie opsig vertoon. Vir werbaalvorme kan daarop gewys word, dat ook in Ndl. die *-e* van die eerste persoon, Enkvd., Indikatief, verdwyn

---

[1]) Vgl. *Handleiding*, blss. 48-9.

het en dat die *-e* klank in Engels ook in die Meervoud nie meer gehoor word nie: *we give.* En wat betref die twede verskynsel, is dit bekend dat 'n groot aantal Nederlandse dialekte in afwyking van Algemeen Beskaaf geen *-t* laat hoor na skerp konsonante nie. En ook in Ww. waarvan die stam op *-t* uitgaan is daar geen verskil tussen eerste en derde persoon nie: *ik zit*; *hij zit.*

Tog lyk dit of die gebruik van die *-ə* as persoonsuitgang van die Ww., in Nederlands in stand gehou word deur die sintaktiese differensiëring wat daardeur kan uitgedruk word; en in die vervoeging van die Afrikaanse Ww. het die verlies van die slot *-t* nie beperk gebly tot die posiesie na skerp konsonante nie. Daarom is dit nodig om die aanleidende oorsake tot verandering binnen die Ww. self na te gaan. Dan moet opgemerk word dat hy uitdrukkinge soos: *een troep mensen,* die Ww. ook in Ndl. in die Enkvd. óf Mvd. gebruik kan word. By alleenstaande kollektiewe en by Substantiewe wat met *en* verbind is, word teenswoordig gewoonlik die Enkvd. resp. Meervd. gebruik; maar in vroeër periodes van Nederlands kon albei getalle gebruik word en ook by woorde soos: *men, selc, elc,* kon die Ww. vroeër in die Mvd. staan. [1]) Maar nog meer, as die skriftelike bronne 'n goeie beeld van die gesproke taal gee, dan word die kongruensie in getal tussen grammatiese Subj. en Pred. lank nie altyd getrou in ag geneem deur die volkstaal nie. [2]) En in Nederlandse dialekte kom nie alleen derde-persoonsvorme sonder *-t* voor nie, maar ook eerste-persoonsvorme met *-t.* [3])

Tot die dialekte wat in Suid-Afrika en op die Oost-Indiëvaarders meegehelp het tot die vorming van Afrikaans, hoort ook die Platduitse groep. By hierdie groep vind ons nog interessanter feite. Nie alleen heers daar in die Middeleeue by kollektiewe en by woordreekse dieselfde vryheid

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 200-3; Van der Veen, *Taaleigen,* §§ 23-5.
[2]) Vgl. Van der Veen, *Taaleigen,* § 23; en vir die seemanstaal: Bosman, *Ontstaan van Afr.,* blss. 106-7.
[3]) Vir 'n opsomming van sulke gevalle sie Bosman, *Afr. en Mal.-Port,* bls. 103.

wat betref die kongruensie as in Middelnederlands nie, [1]) maar ook die fleksie van die Ww. self was besig om 'n belangrike ewolusie te ondergaan, wat later daarop uitloop dat sommige dialekte die vorm op *-en* vir alle Persone van die meervoud gebruik, en andere, t.w. die wat naaste aan die Nederland geleë is, alleen vorme wat teruggaan op *-et* (Ouksadsies *-ad)* in die meervoud ken, waarvan die *-e* dan gewoonlik verdwyn. [2]) Maar, soos in die Nederlandse dialekte, kan die *-t* wat oorbly, om fonetiese redene ten slotte ook verlore gaan. Ons kry dus hierdie toestand, dat in Platduitse dialekte die vorme van die Mvd. en die van die Enkvd. albei op *-t* kan uitgaan en dus ooreenkom met die derde-persoonsuitgang van die Enkvd. in Algemeen Nederlands, en dat van albei die *-t* kan wegval en dus ooreenkom met die Afrikaanse vorm. Om dit met een voorbeeld te illustreer, die derde persoon Enkvd. van die Ww. 'gryp' kan in Platduits wees: *chreipet, chrip, grip* of *gript*; die derde persoon Meervoud: *chreipet, chrīpt, grīp* of *grīpm.* [3]) Die Afrikaanse vorm kom direk ooreen met die vorme sonder uitgang en kan vir Meervoud sowel as Enkelvoud ook verkry word deur die *-t* in ander gevalle weg te laat. Maar genoeg om te laat sien, hoe die dialekmenging sowel as die taalmenging die nuwe groepering in Afrikaans in die hand gewerk het.

413. (3) Soos die Ww. tree ook die geprediseerde Adjektief as reël in die grondvorm op, b.v.: *Die man is goed; die vrou is siek; die dier is wild; die vate is leeg.* (Vgl. §§ 315; 318; 324). Kongruensie van die predikatief gebruikte Adjektief met die Subjekswoord bestaan dus nie. Die vorm van die predikatiewe Adjektief val ook same met die van die agtergeplaaste Adjektief. By sommige Adj[e] kom egter formele verskille te voorskyn, al naardat hulle predikatief gebruik word, of attributief met voorplaatsing. Vgl. §§ 68-76; 80-82.

---

[1]) Nissen, *Forsøg til en Middelnedertysk Syntax,* § § 25—8.
[2]) Lasch, *Mnd. Grammatik,* blss. 226—7.
[3]) Vgl. Grimme, *Plattdeutsche Mundarten,* § § 170—6.

Ook word by Verlede Deelwoorde in predikatiewe gebruik tot op sekere hoogte gedifferensiëer al naardat die samestelling met die Predikaatswoord losser of enger is. Vgl. § 324.

414. *Geskiedkundig.* In Mnl. kon die predikatief gebruikte Adjektief sowel verboë as onverboë voorkom. [1]) In sewentiende-eeuse Nederlands was reeds die stand bereik waarop Afrikaans teenswoordig staan. [2])

415. (4) Die geprediseerde Substantief kongrueer as reël in getal met die Subjekswoord as dit een of meer lewende wesens aandui, b.v.: *Ek was nog 'n seun,* maar: *ons was nog seuns.* In enkele uitdrukkinge soos: *hulle is die baas,* bly die kongruensie egter agterweë. Versamelwoorde kom natuurlik nie in die Meervoud voor nie: *die Boere is 'n dapper nasie.* Ook vir sinne met die Subjekswoord *dit,* soos: *dis helde* (sie benede) geld die reël nie.

> *Opm.* Kongruensie hoef dus ook nie voor te kom as die Subjekswoord geen lewende wese aandui nie, maar die Substantief van die Predikaat wel, b.v.: *Maar ons natuurtonele is die moeder wat ons gedagtes in woord help klee het* (E. Skrywers, bls. 80).

416. As die Subjekswoord een of meer lewende wesens aandui kan die Substantief van die Predikaat daarmee in geslag kongrueer, as dit 'n afsonderlike vorm het vir Manlik en Vroulik, b.v.: *Hy is haar slaaf,* maar: *sy word behandel as slavin.* Hierdie kongruensie is egter lank nie altyd nodig nie. Die ongegeneerde omgangstaal gee dikwels die voorkeur daaraan om die Substantief in die Manlike vorm te gebruik, ook as daar sprake is van vroulike wesens. Vgl.: *Sy het ekskuus gemaak, dat sy geen publieke spreker is nie* (Boervrouw, bls. 111). Waar die vroulike geslag deur middel van 'n afsonderlike woord uitgedruk word, is die behoefte aan kongruensie egter sterker: *Sy was die niggie van die koning.* Sinne met die Subjekswoord *dit* kom, ook wat die geslag betref nie in aanmerking vir kongruensie nie.

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 133.

[2]) Van der Veen, *Taaleigen,* § 32.

C. (1) *Sinne met die Subjekswoord 'dit'.* [1])

417. Die Neutrum, derde Persoon Enkelvoud, van die Persoonlike Voornaamwoord lui in Afrikaans *dit.* Oorspronklik was hierdie woordjie 'n Aanwysende Vnwd. (aussendeiktisch) maar in Afrikaans het sy betekenis verswak en het dit die Persoonlike Vnwd. *het* verdring. Sy vroeëre plek is ingeneem deur *hierdie (een),* in teenstelling waarmee *daardie (een)* staan as opvolger van die verlore gegane *dat. Hy* en *sy* word in hoofsaak gebruik om lewende wesens aan te dui, en in teenstelling daarmee kan *dit* aanduier wees van alles wat lewensloos en enkelvoudig is. Ook kan *dit* gebruik word van 'n versameling lewenslose dinge wat nie as afsonderlik bestaande gevoel word nie, soos in: *dit* [n.l. die appels] *bring baie geld op.* [2])

418. Hierdie Voornaamwoord *dit* gaan as Subjekswoord dieselfde verbindinge met Werkwoorde aan as ander Persoonlike Vnwd[e], maar daarnaas word dit gebruik in s.g. Onpersoonlike konstruksies, waar dit in besondere sin as Subjekswoord dien. Om hierdie gebruik te verstaan is dit nodig om eers 'n uiteensetting te gee van die konstruksies met die s.g. Situasie-*dit.*

419. (a) Die Vnwd. *dit* kan gebruik word om iets aan te wys wat nog nie van te vore genoem is nie maar as bekend veronderstel word en dus dikwels maar vaag in die gees aanwesig is, soos in: *dit brand goed* (n.l. die vuur wat ons by sit). Ook kopulatiewe Ww. word gebruik om op hierdie manier iets te prediseer van die nog vaag gevoelde inhoud van *dit.* Dan ontstaan sinne, soos: *dis 'n muis* (n.l. wat die geritsel veroorsaak het); *dit lyk 'n miershoop* (n.l.

---

[1]) Brugmann, *Der Ursprung des Scheinsubjekts 'es' in den germanischen und den romanischen Sprachen;* Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 218-20; Paul, *Prinzipien,* § 91; Sütterlin, *Deu. Sprache,* § 310; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 35-36; De Vries, *Usurpaties* (Tijdschrift XXIX); Idem, *Typen der Mededeeling,* §§ 32-35; Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 12; Simons, *Bij de zwakke plek van een Technikus* (N. Taalg. XIV).

[2]) Vir 'n uitvoeriger uiteensetting van die gebruik van die Pers. Vnwd[e] sie *Handleiding,* blss. 43-44.

wat jy daar sien). Deur die vaagheid van die aanvanklike voorstelling kan *dit* in konstruksies van die laaste tiepe selfs met manlike, vroulike en meervoudige begrippe verbind word, soos in: *dis 'n vrou; dis 'n spioen; dis muise,* of — waar die aanvanklik onduidelike voorstelling laaste tot uiting kom — in: *muise is dit.*

420. (b) Die aanvanklik vae betekenisinhoud van *dit* kan agterna opgehelder word (die *gebonde* gebruik van *dit).* Vgl.: *Al wou dit baiemaal bo by die keel uit, die verbittering en hartseer* (Vergeet Nie, bls. 147). Die latere opheldering kan ook 'n bysin wees, soos in: *dis waar wat jy sê;* (met Konjunksie:) *dit lyk of hy sal kom,* of 'n Infinitief, soos in: *dis aaklig om dit aan te sien.* In sulke sinne staan *dit* sintakties oorspronklik gelyk met manlike en vroulike Persoonlike Vnwd^{e} wat gebruik word as voorlopige Subjek wat later opgehelder word. soos in:

Hy sal gou kom, jou baas.

Sy het baie verdriet gehad, die edele vrou.

Jaag-jaag skiet hulle nog, die deurbarstende burgers (Vergeet Nie, bls. 140).

421. As besondere geval verdien vermelding die verbindinge: *dit* + Ww. *wees* + *te* + Inf., b.v.: *dis te begryp, dat....; dis aan te beveel, dat.....,* waar 'is te begryp', 'is aan te beveel' beteken, *'n mens moet (kan) dit begryp, aanbeveel.*

422. *Geskiedkundig.* Hierdie laaste konstruksie is reeds oud en kom al veelvuldig voor in Oudhoogduits. Die gebruik van die Infinitief kom hier ooreen met die van die Gerundium in Latyn [1])

Onpersoonlike Konstruksies.

423. Uit die beskrewe verbindinge met die situasie-*dit* het die onpersoonlike konstruksies met *dit* as Subjekswoord ontstaan. In Afrikaans kan ons die volgende tiepes onderskei:

424. (a) Die Subjekswoord is *dit* en die saak waaroor gepraat word (logiese Subjek) word uitgedruk as 'n prepo-

[1]) Wilmanns, *Deu. Grammatik,* § 385.

sisionele bepaling by die Werkwoord, b.v.: *dit ontbreek hom aan moed; dit krioel van mense; dit wemel van ongedierte; dit verveel my hier by die geraas; dit stroom van bloed.*

425. Sommige van hierdie Ww. kan ook sonder nadere bepaling gebruik word: *dit krioel, dit wemel.* Die betekenis is dan nou verwant aan die van Werkwoorde wat 'n natuurverskynsel beskrywe. Hierby sluit aan konstruksies soos: *dit rook hier, dit stink daar,* waar die Ww. deur 'n Adwerbium bepaal word. As uitdrukkinge soos: *dit ontbreek, dit spyt my, dit verheug my* sonder bepaling van die Ww. gebruik word, dan is *dit* egter aanduier van iets bepaalds.

426. Naas die onpersoonlike Konstruksies word by hierdie Ww. ook persoonlike konstruksies gebruik: *die moed ontbreek hom; die ongedierte wemel; die mense krioel; die geraas verveel my,*

427. *Geskiedkundig.* Hierdie onpersoonlike Konstruksies het ontstaan uit konstruksies met gebonde *dit,* waarin die betekenis van hierdie woord in so 'n mate verbleek was, dat dit nie meer gevoel geword het as voorlopige aanduier van die Subjek nie. So kon uit sinne soos: *dit ontbreek hom, die moed* en *dit verveel my, die geraas* ontstaan: *dit ontbreek hom aan moed; dit verveel my by die geraas.*

428. (b) Die Predikaatswoord wat met *dit* verbonde is, beskrywe 'n natuurverskynsel en kan bestaan uit 'n s.g. onpersoonlike Ww.: *dit reent; dit donder; dit hael; dit kapok,* of 'n kopulatiewe Ww. bevat: *dis reenagtig; dit word dag; dit bly donker.*

429. In digterlike taal word ook hierdie Ww. partykeer persoonlik gebruik: *die wolk reent; sy oog blits,* maar dit moet beskou word as beeldspraak. Op dieselfde manier word reeds in Sanskrit, Grieks en Latyn gepraat van 'gode' wat reent (d.i. laat reent), maar nêrens is die persoonlike konstruksie primêr nie.

430. *Geskiedkundig.* Die Onpersoonlike Ww. is in Oudgermaans sonder Subjekswoord gebruik. Die aanwending van *dit* het moontlik geword, deurdat die betekenisinhoud daarvan

by gebonde gebruik en die onpersoonlike konstruksies wat daaruit ontstaan was, soseer verbleek het dat dit nie meer gevoel is as aanduier van iets bepaalds buite die gees van die spreker self nie. As 'dit krioel (van mense)' objektief niks meer uitdruk as 'krioel (van mense)' nie, dan hoef 'dit reent' mos ook nie 'n ander objektiewe betekenis te hê as 'reent' nie. Toe konstruksies soos 'dit reent' ontstaan het, had die ontwikkeling van die taal dus 'n stadium bereik, dat die gebruik van die woorde waarmee die teenswoordige *dit* ooreenkom alleen deur hulle psigiese waarde bepaal is.

431. (c) Die onpersoonlike gebruik van *dit* is ook moontlik by Ww. wat 'n gewaarwording uitdruk. Die Ww. waarby hierdie konstruksie moontlik is in Afrikaans, is gering in getal. By sulke Ww. kan 'n mens die liggaamsdeel wat deur die veranderde toestand getref word, as 'n preposisionele bepaling uitdruk. Vbb.: *dit jeuk (op my kop); dit kriewel (agter my rug); dit byt (in my vingers).*

432. In die persoonlike konstruksies wat hiernaas staan, word die naam van die getroffe liggaamsdeel as grammatiese Subjek gebruik: *my kop jeuk; my rug kriewel; my vingers byt.*

433. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *dit* by hierdie Ww. het sy ontstaan te danke aan dieselfde oorsake as by die Ww. wat 'n natuurverskynsel uitdruk waar dit waarskynlik eerder binnegedring was. 'n Groot aantal Ww. wat, verbonde met 'n casus obliquus van 'n Persoonlike Vnwd. of 'n ander aanduiding van persone, oorspronklik onpersoonlik gebruik is *(mi dromet, mi dinckt,* ens.) word teenswoordig in Afrikaans, en die meeste daarvan ook in Nederlands, uitsluitend persoonlik gebruik.[1]) Ander sulke Ww. is vervang deur persoonlike uitdrukkinge bestaande uit 'n werbale en 'n nominale element, b.v. Mnl. *mi jamert, mi scaemt* = Afr. *ek het (is) jammer, skaam.* So word vir Afrikaans: *ek het* (of *is) honger, dors* nog in die State-Bybel gebruik: *my hongert, dorst,* waarnaas egter ook voorkom: *Zij die hongeren en dorsten.* (Vgl. Opm. by §§ 319-21). Baie van

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* bls. 177; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 167.

hierdie Ww. is in Nederlands in onpersoonlike konstruksies altyd sonder pronominale Subjek gebruik en ander kon *het* onder seker voorwaardes ontbeer. In Afrikaans is die gebruik van *dit* verplig by die Ww. van hierdie groep wat nog onpersoonlik voorkom.

(2) *Sinne met 'daar' as formele Subjekswoord.*

434. Soos *dit* kan ook *daar* as Subjekswoord gebruik word. Dit kom voor in die volgende gevalle:

435. (a) As gebonde Subjekswoord in aktiewe en passiewe konstruksies, b.v.: *daar kom iemand aan; daar word 'n huis gebou; daar word beweer dat hy bang geword het; daar word aan die hand gegee om 'n nuwe poging te waag.*

436. As 'n bepaling voorafgaan aan die passiewe Ww. word *daar* dikwels nie gebruik nie. Vgl.: *Om die toestand te verstaan, moet onthou word dat....; om die saak aanneemlik te maak, is (daar) beweer dat....*

437. (b) As vrye Subjekswoord in passiewe konstruksies: *daar word gewerk.*

438. In deftige taal kan sulke passiewe konstruksies ook ingelei word deur 'sulks', 'aldus' of 'so' sonder *daar.* Die funksie van hierdie woorde nader dan tot die van Subjekswoorde.

439. In passiewe konstruksies met die vrye sowel as die gebonde *daar,* kan die draer van die werbaalhandeling uitgedruk word deur middel van 'n preposisionele bepaling ingelei met die woord *deur,* b.v.: *daar word 'n huis gebou deur hom; daar word gewerk deur hom.*

440. (c) As Subjekswoord by kopulatiewe Ww.: *daar was 'n keer 'n koning.* Hierdie konstruksie is nie moontlik as die voltooiing van die Ww. 'n Adjektief is nie. Dus: *dit* (nie *daar* nie) *is waar, wat jy sê.*

441. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *daar* in hierdie konstruksies het ontwikkel uit die gebruik as lokale Bywoord en die lokale betekenis word ook nog dikwels gevoel. As dit gebeur kry *daar* 'n sterker aksent.

In die gebonde konstruksies waarin die eintlike Subjek 'n Substantief(groep) of 'n bysin met Substantiewiese funksie is,

het *daar* in die plek gekom van 'n ouer *het*, die s.g. *sintaktiese* 'het'. In Mnl. was sinne soos: *hets gheboren een prophete; het laghen doe so vele lieden vor Middelborch*, baie gebruiklik, [1]) en die konstruksie kom by Noordnederlandse skrywers tot in die sewentiende eeu voor en lewe vandag nog in Suidnederlandse dialekte. In Afrikaans word konstruksies met gebonde *dit* nie as onpers. gevoel nie (Vgl. § 420). Dis op te merk dat in die onpers. konstruksies met *daar* die eintlike Subjek die gewone posiesie van 'n Objek inneem, tensy dit 'n Infinitief of bysin is.

442. Watter rol speel *dit* en *daar* in onpersoonlike konstruksies by die opbou van die sin? In die eerste plek is dit hulpmiddels om tweeledigheid aan die sinsvorm te gee en dit dus moontlik te maak om ook by Werkwoorde wat onpersoonlik of passief gebruik word in woordorde te onderskei tussen Bewerende en Vraende sinne. Vgl.: *dit reent, daar word gedans*, met *reent dit?; word daar gedans?* Ook ritmies het ons taalgevoel 'n teensin teen bewerende sinne wat met 'n verbum finitum begin. *Dit* en *daar* dien dus om die posiesie van die Ww. aan die begin van die sin te dek.

443. Het hierdie woorde ook nog 'n betekenisinhoud? Hierop word verskillend geantwoord. Deur sommige word hulle beskou as sonder inhoud, as 'n lose onderwerp, as 'Scheinsubjekt', omdat hulle niks toevoeg aan die betekenis van die Ww. nie; en aan die ander kant staan die mening dat altans die woord *dit* soms kan slaan op iets wat vaag gevoel word as bestaande. In 'dit reent' sou 'dit' b.v. slaan op 'die weer' of anders op „den substantievisch te denken inhoud van het volgende praedicaat", [2]) dus op 'die reen'. Om bewyse by te bring vir hierdie mening word gewys op sinne, soos: *dis reenagtig*, waar 'reenagtig' van iets bepaalds

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 35.
[2]) De Vries, *Typen der Mededeeling*, bls. 49.

sou geprediseer wees; en soos: *ek sien dit daar agter die bossie reent,* waar ander woorde tussen 'dit' en 'reent' staan; maar veral daarop dat in Nederlands en Duits b.v. nie alleen gesê word: *het regent, es regnet* nie, maar ook: *dat regent (al maar door), das regnet.* (In Afrikaans bestaan geen Aanw. Vnwd. *dat* nie, en *daardie* kan nie in sulke sinne gebruik word nie. In sinne soos: *dit reent daar; kyk hoe dit daar reent* is 'daar' 'n suiwer plaasbepalende woord). As ons natuurlik praat word die inhoud van die Predikaat (dus b.v. die reen) in sulke sinne egter nie gevoel as Subjek nie, en waar *dit* werklik op iets anders wys (soos: *die wolke, die lug,* ens.) het ons nie meer onpersoonlike konstruksies nie, sodat dié geval nie hier hoef bespreek te word nie.

444. Die werklike funksie van *dit* en *daar* in onpersoonlike konstruksies kan alleen begryp word deur die saak van die psigologiese kant te benader, wat dan ook gedoen is deur Ph. J. Simons. [1])

Hy gaat uit van „een soort onzintuiglik onderwerpsgevoel .... dat by 't argeloze spreken slechts in zeer geringe mate tot bewustheid komt, in allergeringste mate in het impersonale *het.*" As die onderwerpsgevoel sterker word, dan word die Subjekswoord 'het' in Ndl. tot 'dat'. In: *dat regent maar aan een stuk door,* dui 'dat' dus „begin van klem" aan. 'Dat' word dus nie gebruik om sy deiktiese krag nie, maar deur die toename van subjektiwiteit. Hierop voortbouende, sien ek in die ontstaan en ontwikkeling van onpersoonlike konstruksies met *dit* en *daar* net die omgekeerde proses van wat gebeur by samestelling. By samestelling word twee begrippe, en gevolglik die woorde waardeur hulle uitgedruk word, samegevoeg om 'n nuwe eenheid te vorm. Die neiging bestaan dan om deur enger samegroei volkome eenledigheid te laat ontstaan. Daarenteen het hierdie onpersoonlike konstruksies oorspronklik eenledig gewees, maar 'n sterker ontwikkelde behoefte aan tweeledigheid in sinne

---

[1]) *Bij de zwakke plek van een Technikus* (N. Taalg. XIV).

met 'n verbum finitum het ook hier formele tweeledigheid laat ontstaan. Die betekenisinhoud is egter onbestaanbaar met tweeledigheid, omdat die Subjekswoord niks toevoeg aan die betekenis van die Predikaat nie — ook nie as 'dit' in *dit reent* moet slaan op 'die reen', d.i. die inhoud van die Predikaat, nie. Die ontstaan van sulke onlogiese — volgens die gemelde opvatting, toutologiese — konstruksies, was moontlik deurdat die betekenisinhoud van die Subjekswoord ook in ander gevalle dikwels uiters miniem en vaag is. Dat woorde waarvan die oorspronklike betekenis verbleek het, as Subjekswoord gebruik word in die onpersoonlike konstruksies, is dan ook heeltemal natuurlik. Deur die beperking wat die betekenisinhoud van die betrokke Ww. oplewer, word die ontwikkeling van die tweeledigheidsgevoel egter teëgehou, en kom dit dus nie verder as die kiem nie. In enkele gevalle — soos in Ndl. *dat regent* — kom dit egter tot volle ontwikkeling en vind dit dan ook uiting in die taal — in hierdie geval deur die gebruik van die woord *dat*. In Afrikaans bestaan volle tweeledigheid as die woord *daar* met nadruk uitgespreek word in sinne, soos: *dáár word gedans*, maar dan het hierdie woord 'n ander betekenis en is sy funksie nog die oorspronklike, n.l. die van bepaling van plaas by die Ww.

Musikale Eienskappe.

445. Die musikale eienskappe van die volsin val onder A. toonshoogte, en B. ritme. Daar die gebruik van hierdie middele in Afrikaans 'n volledige afsonderlike ondersoek verdien, wat die beste ter plaatse kan uitgevoer word, gee ek hier enkel enige algemene kenmerke aan, in die hoop dat dit 'n aansporing mag wees vir deskundiges om dit aan 'n uitvoeriger ondersoek te onderwerp.

A. *Toonshoogte.*

446. Die toonsbeweginge is in hoë mate afhanklik van die algemene stemming waarin die spreker verkeer. By 'n opgewekte stemming is die toonsbeweging b.v. groter en die algemene ligging van die toon hoër as by 'n rustige stemming, en omgekeerd word bedruktheid weerspieël deur 'n laer ligging van die toon en minder beweeglikheid.

447. Die rigting van die toonsbeweging weerspieël bepaalde stemminge en vorm ook 'n formele kenmerk van die sinsoorte. Gelykmatige betoning kom by die gewone praat haas nooit voor nie; dit kan 'n smekende indruk maak. Stygende betoning maak 'n opgewekte, vrolike indruk of 'n indruk van hoopvolle verwagting. Dit word ook voortgebring deur en wek 'n gevoel van spanning en onvoltooidheid. Dalende betoning maak die indruk van vasberadenheid, beslistheid, voltooidheid.

448. Naar die toonsbeweging kan ons onderskei tussen volsinne met dalende betoning teen die end en volsinne met stygende betoning teen die end.

449. Dalende betoning het die bewerende en die bevelende volsinne maar by lusteloosheid of onverskilligheid partymal ook die vraagsinne. Vir bewerende en bevelende sinne in vraagvorm sie §§ 523--8. Na die daling teen die end kan die bewerende sinne egter weer styg tydens die spanning wat die verband met wat volg veroorsaak. Op dieselfde manier styg die toon op die end van bysinne wat nie tewens die slot van 'n volsin vorm nie. Ook in die bevelende volsinne styg die toon soms teen die end. Ander kenmerke van bevelende volsinne is dat hulle gewoonlik laer begin en dat die toonsbeweging dus van kleiner omvang is as by die bewerende volsinne; verder, dat daar 'n sterk nadruksaksent val op die betoonde woord, en dat hulle in die reël met sneller tempo uitgespreek word as die beweringe.

450. Stygende betoning kom veral voor by uitroepende en vraende volsinne. Terwyl in bewerende sinne 'n melodieboog van laag oor hoog weer na laag gemaak word, het

die vraagsinne alleen maar die eerste helfte van die boog. As vraagpartikels gebruik word val die toonsverhoging sowel daarop as op die end van die sin. By uitroepe is die tempo gewoonlik óf langsamer óf vlugger as by vrae en volg op die toonsverhoging dikwels weer 'n geringe daling.

B. *Ritme.*

451. Onder ritme kan ons onderskei tussen (1) nadruksaksent en (2) pouses. Soos Wundt aangetoon het, kan by die nadruksaksent en die tydsduur van die pouses drie trappe onderskei word. By die toonsbeweginge het ons daarenteen drie trappe bo die gemiddelde en drie benede die gemiddelde. Die drie trappe van nadruksaksent is b.v. verteenwoordig in: *hièrdiĕ mán.* Ek dui die relatiewe lengte van die verskillende pouses in die volgende sinne — soos ek dit lees — met een, twee of drie strepies aan: *Die burgers ken my; // hulle weet / dat ek maar 'n haastige man is, // maar vir president Steyn / het ek altyd die grootste respek / en eerbied gehad. /// En waarom? /// Omdat hy dit waardig was.* (Christiaan de Wet, bls. 247).

452. (1) *Nadruksaksent.* Grondreël vir die nadruksaksent is dat die belangrikste begrippe die swaarste aksent kry, waarmee gewoonlik ook 'n hoër toon gepaard gaan. Vandaar dat die psigologiese Predikaat met meer nadruk uitgespreek word as die psigologiese Subjek, en dat in die woordgroepe met gelykmatige aksent die gelykmatigheid in die praktyk maar selde voor die dag kom, n.l. alleen as die twee begrippe in ewewig teen mekaar moet gehou word, soos b.v. in: *ses rooi osse.* In die reël verskil die belangrikheid van die verskillende begrippe en gevolglik ook die aksent. Vgl.: *die mán se boek* met *die man se boék; hy drink wáter* met *hy gló die storie; gaan vra dit vandág* met *gaan vrá dit vandag.* Woordgroepe met eenheidsaksent is in Deel I van hierdie werk bespreek. (Sie o.a. §§ 20, 21, 41, 42, 46, 48, 78, 85, 95, 96, 123-135, 195, 214, 233, 290, 357, 379).

Bindwoorde kry, deurdat hulle minder belangrik is, in die reël ondergeskikte aksent; tog kan juis die betrekking die belangrike element wees, en dan val die volle nadruk op die bindwoord. Vgl.: *Is dit 'n boek ván my of vír my?; (Het hy of sy vrou dit gesê?) — Hy én sy vrou het dit gesê.* Ook ander woorde wat gewoonlik ondergeskikte aksent in die groep het, kan in 'n bepaalde verband belangrik wees en dan die nadruksaksent kry. Vgl. o.a. § 21.

453. Die posiesie van die woorde word soms deur hulle ritmiese swaarte bepaal. So staan die woord *mos* of *mis* (Ndl. *immers*) byna altyd voor die ander bepalinge van die Ww., omdat dit ritmies lig is. Vgl.: *Hy sê dit mos altyd; hy het mos hier gebly,* ens. [1]) Sulke ritmies ligte woorde is ook *nie* en *al* aan die end van volsinne, bysinne en woordgroepe wat dikwels dieselfde diens doen as die uitgangs-ə in Nederlands, deurdat hulle die stem sag laat wegsterwe. Die woordjie *het* is ritmies swaarder as dit voor die Verl. Deelwd. staan, as wanneer dit daarna staan. Vandaar dat dit in gesproke Afrikaans in bysinne en in enkele ander konstruksies, altyd daarna staan, 'n volgorde waarvan die poësie soms afwyk deur die ander eise wat dit stel. (Vgl. §§ 308 en 347).

Opm. Preller laat die ligte ritmiese gehalte van die laaste woord reëlmatig uitkom deur die skryfwyse *'t.* Vgl. *Dis begrypelik dat daar onder die omstandighede by die trek-mense self heelwat onbeslistheid sal geheers 't* (Piet Retief, bls. 101).

454. (2) *Pouses.* In Deel I is herhaaldelik gewys op die lang pouses by leungroepe. Maar ook by ander woordgroepe kom pouses voor. Sie b.v. §§ 152-3; 184. In die geleding van die volsin hoef die verhouding van Subjek tot Predikaat nie deur 'n pouse aangegee te word nie, maar na 'n enigsins lang gr. Subjek word gepouseer voor die Predikaat uitgespreek word. Vgl.: *Die skape van die boer oorkant die rivier // het in die skut gekom;* en met 'n bysin in die Subjek:

[1]) Vgl. Blümel, *Einführung,* §§ 738-9.

Vee van enige land wat in 'n ander land en klimaat oorgebring word, // sal in hul nakomelinge gaandeweg nader tot die lands-ras van die ander land (Leesboek, bls. 62).

Kaffers wat werk toe gaan, // loop met skouers hoog opgetrek (Leesboek, bls. 133).

455. Dieselfde gebeur na 'n lang Predikaat, en 'n lang voltooiing of bepaling van die Predikaat as hierdie sinsdele voorop gaan. Vgl.:

En toe antwoord met 'n bedeesde blik // die gewaande held op sy vraag.

Vir die man met die geweer oor die skouer en die verkyker in die hand // was hy nie bang nie.

Vir die honde wat blaf // hoef jy maar net te koets en naar die grond te gryp (Ons Weg, bls. 361).

Met 'n sug van verligting // spring hy op.

Als die boer dit alles dus bedenk het by die uitsoek van sy aanteel-vee, // dan het hy 'n goeie begin gemaak (Leesboek, bls. 59).

456. As albei lede van 'n samegestelde Ww. aan 'n langer bepaling voorafgaan, dan volg daar ook 'n pouse op. Vgl.: *Hy het gestaan // op daardie blou berg met die hoë krans.* As 'gestaan' op die end van die sin moes kom, sou daar nie so 'n pouse wees nie.

457. Ook op 'n kort Objek wat aan die Predikaatswoord voorafgaan, volg daar 'n pouse as daar twyfel kon bestaan oor die geleding van die sin:

Die man // sien die kind (Vgl. bls. 142).

458. Sommige soorte bysinne word voorafgegaan deur 'n pouse, b.v.: *Slegte behandeling van die diere is in die eerste plaas onmenslik en in die tweede plaas onbillik, // omdat 'n mens voordeel van hulle verlang* (Leesboek, bls. 62). Andere weer nie, b.v.: *Hy sê hy sal kom; ek sien die man wat daar staan.* Maar dit kan beter onder die bysin behandel word.

I. *Bewerende Volsinne.*

459. Bewerende volsinne dien — naar Noreen — om die teoretiese beskouing van die spreker oor die uiterlike verskynsels en momente van sy sielelewe tot uitdrukking te bring, hetsy die bestaan in onmiddellike waarneminge of die verwerking daarvan deur sy fantasie en gedagte verteenwoordig.

460. Ons kan naar die mate van stelligheid waarmee die opvatting van die spreker geuit word onderskei tussen A. deklaratiewe en B. fiktiewe beweringe. [1])

461. A. Die *deklaratiewe* bewering deel mee wat die spreker as 'n feit vasgestel het, b.v.: *Hy staan daar; hy is siek; ek weet nie.*

462. *Geskiedkundig.* In baie Indogermaaanse tale word hierdie soort bewering — vir sover as die Predikaatswoord 'n verbum finitum is — deur middel van 'n bepaalde modus, die Indikatief, uitgedruk. In Afrikaans het alle finitiewe modi — met uitsondering van enkele verstarde reste — in een vorm samegeval.

463. B. Die *fiktiewe* bewering deel mee wat die spreker nie juis as 'n feit wil laat opvat nie. Daar die Konjunktief as morfologiesie kategorie nie meer in Afrikaans bestaan nie, het die Ww. nie meer 'n besondere vorm om hierdie soort bewering uit te druk nie. Dit maak dus gebruik van bepaalde Hulpww., maar daarnaas ook van selfstandige woorde.

464. Deur *sou* met die Presens van 'n Infinitief, word 'n beskeie mening uitgedruk, b.v.: *Jy sou lus kry om 'n hap te gee.*

465. Deur *sal* of *sou* met die Perfektum van 'n Infinitief, word uitdrukking gegee aan 'n veronderstelling wat nie vervul is nie, omdat aan die voorwaarde daarvoor nie voldoende is nie, b.v.: *Dit sal (sou) my 'n genoeë gewees het.*

---

[1]) Naar Noreen, *Einführung,* blss. 291-3.

466. Deur *mag* of *mog* met 'n Infinitief word 'n toegewende bewering gedoen b.v.: *Dit mag wees dat hy 'n skurk is; tog vertrou ek op hom.*

467. Deur *kan* of *kon* met 'n Infinitief word moontlikheid of mag uitgedruk, b.v.: *Hy kan kom.* Dieselfde betekenis kan uitgedruk word deur modale Bywoorde soos: *moontlik, miskien, allig.*

468. Deur *moet* of *moes* met 'n Infinitief word 'n waarskynlikheid uitgedruk, b.v.: *dit moet waar wees.* Dieselfde betekenis word deur modale Bywoorde soos: *waarskynlik, seker, bepaald,* uitgedruk.

Geleding.

469. Die bewerende volsinne kan sowel een- as tweeledig wees. Daar tweeledigheid as die gewoonste type kan beskou word, word alleen die gevalle waar eenledigheid voorkom afsonderlik vermeld.

A. *Tweeledig.*

Woordorde.

470. Die gewoonste volgorde by tweeledigheid is: grammatiese Subj. — Pred. — voltooiinge of bepalinge van die Predikaat. As die voltooiing of bepaling die sin open, word die volgorde van Subj. en Pred. omgekeer (Vgl. §§ 345-6). Onder voltooiing of bepaling val in hierdie verband ook die Partisiepium of Infinitief wat same met 'n Hulpww. 'n samegestelde Tyd vorm, b.v.: *Gesien het ek hom; sien sal ek hom.*

471. Die voorplaatsing van bepaalde woorde geskied in ooreenstemming met 'n psigiese neiging wat daarnaar streef om die belangrike, nuwe element eerste tot uiting te bring, en word dus bepaal sowel deur die inhoud van die sin self as deur die verband waarin dit voorkom.

Na vore bring van die grammatiese Subjek.

472. As die grammatiese Subjek die belangrikste element

(dus psigologiese Predikaat) is, dan is daar, behalwe nadruksaksent, nog ander middels om daar uiting aan te gee, n.l.

(1) Die gebruik van die Passief. Vgl.: *Deur hom is dit beweer,* naas: *hy het dit beweer.*

(2) Die gebruik van 'n Terugwysende of Persoonlike Vnwd. Vgl.: *Die kind die het dit gedoen,* naas: *die kind het dit gedoen.* In die volgende sin word eers die gr. Subjek en dan die Predikaat betoon: *Die ou wat daar wegstap, met die vuur-rooi koeël-rond gesig, en half-duims stoppels om syn kin, hy het syn kos, en hy hou wat hy het* (Leeskoek, bls. 135).

(3) Deur omskrywinge kan wat anders die Subjek sou wees ook grammaties die posiesie van 'n Predikaat kry. In plaas van: *jy het dit gedoen,* word b.v. gesê: *dis jy wat dit gedoen het.*

473. Omgekeerd kan die Subj. voorlopig deur 'n Onbep. Vnwd. aangedui word en dan eers later as 'n opheldérende nagedagte tot uitdrukking kom, b.v.: *Dit was net gepas, sy antwoord* (Vgl. § 420).

474. Ook ander sinsdele kan voorop geskuiwe word, waarby die bindwoord dan voorlopig wegbly om as aanhangsel van die terugwysende woord op te tree. Vgl.: *Die slordigheid, afwesigheid van vertoon of opskik, dis of almal daarmee duidelik sê* .... (Leesboek, bls. 135).

B. *Eenledig.*

475. Eenledigheid kan tot stand kom deurdat óf die grammatiese Subjek óf die grammatiese Predikaat nie uitgedruk is nie, of deurdat Subjek en Predikaat nie van mekaar geskei kan word nie.

(1) *Die grammatiese Subjek is nie uitgedruk nie.*

476. (a) In enkele verstarde uitdrukkinge kan die Werkwoord in die eerste persoon Enkvd. gebruik word sonder Pronomen. Daaronder is te noem:

(α) Die woorde *segge* en *versoeke* in sakebriewe.

(β) Die sin: *traak jou nie (< dit raak > dit traak),* waar

'n fonetiese proses verantwoordelik is vir die afwesigheid van die gr. Subjek waarvan die afsonderlike bestaan nie meer gevoel word nie, daar dit samegesmelt het met die Ww. Daarnaas kom egter ook: *dit traak jou nie* voor.

(γ) In die woord *dankie (< dank je)* word die afsonderlike bestaan van die woorde waaruit dit ontstaan het nie meer gevoel nie. Van die Subjekswoord *ek* word dus ook geen gebruik gemaak nie. Soos *assemblief (< als je belieft)* waarvan die samestellende elemente ook onherkenbaar geword het, word *dankie* as 'n sinsvormende Interjeksie gebruik.

Opm. Die woord *dankie* is deur my in dieselfde vorm en funksie gehoor in die Alblasserwaard.

477. (b) In gesprekke is die Pers. Vnwd. van die eerste of twede Persoon soms oorbodig, deurdat die bedoeling duidelik genoeg is uit die toestand. Vgl.:

(Weet hy dit?) — Glo nie.

Hoe sê? Vra oom Dolf en sy oë word grootrond (Veld, bls. 139).

478. (c) Die gr. Subjek hoef nie uitgedruk te word nie, as dit duidelik genoeg is uit die grammatiese verband. In ouer vorme van Nederlands en Duits het in hierdie opsig veel groter vryheid bestaan as teenswoordig. [1]) In Afrikaans kom veral in aanmerking sinsreekse; daar hoef die gr. Subjek alleen by die eerste lid te staan. Vgl.:

Andries Vry is die eienaar van een van die grootste plase in die distrik en het nie nodig om self in sy boerdery te werk nie (Veld, bls. 5).

479. By die skrywer Von Wielligh is 'n nuwe ontwikkeling waar te neem. Die parallelle bou wat reël is by sinne wat tot dieselfde reeks behoort, word dikwels vergeefs by hom gesoek, sodat in die twede bysin die woordorde van 'n volsin gebruik word. Iets soortgelyks kom ook in die spreektaal voor, maar dan het die twede sin ook 'n Pronomen as Subj. en word dit dus gevoel as 'n selfstandige volsin. Von Wielligh

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 219-220; Paul, *Deu. Grammatik* III, §§ 15-17.

laat egter die twede sin volg sonder Pronomen, sodat 'n eienaardige mengproduk ontstaan: 'n reeks bysinne waarvan die eerste die woordorde van 'n bysin vertoon maar die twede die gewone woordorde van 'n volsin. Iets dergeliks is my in die spreektaal nie bekend nie. Vgl.:

Daar is min mense wat nie op een of ander geleentheid hulle hand aan 'n rympie gewaag het nie en het misskien hard getrag om dit in druk te sien (E. Skrywers, bls. 112).

Voortgaande wys hy daarop, hoe die boekies, wat nou so sterk aangeval word, met al hulle gebreke tog die middel was om ons landgenote Afrikaans te leer waardeer en het dus volkome hulle doel, waarvoor hulle geskrywe was, bereik (E. Skrywers, bls. 131).

(2) *Die Predikaatswoord is nie uitgedruk nie.*

480. Soos die grammatiese Subjek kan ook die verbum finitum van die grammatiese Predikaat onuitgedruk bly in 'n sinsreeks. Vgl.: *Ek gaan weg en hy ook.*

(3) *Psigologiese Eenledigheid.*

481. Verskillende soorte woorde en woordgroepe kan gebruik word om mededelinge te doen sonder dat hulle grammaties 'n predikatiewe verbinding vertoon. Psigologies berus die moontlikheid van sulke eenledige sinne op die feit, dat deur die uiterlike omstandighede of die grammatiese verband waarin die sin uitgespreek word, die verbinding reeds vooraf tot stand gekom het.

482. Hierdie soort eenledige sinne word o.a. gevorm deur woorde soos: *ja, nee, miskien.* Verder hoort daartoe veel sinne met enkel 'n nominale element soos in opskrifte, o.a. bo koerante-artiekels en hoofstukke van boeke, as boektietels, in winkelrame, ens., b.v.: *'n Belangrike vonds; Die Tussenverkiesing in X; Die Galliese Oorlog; Vars Eiers,* ens. Sulke sinne word ook gevorm as mense aan mekaar voorgestel word of as mededelinge in telegramstyl gedoen word. Twee sulke sinne het ons b.v. in: *Juffrouw Bester,*

Meneer Alpenveld (Misdade, bls. 16) en drie in: *'n jong lewe so belowend — 'n enkele misstap — en nou dit* (Misdade, bls. 39).

483. Maar ook sinne wat grammaties 'n Subjekswoord en 'n Predikaatswoord aanwys, kan psigologies as so 'n enge eenheid gevoel word, dat hierdie woorde gesamentlik 'n kompositum vorm. Vir Nederlands noem Dr. van Ginneken [1]) b.v.: *geloof ik, meen ik, zegt men,* as tussensinnetjies. Verder: *zeg-je, gaat-ie, willen we, zou ik, ik weet, je moet, je slaapt, dat zal,* ens. Die feit dat *glo* as Bywoord gebruik word, toon aan dat dieselfde verskynsel in Afrikaans voorkom. Hierdie Bywoord moet tog ontstaan het uit die tussensinnetjie *glo ek.* As die aksent op *glo* val kan die hele betekenis soseer in die Ww. gekonsentreer wees dat die afsonderlike bestaan van die twee woorde nie gevoel word nie; vandaar die verdere ontwikkeling dat so 'n oorspronklike Ww. (sonder toegevoegde Pronomen) tot Bywoord kan word. Oor die algemeen kan dieselfde verbindinge as in Nederlands ook in Afrikaans op hierdie manier eenledig gevoel word.

484. Daarenteen het ons geen eenledigheid in sinne soos: *dis waar* en *hejjy dit gedoen?* nie. Deur fonetiese prosesse word *dit is* > *dits* > *dis,* en word *het jy* (wat nog soms by nadruklik praat gebruik word) tot *hejjy* geassimileer. Die eintlike Predikaat in hierdie sinne is egter 'waar' en 'dit gedoen'. Die woorde *is* en *het* dien as bindmiddel tussen Subjek en Predikaat. So 'n bindmiddel kan vergelyk word met die hake wat dien om twee spoorwaens aan mekaar te koppel. Dit kan óf 'n los haak wees wat tussen die twee geskuiwe word óf dit kan aan een van die waens vassit. Terwyl dit gewoonlik nouer verbonde is met die twede, is dit hier aan die eerste (die Subjek) vas en is daardeur selfs enige verandering aan sy vorm teweeggebring, soos 'n haak wat die hout van 'n wa beskadig.

---

[1]) *De Kataloog van een Taalmuseum.*

Uitbreiding van die volsin.

485. 'n Volsin kan as geheel weer nader bepaal word. Dit geskied dikwels deur middel van bepalinge wat in leunverhouding tot die hele volsin staan. Vgl.:

Wat egter opmerklik by hom is, hy het die fonkelende oë van 'n dweepsieke (Getrou, bls. 56).

'n Ander ligpunt neem van die kraagmannetjie se hele aandag besit nou (Oerwoud, bls. 34).

486. Volgens Dr. van Ginneken is ook die bepalinge van gesteldheid, bepalinge by die hele sin, b.v. in: *De malle Jan kwam gisteravond dronken thuis.* [1]) 'Dronken' kan egter ook opgevat word as deel van die Predikaat.

II. *Bevelende Volsinne.*

487. Ons kan die bevelende volsinne onderverdeel in: A. Gebiedende sinne; B. Wensende sinne.

A. *Gebod.*

488. 'n Gebod is die mededeling van 'n bevel wat 'n mens hoop te realiseer deur dit uit te druk.

489. By tweeledigheid dui die grammatiese Subjek die toegesproke persoon (dier, saak, ens.) aan, en die Predikaat wat van hom verlang word. Gewoonlik is dit egter reeds uit die situasie (insluitende gebare, oogwenke, ens.) duidelik wie die toegesprokene(s) is, sodat die meeste gebiedende sinne enkel die predikatiewe element bevat en dus eenledig is. Tweeledigheid moet dus beskou word as 'n uitbreiding van die gewone tiepe.

---

[1]) *Nieuwe Ndl. Spraakkunst en het buitenland.*

Eenledig.

490. (1) Die eenledige Predikaat kan bestaan uit:

(a) 'n Verbum finitum, b.v.: *kom, staan op, loop vinnig.*

491. *Geskiedkundig.* In ouer Germaanse tale kom die verbum finitum wat 'n gebod uitdruk, voor in bepaalde vorme, die van die Imperatief, wat ten dele van die van die Indikatief afwyk. In Afrikaans het die verbum finitum dieselfde vorm, of dit nou uitdrukking gee aan 'n gebod, bewering, vraag of uitroep.

492. (b) 'n Infinitief, b.v.: *hier bly lê* (Die Saaier, bls. 28); *mooi oppas; opstaan; vinnig loop.*

> *Opm.* In gebiedende sinne word die verbum finitum van die Infinitief onderskei deur middel van die woordorde. In sulke sinne volg die bepalinge, voltooiinge of nie-werbale dele van 'n samegestelde Ww. die verbum finitum maar gaan hulle aan die Infinitief vooraf. As 'n onsamegestelde Ww. sonder bepaling of voltooiing gebruik word is so 'n onderskeidingsmiddel egter nie aanwesig nie.

493. (c) Die Verlede Deelwd. word in Afrikaans veel minder gebruik om 'n gebod uit te druk as bevoorbeeld in Nederlands. Tog is dié gebruik nie onbekend nie, b.v.: *opgepas, gou gemaak,* ens. Dis op te merk dat die Verl. Deelwd. in sulke sinne aktiewe betekenis het.

494. (d) 'n Hulpww. + Inf. Sie § 502.

495. (e) Ook ander woordsoorte en woordgroepe word gebruik om die Predikaat te vorm, b.v.: *Stil!; weg!; hier!; by die deur uit!; aan die werk!; op jou plek!*

496. Soms kan so 'n woord of woordgroep nog gevoel word as Objek of bepaling van 'n Werkwoord wat nie uitgedruk is nie maar tog in die gees aanwesig is, b.v.:

Gou! (= loop gou, maak gou, ens.); *'n vuurhoutjie!* (= gee my 'n vuurhoutjie).

497. (2) Naamwoorde kan gebruik word om iemand aan te roep, waarvoor in sommige tale (b.v. Latyn en Grieks) 'n besondere vorm, die Vokatief, bestaan. Hierdeur word

nie meegedeel wat 'n mens begeer nie, maar dat 'n mens iets begeer en tot wie hy hom daarvoor rig. Deur die situasie waarin die aanroep geskied (toon, gebare, beweginge van die oë, ens.) kan die aanroep egter ook 'n bevel behels, b.v.: *Jan!* = bly stil, Jan; *Meneer!* = hou op, meneer. Die aanroep kan dus ook 'n eenledige bevel wees.

Tweeledig.

498. Die Predikaat kan verduidelik word deur die toegesprokene uitdruklik te noem. As dit met 'n pouse daarvan geskei is, staan die toegevoegde nomen voor of na die Predikaat in leunverhouding daarmee, b.v.: *Kinders, kom*; *kom, kinders*; *jy, weg*; *weg, jy*; *gou, jong,* ens.

499. Hieruit ontstaan 'n enger verhouding sodat die toegevoegde nomen opgevat word as Subjek van die sin. By agterplaatsing van die nomen is so 'n verenging moontlik by alle tiepes behalwe by die adwerbiale uitdrukkinge, en woorde of woordgroepe wat as bepaling van 'n onuitgedrukte Werkwoord gevoel word. Vgl.: *kom kinders*; *mooi oppas julle*; *gou gemaak Klaas*; *hier jy* (> uitroep *hierjy!*).

500. By voorplaatsing van die nomen is die enger verhouding taamlik seldsaam. Sinne soos: *jy kom, jy staan op,* kan ook met veranderde betoning uit bewerende sinne ontstaan het; maar verbindinge soos: *jy opstaan, jy oppas, jy weg, jy op jou plek,* is ook moontlik. Daarenteen kom die verenging nie voor by bepalinge of Objekte soos in § 496 bedoel nie.

501. As die bevelende woord self uitgedruk is, het ons gewoonlik nie 'n bevelende sin nie, maar 'n bewerende b.v.: *Ek beveel jou om te kom*; *jy moet kom,* ens.

Opm. 'n Uitsondering vorm algemene bevele met die Hulpww. 'zult' in Bybeltaal: *gij zult niet stelen.*

502. Uit bewerende sinne met die Hulpww. *moet* het egter 'n nuwe tiepe van verbiedende sinne ontstaan. Hulle word ingelei deur die woord *moenie,* samegesmelt uit *moet*

+ *nie* b.v.: *moenie praat nie* (tweeledig: *moenie jy praat nie), moenie wegloop nie* (tweeledig: *moenie jy wegloop nie)* en is meer gebruiklik as die tiepe: *praat nie, loop nie weg nie,* ens. Nog weinig gebruiklik is daarnaas positief bevelende sinne met die Hulww. *moet,* soos in: *Moet jou tog nie daaroor bekommer nie* (Getrou, bls. 69).

Vir bevele in vraagvorm, uitgesonderd die betoning, sie 528.

B. *Wens.*

503. 'n Bevel kan versag word deur middel van woorde soos: *tog, maar, assemblief, tog maar, nou maar, dan maar, nou tog, dan tog,* ens. en dus tot 'n wens word. [1]) Vgl.: *Kom tog,* ens. Deur 'n wens word uitgedruk dat 'n mens op magtelose manier iets begeer. Die spreker maak geen aanspraak daarop om 'n handeling te voorskyn te kan roep wat die verwesenliking van wat hy begeer kan teweeg bring nie. [2]) Daar 'n wens, behalwe as dit 'n versagte bevel is, óf tot 'n afwesige persoon óf op minder direkte manier tot 'n aanwesige gerig word, is tweeledigheid reël, behalwe by versagte bevele.

Tweeledig.

504. Behalwe deur die betoning kan 'n wens uitgedruk word deur bepaalde werbaalvorme en sinsvorme en deur hulpwerkwoorde.

505. (1) Van die Optatief bestaan in Afrikaans alleen nog maar enkele reste in Bybelse en ander geykte uitdrukkinge. By die gebruik van die Optatief is die normale woordorde: Subj. — Pred. (direkte woordorde), tensy 'n nie-werbale deel van die Predikaat die sin open. Vbb.: *U wil geskiede; dit sy so; lang lewe die koning.*

506. In die wens *laat ons (gaan)* het die Optatief en Imperatief samegeval (Ndl. *laten we gaan* en *laat ons gaan).*

---

[1]) Vgl. Hoogvliet, *Lingua,* blss. 97-98.

[2]) Noreen, *Einführung,* bls. 294.

Die Gebiedende Wys word b.v. ook in Engels en Duits in ooreenkomstige sinne gebruik om 'n wens uit te druk.

507. (2) As 'n wens uitgedruk word deur middel van selfstandige Ww. soos: *wens, begeer, wil,* ens., dan word die wens as 'n bewering meegedeel. Uit sulke sinne het egter wensende volsinne met die vorm van bysinne ontstaan, ingelei deur die onderskikkende Konjunksie *dat,* b.v.:

Dat hy sukses mag hê.

Dat dit die end mag wees.

Weinig gebruiklik is tans sulke sinne sonder die Hulpww. *mag,* soos: *dat hy sukses het.*

508. Ook uit bysinne wat 'n voorwaarde uitdruk wat vervul moet word om 'n gewenste toestand te bereik, ontstaan volsinne met die vorm van bysinne, ingelei deur *as: As ek tog maar betyds kan klaarkom.*

509. (3) Die mees gebruiklike manier om 'n hoopvolle wens uit te druk is deur middel van die Hulpww. *mag* met die woordorde: gr. Pred. — Subj. (geïnverteerde woordorde), b.v.:

Mag hy dit nooit vergeet nie.

Mag ons môre beter tyding hoor.

510. (4) 'n Hopelose wens, d.i. 'n onvervulde of onvervulbare wens, word deur middel van die Imperfektum en geïnverteerde woordorde uitgedruk. Daar die Imperfektum nog maar net by enkele selfstandige Werkwoorde gebruiklik is (b.v. in: *Wis ek dit maar),* word gewoonlik gebruik gemaak van die Imperfektum van Hulpww. gevolg deur die Infinitief of Verl. Deelwd. van die Hoofwerkwoord. Vgl.: *Ag, was hy maar hier en mog ek hom nog maar een keer sien.* Die Hulpww. *het* kan egter in die Presens sowel as in die Imperfektum gebruik word, wel deurdat ook die eerste die begrip van die Hoofww. in die verlede verplaas. So kom naas mekaar voor: *Het ek tog maar jou raad gevolg!* en *Had ek tog maar beter gelewe!* [1])

---

[1]) Hierdie twee vbb. uit Malherbe, *Afr. Taalboek,* bls. 114.

Eenledig.

511. Deur middel van eenledige volsinne met nominale element word 'n gewenste toestand uitgedruk, b.v.: *Sukses! Geluk! Alles ten beste! Voorspoedig!*

512. *Geskiedkundig.* Sommige van hierdie volsinne kan ontstaan het uit sinne met uitgedrukte werbale element, soos: *ek wens jou geluk.*

III. *Vraende Volsinne.*

513. Ons kan onderskei tussen: (1) *twyfelvrae* (beslissingsvrae) en (2) *leemtevrae* (soekende vrae). Daarvan gee Noreen die volgende definiesies: [1])

(1) „Die rogative Frage oder Anfrage bringt in zweifelnder Form einen Vorschlag zu einem Ausspruche (bzw. Urteile) vor und verlangt von der Antwort Billigung oder Verwerfung dieses Vorschlags." Vb.: *Sal hy kom?* — (Antwoord): *Ja, nee, miskien.*

(2) Die quäsitive Frage oder Ausfrage forscht nach einer unbekannten Glosse oder einem unbekannten Faktor des Urteils, die, bzw. den sie vorläufig durch ein 'Interrogativpronomen' andeutet, und erwartet als Antwort die Ergänzung des Ausspruches durch Angabe des expressiven Wertes, der dem Pronomen in dem betreffenden Falle zukommt". Vbb.: *Hoe is sy naam?* — (Antw.:) *Meyer; Wanneer kom hy?* — (Antw.:) *Môre.*

Tweeledig.

514. (1) Twyfelvrae word, behalve deur die vraagtoon, as normale tiepe uitgedruk deur die geïnverteerde woordorde.

[1]) *Einführung*, blss. 301-2.

Die Predikaatswoord staan dus voorop: *Is hy siek?; Staan hy daar?* Maar ook die woordorde van bewerende sinne kan daarvoor gebruik word. Dan is die vraagtoon die enigste middel waardeur die algemene betekenis van die sin uitgedruk word: *Hy ïs siek? Hy staan daar?*

515. Die twyfelvrae kan uitgebrei word deur middel van met *of* verbonde toevoegsels: *Is hy siek of nie?; Was Alexander of Hannibal die grootste veldheer van die oudheid?* Hierdie formasies kan beskou word as sinsreekse waarin die Ww. maar eenmaal uitgedruk is. Die antwoord op sulke dubbelvrae is geen modale woord nie, maar daarin word 'n keuse gedoen tussen die genoemde alternatiewe. Vandaar die naam: *bepaalde beslissingsvraag* of *alternatiewe vraag.*

516. (2) Leemtevrae word uitgedruk deur middel van bepaalde vraagwoorde, n.l. Pronomina soos: *wie, wat,* ens.; Bywoorde soos: *waar, wanneer, hoe,* ens.; Telwoorde soos: *hoeveel, die hoeveelste.* Die vraagwoord staan voorop en die geïnverteerde woordorde word gebruik: *Waar is dit?; wat sê hy?; Hoeveel was dit?*

517. Dis egter ook moontlik om sulke vrae enkel deur die vraagtoon, dus sonder vraagwoorde en omgekeerde woordorde, uit te druk. Die sin word dan afgebreek waar die gesogte woord moet ingevul word, b.v.: *Jou naam is . . .?; jy kom nou van . . .?*

518. Ook die leemtevraag kan uitgebrei word deur alternatiewe te noem, b. v.: *Watter stad het meer inwoners, Londen of Nu York?* Die woorde 'Londen of Nu York' dien hier as latere eksposiesie van 'watter stad'.

Eenledig.

519. (1) Soos by die bewerende volsinne hoef die gr. Subjek alleen in die eerste van 'n reeks vraende volsinne uitgedruk te word, b.v.: *Het hy dit gesien, en geskrik en toe weggehardloop?*

520. (2) Ook die gr. Predikaat hoef in sulke reekse nie herhaal te word nie, selfs al is die eerste sin van die reeks

bewerend. Vgl.: *Sien ek die gevaar en jy ook?*; *Ek sien die gevaar; jy ook?*

521. (3) Deur die uiterlike situasie is dit dikwels duidelik genoeg wie die toegesprokene is, sodat die Pronomen van die twede persoon (met die Hulpww.) nie hoef uitgedruk te word nie, b.v.: *[Wil jij] nog 'n keer probeer?*; *[Wil jy] kyk?*

522. (4) Deur die vorm van die vorige sinne in die dialoog is dit dikwels voldoende om enkel die Subjek, Predikaat, Bepaling, Objek of Vraagwoord in die vraagsin uit te druk. Vgl.:

Jy moet saamgaan. — Ek?
Hy is fluks. — *Fluks?*
Hy het lank weggebly. — *Lank?*
Die blou potlood wil ek he. — *Die bloue?*
Ek het 'n instrument nodig. — *So 'n pennetjie?*
Gee my een van die boeke. — *Watter een?*

523. Die woordorde en vraagwoorde van die vraende volsinne word ook gebruik in die s.g. *retoriese* of *oratoriese* vrae, wat óf die stygende betoning van uitroepsinne óf dalende betoning het. Naar die betekenis het ons hier egter nie met vraende sinne te doen nie, maar met kragtige beweringe. Daar word dan ook geen antwoord op sulke vrae verwag nie.

Stygende betoning.

524. Die vorm van 'n negatiewe vraag word gebruik as die bedoeling is om 'n sterk positiewe bewering te doen. Vgl.:

Is so iets nie moontlik nie! (= So iets is moontlik).
Het hy daar nooit van gehoor nie! (= Hy weet dit baie goed).

525. Deur die vorm van die positiewe vraag word daarenteen 'n negatiewe bewering gedoen. Vgl.:

Is ons neerslagtig! (= Ons is vrolik).
Het jy dit ooit kon dink! (= 'n Mens kon dit nie dink nie).

526. En deur die vorm van 'n leemtevraag word kragtig te kenne gegee dat die persoon, saak, ens. waarna gevraag word, heeltemal ontbreek, b.v.:

Wie glo sulke stories! (= Niemand glo sulke stories nie).
Wat sal ek oorkom! (= Ek sal niks oorkom nie).

Dalende Betoning.

527. Die vraagvorm met dalende betoning word gebruik om uiting te gee aan verontwaardiging, wrevel, protes, aansporing, vermaning, [1]) b. v.:

Het ek dit jou nie gesê nie? (= Ek het dit vir jou gesê).
Hoekom is jy dan so lui? (= Jy moet nie so lui wees nie).
Hoekom doen jy dit nou tog? (= Jy moet dit nie doen nie).

Opm. Die vraagwoord *hoekom* (< *hoe kom dit*) sal ontstaan het in dialoge soos: *Hulle het rusie gekry. — Hoe kom dit?*, waar 'dit' kon wegbly. Toe *hoekom* eenmaal opgevat was as sinoniem van *waarom*, kon dit ook as vraagwoord gebruik word in sinne waar vroeër *hoe kom dit dat*, gevolg deur die woordorde van bysinne, gebruik is.

528. Die vraagvorm met dalende betoning word ook gebruik om 'n autoritatiewe bevel te gee, b.v. in die ondervraginge van skoolmeesters, regters, ouers, ens., b. v.:

Waar was jy gistraand? (= Beken waar jy gistraand was).
Wie het die ruit gebreek? (= Ek wil weet wie die ruit gebreek het).
Wat is die hoofstad van Frankryk? (= Jy moet my sê wat die hoofstad van Frankryk is).

IV. *Uitroepende Volsinne.*

529. Die uitroepende volsinne doen, sonder bemiddeling van 'n Werkwoord wat die begrip 'gevoel' uitdruk, mededelinge oor die gevoelens wat bepaalde verskynsels in die

---

[1]) Van Alphen, *De Vraagzin* (N. Taalg. VIII).

gemoed van die spreker opwek. Die mededeling kan bestaan uit 'n beskrywing van die gevoelens self of van die opwekker(s) van die gevoelens.

Eenledig.

530. A. Die mededeling van die gevoelens self is, as beskrywing van 'n toestand, gewoonlik eenledig. Die opwekker van die gevoelens blyk dan uit die algemene situasie. Gebruik word gemaak van die volgende grammatiese kategorieë as uitdrukkingsmiddel in sulke gevalle.

531. (1) Die Interjeksies is by uitnemendheid die woordsoort wat dien om uiting te gee aan die gevoelens. As hulle nie enkel refleksbeweginge is nie, maar ook dien tot mededeling, vorm hulle sinne. Vgl. §§ 380—9.

532. (2) Die uitroepende Vnwd^{e} (sie § 39) dien tot inleiding van uitroepsinne: *Hoe mooi! wat 'n geluk,* ens.

533. (3) Die uitroeptoon is dikwels voldoende om uiting te gee aan die gevoel wat moet meegedeel word, vir so ver as dit nie reeds deur die eie betekenis van die gebruikte woorde te kenne gegee word nie: *Versigtig! Skitterend! Vreeslik! liefies!*

534. B. 'n Eenledige uitroepsin kan gevorm word deur die opwekker van die betrokke gevoel met die vereiste betoning te noem: *Nog 'n vliegmasien! 'n Slang!*

535. Die eenledige volsin kan die vorm van 'n bysin aanneem, b. v.:

Soos hy kan werk!
Dat hy so iets kan sê!

Tweeledig.

536. 'n Tweeledige sin, in uitroeptoon uitgespreek en ingelei met 'n uitroepende Vnwd. of 'n vraagwoord, kan dien om mee te deel wat dit is wat die gevoel opwek. Dan word die direkte woordorde gebruik. Vgl.:

Wat 'n spektakel dit sal afgee!

Hoe hy moed hou!
Waar hy daaraan kom!

537. Daar sinne in mededelende vorm met uitroeptoon egter ook gebruik kan word om uiting te gee aan 'n gevoel, kan die geïnverteerde woordorde hier ook gebruik word, b.v.:

Wat gee dit 'n spektakel af!
Hoe hou hy moed!

Verder: *Hy kyk om! Dis vreeslik!* ens.

538. Ook sinne in vraagvorm met uitroeptoon kan dien tot mededeling van 'n gevoel, b.v.:

Hoe is dit moontlik!
Wat het jy nou weer aangevang!

539. Die volsinne kan, soos die woorde, op mekaar volg om reekse te vorm; en ook kan woorde of woordkomplekse met die geleding van volsinne, as onderdele van volsinne gebruik word, om dan die naam 'bysin' te kry. Die formasies wat op dié maniere ontstaan, hoop ek in 'n vervolg op hierdie werk te behandel.

VERBETERINGE EN TOEVOEGSELS.

Bls. 58, r. 10 van onder. Skrap: of *-te.*

„ „, r. 9 „ „ „ : of *t.*

„ 59, r. 7 „ „ „ : net soos die Teenwoordige Deelwoord.

„ 66. Voeg in na r. 9 van onder: Vir verbindinge met *se* sie § 150 en § 155.

„ 76, r. 19 van bo. Prof. Hesseling wys my daarop, dat in Ndl. gesê word: *Hy heeft 'n domme kop, droge lever,* maar dat die samestelling altyd lui: *domkop, drooglever,* ens. Dit is 'n aanwysing, dat: *ek is droëlewer* eers in Suid-Afrika moet ontstaan het.

„ 163, r. 13 van bo. *Skaam* word nie met *het* gebruik nie.

„ 172. Voeg in na r. 4 van bo: Ook met relatiewe begrippe kan sulke samestellinge verbind word. In sinne soos die volgende gaan hulle 'n nouer verbinding aan met die beperkende bepaling van die Objek. Vgl.: *Hulle draai al die woorde om: bokant-ondertoe, binnekant-buitentoe, agterstekant-vorentoe; en lees dan die woorde agterste-voor* (Spoke, bls. 6.)

LIJS VAN VERKORT GESITEERDE BRONNE. [1])

A. B. C. = J. R. MALAN, Die Geheimsinnige A. B. C. (J. H. de Bussy, Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, Amsterdam, 1918).

Als Johnnie = G. M. L. SLABBERT, Als Johnnie gekommandeer word (de Bussy, 1918).

Boervrouw = DR. OKULIS, Die Boervrouw (Bloemfontein, 1919).

B. Stories = G. R. VON WIELLIGH, Boesman-Stories I (Nationale Pers, 1919).

By die Monument = TOTIUS, By die Monument [5] (Potchefstroom, 1917).

Dichters = E. C. PIENAAR, Dichters uit Zuid-Afrika. Bloemlezing voor Groot-Nederland (de Bussy, 1917).

Die Saaier = JAN F. E. CELLIERS, Die Saaier en ander nuwe Gedigte (Kaapstad, 1918).

Die Vlakte = JAN F. E. CELLIERS, Die Vlakte en andere Gedichte [3] (Pretoria, 1909).

Duimpie = TANNIE VAN DIE BRANDWAG, Die kaskenades van Klein Duimpie (2 dele, Pretoria, 1920).

Eerste Taalbeweging = LYDIA VAN NIEKERK, De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen (Amsterdam, 1916).

E. Skrywers = G. R. VON WIELLIGH, Eerste Skrijwers (Pretoria, 1918).

Getrou = A. DU BIEL, Getrou (Nat. Pers, 1921).

Grootvader = M. J. BRINK, Grootvader se Pyp (de Bussy, 1918).

Japie = J. R. L. VAN BRUGGEN, Japie (Amsterdam, 1922).

Koekdief = NEMO, Die Koekdief [4] (de Bussy, 1917).

Leesboek = JAN F. E. CELLIERS, Afrikaanse Leesboek (vir Huis en Skool) (de Bussy, 1920).

Malkop = LEON MARÉ, Ou Malkop en ander Afrikaanse Sketse en Verhale (Pretoria, 1920).

Misdade = A. DU BIEL, Die Misdade van die Vaders (Nat. Pers. 1919).

Na Olikheid = J. H. MALAN, Na Olikheid kom Vrolikheid (Kaapstad, 1917).

---

[1]) Die spelling van die gebruikte druk is steeds behou, behalwe dat die skryfwyses *ÿ* en *y* genormaliseer is tot *y*. Die laaste skryfwyse is in 1920 deur 'n besluit van die S. A. Akademie ingevoer.

'n Jag = NEEF JAPIE, 'n Jag op 'n Erfenis (de Bussy, 1918).

Nuwejaarsfees = LEON MARÉ, Die Nuwejaarsfeest op Palmietfontein en ander Afrikaanse Verhale (Pretoria, 1918).

Oerwoud = SANGIRO, Uit Oerwoud en Vlakte. Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierwêreld (Nat. Pers, 1921.)

Ons Weg = C. J. LANGENHOVEN, Ons weg deur die Wereld en andere Stukkies en Brokkies oue en nieuwe [2] (de Bussy, 1919).

Oom Gert Vertel = C. LOUIS LEIPOLDT, Oom Gert Vertel en ander Gedigte [2] (de Bussy, 1917).

Pers = Dagbladpers.

Piet Retief = GUSTAV S. PRELLER, Piet Retief, Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker [9] (Pretoria, 1917).

Poësie = E. C. PIENAAR, Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (Amsterdam, 1919).

Potg. Trek = TOTIUS, Verse van Potgieter's Trek (Potchefstroom, s. j.)

Prosa = P. C. SCHOONEES, Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging (Amsterdam, 1922).

Prosabundel = P. C. SCHOONEES, Afrikaanse Prosabundel. 'n Bloemlesing uit die eerste en twede Beweging (de Bussy, 1922).

S. J. du Toit = J. D. DU TOIT, Ds. S. J. du Toit in weg en werk (Paarl, 1917).

Sonde = SAGMOEDIGE NEELSIE, Sonde met die Bure (Nat. Pers, 1921).

Spoke = MEVR. W. M. THERON, Spoke (de Bussy, 1921).

Stompies = J. H. H. DE WAAL, Stompies [2] (Kaapstad, 1918).

Veld = J. VAN BRUGGEN, Op Veld en Rande (Pretoria, 1920).

Vergeet Nie = D. F. MALHERBE, Vergeet Nie [3] (Bloemfontein, 1920).

Wassenaar = TH. WASSENAAR, Gedigte (Bloemfontein, 1921).

LIJS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR.

Mnl. Wdb. = Middelnederlandsch Woordenboek van VERWIJS en VERDAM.
N. Taalg. = Nieuwe Taalgids.
Ndl. Wdb. = Woordenboek der Nederlandsche Taal door DE VRIES e. a.
Tijdschrift = Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde.
Ander afkortinge is deursigtig.

Oor Taalpsigologie en Sintaksis (Algemeen).

BLÜMEL, RUDOLF, Einführung in die Syntax (Heidelberg, 1914).
DAUZAT, ALBERT, La Philosophie du Langage (Paris, 1920).
EPSTEIN, ISHAC, La Pensée et la Polyglossie. (Paris, s. j.).
FADDEGON, B., De Systematiek der Syntaxis (Neophilologus VII).
GINNEKEN, JAC. VAN, Ellipsomanie (N. Taalg. IV).
" " " Vrije Wil en Automatisme (Leuvensche Bijdragen, VII).
HOOGVLIET, J. M., Lingua (Amsterdam, 1903).
JESPERSEN, OTTO, Language. Its nature, development and origin (London, 1921).
KLUYVER, A., Psychologiese Taalkunde (N. Taalg. II).
NOREEN, ADOLF, Einführung in die Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache (Beiträge zur Methode und Terminologie der Grammatik). Vertaling deur H. W. Polak. (Halle, 1923.)
PAUL, HERMANN, Prinzipien der Sprachgeschichte[4] (Halle, 1909).
RIES, JOHN, Was ist Syntax? Ein Kritischer Versuch (Marburg, 1894).
" " Bespreking van Ferdinand Sommer, Vergleichende Syntax der Schulsprachen (Englische Studien, 56).
" " Zur Gliederung der Syntax und der Gesamtgrammatik (Anzeiger f. Idg. Sprach- und Altertumskunde. Bd. XXXIV).
SALVERDA DE GRAVE, J. J., Taal en Gedachte (N. Taalg. XVI).
SCHÖNFELDT, M., Het Taalkundig Geslacht (N. Taalg. VII).

Talen, J. C., Kollewijn, R. A., en Buitenrust Hettema, F.,	Enkele Taalpsychologiese Opmerkingen (N. Taalg. II).
Tinbergen, D. C.,	Kinderpraat (N. Taalg. XIII).
Vooys, C. G. N. de,	De Psychologiese Beschouwing van de Betekenisverandering (N. Taalg. I).
Wundt, Wilhelm,	Die Sprache [3] (2 bande, Leipzig, 1911).

Oor Nederlandse Sintaksis en Woordleer.

Acket, J. M.,	De Sylleps (N. Taalg. XIII).
Alphen, J. van,	De Vraagzin (N. Taalg. VIII).
Boekenoogen, G. J.,	De Zaansche Volkstaal (Leiden, 1897).
Bosch, J. H. van den,	Over Samenstelling (Taal en Letteren III).
Bosch, J. H. van den, en Meyer, J. L. C. A.,	Lees- en Taalboek voor Hoogere Burgerschool en Gymnasium, Normaal- en Kweekschool [4] (Dl. I, Utrecht, 1913).
Bouman, A. C.,	Bijdrage tot de Syntaxis der „dat"-zinnen in het Germaansch (Utrecht, 1918).
Engels, G.,	Resensie van Stoett, Mnl. Syntaxis (N. Taalg. IV).
Franck, J.,	Mittelniederländische Grammatik [2] (Leipzig, 1910).
Ginneken, Jac. van,	De Kataloog van een Taalmuseum (N. Taalg. V).
„ „ „	De Nieuwe Nederlandsche Spraakkunst en het Buitenland (N. Taalg. VI).
„ „ „	Een Proeve van Nederlandsche Spraakkunst. De Tijden van het Werkwoord (N. Taalg. V).
Helten, W. L. van,	Vondel's Taal (Groningen, 1883).
Hertog, C. H. den,	Nederlandsche Spraakkunst [2] (Amsterdam, 1903-4).
Heule, Christiaen van,	De Nederduytsche Grammatica ofte Spraec-konst (Leiden, 1626).
Kate, Lambert ten,	Aenleiding tot de Kennisse van het Verhevene Deel der Nederlandsche Sprake (1723).
Kluyver, A.,	De Analogie als taalscheppende Macht (N. Taalg. I).
Kollewijn, R. A.,	Woordgeslachtsmoeilikheden (N. Taalg. II).
„ „	Resensie van J. O. S. van der Veen, Het Taaleigen van Bredero (Museum XIII).
„ „	Voorwerpen (Taal en Letteren IX).
Kooiman, K.,	(Dissertasie oor die Twe-spraack vande Nederduitsche Letterkunst (Leiden, 1913).
Kooistra, J.,	Twee Hollands-Engelse Parallellen in de Syntaxis (N. Taalg. XIII).
„ „	Nog eens „Twee Hollands-Engelse Parallellen in de Syntaxis" (N. Taalg. XIII).

MOONEN, A.,	Nederduitsche Spraekkunst (1706) (5e Druk, Amsterdam by Pieter Meyer).
NAUTA, G. A.,	Nog iets over „een" (N. Taalg. XIII).
OVERDIEP, G. S.,	Een Opmerking over het Nederlandsche Perfectum (N. Taalg. XVII).
SCHRIJNEN, JOS.,	De klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen (N. Taalg. X).
SIMONS, PH. J.,	Lessen over 't Lidwoord (N. Taalg. IV).
„ „	Lege Voornaamwoorden (N. Taalg. XIV).
„ „	Bij de zwakke plek van een Technikus (N. Taalg. XIV).
„ „	Rondom de kern van ons Taalgeslacht (N. Taalg. XII).
(SPIEGHEL),	Twe-spraack vande Nederduitsche Letterkunst (Leiden, 1584).
STOETT, F. A.,	Middelnederlandsche Spraakkunst. Syntaxis [2] ('s Gravenhage, 1909).
STOKVIS, Z., en BIJL, A. S.	Opmerkingen over de klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen (N. Taalg. X).
TERWEY, T.,	Nederlandsche Spraakkunst [11] (Groningen, 1897).
VEEN, J. O. S. VAN DER,	Het Taaleigen van Bredero (Amsterdam, 1905).
VOOYS, C. G. N. DE,	Kanttekeningen by Den Hertog's Nederlandsche Spraakkunst (N. Taalg. I).
„ „	Uit de Jeugd van onze Spraakkunst (N. Taalg. XI).
„ „	De Invloed van de Renaissance-Spraakkunst in de Zeventiende Eeuw (N. Taalg. XII).
„ „	Uit en over oude Spraakkunsten (N. Taalg. XIV).
„ „	Pontus de Heuiter, een taal- en spellinghervormer uit de Zestiende Eeuw (N. Taalg. XI).
„ „	Verwarring van klank en teken in het „Woordenboek der Nederlandsche Taal" (N. Taalg. X).
„ „	Kindertaal (N. Taalg. X).
VRIES, W. DE,	Usurpaties (Tijdschrift XXIX).
„ „	Dysmelie. Opmerkingen over Syntaxis (Groningen, 1910—12).
„ „	De Typen der Mededeeling. Opmerkingen over Syntaxis (Groningen 1914—15).
„ „	Opmerkingen over Ontleding (N. Taalg. XVI).
„ „	Naar Aanleiding van „Twee Hollands-Engelse Parallellen in de Syntaxis" (N. Taalg. XIII).
WELLANDER, ERIK,	Over den Datief als Subject van een Passieve Constructie (N. Taalg. XIV).

Wijk, N. van, en Schothorst, W. van,	De Nederlandsche Taal. Handboek voor Gymnasia en Hoogere Burgerscholen.[4] (Zwolle, 1919).
Winkel, Jan te, en Cosijn, P. J.,	Nederlandsche Spraakkunst (Etymologie[8], Syntaxis[6]; Haarlem, 1888—93).

Oor Hoogduitse Sintaksis en Woordleer.

Behaghel, Otto,	Deutsche Syntax. Eine geschichtliche Darstellung. Band I (Heidelberg, 1923).
„ „	Die Zeitfolge der abhängigen Rede im Deutschen (Paderborn, 1878).
Blümel, Rudolf,	'Verbindung von Ganzem und Teil' und andere Gruppen syntaktischer Beziehungen in der nhd. Umgangsprache (Idg. Forschungen, XXXIV).
Brugmann, Karl,	Der Ursprung des Scheinsubjekts 'es' in den germanischen und den romanischen Sprachen (Berichte über die Verhandlungen der Königl. Sächsischen Gesellschaft der Wissenschaften zu Leipzig, 69).
Delbrück, B.	Grundlagen der Neuhochdeutschen Satzlehre (Berlin und Leipzig, 1920).
Erdmann, Oskar, en Mensing, Otto,	Grundzüge der deutschen Syntax (Stuttgart, 1886—98).
Grimm,	Deutches Wörterbuch.
Paul, Hermann,	Mittelhochdeutsche Grammatik[9] (Halle, 1913).
„ „	Deutsche Grammatik, III & IV (Halle, 1919—20).
„ „	Deutches Wörterbuch.
Sütterlin, Ludwig,	Die Deutsche Sprache der Gegenwart[4] (Leipzig, 1918).
Wilmanns, W.,	Deutsche Grammatik II-III (Strassburg, 1896-1906).
Wunderlich, Hermann,	Unsere Umgangsprache in der Eigenart ihrer Satzfügung (Weimar & Berlin, 1894).
„ „	Der deutsche Satzbau (Stuttgart, 1892).

Oor Nedersaksiese Sintaksis en Woordleer.

Behaghel, Otto,	Die Syntax des Heliand (Prag, Wien, Leipzig, 1897).
Grimme, Hubert,	Plattdeutsche Mundarten (Leipzig, 1910).
Lasch, Agathe,	Mittelniederdeutsche Grammatik (Halle, 1914).
Meyer, G. F.,	Unsere plattdeutsche Muttersprache (Garding, 1921).
Nissen, C. A.,	Forsøg til en Middelnedertysk Syntax (Kjøbenhavn, 1884).

Oor ander tale.

Ey, Luise,	Portugiesische Konversations-Grammatik [3] (Heidelberg, 1921).
Hesseling, D. C.,	Het Negerhollands der Deense Antillen, (Leiden, 1905).
„ „	Overblijfsels van de Nederlandse taal op Ceylon (Tijdschrift, XXIX).
Meinhof, Karl,	Lehrbuch der Nama-Sprache (Berlin, 1909).
Murray,	A New English Dictionary.
Planert, W.,	Handbuch der Nama-Sprache in Deutsch-Südwest-Afrika (Berlin, 1905).
Schuchardt, Hugo,	Kreolische Studien IX (Sitzungsberichte der Phil.-Hist. Classe der Kais. Akademie der Wissenschaften zu Wien, 122).
Sweet, H.,	A New English Grammar, Logical and Historical (1892—98).
Walbeehm, A. H. J. G.,	Beknopte Maleische Spraakkunst (Leiden, 1920).
Wendt, G.,	Syntax des heutigen Englisch (Heidelberg, 1911-14).
Zauner, Adolf,	Romanische Sprachwissenschaft II (S. Göschen, 250).

Oor Afrikaanse Taal en Taalgeskiedenis.

Boekenoogen, G. J.,	Afrikaansch en Noordhollandsch (Album-Kern, 1903).
Blommaert, W.,	Korrespondensie in Die Huisgenoot (Sept., 1921).
Boshoff, S. P. E.,	Volk en Taal van Suid-Afrika (De Bussy, 1921).
Bosman, D. B.,	Afrikaans en Maleis-Portugees (Groningen, 1916).
„ „	Oor die ontstaan van Afrikaans (Amsterdam, 1923).
„ „	Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeek (N. Taalg. XVI).
„ „	Oor die Afkoms van die Boere (Vragen van den Dag, 1922).
„ „	Oor die afleiding van Bottel (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns I).
Bosman, D. B., le Roux, T. H., Malherbe, D. F., Smith, J. J.	Afrikaanse Woordelys en Spelreëls [2] (Bloemfontein, 1921).
Botha, M. C. en Burger, J. F.,	Afrikaanse Grammatika [2] (Kaapstad, 1922).
Bouman, A. C.,	Syntaktiese Groepen in Afrikaans (N. Taalg. XVI).
„ „	De dubbele ontkenning in Afrikaans (N. Taalg. XVII).

BOUMAN, A. C.,	Enige opmerkingen over Afrikaanse Taalstudie (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns II).
" "	(Resensie van:) Oor die Ontstaan van Afrikaans (Die Banier, Aug. 1923).
CHANGUION, A. N. E.,	De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld [2] (Rotterdam, 1848).
COLENBRANDER, H. T.,	De Afkomst der Boeren (1902)
DEHÉRAIN, HENRI,	Le Cap de Bonne-espérance au XVIIe Siècle Paris, 1909).
GINNEKEN, JAC. VAN,	Handboek der Nederlandsche Taal (Nijmegen, 1913).
GODÉE-MOLSBERGEN, E. C.,	Afrikaans en Noord-Hollands (De Unie, 1905).
GROENEWALD, C. F.,	Rympies en Raaisels (Groningen, 1919).
HESSELING, D. C.,	Het Afrikaansch (Leiden, 1899).
" "	Een Nieuwe Theorie over 't ontstaan van het Afrikaans (N. Taalg. VIII).
" "	Een Afrikaanse Dissertatie (N. Taalg. X; Brandwag, Nov. 1916).
" "	Is het Afrikaans de zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialekt? (Taal en Letteren, 1906).
" "	Nieuwe Geschriften over het Afrikaans (Brandwag, Jan. 1914).
" "	Nog eens *die* als Lidwoord (N. Taalg. XIII).
" "	Africana I en II (Tijdschrift XXXV).
" "	Africana III (Tijdschrift XLI).
" "	Het Frans in Noord-Amerika en het Nederlands in Zuid-Afrika (Gids 87).
" "	De Afrikaners en hun Taal (N. Taalg. XVI).
HOOGENHOUT, N. MARAIS,	Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache (Wien & Leipzig).
KRUISINGA, E.,	De Oorsprong van het Afrikaans (Taal en Letteren, XVI).
MALHERBE, D. F.	Afrikaanse Taalboek [3] (Bloemfontein, 1920).
" "	Volk en Taal van Suid-Afrika (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns I).
MEYER, H.,	Die Sprache der Buren (Göttingen, 1901).
NIEKERK, LYDIA VAN,	De eerste Afrikaansche Taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen (Amsterdam, 1916).
OORDT, J. F. VAN,	Afrikaans en Maleis-Portugees (Brandwag, Okt. 1916).
PIENAAR, E. C.,	Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (De Bussy, 1919).

POSTMA, W.,	Die Afrikaanse Taal. Die ontstaan daarvan. (Brandwag, Febr.—Maart 1912).
RIJN, C. J. VAN,	Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands (Kaapstad, 1914).
ROUX, J. J. LE,	Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders (Amsterdam, 1921).
„ „	Het Lidwoord ‚die' (N. Taalg. XIII).
ROUX, J. J. LE,	Berichten over Afrikaans, Hottentots en Portugees (N. Taalg. XVI).
ROUX, T. H. LE,	Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans (Leiden, 1910).
SCHONKEN, F. TH.,	De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen (Amsterdam, 1914).
SCHOONEES, P. C.,	Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging (De Bussy, 1922).
STOFFEL, C.,	Een wettige dochter der Hollandsche Taal (Volksalmanak, 1882).
TOIT, P. J. DU,	Afrikaansche Studies (Gent, 1905).
VILJOEN, W. J.,	Allgemeine Einleitung zur Geschichte des Cap-Holländischen (Strassburg, 1896).
WIELLIGH, G. R. VON,	Ons Geselstaal (Huisgenoot, Jan. 1921 en daarna).
„ „	Die laaste snikke van Maleis-Portugees aan die Kaap (Brandwag, Okt. 1917).
WINKEL, J. TE,	Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika (Vragen van den Dag, 1896).

UTL AT DOWNSVIEW
D RANGE BAY SHLF POS ITEM C
39 24 05 18 12 022 2